*"En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie" (Rom. 11 : 6a)*

# Die Brief aan die Romeine

*bewerk deur*

Dr. W.D. Jonker

*Tweede Druk*

1969

N.G. KERK-UITGEWERS

KAAPSTAD · PRETORIA

OPGEDRA AAN DIE KERKRAAD EN GEMEENTE
VAN DIE NED. GEREF. KERK,
JOHANNESBURG-OOS (IRENEKERK)

# Inhoudsopgawe

Voorwoord van die Kommissie vir Bybelverklaring . 7

Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9

Afdeling I: Deur Gods genade 'n skuldenaar (1 : 1–17) 22

Afdeling II: Die genadeboodskap noodsaaklik (1 : 18–3 : 20) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 34

Afdeling III: Die evangelie van genade (3 : 21–5 : 21) 61

Afdeling IV: Vernuwing deur die genade (6 : 1–8 : 39) 90

Afdeling V: Genade bly werklik genade (9 : 1–11 : 36) 129

Afdeling VI: Genade verplig tot 'n nuwe wandel (12 : 1–15 : 13) . . . . . . . . . . . . . . . . . 164

Afdeling VII: Deur genade tot diens (15 : 14–16 : 27) 191

# Voorwoord

Die Kommissie vir Bybelvertaling en Bybelverklaring van die Algemene Sinode het die opdrag om voort te gaan met die publikasie van 'n reeks boekdeeltjies waarin die verskillende Bybelboeke verklaar word. Verskeie van hierdie boekdeeltjies het reeds verskyn. Die hoop word gekoester om binne enkele jare verklaringe van al die boeke van die Nuwe Testament gereed te hê.

Tans het die kommissie besondere genoeë om die verklaring van die *Brief aan die Romeine*, bewerk deur dr. W. D. Jonker, aan te bied. Hierdie Brief van Paulus het in al die eeue groot invloed uitgeoefen op die Christelike leer en lewe. Die verklaring van dr. Jonker open verrykende insigte in die diepe inhoud van die Brief, en sal stellig ook in ons tyd meewerk dat ons die invloed daarvan ondergaan tot ons verstandelike en geestelike voordeel.

Die kommissie spreek sy hartlike dank uit teenoor dr. Jonker vir sy medewerking en teenoor N.G. Kerk-Uitgewers vir die publikasie van die reeks.

E. P. GROENEWALD *(Voorsitter)*
JAC. J. MÜLLER
P. A. VERHOEF *(Skriba)*

Februarie 1966.

# Inleiding

## *Die skrywer en sy boodskap*

Dat Paulus die skrywer van die Brief aan die Romeine is, word nie alleen duidelik uitgespreek in hoofstuk 1 : 1 nie, maar is ook seker op grond van gedeeltes soos 1 : 13 e.v., 11 : 1, 15 : 17 e.v., sowel as op grond van die inhoud, taal en styl van die hele brief.

Sonder twyfel is die Brief aan die Romeine ook die vernaamste van al Paulus se briewe, omdat dit die sentrale momente van sy prediking uitvoeriger, duideliker en indringender behandel as enige van sy ander briewe. Dit is enersyds die gevolg daarvan dat Paulus hierdie brief skrywe op die hoogtepunt van sy apostoliese bediening, met agter hom die ondervinding van sy veelvuldige arbeid op drie sendingreise; andersyds is dit die gevolg daarvan dat hy skrywe aan 'n gemeente waarin hy nie self gearbei het nie en aan wie hy dus graag presies wou laat weet wat die inhoud van sy prediking is, mede ook, omdat hy gehoop het dat die gemeente in Rome vir hom 'n nuwe operasiebasis kan vorm vir sy beplande arbeid in die Weste (vgl. 15 : 24).

Die sentrale momente in die prediking van Paulus hang almal saam met die één werklikheid waaroor hy nooit uitgepraat kon raak nie: *die wonder van Gods genade oor ons in Christus Jesus*. Deur hierdie werklikheid word ook die Brief aan die Romeine in sy geheel beheers. Daar is in die loop van die tyd baie gedagtes uitgespreek oor wat presies die tema van die Brief aan die Romeine is. Die mees algemene opvatting by Protestantse uitleggers is dat Paulus hierdie brief skrywe om te laat sien dat die regverdiging van die mens voor God alleen uit genade, alleen deur die geloof ontvang word, nie deur die mens se wetsvervulling of verdienste nie. Daarom word na 1 : 16–17 verwys as die aankondiging van die tema waaroor die brief handel. Nou val dit nie te betwyfel dat Paulus inderdaad in hierdie brief so duidelik as nêrens elders nie, hierdie waarheid van die regverdiging deur die geloof alleen verkondig. Maar die boodskap van die brief aan die Romeine omvat meer as net die regverdiging deur die geloof. Paulus handel bv. ook oor die vernuwing wat tot stand kom in diegene wat uit

genade gered is. Hy spreek indringend oor die vraagstuk van die verhouding tussen die wet en die sonde. Hy wys op die algehele vernuwing wat God berei vir diegene wat Hy uitverkies het. Hy stel die vraagstuk van Israel as die uitverkore volk van die Ou Verbond aan die orde en gaan uitvoerig in op allerlei praktiese lewensvrae waarvoor die kind van God gestel is. Al hierdie dinge hou wel verband met die regverdiging deur die geloof, maar kan tog nie gedek word onder die tema van 1 : 16–17 nie. Gevolglik is dit duidelik dat die tema wat al hierdie fasette van die boodskap van die Brief aan die Romeine dek, omvattender moet wees as die regverdiging deur die geloof alleen. Hierdie omvattender tema wat al die verskillende fasette dek, is niks anders nie as *die genade van God wat geopenbaar is in Christus Jesus*. Dáároor handel die hele brief. Op alle beslissende punte in die brief en by elke nuwe fase van die betoog gee die begrip *genade* aan ons die sleutel vir die regte interpretasie van wat Paulus bedoel.

Reeds in die inleiding van die brief (1 : 1–17) laat hy sien hoedat hy, *in beslag geneem deur Gods genade wat aan hom bewys is,* deur dieselfde genade tot 'n dienskneg en apostel van Christus gemaak is en daarom *skuldig is om die boodskap van Gods genade aan alle mense,* maar in die besonder aan die heidene, *te verkondig*. Hierop laat hy 'n gedeelte volg waarin hy die *noodsaaklikheid* van die verkondiging van die boodskap van genade aan alle mense bewys deur aan te toon dat alle mense verlore is en nooit sonder Gods genade gered kan word nie (1 : 18–3 : 20). Dit loop weer oor in 'n volgende fase van die brief waarin hy verduidelik dat die mens *uit genade alleen,* deur die geloof in Christus Jesus, geregverdig word en vrede met God kan hê (3 : 21–5 : 21). In aansluiting hierby sit hy uiteen dat hierdie verlossing uit genade terselfdertyd ook beteken 'n *bevryding uit die mag van die sonde en die dood* en die oorplanting in 'n nuwe lewe waarin die genade algeheel beslag op ons lê (6 : 1–8 : 39). Direk daarna gaan Paulus daartoe oor om aan te toon *hoe Gods genade openbaar word in Sy handeling met en trou teenoor Israel,* die verbondsvolk van die Ou Testament (9 : 1–11 : 36). Hierdie gedeelte vorm 'n logiese klimaks in aansluiting by Paulus se uiteensetting oor die heerlikheid van Gods genade in die eerste hoofstukke van die brief en eindig dan ook met 'n wonderlike lofprysing op die wysheid en kennis van God (11 : 33–36). Hierop volg 'n gedeelte met allerlei vermaninge wat die gelowiges oproep

tot *'n lewe wat in ooreenstemming is met die genade wat hulle deelagtig geword het* (12 : 1–15 : 13). Eindelik volg dan die slotgedeelte waarin die apostel voor ons verskyn in sy priesterlike taak as bedienaar van die veelvuldige genade van God (15 : 14–16 : 24). Hierin keer Paulus eintlik tot die gedagte van die inleiding terug: *deur genade tot diens.* Die geheel sluit af met 'n heerlike lofprysing aan God (16 : 25–27).

So is hierdie brief van voor tot agter besig met die één werklikheid: Gods genade. In die uiteensetting blyk dit daarby duidelik dat die genade van God enersyds die grond is vir die onverdiende en volkome verlossing van die volk van God en andersyds die grond vir die eis wat tot Gods volk kom om hulle onvoorwaardelik tot beskikking van God te stel. Die genade maak vry en bind die mens tegelykertyd aan die diens van God. Hierdie boodskap is Paulus uit die hart gegryp. So het Paulus dit in sy eie lewe ondervind. In sy briewe verwys hy telkens na sy eie verlossing uit genade. Die feit dat hy, wat 'n vervolger van die gemeente was (1 Kor. 15 : 9) en die vernaamste van die sondaars (1 Tim. 1 : 15) wat deur God in genade aangeneem is, vorm die grond vir sy nooit voltooide roem in Gods goedertierenheid. Eers toe hy Gods genade leer ken het, het hy besef dat sy vroeëre godsdienstigheid en wetsvervulling 'n vertroue op die vlees was, ten diepste 'n wegvlug van en vyandskap teen God, wat as skade geag en prysgegee moet word ter wille van Christus Jesus in wie Gods genade tot ons verskyn het (vgl. Fil. 3 : 1–11). Terselfdertyd het hy egter besef dat sy begenadiging hom verplig tot 'n nuwe lewe. Sy roeping as apostel is mét sy roeping tot kind van God gegee. Hy het genade ontvang om genade te verkondig (vgl. Gal. 1 : 15–16). In sy prediking sou Paulus herhaaldelik te velde trek teen die wortelsonde: die weiering van die mens om van genade alleen te lewe, die begeerte van die mens om homself te verlos deur sy eie verdienste. Daarom kom hy in sy prediking telkens terug op die teenstellinge: verdienste of genade, regverdiging deur wetsvervulling of deur die geloof alleen. Ook in die Brief aan die Romeine gaan dit om hierdie dinge. Die besondere van die Brief aan die Romeine is daarby egter nog dat dit duidelik laat sien dat juis die mens wat weier om van Gods genade te lewe en wat in trotsheid meen om self goed te lewe, beslis nie die wet van God kan volbring nie, terwyl diegene wat nie meer in eie krag daarna strewe om die wet te vervul nie, maar volledig op Gods genade

vertrou, vanuit die nuwe verhouding tot God in 'n nuwe lewe kan wandel. Alles, alles is genade!

*Aan wie die brief gerig is*

Die brief is, volgens 1 : 7, gerig aan *die geroepe heiliges wat in Rome is.* Dié uitdrukking beteken dieselfde as: die gemeente in Rome (vgl. 1 Kor. 1 : 2). Ons weet van dié gemeente maar baie min. Seker is dit in elk geval dat dit nie ontstaan het deur die arbeid van Paulus nie (vgl. 1 : 13 e.v.; 15 : 23 e.v.). Die opvatting dat die gemeente deur Petrus gestig is, is uiters onwaarskynlik, nie alleen omdat Paulus met geen woord van Petrus melding maak in die brief nie, en ook nie alleen omdat Paulus dan nooit die brief sou geskrywe het nie (hy verklaar immers in 15 : 20 dat hy sy eer daarin gestel het om nie op die fondament van 'n ander te bou nie), maar ook omdat dit uiters onwaarskynlik is dat Petrus in 'n vroeë stadium in Rome kon gearbei het, veral vir 'n tydperk van 25 jaar, soos die tradisie wil. Reeds ongeveer in die jaar 49 het daar van keiser Claudius 'n bevel uitgegaan dat alle Jode Rome moes verlaat, waarskynlik omdat – soos bes moontlik uit 'n uitlating van die ou skrywer Suetonius afgelei moet word – daar in die Joodse sinagoge voortdurend onluste was na aanleiding van die ingang wat die Christelike boodskap reeds in daardie stadium in Rome onder die Jode gehad het. Ons weet dat Aquila en Priscilla reeds toe Christen-Jode was en die stad moes verlaat (vgl. Hand. 18 : 2). Dit moet dus aanvaar word dat daar reeds in die jaar 49 of 50 in Rome 'n Christelike gemeente gewees het. Teen daardie tyd kon Petrus egter nog nie in Rome gewees het nie, want ons lees in Gal. 2 dat hy 17 jaar ná Paulus se bekering nog in Jerusalem en daarna in Antiochië was. Dit kon nie vroeër as ongeveer in die jaar 48 of 49 gewees het nie. Hoewel daar verskillende Protestantse geleerdes is wat bereid is om te aanvaar dat Petrus wel een of ander tyd in Rome kon gewees het en selfs dat hy die marteldood daar gesterf het, kan niemand van hulle aanvaar dat hy die stigter van die gemeente was nie.

Die aanneemlikste opvatting oor die ontstaan van die gemeente in Rome is nog steeds dat dit „spontaan" tot stand gekom het uit diegene wat die evangelie in Jerusalem (vgl. Hand. 2 : 10) of elders gehoor het en deur hulle getuienis in Rome ander vir Christus gewin het. Aangesien Rome die hoofstad van die ryk was en van-

selfsprekend reisigers uit alle dele van die bewoonde wêreld sou trek, is dit goed denkbaar dat die getalle van die gelowiges in Rome versterk sou word deur Christene uit ander gemeentes. Die feit dat Paulus soveel gemeentelede in Rome ken, terwyl hy nog nooit in Rome was nie (vgl. hoofstuk 16), skyn hierdie opvatting te bevestig. Daarby kom nog die feit dat daar tussen die bekendes in Rome ook Christelike werkers was. Paulus noem Andronicus en Junias sy medegevangenes en apostels (16 : 7) en Urbanus sy medewerker (16 : 9). Hierdie mense het moontlik 'n groot en grondliggende arbeid in Rome verrig met die oog op die vestiging en opbou van die gemeente. Daar bestaan 'n kommentaar oor die Brief aan die Romeine in 'n geskrif uit die vierde eeu, bekend as die Ambrosiaster, waarin verklaar word dat die gemeente in Rome ontstaan het deurdat gelowige Jode die Romeine geleer het om Christus te bely en die wet te onderhou, sonder dat hulle ooit wondertekens of 'n apostel gesien het. Hierdie opmerking gee inderdaad uitdrukking aan die waarskynlikste opvatting oor die ontstaan van die gemeente in Rome.

*Die aard van die gemeente in Rome*

Verskillende uitsprake in die brief dui daarop dat die gemeente in Rome hoofsaaklik uit gelowiges uit die heidendom bestaan het. So verklaar Paulus in 1 : 6 uitdruklik dat die Romeine ook onder die heidene is met betrekking tot wie hy volgens 1 : 5 'n besondere roeping ontvang het. Dit is ook in ooreenstemming met 1 : 13 waar Paulus weer eens die gemeente in Rome in één asem noem met die „ander heidene". Dieselfde indruk word ook gewek deur 11 : 13 en 15 : 16. Die feit dat keiser Claudius in die jaar 49 alle Jode uit Rome verban het, was moontlik daarvoor verantwoordelik dat die gemeente op die tydstip toe Paulus sy brief geskrywe het, nog feitlik net uit Christene uit die heidene bestaan het, hoewel daar tog ná die dood van Claudius weer 'n aantal Jode na die stad sou teruggekeer het, waaronder ook Christene, soos byvoorbeeld Aquila en Priscilla (16 : 3). Immers, hoewel Paulus in die genoemde uitsprake die gemeente feitlik as 'n heiden-Christelike gemeente aanspreek, noem hy nie alleen die name van 'n aantal persone wat kennelik Joodse Christene was nie (vgl. Aquila en Priscilla, Andronicus, Junias en Herodion – 16 : 3, 7, 11), maar daar is verskillende trekke in die brief wat die indruk wek dat

daar in die gemeente ook 'n aantal Joodse Christene was en in elk geval bewys dat die gemeente in Rome uitstekend bekend was met die Joodse denke. Sommige was op grond van hierdie „Joodse trekke" selfs van oortuiging dat die gemeente in Rome hoofsaaklik uit Joodse Christene bestaan het. Daarby word dan veral gewys op die feit dat Paulus in 2 : 17 e.v. die Jode direk aanspreek, dat hy in 'n gedeelte soos 3 : 1–8 in 'n voortdurende diskussie met Joodse argumente betrokke is, dat hy in hfst. 4 twee maal oor Abraham spreek as „ons vader" (vgl. v. 1 en 12), dat hy in 7 : 1 verklaar dat hy met mense spreek „wat die wet ken" en dat hy in hoofstukke 9–11 so uitvoerig ingaan op die posisie van Israel. Buitendien, die hele argument van die eerste gedeelte van die brief gaan uit van die teenstelling tussen verlossing deur die werke van die wet òf deur die geloof sonder die wetswerke, wat 'n teenstelling is wat vernaamlik met die oog op die Jode in diskussie gebring behoort te word.

Wie hieruit egter sou aflei dat die gemeente in Rome hoofsaaklik uit Joodse gelowiges bestaan het, kom daarmee nie alleen in stryd met die duidelike uitsprake van 1 : 6, 1 : 11 ens. nie, maar hou ook nie voldoende rekening met die volgende gesigspunte nie:

(i) Paulus spreek as Jood telkens weer uit Joodse standpunt. Daarom kan hy soms ook wanneer hy met Christene uit die heidene praat, van Abraham of Isak as „ons vader" spreek. Daarom staan die evangelie vir hom ook voortdurend teen die agtergrond van die Joodse denke waarmee hy so goed vertroud was en waaruit hy by sy bekering moes wegbreek. Sy prediking is gevolglik deurgaans 'n worsteling met die Joodse vertolking van die Ou Testament en die Joodse denke oor die verlossing in die algemeen. Die Brief aan die Romeine is blykbaar 'n samevatting van sy prediking op sy sendingreise en vertoon dus ook vanself die spore van hierdie worsteling met die Jode. Dit is selfs moontlik dat bepaalde gedeeltes van die brief 'n verwerking bevat van preke wat by geleenthede deur Paulus gehou is (Dodd).

(ii) Daarby kom egter nog die feit dat die saligheid uit die Jode is (Joh. 4 : 22). Solank die Christendom die Ou Testament as die Woord van God erken, is dit onmoontlik om nie in te gaan op die verhouding van die evangelie tot die Ou Testament en daarmee saam die verhouding van die kerk tot die volk Israel nie. Die Christelike kerk verstaan homself as die nuwe Israel en maak daarop aanspraak dat hy die ware besnydenis en die ware nasate van

Abraham is. Daarom is gedeeltes soos hoofstukke 4 en 9–11 wesenlik vir die begrip van wat die kerk is. Dit is nie vreemd dat Paulus in 'n brief aan Christene uit die heidene daaroor sal handel nie.

(iii) Dit lê voor die hand dat Paulus spesiaal in 'n brief, waarin hy die weg van saligheid en die lewe van die kind van God as *genade* wil laat sien, hom moes inlaat met die Joodse vertolking van die weg van saligheid as die direkte teenpool daarvan. Dit is die dwaling van Jood en heiden tegelyk, dat hulle meen dat hulle deur eie prestasie die verlossing deelagtig kan word. As Paulus op die Joodse opvattinge in hierdie verband ingaan, spreek hy nie oor dinge wat vir die Christene uit die heidene sonder betekenis is nie.

(iv) Ook die argument van die brief eis egter dat Paulus op Israel en die verhouding van Israel as die volk van God tot die saligheid wat in Christus aangebreek het, moes ingaan. Hy verkondig immers dat ons hele verlossing net uit genade is. Maar hoe is dit nou te verklaar dat God aan Israel al die heerlike beloftes gegee het en dat Israel klaarblyklik die Messias verwerp? Hou Gods genade dan op waar die mens ontrou word? Is die hele boodskap van die verlossing uit genade en sonder verdienste nie op die spel wanneer daar oor die afval en verwerping van Israel gespreek word nie? Paulus moes eenvoudig ingaan op die posisie van Israel om te laat sien hoe die verwerping van Israel in verband gebring kan word met sy prediking van verlossing deur genade alleen. Daarom is dit nie vreemd dat hy juis in 'n brief soos hierdie so uitvoerig ingaan op die posisie van Israel nie, ook al word die brief gerig aan 'n gemeente wat hoofsaaklik uit Christene uit die heidene bestaan.

(v) Al was die gemeente in Rome hoofsaaklik heiden-Christelik, moet tog rekening gehou word met die invloed van die Jode ook op hulle. Dit is moontlik dat daar bepaalde Joods-Christelike invloede op die gemeente uitgeoefen is, waardeur dit noodsaaklik geword het om spesifiek in te gaan op bepaalde aspekte van die teenstelling tussen die evangelie en die Joodse opvattinge. Daarbenewens was daar in Rome ongetwyfeld talle Jode en dus seker ook 'n sterk sinagoge waarvandaan voortdurende teenstand teen die Christelike boodskap verwag kon word. In sulke omstandighede was dit noodsaaklik om die gemeente aldaar goed in te lig oor die onhoudbaarheid van die standpunt van die sinagoge.

Wanneer ons al hierdie dinge in gedagte hou, is dit duidelik dat ons ons nie deur die „Joodse trekke" in die brief hoef te laat afbring van 'n natuurlike begrip van dié plekke waaruit dit blyk dat die gemeente hoofsaaklik uit Christene uit die heidene bestaan het nie. Uitdrukkinge soos dié in 7 : 1 („mense wat die wet ken") eis ook geensins 'n verklaring wat hiermee in stryd kom nie (vgl. die uitleg aldaar). Dat daar 'n Joods-Christelike element in die gemeente was, is duidelik, maar die gemeente in sy geheel word tog deur Paulus beskou as 'n voorbeeld van die genade van God wat ook uit die heidene vir Hom 'n volk tot Sy heerlikheid berei.

*Tyd en plek van ontstaan*

Uit 15 : 25 e.v. blyk dit dat Paulus hierdie brief skrywe op die vooraand van sy reis na Jerusalem om die kollekte wat in Macedonië en Achaje vir die arm heiliges in Jerusalem ingesamel is, te gaan wegbring. Op grond van die feit dat hierdie kollekte geen ander kán wees as dié waarvan in 1 Kor. 16 : 1 en 2 Kor. 8 : 1 e.v. sprake is, sowel as dié wat in Hand. 24 : 17 vermeld word nie, en op grond van die feit dat Paulus in 15 : 23 in soveel woorde verklaar dat hy sy werk in die Ooste afgehandel het, moet ons aanneem dat Paulus dus die brief skrywe aan die einde van die sogenaamde derde sendingreis, net voordat hy via Macedonië teruggereis het na Jerusalem (vgl. Hand. 19 : 21 en 20 : 1–5). Die feit dat Paulus melding maak van Kenchreë (16 : 1) wat 'n voorstad van Korinthe was, sowel as die feit dat Gaius – heel waarskynlik dieselfde Gaius van 1 Kor. 1 : 14 – sy gasheer was (16 : 23), maak dit baie waarskynlik dat die brief in Korinthe òf in Kenchreë geskrywe is en deur Fébé na Rome oorgebring is (16 : 1).

Die verskillende geleerdes is dit nie met mekaar eens oor die jaar waarin die einde van die derde sendingreis geval het nie. Volgens sommige was dit in die jaar 55, volgens ander in 57 of 58. Die bepaling van die datum hang saam met allerlei berekeninge waarop ons hier nie nader hoef in te gaan nie. Die feit dat Hand. 20 : 6 melding maak van Paasfees, laat in elk geval vermoed dat Paulus die brief aan die begin van die betrokke jaar, vóór Paasfees, geskrywe het.

*Die egtheid van die brief*

Met die uitsondering van enkele baie radikale kritici, stem alle geleerdes ooreen dat hoofstukke 1–15 van die brief 'n hegte eenheid vorm en tot die oorspronklike brief van Paulus gereken moet word. Hoewel hoofstuk 16 in al die Griekse handskrifte as 'n deel van die brief voorkom, is daar tog bepaalde besware ingebring teen die egtheid daarvan as deel van die oorspronklike brief. Veral die feit dat v. 1–16 so 'n groot aantal persoonsname bevat, laat die vraag ontstaan of Paulus soveel mense in Rome kon geken het, terwyl hy nog nooit in Rome was nie. Die vraag is gestel of hoofstuk 16 nie miskien 'n stuk vorm van 'n brief wat oorspronklik aan 'n ander gemeente (bv. Efese) gerig was, maar wat later op een of ander manier aan die brief aan die Romeine aangelas is nie. Dat veral Efese in hierdie verband genoem word, hang saam met die feit dat Aquila en Priscilla wat hier genoem word, volgens Hand. 18 : 18 en 26, 1 Kor. 16 : 9 en blykbaar ook volgens 2 Tim. 4 : 19 in Efese woonagtig was. Daarbenewens word van Epénetus in 16 : 5 gespreek as van die eersteling in *Achaje* (of volgens 'n ander lesing, in *Asië*), wat ook meer in die rigting van Efese as Rome wys. Ook die skerp vermaning teen dwaalleraars in v. 17–20 doen vreemd aan in 'n brief aan 'n gemeente wat Paulus nie ken nie, veral waar daar nêrens elders in die brief melding van sulke persone gemaak word nie. Ook die feit dat 15 : 33 'n seënbede bevat wat heeltemal 'n goeie afsluiting vir die brief kon vorm, versterk die indruk dat hfst. 16 'n latere byvoeging kan wees. Buitendien is hfst. 16 self vol eienaardighede: eers bevat dit groete, dan weer 'n vermaning, dan nog eens groete en eindelik 'n lofprysing aan God, terwyl v. 20 en 24 elk afsluit met 'n seënbede soos dié van 15 : 33. Daarby kom die lofprysing van v. 25–27 in verskillende handskrifte nie aan die einde voor soos dit in ons vertaling die geval is nie. Sommige geleerdes meen dat dit oorspronklik net ná 15 : 33 voorgekom het as slot van die brief, maar later verskuiwe is toe hfst. 16 aan die brief toegevoeg is.

Dit is waar dat hfst. 16 vol eienaardighede is. Die teorie dat hfst. 16 'n latere toevoeging van 'n brief aan 'n ander gemeente sou wees, los die probleme egter nie op nie, afgesien nog van die feit dat dié teorie heeltemal op gissing berus. Behalwe dat dit 'n uiters eienaardige brief sou moet gewees het, is dit 'n vraag hoe dié brief agter die brief aan die Romeine beland het. Intussen is

die eienaardighede van hfst. 16 nie sodanig dat dié hoofstuk nie goedskiks 'n deel van die oorspronklike brief kon gevorm het nie. Waarom sou Paulus bv. nie baie van die gelowiges in Rome kon geken het omdat hulle afkomstig was uit gemeentes waar hy wel gearbei het nie? Moontlik het hy van sommige kennis gedra deur berigte uit die mond van ander gelowiges. Juis waar Paulus aan 'n gemeente skrywe waar hy nog nooit was nie, spreek dit byna vanself dat hy diegene uit die gemeente wat aan hom bekend is, met name sal vermeld. Iets dergeliks tref ons ook in Kol. 4 : 15–17 aan – ook Kolosse was 'n gemeente wat nie deur Paulus se arbeid ontstaan het nie. Aquila en Priscilla kon weer na Rome teruggekeer het uit Efese nog voor Paulus sy brief geskrywe het. Die waarskuwing teen dwaalleraars kon deur Paulus ingevoeg gewees het as 'n tydige waarskuwing teen 'n dwaling wat oral kop uitgesteek het, afgesien nog van die moontlikheid dat Paulus kon verneem het dat dit ook in Rome aanwesig was. Ook die eienaardige karakter van hfst. 16 is verklaarbaar as ons aanvaar dat dit 'n soort aanhangsel is wat Paulus self aan die brief toegevoeg het, miskien selfs stuksgewyse as iets hom nog byval voordat die brief versend is, sodat dit die indruk wek dat dit uit los stukke opgebou is. Dit bevestig dan die persoonlike aard van die brief.

### *Brief of verhandeling?*

Die feit dat die Brief aan die Romeine so uitvoerig ingaan op die sentrale waarhede van die evangelie en tereg genoem is 'n samevatting van die Christelike leer (Melanchton), het by vele die indruk gewek dat ons hier nie eintlik met 'n *brief* te doen het nie, maar meer met 'n soort verhandeling wat nie rekening hou met die omstandighede van die gemeente in Rome nie, maar bedoel is om 'n algemene uiteensetting van Paulus se boodskap te gee. Tog is dit duidelik dat ons hier met 'n egte brief te doen het en nie met 'n verhandeling nie. Dit is wel waar dat die brief nie soveel rekening hou met die besondere probleme van die gemeente in Rome as wat Paulus se ander briewe hulle besig hou met die probleme van die gemeentes waaraan hy skrywe nie, maar dit is verklaarbaar vanuit die feit dat hy nog nooit self in die gemeente werksaam was nie. 'n Brief aan 'n relatief „onbekende" gemeente moet noodwendig 'n ander karakter dra as een aan 'n gemeente waarvan Paulus al die probleme goed ken. Die aanhef van die

brief sowel as die persoonlike mededelinge aan die begin en einde van die brief toon egter duidelik dat ons hier met 'n brief te doen het. Moontlik wys die behandeling van bepaalde probleme (bv. dié van die sterkes en swakkes in hfst. 14) daarop dat Paulus wel deeglik rekening gehou het met toestande in die gemeente wat hom deur mededeling bekend was. In elk geval kan ons innig dankbaar wees dat dit volgens Gods wyse beskikking só gekom het dat Paulus 'n brief soos hierdie geskrywe het, waarin nie die besondere probleme van 'n bepaalde gemeente nie, maar die hoofinhoud van die evangelie die ruimte gevul het.

### *Oorsigtelike indeling*

Ons het reeds daarop gewys dat die boodskap van hierdie brief sentreer rondom die verkondiging van *die genade van God*. Die brief kan in sy geheel op die volgende wyse onderverdeel word:

#### AFDELING I: DEUR GODS GENADE 'N SKULDENAAR (1 : 1–17)

(a) Die genade wat Paulus ontvang het (1 : 1–7).
(b) Die skuld wat die genade bring (1 : 8–17).

#### AFDELING II: DIE GENADEBOODSKAP NOODSAAKLIK (1 : 18–3 : 20)

(a) Die verdorwenheid van die heidene (1 : 18–32).
(b) Die ongeregtigheid van die Jode (2 : 1–3 : 8).
  (i) By God is geen aanneming van die persoon nie (2 : 1–11).
  (ii) Heidene en Jode word op gelyke wyse geoordeel (2 : 12–16).
  (iii) Ook die Jood is skuldig (2 : 17–29).
  (iv) En die verbond dan? (3 : 1–8).
  (v) Geen mens is voor God regverdig nie (3 : 9–20).

#### AFDELING III: DIE EVANGELIE VAN GENADE (3 : 21–5 : 21)

(a) Verlossing uit genade (3 : 21–31).
(b) Verlossing uit genade in die Ou Testament (4 : 1–25).

(i) Abraham is deur die geloof geregverdig (4 : 1–8).
(ii) Dis nie die besnydenis wat regverdig nie (4 : 9–12).
(iii) Dis nie deur wetswerke dat die belofte ontvang is nie (4 : 13–17a).
(iv) Abraham as voorbeeld van egte geloof (4 : 17b–25).

(c) Die sekerheid van die verlossing uit genade (5 : 1–21).
(i) Die versoening as grond van die sekerheid (5 : 1–11).
(ii) Die posisie van Christus as grond van die sekerheid (5 : 12–21).

## AFDELING IV: VERNUWING DEUR GENADE (6 : 1–8 : 39)

(a) Vernuwing as vryheid van die sonde (6 : 1–23).
(i) Vryheid van sonde as 'n nuwe werklikheid (6 : 1–14).
(ii) Vryheid van sonde en die nuwe gehoorsaamheid (6 : 15–23).

(b) Vernuwing as vryheid van die wet (7 : 1–8 : 13).
(i) Vryheid van die wet as 'n feit in Christus (7 : 1–6).
(ii) Die mag van die sonde en die kragteloosheid van die wet (7 : 7–26).
(iii) Bevry van die wet, vernuwe deur die Gees (8 : 1–13).

(c) Vernuwing as die erfenis van Gods kinders (8 : 14–39).
(i) Nie meer knegte nie, maar kinders en erfgename (8 : 14–17).
(ii) Die stellige verwagting van die komende vernuwing (8 : 18–30).
(iii) Die triomf van Gods genade (8 : 31–39).

## AFDELING V: GENADE BLY WERKLIK GENADE (9 : 1–11 : 36)

(a) Die smartlike posisie met Israel (9 : 1–5).

(b) Gods genade bly genade (9 : 6–29).
(i) Gods genade word openbaar in Sy vrye verkiesing (9 : 6–13).
(ii) In Gods genade is geen onreg nie (9 : 14–18).
(iii) God het mag om te handel na Sy welbehae (9 : 19–24).
(iv) Bevestiging deur die Skrif (9 : 25–29).

(c) Israel is te trots vir Gods genade (9 : 30–10 : 21).
  (i) Israel het die geregtigheid nie verkry nie (9 : 30–10 : 3).
  (ii) Die ware weg tot die geregtigheid (10 : 4–13).
  (iii) Wat Israel met die genadewoord gedoen het (10 : 14–21).

(d) Die geheimenis van genade wat genade bly (11 : 1–36).
  (i) Genade bly genade as die oorblyfsel gered word (11 : 1–10).
  (ii) Genade bly genade ook in die verharding van Israel (11 : 11–24).
  (iii) Genade bly genade om die volheid van Israel te red (11 : 25–32).
  (iv) Lofprysing oor Gods wysheid en genade (11 : 33–36).

### AFDELING VI: GENADE VERPLIG TOT 'N NUWE WANDEL (12 : 1–15 : 13)

(a) 'n Offer aan God (12 : 1–8).
(b) Wandel in die liefde (12 : 9–21).
(c) Die Christen en die staat (13 : 1–7).
(d) Nog eens die liefde (13 : 8–14).
(e) Die liefde en die swakke broeder (14 : 1–15 : 13).
  (i) Wees verdraagsaam met mekaar (14 : 1–12).
  (ii) Lê geen struikelblok in die weg nie (14 : 13–23).
  (iii) Moenie julleself behaag nie (15 : 1–13).

### AFDELING VII: DEUR GENADE TOT DIENS (15 : 14–16 : 27)

(a) Paulus se vrymoedigheid (15 : 14–21).
(b) Toekomsplanne (15 : 22–33).
(c) Persoonlike aanbevelings en groete (16 : 1–16).
(d) Pas op vir dwaalleraars (16 : 17–20).
(e) Groete van ander (16 : 21–24).
(f) Afsluitende lofprysing (16 : 25–27).

## Afdeling I:
## Deur Gods Genade 'n Skuldenaar 1 : 1–17

Die inleidende deel van die brief gee die rede waarom Paulus hierdie brief aan Rome skrywe en waarom hy so vurig begeer om na Rome te gaan. Dit is die genade wat hy ontvang het wat hom daartoe dring. Die gedeelte val in twee onderdele uiteen: (a) 'n opskrif en seëngroet waarin Paulus homself as apostel-deur-Gods-genade voorstel (v. 1–7) en (b) 'n mededeling dat hy verlang om na Rome te gaan, omdat hy 'n skuldenaar teenoor alle mense is, maar in die besonder teenoor die heidene, om aan hulle die boodskap van Gods genade te bring (v. 8–17).

### A. DIE GENADE WAT PAULUS ONTVANG HET: 1:1–7

1 Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder
2 tot die evangelie van God – wat Hy tevore beloof het deur sy profete
3 in die heilige Skrifte, aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit
4 die geslag van Dawid en na die Gees van heiligheid met krag verklaar
is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus,
5 onse Here, deur wie ons genade en die apostelskap ontvang het om
geloofsgehoorsaamheid te verkry onder al die heidene ter wille van sy
6 Naam, onder wie julle ook is, geroepenes van Jesus Christus – aan al
7 die geliefdes van God, geroepe heiliges wat in Rome is: Genade vir
julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!

1 Paulus sluit aan by die gewoonte van sy tyd as hy die brief begin met die naam van die skrywer en die naam van diegene aan wie dit gerig is, met 'n goeie wens (of seëngroet) daarby. Die naam van diegene aan wie die brief gerig is, volg eers in v. 7. Die verse tussenin word deur Paulus gebruik om homself bekend te stel as *'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God* en te verduidelik wat dié evangelie beteken. Aangesien Paulus nog nooit in Rome was nie, is 'n bekendstelling van homself aan die gemeente goed van pas. Daarom meld hy ook veral die genade wat aan hom gegee is om afgesonder te wees as apostel, want daarop rus ook sy gesag om aan hulle te skrywe. 'n *Dienskneg* is hy, dit is, 'n slaaf, 'n lyfeiene

van Christus, wat in alles onderworpe is aan sy Here aan wie hy behoort. 'n Slaaf het geen eie wil of aspirasies nie, maar moet slegs doen wat sy heer van hom verlang. Die name *Jesus* (Verlosser) en *Christus* (Gesalfde, Messias) druk reeds die reg van Christus op Paulus uit: Hy het Paulus losgekoop en verlos en mag as die Messias-koning oor hom regeer. Paulus noem homself verder *'n geroepe apostel.* 'n Apostel is letterlik 'n *gestuurde* aan wie die gesag verleen is om die een wat hom stuur, te verteenwoordig (vgl. Joh. 13 : 20; Matt. 10 : 40). Dit is in eerste instansie die *twaalf* dissipels in die binnekring wat apostels genoem word (vgl. Mark. 3 : 14; Matt. 10 : 2), waarvan elf later die besondere toeseggingе en opdragte van Christus ontvang het (Joh. 20 : 21–23) tesame met Matthias (Hand. 1 : 15–26). Tog word Paulus, hoewel hy nie een van die twaalf was nie, ook in die volle sin van die woord 'n apostel genoem en met hulle op een lyn gestel. Paulus verdedig sy apostoliese gesag teenoor dié wat dit ontken (vgl. 2 Kor. 10 en 11; Gal. 1 : 15 e.v.). Hy baseer dit op sy *roeping* tot dié amp deur Jesus self (vgl. 1 Kor. 1 en Gal. 1 : 1). Met die begrip roeping dui Paulus altyd die begenadiging van die sondaar deur God aan (vgl. 8 : 30). Dié begenadiging beteken egter terselfdertyd die aanstelling in die diens van Christus. Daarom was Paulus se roeping tot kindskap terselfdertyd 'n roeping tot diens (Hand. 26 : 16) waardeur hy *afgesonder* is *tot die evangelie van God.* Die woord *afsonder* sê meer as die woord *roep,* want daaragter sit die Goddelike daad van voorbestemming tot 'n bepaalde taak, sodat hy uit die gemeente uitgesonder word en eenkant geplaas word soos Jeremia van ouds (vgl. Gal. 1 : 15; Jer. 1 : 5). Afsondering *tot die evangelie* sien dus op die spesifieke taak wat hom opgelê is: die diens aan die evangelie, die verkondiging van die Woord. Die *evangelie* is die blye tyding van die verlossing uit genade. Dit heet die evangelie *van God,* omdat dit van God uitgaan, wat die wêreld so liefgehad het dat Hy Sy eniggebore Seun daarvoor gegee het (Joh. 3 : 16).

2 Die evangelie wat Paulus verkondig, is geen nuwe saak nie, maar is dieselfde *wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte.* Die Ou Testament bevat die belofte van die blye tyding wat in Christus vervul is. Die gemeente in Rome hoef dus nie te vrees dat Paulus iets vreemds verkondig nie, want wat hy verkondig, is die vervulling van wat die Ou Testament altyd belowe het. Die evangelie wat Paulus verkondig, is selfs die enigste

ware interpretasie van wat die Ou Testament bedoel om te sê. In die brief verwys hy dan ook herhaaldelik na die Ou Testament. Daarom dra sy prediking ook dieselfde gesag as die prediking van die profete in die Heilige Skrifte.

3 Die inhoud van die evangelie is *die Seun* van God. Die hele evangelie is die verkondiging van 'n Persoon, nie van 'n stelsel nie. As Paulus Christus hier die *Seun* van God noem, moet ons dink aan die Seun wat voor Sy vleeswording in die gestalte van God was (Fil. 2 : 6 e.v.) en dus met reg die *eie Seun* van God kan heet (vgl. 8 : 3 en 32). Daarom noem hy Christus in 9 : 5 uitdruklik *God*. Die feit dat Paulus onderskei tussen die bestaan van Christus as die Seun van God èn Sy geboorte *na die vlees* bewys dat hy hier dink aan die Seun wat vóór Sy geboorte van alle ewigheid af by die Vader was en self God was en is (vgl. Joh. 1 : 1). Die *vlees* is aanduiding van die swak, verganklike, sterflike bestaan van die mens. Christus het hierdie bestaan in swakheid aanvaar deur Sy geboorte *uit die geslag van Dawid*. Dit is volgens die beloftes van die Ou Testament en vorm daarom 'n wesenlike deel van Paulus se verkondiging aangaande Christus (vgl. Gal. 4 : 4 en 2 Tim. 2 : 8). Dit bewys dat Hy die beloofde Messias is.

4 In kontras met Christus se bestaan *in die vlees* staan Sy posisie wat Hy sedert die opstanding uit die dode openlik beklee: Hy is *die Seun-van-God-in-Krag*. Hoewel Hy van ewigheid af die Seun van God was, Was Sy Goddelike heerlikheid tog gedurende Sy aardse lewe verborge agter die swakheid van die vlees. By die opstanding word dit egter anders. Die *Gees van heiligheid* ('n Joodse uitdrukkingswyse vir: die *Heilige Gees*) wek Hom uit die dode op, sodat Hy na die orde van die Heilige Gees die Seun van God in krag is soos Hy na die orde van die vlees die Seun van God in swakheid was. Die woord wat in die Afrikaanse vertaling met *verklaar* vertaal word, sien daarop dat iemand 'n posisie wat hom toekom, ontvang en beklee, deurdat hy plegtig daarin gestel word. Deur die opstanding uit die dode word Christus openlik aangewys as die Seun van God, word Sy ware werklikheid wat Hy van ewigheid af besit, plegtig en openlik uitgeroep. As die triomfantlike Seun van God in krag is Hy *onse Here*, die Een wat volstrek alle mag ontvang het. In die belydenis van Jesus as die Here het die vroeë Christelike gemeente sy ganse geloof in die Middelaar kern-

agtig uitgedruk (vgl. 1 Kor. 12 : 3). Daarin lê die erkenning van Christus se goddelike waardigheid en gelykheid met die Vader opgesluit, wat in die Ou Testament deurgaans as *die Here* aangespreek word.

5 Vers 5 verduidelik v. 1 verder. Die apostelskap wat Paulus ontvang het, het hy van Christus ontvang, nie van 'n mens nie (Gal. 1 : 1). Die meervoud *ons* kan òf daarop sien dat Paulus in beskeidenheid oor homself in die meervoud spreek (vgl. 1 Thess. 1 : 2 e.v.), òf dat hy vanuit die wete spreek dat hy die apostelskap nie alleen nie maar in gemeenskap met ander besit. Met *genade* bedoel Paulus die guns van God wat aan hom geskenk is, waardeur hy die verlossing deelagtig geword het. Met hierdie woord het die gewigtige woord geval, die begrip waarom alles in die brief sentreer. As Paulus homself aan die gemeente in Rome bekend stel, dan kan hy nie anders as om te begin by die genade wat hy ontvang het, hy wat vroeër 'n lasteraar en vervolger van die gemeente was nie. Dat hy *en die apostelskap* daaraan toevoeg, getuig daarvan dat hy mét sy begenadiging om kind van God te word, terselfdertyd ook die opdrag ontvang het om Christus te verkondig (vgl. v. 1). Paulus se briewe getuig deurgaans daarvan dat die begenadiging deur God terselfdertyd ook indiensneming deur God is (vgl. Rom. 12 : 4 e.v.; 1 Kor. 12 : 4 e.v.). Sy spesifieke diens is *om geloofsgehoorsaamheid te verkry onder al die heidene.* Hoewel al die apostels opdrag ontvang het om die evangelie aan die heidene te verkondig (Matt. 28 : 19), het dié taak tog in die besonder op Paulus se skouers geval. Hy sien dit as sy besondere roeping (vgl. v. 13; 11 : 13; 15 : 16). *Geloofsgehoorsaamheid* is dié gehoorsaamheid wat daarin bestaan dat die evangelie *geglo* word. Alleen die ware geloof bevat die egte gehoorsaamheid. Die teenpool van geloof word ook in Joh. 3 : 36 ongehoorsaamheid genoem. *Ter wille van Sy Naam* wys daarop dat Paulus se arbeid op niks anders gerig is as die verheerliking van Christus nie. Geen dienskneg van Christus mag arbei vir sy eie eer nie.

6 Die gelowiges in Rome hoort ook tot die heidene en val daarom onder Paulus se arbeidsveld. So is daar 'n dubbele rede waarom hy hom tot hulle mag wend: omdat hy deur Christus begenadig is en omdat hy spesifiek tot die heidene gestuur is. Hierdie uitspraak bewys dat die gemeente in Rome hoofsaaklik

uit gelowiges uit die heidendom bestaan het (vgl. die Inleiding). Gelukkig is dit nie al wat Paulus van hierdie gemeente kan sê nie. Hy mag hulle as gemeente tans aanspreek as *geroepenes van Jesus Christus.* Hulle is immers uit die duisternis geroep tot die wonderbare lig. Agter hulle roeping sit Gods genadige verkiesing (8 : 30). Hulle is geroepenes *van Jesus Christus,* omdat hulle deur die Vader geroep is tot die gemeenskap met Sy Seun (1 Kor. 1 : 9). Die roeping verbind hulle onlosmaaklik met en stempel hulle onherroeplik tot mense wat aan Christus behoort.

7 Vers 7 noem vir die eerste keer die geadresseerdes by die naam en voltooi só die aanhef van die brief wat in v. 1 begin het. *Geliefdes van God, geroepe heiliges wat in Rome is* dui dieselfde aan as: die gemeente van God in Rome (vgl. 1 Kor. 1 : 2). Hierdie terme teken die gemeente in sy status kragtens Gods genade. Deur Gods liefde is hulle uitverkies en geroep. Die hele evangelie word beheers deur Gods liefde en in hierdie brief kom Paulus telkens daarop terug (vgl. 5 : 5; 5 : 8; 8 : 31, ens.). Ook die genade waaroor hierdie brief so heerlik spreek, is niks anders nie as die openbaring van Gods liefde tot die wêreld. Wanneer Paulus die gemeente *geroepe heiliges* noem, beteken dit dat hulle deur die roeping tot heiliges geword het. Dit sien in eerste instansie daarop dat hulle deur God vir Homself eenkant geplaas is, afgesonder is van die res van die wêreld om Sy eiendom te wees. In die tweede instansie bevat dié aanduiding ook vir die geroepenes die verpligting om in ooreenstemming met hulle afsondering vir God te gaan lewe (vgl. 1 Kor. 1 : 2 en Ef. 1 : 4).

Ná hierdie aanduiding van die gemeente laat Paulus die apostoliese seëngroet volg: *Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!* Dit was destyds gebruiklik om 'n brief te begin met 'n vrome wens vir die ontvanger. By Paulus is dit veel meer as 'n vrome wens. Dit is 'n toesegging wat hy doen op grond van die feit dat aan hom as apostel die gesag verleen is om amptelik namens die Here die gemeente te seën. *Genade:* in plaas van die gewone Griekse groet *chairete!* (vreugde), gebruik Paulus die woord wat die hart van die evangelie is: *charis,* genade. Daarmee sê hy hulle die matelose guns van God toe, soos dit in Christus geopenbaar is. Dit is ook die grond vir die *vrede* wat hy hulle toesê. Die Hebreeuse groet was *Sjalom!* (vrede). Dit is die innerlike gesteldheid van die gelowige wat pas by die bewussyn van

Gods genade wat hom omring. Dit vloei voort uit die feit dat die gelowiges kragtens Gods genade vrede met God het (vgl. 5 : 1). Die woorde *van God onse Vader* dui daarop dat God die bron van alle genade en vrede is en in en deur Christus die Vader van die gelowiges geword het. Hy voeg egter ook by: *en die Here Jesus Christus,* omdat die gemeente geen genade en vrede deelagtig kan word anders as deur die Middelaar nie. Die Vader en Jesus Christus word weer eens in een asem genoem as bewys daarvan dat aan albei gelyke status toegeskrywe word.

## B. DIE SKULD WAT DIE GENADE BRING: 1:8–17

8 In die eerste plek dank ek my God deur Jesus Christus oor julle almal
9 dat julle geloof verkondig word in die hele wêreld. Want God wat
ek in my gees dien in die evangelie van sy Seun, is my getuie hoe ek
10 onophoudelik aan julle dink en altyd in my gebede smeek of ek tog
nou eindelik 'n goeie geleentheid sal vind deur die wil van God om
11 na julle te kom; want ek verlang om julle te sien, om julle een of ander
12 geestelike genadegawe mee te deel, sodat julle versterk kan word; dit
is, dat ek saam bemoedig kan word onder julle deur die gemeenskap-
13 like geloof, van julle sowel as van my. Maar, broeders, ek wil julle nie
daarvan onkundig laat dat ek my dikwels voorgeneem het om na julle
te kom nie – en ek is tot nog toe verhinder – sodat ek ook onder julle
14 een of ander vrug kan insamel net soos onder die ander heidene. Teen-
oor Grieke sowel as nie-Grieke, teenoor wyse sowel as onverstandige
15 mense is ek 'n skuldenaar. Vandaar die verlange van my kant om aan
16 julle wat in Rome is, die evangelie te verkondig. Want ek skaam my
nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot
redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.
17 Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot
geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.

8 Paulus begin graag sy briewe met 'n danksegging aan God waarin hy Gods genadewerk wat reeds in die gemeente plaasgevind het, eer (vgl. 1 Kor. 1 : 4; Kol. 1 : 4, 1 Thess. 1 : 3, ens.). *In die eerste plek* beteken eenvoudig: voor alles, aan die begin. Die uitdrukking *my God* is tipies van Paulus. Wie Christus deur die geloof as Verlosser ken, mag God ook inderdaad *sy* God noem. Hy dank *deur Jesus Christus,* omdat sy gebede in die Naam van Christus tot die Vader gerig word. Slegs onder die bedekking deur die bloed van die Middelaar kan die gebede van die gelowiges God behaag. Paulus dank vir *die geloof* van die Romeine, nie

omdat hulle geloof so 'n besondere kwaliteit het nie, maar omdat die feit dat hulle glo, 'n wonder van Gods genade is. Hulle geloof word *verkondig in die hele wêreld*. Daarmee bedoel Paulus dat daar in al die gemeente soos hulle dwarsoor die destydse „bewoonde wêreld" bestaan het, gepraat word oor die feit dat daar in Rome gelowiges is.

9 Paulus roep God as getuie daarvoor aan dat hy *onophoudelik aan* hulle *dink*, dit is: in sy gebede. As hy sê: *God wat ek in my gees dien*, bedoel hy: wat ek van ganser harte dien. Die woord wat hier vir *dien* gebruik word (*latreuō*) word nooit gebruik vir diens aan 'n saak of 'n mens nie; altyd net vir die diens van God. Sy diens aan God *in die evangelie van Sy Seun* is dus 'n diens wat nie aan die mens of aan homself gelewer word nie, maar aan God. Vandaar sy ywer en onvermoeidheid. Die uitdrukking *evangelie van Sy Seun* bevestig wat ons in v. 3 reeds gesien het, dat die inhoud van die evangelie niks anders is nie as Jesus Christus.

10 Paulus vra in sy gebede telkens weer van God 'n geleentheid om na Rome te mag gaan. Die woorde *tog nou eindelik* druk die vurige en byna ongeduldige begeerte by hom uit. Tog wil hy nie gaan as dit nog nie Gods tyd vir hom is nie. Sy hele lewe wil hy enkel deur Gods wil laat bepaal. Volgens 15 : 19–25 hoop Paulus om kort ná die versending van hierdie brief die geleentheid te vind om na Rome te gaan.

11 Paulus verlang om die gemeente te sien, want hoewel hy hulle nie ken nie, het hy hulle tog lief. Dit is onnatuurlik as gelowiges mekaar nie liefhet en in mekaar se geestelike heil belang stel nie. Paulus begeer veral om die gelowiges in Rome te *versterk*. Daarmee gee hy nie te kenne dat hulle besonder swak sou wees nie. Geloof het egter altyd versterking nodig. Paulus druk deur hierdie wyse van spreek dit duidelik uit dat hy nie meen om grondliggende werk in Rome te gaan doen, of om die gemeente in Rome te gaan oortuig van dwaling nie. Hy wil daar slegs gaan meewerk aan wat reeds deur Gods genade bestaan. Dit sal gebeur as hy aan hulle *een of ander geestelike genadegawe meedeel*. Die woord *genadegawe* word hier nie gebruik in die gewone sin van die bepaalde toerusting vir 'n geestelike taak wat deur die Heilige Gees aan elke gelowige meegedeel word nie (vgl. Rom. 12 en 1

Kor. 12), maar in die algemene sin van *geskenk*. Hy is daarvan verseker dat hy vanuit die onuitputlike rykdom van die evangelie iets sal hê om tot versterking van die gelowiges in Rome aan hulle mee te deel (vgl. 15 : 29).

12 Paulus haas hom om aan die vorige toe te voeg dat hy dan ook saam met hulle *bemoedig* sal *kan word* wanneer hulle mekaar oor en weer in die geloof opbou. Selfs 'n apostel staan nie bokant die gemeente, sodat hy nie nodig het om in gemeenskap met die gemeente gevoed en in die geloof versterk te word nie (vgl. 1 Kor. 12 : 21 e.v.).

13 Paulus het egter nie net gebid vir 'n geleentheid om na Rome te gaan nie. Dikwels het hy hom ook voorgeneem om dit te doen. Daarvan wil hy hulle *nie onkundig laat nie*, dit wil sê: beslis verseker (vgl. 11 : 25; 1 Kor. 10 : 1, ens.). Dat hy nog nie gegaan het nie, is nie sy skuld nie, want hy is nog steeds *verhinder*. Die passiewe vorm dui daarop dat dit God is wat hom verhinder het (vgl. Hand. 16 : 7 en 19 : 21). Naas die twee redes wat hy reeds genoem het vir sy begeerte om na Rome te gaan (om aan hulle 'n genadegawe mee te deel èn om deur hulle gemeenskap self in die geloof versterk te word), voer Paulus nou 'n derde aan: *sodat ek ook onder julle een of ander vrug kan insamel net soos onder die ander heidene*. Dié rede is nie in stryd met die vorige twee nie. As sendeling het Paulus ook nog steeds die heil van die heidene in Rome op die oog, sodat sy besoek ook betekenis sal hê vir diegene wat nog buite staan. Die woorde *onder julle* wil dus nie sê dat Paulus bedoel om *in die gemeente* vrug te gaan insamel nie, maar in hulle midde, in die stad waarin hulle woon en die gemeenskap waartoe hulle behoort. Paulus vereenselwig in sekere sin dus die gelowige gemeentelede met die natuurlike gemeenskap waartoe hulle behoort, die bevolking van Rome en daardeur ook met *die ander heidene*. Deur só te spreek, maak Paulus dit duidelik waarom hy as apostel van die heidene ook na Rome kan gaan en deur die gemeente daar verwelkom behoort te word. Terselfdertyd is dit ook hieruit duidelik dat die gemeente in Rome hoofsaaklik uit bekeerde heidene bestaan het (vgl. v. 6).

14 `Dit is nie slegs persoonlike oorweginge wat Paulus na Rome dryf nie – selfs nie eens sy liefde vir die gelowiges daar nie.

Dit is die *skuld* wat hy moet betaal. Die woord wat Paulus vir *skuldenaar* gebruik, kom by hom dikwels in die vorm van 'n werkwoord voor en dui dan op die skuldige plig van die mens om in ooreenstemming te handel met die genade wat God aan hom bewys het. So is dit ook hier. Die genade wat God aan Paulus bewys het, maak van hom 'n skuldenaar om die evangelie waardeur hy self gered is, aan alle mense te verkondig. Hy skuld alle mense die boodskap van Gods genade. *Grieke sowel as nie-Grieke* is 'n samevatting van die twee groot groepe waarin die destydse mense verdeel is. Die Griekse woord vir nie-Grieke is *barbare*, mense wat in beskawing, kultuur en afkoms van die Grieke onderskei is. Sodra hulle egter die Griekse taal en lewensgewoontes oorgeneem het, is hulle tot die Grieke gereken. Die aanduiding *wyse en onverstandige mense* val prakties saam met die vorige, want die Grieke reken hulleself tot die wyses en al die ander mense tot die onverstandiges, die onontwikkeldes. Deur homself 'n skuldenaar van albei hierdie groepe te noem, bedoel Paulus dat hy 'n skuldenaar van *alle mense* is. Hy stel daarby die Grieke voorop, ook al sal hulle meen dat sy evangelie vir hulle te eenvoudig is, en daarmee spot soos in Athene (Hand. 17). Ook diegene wat deur die Grieke nie gereken word nie, die barbare, is eweneens vir hom 'n arbeidsveld.

15 Paulus se verlange om na Rome te gaan, is dus gebore uit sy besef dat hy 'n skuldenaar teenoor alle mense is. Weer eens vereenselwig hy die gemeente in Rome met hulle heidense omgewing as hy spreek van *julle wat in Rome is*. Die woorde *van my kant* laat ons begryp dat Paulus, hoewel persoonlik gewillig om na Rome te gaan, rekening hou met die moontlikheid dat God hom ook nog verder kan terughou.

16 Die feit dat Paulus tot nog toe nie na Rome gegaan het nie, is nie te wyte aan die feit dat hy die uitdaging wat die hoofstad van die ryk sou bied, nie wou aanvaar nie, omdat hy *skaam* sou wees vir die evangelie voor sulke wyse mense nie (vgl. 1 Kor. 1 : 18 e.v.). Immers, die evangelie wat hy verkondig, is *'n krag tot redding*. Die evangelie is in homself 'n krag. Oral waar die evangelie verkondig word, is Gods krag teenwoordig om mense te red. God laat nooit Sy Woord uit Sy hand los nie. Hy spreek self in en deur die verkondiging van die evangelie en lê verlossend beslag op diegene wat die Woord hoor. Die evangelie is egter nie vir alle mense

so 'n krag tot redding nie; slegs *vir elkeen wat glo.* Elkeen: dit geld van alle mense, van watter groep hulle ook mag wees, wyses of barbare. As Paulus van *geloof* praat, bedoel hy daarmee die vertroue op Gods genade alleen, die vertroue waardeur die mens homself volledig verlaat op Gods Woord, Gods beloftes, Gods genade (vgl. die gebruik van *geloof* in Gal. 3 en 4). Geloof word deur Paulus nêrens verstaan as 'n prestasie van die mens nie. Hy stel dit deurgaans juis teenoor die *werke.* Geloof is dus nie 'n voorwaarde vir die verlossing in dié sin dat die mens die geloof as sy deel moet bydra om gered te kan word nie. Ook die geloof is 'n gawe van God (v. 8; Ef. 2 : 8). Dit is die vrug van Gods verkiesing (v. 6) en liefde (v. 7) wat die mens roep deur die evangelie (v. 1 : 6–7) en in die roeping terselfdertyd met krag in die mens 'n oor skep om te hoor en 'n hart wat op Gods genade vertrou. Geloof is die weg wat God vir Homself deur Sy Woord baan in die hart van die mens in. Dit is die enigste manier waarop 'n mens die gawe van Gods genade deelagtig kan word. Wanneer die mens glo, doén hy niks; hy ontvang slegs wat God hom uit genade skenk. *Eerste vir die Jood en ook vir die Griek* is 'n uitbreiding op *elkeen.* Almal wat glo, word gered, sonder aansien van die persoon of die groep waaruit hy afkomstig is. Dat dit *eerste vir die Jood* geld, hang enersyds daarmee saam dat dit histories só Gods weg was. As Gods volk in die Ou Verbond het Israel eerste die beloftes ontvang, Christus het eerste die evangelie aan Israel verkondig en ook Paulus het in sy prediking eers na die Jode gegaan (vgl. Hand. 13 : 46). Andersyds wys hierdie uitdrukking egter ook daarop dat Israel nie anders as die Grieke gered word nie. Ook die Jood word net deur die geloof gered. Onder *Grieke* word hier weer eens alle mense verstaan wat nie Jode is nie. Die redding wat die evangelie bring, is dus nie slegs vir 'n bepaalde volk nie, maar geld alle mense, almal wat glo.

17 Waarom is die evangelie 'n krag tot redding? Omdat *die geregtigheid van God daarin geopenbaar word.* Onder *geregtigheid van God* moet ongetwyfeld verstaan word: dié geregtigheid wat voor God kan bestaan, of: die geregtigheid wat God skenk. Om gered te word, moet die mens in Gods gerig vrygespreek word. Dit het die Jode goed geweet. Hulle het egter gemeen dat 'n mens deur die onderhouding van die wet sodanig regverdig kan wees dat God hom in die gerig vry sal spreek. Sy geregtigheid sou dan 'n gereg-

tigheid van eie verdienste wees. Volgens Paulus se prediking is so iets egter heeltemal onmoontlik. Die sondaar kan homself nooit deur sy eie goeie werke verlos nie (vgl. Gal. 3). Die mens kan alleen dán gered word as God hom in genade en sonder enige verdienste van sy kant regverdig *verklaar*. Dan reken God hom 'n geregtigheid toe wat hy nie in homself besit nie, maar wat God skenk. Dié geregtigheid word nou in die evangelie *geopenbaar*. Dit was vroeër nie op dieselfde wyse bekend nie. Buite die evangelie om kan niemand dit ooit weet nie. Die evangelie maak dit egter openbaar dat God mense regverdig op grond van die feit dat Christus die sonde van die wêreld versoen het. Dit word geopenbaar as 'n geregtigheid *uit geloof tot geloof*. Hierdie uitdrukking moet as 'n geheel geneem word. Dit is 'n manier van spreek wat ook elders by Paulus voorkom (vgl. 2 Kor. 2 : 16). Dit laat die klem daarop val dat dit om *geloof* gaan en om niks anders nie. Ons sou sê: dit gaan *van voor tot agter* om geloof, dit gaan *uitsluitend* om geloof. Hierdie geregtigheid wat God openbaar, kan op geen ander manier die mens se deel word nie, as net deur die geloof. Die mens moet afsien van sy eie werke en verdienste en geheel en al net op Gods genadewoord vertrou. Paulus voer as Skrifbewys hiervoor Hab. 2 : 4 aan. Reeds in v. 2 het hy gesê dat die evangelie in die Heilige Skrifte belowe is. Daarom doen hy moeite om sy verkondiging te staaf met bewysplekke uit die Ou Testament, altyd met die inleiding: *soos geskrywe is*. Die Ou Testament is die geskrewe Woord van God en wat daarin geleer word, is vir geen teenspraak vatbaar nie. Volgens Paulus leer die Ou Testament reeds die geregtigheid deur die geloof. Die Jode het hierdie woord van Habakuk verstaan as: die regverdige sal *deur sy getrouheid* lewe, omdat die woord vir *geloof* en *getrouheid* in Hebreeus dieselfde is. Daarom was hierdie teks vir hulle die samevatting van hul hele wettiese kyk op die godsdiens. Die regverdige waarvan hier sprake is, was vir die Jode die vrome mens wat deur sy wetsvolbrenging aan God getrou bly. Vir Paulus gaan dit egter by hierdie woorde nie meer om die mens se *getrouheid* nie, maar om sy *vertroue* op God, sy rus in wat God doen. Dit is moontlik om 'n aksentsverskil aan te toon tussen die betekenis van hierdie woorde by Habakuk en by Paulus. By Habakuk gaan dit meer om die regverdige wat met God wandel in vertroue op God; by Paulus gaan dit veel meer om die goddelose wat sonder verdienste deur God vrygespreek is en wat in Gods vryspraak rus. Tog kan Paulus hom, net soos in Gal. 3 : 11, met

reg op hierdie woord van Habakuk beroep, omdat dit ook by Habakuk gaan om die vertroue op God alleen. Ook by Habakuk gaan dit om Gods genade. Paulus verdiep die uitspraak van Habakuk in die lig van die evangelie. Net so verstaan hy ook die woord *lewe* dieper en omvattender as wat dit by Habakuk gebruik word, naamlik as *ewige lewe.*

Verse 16–17 gee 'n kort samevatting van die evangelie wat Paulus aan alle mense skuld, óók aan Rome. Dit is die evangelie van genade wat hy moet uitdra, omdat hy self dié genade ontvang het en daardeur in beslag geneem is.

## Afdeling II:
## Die Genadeboodskap Noodsaaklik 1 : 18–3 : 20

Die gang van Paulus se betoog voer hom vanself daartoe om tans te verduidelik waarom die genadeboodskap wat hy volgens v. 14 e.v. aan alle mense skuld, so noodsaaklik is. Die rede daarvoor is die diepe verdorwenheid en verlorenheid van die mensdom waaruit hy nooit gered kan word nie, tensy die evangelie wat 'n krag tot redding is, tot verlossing aan hom verkondig word. Paulus gaan tans oor dié verdorwenheid handel, (a) eers in die geval van die heidene (1 : 18–32) en (b) dan in die geval van diegene wat meen dat hulle beter as ander is, met name die Jode (2 : 1–3 : 20).

### A. DIE VERDORWENHEID VAN DIE HEIDENE: 1 : 18–32

18 Want die toorn van God word van die hemel af openbaar oor al die
goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die
19 waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle
20 openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare
dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en
duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hul-
21 le geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God
geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle
het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is ver-
22 duister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword
23 en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelyk-
vormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en
24 viervoetige en kruipende diere. Daarom het God hulle ook in die
begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle lig-
25 game onder mekaar te onteer – hulle wat die waarheid verruil het vir
die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat
26 geprys moet word tot in ewigheid. Amen. Daarom het God hulle oor-
gegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike
27 verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die
manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in wellus teen-
oor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe
en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang.
28 En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis
te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te

29 doen wat nie betaam nie: hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis,
30 bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, onge-
31 hoorsaam aan die ouers, onverstandig, ontrou, sonder natuurlike
32 liefde, onversoenlik, onbarmhartig, mense wat – al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien – dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.

18 Die woord *want* waarmee v. 18 begin, toon dat wat tans volg, 'n verdere rede gee waarom Paulus homself gedronge voel om sy boodskap van genade in Rome te gaan verkondig. Ook die vorige twee verse begin elke keer met *want* en wys daarop dat hy hom nie skaam vir die boodskap waarmee hy na Rome wil gaan nie, aangesien dit 'n krag tot saligheid is, deurdat die geregtigheid van God daarin geopenbaar word. Die *want* aan die begin van v. 18 wil nou sê: Waar sake so staan, moet ek beslis ook na Rome, aangesien ook dáár goddeloosheid en ongeregtigheid in die lewe van mense heers, waarvan hulle alleen langs die weg van hierdie boodskap verlos kan word. Trouens, *die toorn van God* word reeds van die hemel af openbaar oor die goddeloosheid van die mense. Gods toorn is Sy heilige reaksie op die opstand teen en verwerping van Sy wil. Op hierdie spesifieke plek moet ons onder Gods *toorn* nie dink aan 'n emosie by God nie, maar aan Sy strafhandeling, Sy gerig en oordeel oor die goddeloosheid. Paulus sê hierdie strafhandeling van God word *openbaar*. Die tyd van die werkwoord wat hy gebruik, dui daarop dat dit gaan om 'n deurlopende proses. Gedurende die hele loop van die geskiedenis is Gods toorn oor die sonde besig om openbaar te word, maar eenmaal by die eindoordeel sal die gerig van God sy finale openbaring bereik, wanneer die goddeloses in die dag van die toorn verslind sal word (vgl. Rom. 2 : 8–9; 5 : 9; 9 : 22; Kol. 3 : 6; 1 Thess. 1 : 10). Die toorn word *van die hemel af* openbaar, dit is, sigbaar en duidelik is wat gebeur, 'n openbaring van *Gods* toorn. Die hemel is Gods woonplek. Die dinge wat oor die mense kom ten gevolge van hulle sonde, is nie maar toeval of noodlot nie, maar word deur Gods hand van die hemel af oor hulle gebring. *Al die goddeloosheid* sien op al die vorme van opstand teen en veragting van God (vgl. by. v. 21), terwyl *ongeregtigheid* meer die vertrapping van die reg soos God dit ingestel het, op die oog het (vgl. v. 24 e.v.). Die twee

begrippe saam dek die oortreding van die twee tafels van die Tien Gebooie. Hierdie oortreding kom daaruit voort, dat die mense *in ongeregtigheid die waarheid onderdruk*. Onder *waarheid* moet ons dink aan die waarheid aangaande God en Sy wil vir die lewe van die mens. Dié waarheid is nie aan die mens onbekend nie (v. 19), maar dit word deur hom doelbewus *onderdruk*, onder gehou, sodat dit in sy lewe geen rol kan speel nie. Dat die mens goddeloos is, is dus nie die gevolg van onskuldige onkunde nie, maar dit is die skuld van die mens. Uit die verband is dit duidelik dat Paulus hier spesiaal aan die heidene dink, hoewel dieselfde ook gesê kan word van alle mense wat aan God ongehoorsaam is.

19 Niemand kan sê dat hy by God verby gelewe het omdat God homself onbetuig gelaat het nie. *Wat van God geken kan word* sien op die kennis wat 'n mens van God kan hê in onderskeiding van die kennis wat God van Homself het. Dit is *in hulle openbaar*. In die lig van die daaropvolgende *aan hulle* moet ons ook *in hulle* in dieselfde sin verstaan, hoewel dit ook moontlik is dat ons daarby moet dink aan die feit dat die openbaring in hulle harte ingedring het. *God het dit aan hulle geopenbaar:* Paulus spreek dus nie oor 'n aangebore of natuurlike Godskennis wat die mens vanself besit nie, maar oor die dáád van God, dat Hy voortdurend aktief besig is om Homself in Sy heerlikheid aan die mens te openbaar. Geen mens in die wêreld is uitgesluit van hierdie voortdurende openbaringsdaad van God nie.

20 Die openbaring van God waarvan v. 19 spreek, word hier nader omlyn as *Sy onsigbare dinge . . . naamlik Sy ewige krag en goddelikheid*. Daaronder moet ons verstaan die onsigbare werklikheid van God, Sy majesteit en verhewenheid bo die skepping, die feit dat God Gód is en reg het op die diens van die mense. Dit word deur God voortdurend geopenbaar *van die skepping van die wêreld af in Sy werke*. Die werke van Gods hande word transparant en laat die lig deurstraal van die ewige God wat alles gemaak het. Uit die werke van Gods hande spreek vanaf die skepping 'n taal wat op die mens afkom en onontwykbaar getuienis aflê van die onsigbare dinge van God. Daar was geen tyd toe die mens nie gekonfronteer is met hierdie daad van Gods selfbekendstelling deur die werke van Sy hande nie. Daarom het die mens *geen verontskuldiging* nie, want die openbaring van God kan *ver-*

*staan en duidelik gesien* word. Hierdie uitdrukkinge wys daarop dat die mens met sy liggaamlike oog dinge in die werke van God moet opmerk, wat deur die mens se verstand, sy gemoed, erken moet word as openbaringe van die onsigbare dinge van God. Dit kom op hom af en dwing hom tot 'n reaksie.

21 Die reaksie van die sondige mens is egter steeds dieselfde: God word nie *as God verheerlik of gedank nie*. Om God as Gód te verheerlik en te dank, is die wese van die ware verhouding tot Hom. Daarop stuur Gods openbaring aan die mens af. Hiertoe kom dit egter nie by die mense nie. In weerwil daarvan dat *hulle God geken het*, 'n bepaalde onontwykbare indruk van Gods self-openbaring in die werke van Sy hande ontvang het, en 'n sekere kennis van God in weerwil van hulself tot hulle deurgedring het, staan hulle afwysend teenoor God. Met geweld onderdruk hulle hierdie „kennis" van God (v. 18). Daarom is hulle sonder verontskuldiging. Daarom is die openbaring van Gods toorn oor die mense regverdig. Déél van die openbaring van Gods toorn oor die mense is nou egter ook dat hulle verstrik raak in die leuen. Paulus sê: *maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hulle onverstandige hart is verduister*. Die woord wat met *dwaas* vertaal is, beteken eintlik *nietig* (vgl. 1 Kor. 3 : 20). *Oorlegginge* het 'n slegte betekenis en dui op die eiewillige spekulasies wat deur mense in die plek van Gods openbaring gestel word, waardeur hulle tot sinloosheid kom. Die *hart* is die lewensentrum van die mens, die kern van sy bestaan van waar uit sy hele lewe regeer word. Nou is die mens egter in besit van 'n *onverstandige* hart, 'n hart wat nie begryp nie. Die onverstandigheid van die hart het niks met 'n gebrek aan intelligensie te make nie, maar is die dwaasheid wat die mens afkerig maak van God en Sy openbaring. Dit is die oerdomheid van die mens dat hy vanuit sy hart, sy lewenskern hom nie aan God wil onderwerp en met God tot 'n „verstandhouding" wil kom nie. Daaruit vloei die onderdrukking van Gods waarheid voort. Die gevolg daarvan is nou egter dat die onverstandige hart nog verder verdorwe geraak het: dit is *verduister*. Die mens wat Gods openbaring onderdruk, verloor ook nog die floue skynsel uit sy hart van die lig wat vanuit Gods openbaring daarin deurgedring het. En aan homself oorgelaat in sy eie dwaling, strompel die mens voort in die nag van sy eie dwaasheid.

22 Die ergste is dat die mense daarby *voorgee dat hulle wys is.* Menslike wysheid spog altyd met homself en sien op die openbaring van God neer (vgl. 1 Kor. 1 : 20 e.v.). Menslike wysheid sonder die lig van Gods openbaring is egter dwaasheid.

23 Die dwaasheid waaroor dit in v. 22 gaan, is dat die mense in hulle onderdrukking van die ware kennis van God, in die plek daarvan afgodediens gaan invoer. Van God kan die mens nie wegkom nie, maar hy maak in sy dwaasheid van God allerlei verkeerde voorstellinge. Soos Israel by Sinai (vgl. Ps. 106 : 20) verruil hulle die heerlikheid van God (waarmee bedoel word: God self) vir 'n afbeelding waarin die mens sy idee van God tot uitdrukking bring. Die woorde *gelykvormigheid van die beeld* is in Grieks letterlik: 'n beeld van 'n beeld, dus: 'n fantasiebeeld. Die mens vereer in sy dwaasheid 'n fantasiebeeld, 'n loutere versinsel, in plaas van die lewende God. Paulus lê met hierdie tipering die religieuse wortel van die afgodsdiens bloot. Juis as apostel van die heidene het hy alle belang daarby om die heidense godsdienstigheid in sy diepste kern te onthul as 'n dwase en verkeerde reaksie op die openbaring van God, opkomende uit die onverstandige hart van die mens.

24 Gods straf op die onderdrukking van sy waarheid is reeds sigbaar in die feit dat die mens dwaas word in sy oorlegginge en dat sy hart verduister word (v. 21). Nog meer word dit daarin sigbaar dat God die mens *oorgee* om sy weg in sonde te gaan. Gods toorn oor die goddeloosheid van die mens word daarin openbaar dat Hy die mens loslaat en oorgee (dié woord word drie maal herhaal, v. 24, 26, 28) aan wat die natuurlike gevolge van sy dwaasheid is. As eerste hiervan word genoem *die begeerlikhede van hulle harte*. Die slegte begeertes was reeds in hulle harte, maar die straf van God bestaan daarin dat hy hulle oorgee aan hul eie slegte begeertes. Paulus sien by hierdie begeerlikhede bepaaldelik die seksuele onreinheid na vore kom (behalwe v. 24, vgl. ook v. 26–27). Seksuele perversiteit is aan die orde van die dag in 'n samelewing wat aan verwording prysgegee is, soos dit met die Grieks-Romeinse samelewing in die tyd van Paulus was.

25 Paulus lê 'n duidelike verband tussen die sedelike verwildering en godsdienstige dwaling. Om van God weg te draai, om die

*waarheid van God te verruil vir die leuen* is die wortelsonde waaruit alle vorme van wetteloosheid voortvloei. Alle verwerping van Gods waarheid loop daarop uit dat die *skepsel* (in watter vorm dan ook al) *vereer en gedien word bo die Skepper.* Ook die diens aan die begeerlikhede en luste van die mens se natuur is niks anders nie as 'n diens aan die skepsel in plaas van aan God. Wie sy hart nie aan God gee nie, verpand dit aan nietige dinge. Dan tree die verwording in. Waar die verhouding tot God skeefgetrek en vernietig word, is alle menslike verhoudinge ook aan vernietiging onderworpe. Die laaste woorde van hierdie vers *(wat geprys moet word in ewigheid)* is 'n plegtige lofprysing van God. Die Jode het die gebruik gehad om 'n dergelike lofprysing uit te spreek wanneer die Naam van die Skepper genoem word. In hierdie verband aksentueer dit die afgryslikheid van die skepselverering van die heidene. Die plegtige *Amen* dien nie alleen tot bekragtiging van die lofprysing nie, maar is waarskynlik ook bedoel om by die hoorders of lesers van die brief 'n plegtige instemming uit te lok.

26, 27 Terwyl al wat 'n wysgeer was in die tyd van Paulus geleer het dat die goeie geleë is in 'n lewe volgens die natuur, was dit juis die ellende van die heidene dat hulle deur hulle sonde teen die natuur in gegaan het. Waar die liefde tot God nie bestaan nie, verword ook die onderlinge liefde tussen die mense. Die seksuele perversiteite is veral 'n openbaring van die vervanging van die natuurlike liefde deur die teen-natuurlike. Paulus noem hier die homoseksualiteit by vroue en mans as uiterste voorbeeld van die verwording van die natuurlike medemenslikheid. In die oorgegewenheid aan hulle skandelike luste wat tog geen bevrediging kan vind nie en die morele en geestelike gevolge daarvan, ontvang die heidene *in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling.* Die *dwaling* waarvan hier sprake is, is die godsdienstige dwaling waarvan v. 18 e.v. spreek.

28 Weer eens beklemtoon Paulus die verband tussen die verwerping van die ware kennis van God en die verval van die sedelike lewe. God gee hulle oor aan die sonde en gebruik dus ook die sonde as strafmiddel. Die *slegte gesindheid* waaraan God die mense oorgee, is min of meer dieselfde as die *onverstandige hart* van v. 21. Die *sin* van die mens, sy waardeskatting, word verwerplik, sodat hy gaan doen wat *nie betaam nie.* Die Griekse wysgere het

graag gespreek oor wat *betaam* en wat *nie betaam nie*. Dit gaan daarby om dinge wat volgens die natuurlike sedelike besef van die mens goed en sleg is. As Paulus by dié woordgebruik aansluit, wil hy laat verstaan dat die heidene dinge gedoen het wat bots met hulle eie sedelike besef. Dit alles is die gevolg daarvan dat hulle God nie *in erkentenis gehou het nie*. Hierdie laaste uitdrukking is sterker as die blote woord *erken*, omdat dit sien op die blywende erkenning van God, nie net op 'n eenmalige daad van erkenning van God nie. In Grieks is daar 'n woordspeling wat nie in Afrikaans oorgebring kan word nie. Die woorde vir *nie die moeite werd ag nie* en *slegte* gesindheid kom van dieselfde wortel. Daaruit spreek dit duidelik dat wie dit nie die moeite werd ag om God in erkenning te hou nie, oorgegee word aan wat nie die moeite werd is nie, 'n nietige, slegte gesindheid.

29–31 Hierdie verse som die goddelooshede op. Die mense is daarvan *vervul*, sodat dit in talle vorme na vore tree. Die één groot kenmerk van alles wat genoem word, is die haat wat die lewe gaan beheers het en dus Gods wet op elke punt oortree. Volgens die beste teksgetuies moet *hoerery* in v. 29 wegval. Die woord *boosheid* van v. 29 sien op allerlei misdadige neiginge wat voortkom uit die drang tot selfbevoordeling, veral op finansiële gebied. Onder *hebsug* (v. 29) moet gedink word aan die neiging om jou eie belange te wil bevorder sonder enige rekening te hou met die regte of belange van die ander. In die meeste van die sondes wat genoem word, gaan dit om die ongebreidelde selfdiens (vgl. die *geweldenaars*, *trotsaards* en *grootpraters* van v. 30). Waar God nie gevrees word nie, val ook die *barmhartigheid* weg en word die mens *sonder natuurlike liefde* en *onversoenlik* (v. 31). Na mate God die wêreld in sy eie sonde oorgee, val die remminge weg en word die sedelike verval al hoe duideliker, sodat die wêreld ryp word vir die groot dag van die toorn (vgl. ook 2 Tim. 3 : 2 e.v.).

32 Die prentjie word hier nog donkerder, omdat Paulus hier laat sien dat die mense al die genoemde dinge teen hulle beterwete in doen. Paulus gaan daarvan uit dat ook die heiden sonder Gods besondere openbaring 'n besef het van die *verordening van God* dat *dié wat sulke dinge doen, die dood verdien*. Ook in die heiden spreek daar 'n gewete (2 : 15) en in die heidenwêreld word daar wonderlik helder insigte in die sedelike eise geopenbaar. Gods ver-

ordeninge vir die lewe van die mens kom onontwykbaar óók op die heiden af, sodat hy nie kan wegkom van die klaarblyklikheid daarvan dat die goeie beter is as die slegte, dat daar betaamlike en onbetaamlike dinge is nie, ens. Hy weet dat die pervertering van die lewe sy eie vernietiging beteken. Tog help hierdie insigte die mens nie. Hy doen wat hy weet dat dit nie gedoen moet word nie en skep 'n behae daarin as ander doen wat nie gedoen mag word nie. Hierin kom die magteloosheid van die mens sonder Christus duidelik na vore: hy kan homself nie maak wat hy volgens sy eie insig behoort te wees nie. Paulus gee hier 'n globale beeld van die heidendom. Nie elke mens sonder Christus doen al die dinge wat hier opgenoem is nie. Tog is die heidendom as geheel skuldig aan die één groot kwaad, nl. dat die waarheid van God onderdruk word. Daarom kom dit nêrens buite Christus tot 'n lewe volgens Gods wil nie. Selfs die sedelikheid van die mens buite Christus is ook nog 'n sedelikheid wat kom uit 'n onverstandige en bose hart. Dit is nie op God gerig nie en is daarom geen gehoorsaamheid aan God nie, sodat ook dáárin nie die eer aan God gegee word nie.

Die effek van Paulus se betoog is dus dat die heidenwêreld behoefte het aan die boodskap van die evangelie, omdat die toorn van God openbaar word oor die goddeloosheid en ongeregtigheid daarvan soos hy dit geskilder het.

## B. DIE ONGEREGTIGHEID VAN DIE JODE: 2:1–3:8

Nadat Paulus die ongeregtigheid van die heidene aan die kaak gestel het, gaan hy nou onverwags daartoe oor om diegene wat meen dat hulle beter is as die geskilderde beeld van die heidene, daarvan te verwyt dat hulle in werklikheid dieselfde dinge doen. Hoewel dit uit die staanspoor duidelik is dat hy eintlik die Jode op die oog het, noem hy die Jode in die eerste 16 verse nêrens uitdruklik nie, sodat wat hy sê, ook van toepassing kan wees op heidene wat nie tot sulke skandelikhede verval het as wat deur hom geskilder is nie. Langsamerhand word dit egter meer toegespits op die Jode en van 2:17 af rig hy hom direk tot die Jode.

Die gedeelte kan onderverdeel word in die volgende onderdele:

(i) 2:1–11 handel oor die feit dat daar by God geen aanneming van die persoon is nie;

(ii) 2 : 12–16 beklemtoon die feit dat heiden en Jood deur God op gelyke wyse geoordeel sal word;

(iii) 2 : 17–29 beskuldig die Jode daarvan dat hulle, ondanks die besit van die wet en die besnydenes, aan dieselfde sondes as die heidene skuldig is;

(iv) 3 : 1–8 gaan in op vrae wat met die uitsonderingsposisie van die Jode saamhang, met name die verbond;

(v) 3 : 9–20 voer uiteindelik die slotbewys aan vir die stelling dat geen mens voor God regverdig is nie.

(i) *By God is geen aanneming van die persoon nie: 2 : 1–11*

1 Daarom is jy, o mens wat oordeel, wie jy ook mag wees, sonder veront-
skuldiging; want waarin jy 'n ander oordeel, veroordeel jy jouself; want
2 jy wat oordeel, doen dieselfde dinge. En ons weet dat die oordeel van
3 God na waarheid is oor die wat sulke dinge doen. En meen jy, o mens
wat hulle oordeel wat sulke dinge doen, en dit self doen, dat jy die
4 oordeel van God sal ontvlug? Of verag jy die rykdom van sy goeder-
tierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef
5 dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie? Maar
ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir
jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die
6 regverdige oordeel van God wat elkeen sal vergeld na sy werke: aan
7 die wat deur volharding in goeie werke heerlikheid, eer en onverganklik-
8 likheid soek – die ewige lewe; maar aan die wat eiesinnig en aan die
waarheid ongehoorsaam, maar aan die ongeregtigheid gehoorsaam is –
9 grimmigheid en toorn; verdrukking en benoudheid oor die siel van elke
10 mens wat kwaad doen, oor die Jood eerste en ook oor die Griek; maar
heerlikheid en eer en vrede vir elkeen wat goed doen, vir die Jood
11 eerste en ook vir die Griek. Want daar is geen aanneming van die per-
soon by God nie.

1 Paulus verander die trant van sy betoog onverwags. Tot dusver het hy gehandel oor die sondes van die heidene. Die woord *daarom* laat dus vermoed dat hy nou 'n gevolgtrekking gaan maak in verband met die heidene en hulle sondes. In plaas daarvan maak hy 'n gevolgtrekking wat diegene raak wat daardie dinge veroordeel en tog dieselfde dinge doen. Niemand wat sulke dinge doen, sal die toorn van God ontvlug nie, ook al veroordeel hy daardie dinge. Die veronderstelling van Paulus se betoog is dat daar niemand is wat nie sulke dinge doen nie. Alle mense is hierin gelyk. Al verskil is dat sommige dié dinge openlik en uitgesproke doen, terwyl ander dit veroordeel, maar in werklikheid tog ook maar doen. Die oordeel van God oor die eerste groep is duidelik. Dit

gaan hier egter om die tweede groep. Ook hulle staan onder die oordeel. Diegene wat oordeel, mag miskien na die uiterlike beter lewe as diegene oor wie hulle oordeel en daarom meen dat hulle vry is van die oordeel. In die lig van Gods oordeel wat agter die uiterlike daad ook die gesindheid van die hart in aanmerking neem (vgl. Matt. 5 : 21 e.v.), is daar egter niemand wat nie skuldig is aan die genoemde sondes nie. Gevolglik is diegene wat oordeel in werklikheid *sonder verontskuldiging*, want hulle gee eintlik deur hulle oordeel getuienis teen hulself dat dié wat sulke dinge doen (openlik of heimlik), veroordeel moet word. Terwyl hulle ander oordeel, *veroordeel* hulle dus hulself.

2 *Ons weet:* Hierdie uitdrukking word deur Paulus graag gebruik wanneer hy spreek oor die geloofskennis wat die gemeente op grond van Gods openbaring besit. Dit dui dus 'n vaste, onbetwyfelbare kennis aan. Dié kennis is dat die *oordeel van God*, in teenstelling met die oppervlakkige en partydige oordeel van die mens, werklik *na waarheid* is oor dié wat sulke dinge doen, al gee hulle ook voor dat hulle dit nie doen nie. Gods oordeel lê op 'n onpartydige wyse die ware toedrag van sake bloot, sonder aanneming van die persoon (v. 11).

3 Dit is die grootste dwaasheid as die oordelende mens dink dat hy die oordeel van God sal ontvlug, net omdat hy ander oordeel, terwyl hy tog dieselfde dinge as hulle doen. Paulus het hier kennelik die eiegeregtige mens op die oog. Dié meen altyd dat hy voor God gelyk het, omdat hy hom met ander vergelyk en hom bo hulle verhef. Intussen is hy blind vir sy eie ongeregtigheid en sy wesenlike gelykheid met diegene wat hy veroordeel.

4 Wanneer God die oordeel wat sy sonde verdien, nog uitstel, interpreteer die eiegeregtige mens dit verkeerd. Hy *besef* nie, merk dit nie op nie, dat hy met Gods guns te doen het wat aan hom 'n geleentheid tot bekering wil gee en daarom die toorn nog inhou. Die *goedertierenheid*, *verdraagsaamheid* en *lankmoedigheid* van God word in hulle ganse *rykdom* openbaar in die feit dat God met die mens nie handel na wat hy verdien nie, maar aan die mens nog tyd gun, omdat God nie die dood van die sondaar begeer nie, maar sy bekering. Hierdie woorde druk die liefde en goedheid van God op 'n wonderbare wyse uit. Gods liefde kom

op menigvuldige wyse tot openbaring in Sy verhouding tot die mens – ook in Sy geduld en lankmoedigheid waarmee Hy die mens verdra wat al lankal die oordeel verdien het. Dit word nou egter deur die eiegeregtige mens verkeerd verstaan. Daarin *verag* hy Gods guns. In wese kom dit daarop neer dat hy dus dieselfde sonde doen as die heidene wat die waarheid onderdruk en God nie as God erken en dank nie (1 : 21). Hy meen dat hy hom goed genoeg teenoor God kan handhaaf. Aan Gods guns het hy geen behoefte nie. In werklikheid is dit veel naakter sonde as die brutale en growwe sondes van hoofstuk 1.

5 Net soos in 1 : 21 word die wortel van die kwaad ook hier gevind in die *hart* van die mens. By die eiegeregtige mens is dit net veel erger as by die heiden sonder meer. Hy het 'n *verharde* en *onbekeerlike hart*. 'n Innerlike verstokking het ingetree. Hy is nie maar net onbekeerd nie, maar *onbekeerlik*. Die geleentheid tot bekering, die guns van God, word verag en vertrap. Daarin word 'n veel intensiewer graad van sondigheid openbaar as in die geval van die mens uit 1 : 21. Terwyl die eiegeregtige mens meen dat hy met sy goeie dade voor God sal kan bestaan en selfs besig is om vir hom 'n skat van goeie werke voor God op te bou, gebeur die teenoorgestelde: hy *vergader* vir hom *toorn as 'n skat in die dag van die toorn*. Gods toorn sal eenmaal by die oordeelsdag ten volle openbaar word. Terwyl dit op allerlei wyse nou reeds sigbaar word oor die brutale perversiteite van die heidene wat as 't ware daagliks die vrug pluk van hulle eie sonde (1 : 27), sal dit in die dag van die toorn ook openbaar word dat diegene wat Gods geduld met hulle verag het in die waan dat hulle die bekering nie nodig het nie, hulle „oordeel en verdoemenis des te swaarder" gemaak het. Dat God *regverdig oordeel*, is vir die eiegeregtige mens vanselfsprekend. Hy besef egter nie dat dit ook vir hom iets te sê het nie, omdat hy meen dat die oordeel alleen diegene wat hý veroordeel, sal tref. Paulus wil nou juis die eiegeregtige mens uit sy drome opwek.

6 Gods oordeel sal gaan oor die werke. Paulus haal Ps. 62 : 13 aan (vgl. ook Spr. 24 : 12). Dit is die duidelike leer van die Skrif (Jes. 3 : 10–11; Jer. 17 : 10; Matt. 7 : 21; 12 : 36; 25 : 31 e.v.; Joh. 5 : 28 e.v.; 2 Kor. 5 : 10; Gal. 6 : 7–9; Openb. 20 : 12). *Elkeen*, wie hy ook mag wees, sal op grond van sy werke geoordeel

word, sonder aansien van die persoon. Op hierdie punt neem Paulus dus die Jode volledig ernstig op. Hulle meen dat hulle op grond van hulle werke geregverdig sal word. Hy staan saam met hulle op die standpunt dat God oor die werke sal oordeel, maar in die lig van sy betoog is dit duidelik dat Gods oordeel anders sal uitval as dié van die eiegeregtige mens oor homself: God sal oordeel oor wat die mens werklik *gedoen* het, nie oor wat die mens van homself gesê of gedink het nie. Gods oordeel sny deur tot in die hart en niere (Ps. 7 : 10; Openb. 2 : 23) en lê die motiewe, begeertes en diepste gedagtes van die mens bloot. Daarom gaan die oordeel dieper as die beoordeling van konkrete uiterlike dade. Dit gaan om die beoordeling van die totale lewensopenbaring van die mens as uitdrukking van sy verhouding tot God. Die oordeel volgens die werke is nie in stryd met die boodskap van die evangelie, dat die mens uit genade, sonder die werke van die wet, geregverdig word nie, omdat (a) juis die oordeel oor die werke aan die lig sal bring dat niemand op grond van die verdienstelikheid van sy eie werke voor God kan bestaan nie, maar alleen op grond van die toegerekende geregtigheid van Christus en (b) die oordeel oor die werke aan die lig sal bring of die mens werklik op Gods genade vertrou het, sodat sy werke die vrug van sy geloof in Jesus Christus is.

7 Hierdie vers gee aan *hoe* God oor die werke sal oordeel. Almal wat die één goeie werk (volgens die beste teksgetuies gebruik Paulus hier die enkelvoud) met *volharding* gedoen het, sal die ewige lewe ontvang. Die één goeie werk bestaan daarin dat *heerlikheid, eer en onverganklikheid* gesoek word. Heerlikheid en eer word die mens deelagtig as hy in die hemelse ligglans van Gods heerlikheid deel. Onverganklikheid ontvang hy in gemeenskap met God wat alleen onverderflikheid besit. Al hierdie dinge kan dus alleen ontvang word in gemeenskap met God. Wie hierdie dinge soek, soek in werklikheid die gemeenskap met God self. Die woord *soek* dui daarop dat dit hier gaan om die lewensrigting van die mens. Die oordeel oor die werke sal laat blyk of die mens se lewensrigting na God toe was of nie. Blyk dit die geval te wees (wat alleen die vrug van die verlossing uit genade kan wees), dan ontvang hy die ewige lewe.

8 Hier word die teenkant geskilder. Wie *eiesinnig* is, dit wil sê, wie hom nie wil laat lei deur Gods waarheid nie, maar dié waarheid onderdruk in ongeregtigheid (1 : 18) of eiegeregtigheid (2 : 4), is aan die waarheid ongehoorsaam en aan die ongeregtigheid gehoorsaam. Hy staan tot God in 'n verkeerde verhouding. Hy soek ook heerlikheid en eer, maar nie dié wat by God te vinde is nie. Hy soek volledig homself en is daarom voortdurend in stryd, nie net met God nie, maar ook met die medemens. So 'n mens wys Gods genade van die hand en kan alleen één vergelding ontvang: *grimmigheid en toorn*. Hierdie twee woorde kom meermale saam voor (vgl. Openb. 16 : 19 en 19 : 15). Tussen grimmigheid en toorn is daar geen besondere verskil aan te wys nie. Die twee woorde saam gee uitdrukking aan die besliste oordeel van God.

9, 10 In omgekeerde volgorde word dieselfde gedagte van v. 7–8 herhaal. *Verdrukking en benoudheid* vorm saam met die genoemde *grimmigheid en toorn* 'n beskrywing van die helse smarte. *Heerlikheid, eer en vrede* beskrywe weer die hemelse, onverganklike lewe. Die woord *vrede* sien daarby spesiaal op die hemelse vrede wat onvergelyklik is en allesomvattend van aard. Die herhaling van die begrip *elke mens* (waarby *die siel van elke mens* saaklik gelyk is aan: *elke lewende mens*) en *elkeen* is daarop bereken om alle gedagte van uitsonderinge uit te skakel en die gedagte voor te berei vir v. 11. Dat Paulus daaraan toevoeg: *die Jood eerste en ook die Griek* beklemtoon die feit dat die Jode moet weet dat hulle hierin geen uitsonderingsposisie beklee nie, behalwe daarin, dat die oordeel by hulle sal begin, omdat aan hulle soveel meer genade bewys is (vgl. 1 : 16). Tog sal die oordeel ook oor die Griek gaan – geen mens word uitgesonder nie.

11 Die hele gedeelte loop uit op hierdie vers wat die hoofgedagte uitdruk: *daar is geen aanneming van die persoon by God nie*. Nie die vraag *wie* voor die regterstoel staan, gee deurslag nie, maar die vraag wat hy gedoen het. Die gedagte van die onpartydige oordeel van God speel dwarsdeur die Skrif 'n rol (vgl. bv. Deut. 10 : 17; Lev. 19 : 15, ens.). Die bedoeling is om ook diegene wat hulle bokant ander verhef en oor ander oordeel, deeglik te laat verstaan dat hulle ook na waarheid deur God geoordeel sal word.

### (ii) *Heidene en Jode word op gelyke wyse geoordeel: 2 : 12–16*

12 Want almal wat sonder wet gesondig het, sal ook sonder wet verlore
gaan; en almal wat onder die wet gesondig het, sal deur die wet geoor-
13 deel word; omdat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie,
14 maar die daders van die wet geregverdig sal word. Want wanneer die
heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen,
15 is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle geen wet nie; omdat hulle toon
dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle
gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig
16 of ook verontskuldig, in dié dag wanneer God die verborge dinge van
die mense deur Jesus Christus sal oordeel, volgens my evangelie.

12 Terwyl wat tans volg, 'n nadere toespitsing bevat van die gedagte dat almal sonder onderskeid volgens hulle werke geoordeel sal word, word dit nou duidelik dat Paulus spesiaal die Jode in gedagte het as diegene wat die heidene veroordeel en tog wesenlik dieselfde dinge doen. Daarom gooi hy sy betoog tans oor die boeg van diegene *sonder die wet* (die heidene) en diegene *met die wet (onder die wet)*, waarmee net die Jode bedoel kan word. Hy maak dit duidelik dat die heidene nie van die oordeel verskoon sal word, omdat hulle nie die geskrewe wet van Moses besit het nie, aangesien hulle voldoende kennis besit om sonder verontskuldiging te wees (vgl. 1 : 19 e.v. en v. 14 e.v.), terwyl ook Israel nie van die oordeel verskoon sal word, net omdat hy die wet besit het nie. Inteendeel: hulle sal *deur die wet geoordeel word*. Die Jode het gedink dat die besit van die wet aan hulle 'n groot voorsprong bo alle ander mense gee. Paulus verkondig egter dat nie die besit van die wet as sodanig nie, maar die onderhouding van die wet van belang is.

13 Die gedagte van v. 12 word nader toegespits deur die verklaring dat nie die *hoorders* van die wet nie, maar die *daders van die wet geregverdig sal word*. Die Jode was werklik die hoorders van die wet. Elke Sabbat is dit in hulle sinagoges gelees. Die vraag is egter of dit by hulle tot die doen van die wet gekom het (Matt. 7 : 21 e.v.). Die doen van die wet is egter alleen dáár moontlik waar die mens uit genade lewe en tot God in die regte verhouding staan. Geen mens kan uit eie krag die wet van God doen en so gered word nie.

14 Paulus verduidelik hier sy stelling, dat diegene wat sonder die geskrewe wet is, ook sonder die wet verlore sal gaan. Immers,

hulle is wel sonder die geskrewe wet, maar kan tog nie algehele onkunde met betrekking tot die wil van God pleit nie. Gods openbaring in die werke van Sy hande gaan voortdurend ook tot die heidene uit. Weliswaar is die heidene voortdurend besig om die waarheid aangaande God en Sy eis vir ons lewens te onderdruk (vgl. 1 : 18), maar dit neem nie weg nie dat Gods openbaring tóg in sy bewussyn indring en daarop 'n indruk maak waarvan hy nie kan wegkom nie. Die gevolg is dat die heidene 'n besef van reg en verkeerd het, 'n regsbesef wat selfs fyn ontwikkeld kan wees. Deur sy regsbesef word die heiden vir homself tot 'n wet, al het hy nie die geskrewe wet van God nie. Immers, hy doen *van nature die dinge van die wet. Van nature* kan ook weergegee word met: uit *hulleself*. Die heidene het 'n „natuurlike aanvoeling" vir reg en verkeerd en verrig meermale dade wat 'n ooreenkoms vertoon met die eise wat God in Sy wet aan die mens stel. Dit bewys dat hulle sonder verontskuldiging is as hulle tog in stryd met hul eie regsbesef lewe.

15 Die hart is die lewensentrum van die mens van waar uit sy lewe regeer word. Daar, in die lewensentrum, maak Gods wet deur die algemene openbaring 'n dergelike indruk op die heidene, dat gesê kan word dat Hy op hulle hart skrywe, soos Hy eenmaal Sy wet by Sinai op die tafels van klip geskrywe het en soos Hy in die Nuwe Verbond Sy wet sal skrywe op die harte van die gelowiges (vgl. Ex. 32 : 16; Jer. 31 : 33; Eseg. 36 : 26). Omdat die hart van die mens egter 'n onverstandige hart is (1 : 21), word die Skrif van Gods vinger verdring, sodat die regsbesef van die heidene gebrekkig is. Dit is moontlik dat die uitdrukking *werk van die wet* dieselfde kan beteken as *die eis van die wet*. Dit is egter ook moontlik dat Paulus daarmee wil sê: die uiterlike daad wat met die wet ooreenkom, in teenstelling met die geestelike sin van die wet. In elk geval is die betekenis van Paulus se betoog om te laat sien dat die heidene se goeie dade soveel getuienisse teen hulle is, omdat dit bevestig dat die heidene wél 'n besef van Gods eis vir hulle lewe het, en tog nie daarvolgens lewe nie. Daar is geen sprake van dat Paulus hier werk met die gedagte dat die heidene gered sal kan word as hulle maar net handel volgens die lig wat hulle ontvang het nie. Te duidelik laat hy sien dat geen heiden dit doen nie (vgl. 1 : 18 e.v.). Uit sy verdere betoog is dit ook duidelik dat hulle dit nie kán doen nie (vgl. 3 : 9). Wat egter wel gebeur, is dat

die regsbesef van die heidene hulle daartoe bring om hulle eie dade te beoordeel. Die *gewete* (letterlik: medewete) is die mens se innerlike beoordeling van homself en sy dade in die lig van die maatstaf van goed en kwaad wat hy besit. Ook die heiden blyk nou 'n gewete te hê, omdat die algemene openbaring van God in sy hart 'n neerslag gevorm het, sodat hy 'n onontwykbare regsbesef daarop nahou. In die lig van sy gewete redeneer die heiden met homself oor sy dade. Sy gedagtes *beskuldig mekaar onderling* of *verontskuldig mekaar*, al na gelang van die feit of die dade wat verrig is, in ooreenstemming of in botsing is met die regsbesef van die heiden. Hierdie feit bewys dat die mens nie sonder 'n bepaalde kennis van Gods eis vir sy lewe is nie, sodat sy veroordeling deur God – ook sonder die wet – billik en regverdig is.

16 Die oorgang van v. 15 na v. 16 is onnatuurlik. Sommige meen dan ook dat v. 16 aansluit by v. 12 of 13 en dat v. 14–15 'n tussensin vorm. Die oorgange van v. 12 na 13 en 14 is egter so natuurlik dat dit moeilik is om aan te neem dat daar êrens 'n tussensin moet begin. Sonder om die probleem op te los, aanvaar ons dat v. 16 in die algemeen uitbrei op die gedagte dat die mens se gewete met die oordeel van God oor hom sal saamstem, en dat dit ook op die oordeelsdag die geval sal wees. Dat God *die verborge dinge* sal oordeel, beteken nie dat Hy nie die openbare dinge sal oordeel nie (dit is trouens al aan die gang, vgl. 1 : 24 e.v.). Dit beklemtoon egter dat Gods oordeel só noukeurig sal wees dat niks wat verborge is, nie openbaar gemaak sal word nie. Die ware motief en gesindheid wat gewoonlik verborge is, sal dan blootgelê word. Dat die oordeel *deur Jesus Christus* sal geskied, word ook elders geleer (vgl. Matt. 25 : 31 en ander plekke). Die vernederde Kneg van die Here sal eenmaal die Regter wees. Dit alles is volgens Paulus se evangelie. Hy kan die evangelie sý evangelie noem (vgl. ook 16 : 25 en 2 Tim. 2 : 8), omdat die evangelie sy hele bestaan beheers en sy hele boodskap uitmaak.

(iii) *Ook die Jood is skuldig: 2 : 17–29*

17 Kyk, jy dra die naam van Jood en steun op die wet en beroem jou op
18 God, en jy ken sy wil en onderskei die dinge waar dit op aankom,
19 omdat jy uit die wet onderrig word, en jy is oortuig dat jy 'n leidsman is
20 van blindes, 'n lig vir die wat in duisternis is, 'n opvoeder van onverstandiges, 'n leermeester van onervarenes, omdat jy die beliggaming van die
21 kennis en die waarheid in die wet het – jy dan, wat 'n ander leer, leer

jy jouself nie? Jy wat preek dat 'n mens nie mag steel nie, steel jy?
22 Jy wat sê dat 'n mens nie owerspel mag pleeg nie, pleeg jy owerspel?
23 Jy wat 'n afsku van die afgode het, pleeg jy tempelroof? Jy wat jou
op die wet beroem, onteer jy God deur die oortreding van die wet?
24 Want, soos geskrywe is, die Naam van God word om julle ontwil onder
25 die heidene gelaster. Want die besnydenis is wel nuttig as jy die wet onder-
hou; maar as jy 'n oortreder van die wet is, het jou besnydenis onbe-
26 snedenheid geword. As die onbesnedene dan die verordeninge van die
wet onderhou, sal sy onbesnedenheid dan nie as besnydenis gereken
27 word nie? En sal hy wat van nature onbesnede is en die wet volbring,
jou nie oordeel wat ondanks letter en besnydenis 'n oortreder van die
28 wet is nie? Want nie hý is 'n Jood wat dit in die openbaar is nie, en
29 nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar
hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die
hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar
uit God.

17 Paulus het reeds in die voorafgaande verse aangetoon dat die eiegeregtige mens – waarby hy kennelik reeds die Jood in gedagte het – wesenlik net so skuldig is as die heiden met sy openbare sondes en onder dieselfde oordeel sal val. Tans rig hy hom spesifiek tot die Jode om te laat sien dat die Jode werklik aan dieselfde dinge as die heidene skuldig is. Volgens die beste teksgetuies moet ons in plaas van die woorde: *Kyk, jy dra die naam van Jood,* ens., waarmee v. 17 begin, liewer lees: *Indien jy jou by die naam Jood laat noem,* ens. Alles wat dan tot in v. 20 gesê word, word deur die inleidende *indien* beheers en vorm die veronderstellinge op grond waarvan daar dan in die nasin, wat eers in v. 21 volg, so 'n skerp aanklag teen die Jood ingebring kan word. Hierdie „veronderstellinge" is egter allermins uit die lug gegryp. Paulus gebruik terme en uitdrukkinge wat deurgaans deur die Jode gebruik is om hulle meerderwaardigheid bo die heidene tot uitdrukking te bring. Die naam *Jood* (afkomstig van *Judeër* en gevolglik 'n aanduiding van afkoms of nasionaliteit) is sedert die terugkeer uit die ballingskap 'n erenaam as aanduiding van die hele Israel. Daardeur is die uitverkore volk van die heidene onderskei. In plaas daarvan dat Israel sy onderskeidenheid van ander volke in diepe nederigheid aanvaar het as onverdiende geskenk van Gods genade, het hy egter daarin 'n grond gevind vir vleeslike roem en selfverheffing bokant ander. Daardeur is 'n Godgegewe roeping (wat in die woorde van v. 17–20 uitdrukking kan vind) verander in 'n stuk menslike trots. Die *steun op die wet* word 'n verlaat op die besit van die wet, die aanleun op die wet soos op 'n oorkussing.

Die *roem op God* word 'n selfversekerde gespog met die feit dat Israel alleen God „besit" as 'n vanselfsprekende feit.

18 Net so roem Israel daarin dat hy *die wil van God ken* en die *dinge waar dit op aankom, onderskei,* omdat Israel *uit die wet onderrig word.* Die groot roem van die Jode was dat hulle die wet het waarin hulle van jongsaf onderrig ontvang, sodat hulle by elke situasie presies weet hoe om op te tree ten einde die dinge waar dit op aankom, te kan doen.

19, 20 Die Jood is daarvan oortuig dat hy 'n spesifieke roeping het teenoor die ander volke, maar daarby sien hy dit só: dat hy ver bokant die ander staan en aan homself dink as die *leidsman,* die *lig,* die *opvoeder* en *leermeester* waarteenoor al die ander in 'n mindere posisie verkeer. In al die uitdrukkinge wat in hierdie verse gebesig word, kom die uitnemende voorregte van die Jood en sy roeping te midde van die nasies na vore. Ook Paulus het nooit ontken dat die Jode, wat tog in die wet van God werklik *die beliggaming van die kennis en die waarheid* ontvang het, in hierdie opsigte 'n uitsonderlike posisie te midde van die volkere beklee het nie. Wanneer dit egter word tot die grond vir selfverheffing en daar nie meer verstaan word dat dit alles enkel genade is en dat dié genade die mens verplig tot 'n lewenswandel in ooreenstemming met die genade nie, is alles skeef getrek.

21 Van v. 21 af volg 'n aantal vrae wat Paulus aan die Jood stel. Dit is ontdekkende en beskamende vrae wat die kloof tussen die pretensie van die Jood en die werklikheid van sy lewe aan die lig bring. Die onwaaragtigheid van die situasie bestaan daarin dat daar 'n kloof is tussen die leer en die lewe van die Jood, tussen sy prediking en sy praktyk. 'n Mens dink aan die beskuldiginge van Christus teen die Fariseërs en die Skrifgeleerdes (Matt. 23 : 3 e.v.). Joodse geskrifte uit dié tyd bevestig dat Paulus se vrae nie ongegrond was nie.

22 Onder *tempelroof* moet gedink word aan die plundering van heidense heiligdomme met die oog op die finansiële voordeel daarvan. Dit het geen sin om te beweer dat 'n mens 'n afsku van die afgode het as jy jou tog uit hulle verryk nie.

23 ’n Samevatting van die voorafgaande. Omdat die wet uitdrukking is van die heilige wil van God, is die verkragting van die wet ’n aantasting van Gods eer. Dit is soveel erger waar die Jood hom op die (besit van die) wet *beroem*.

24 Paulus haal Jes. 52 : 5 aan as tipering van die situasie wat ontstaan deur die sonde van Israel. In plaas daarvan dat Israel die heidene leer om Gods wet te ken en te doen, is hulle sowel deur hul selfverheffing as deur hul verkragting van Gods wet die oorsaak daarvan dat *die Naam van God* om hulle ontwil *onder die heidene gelaster word*. In Jesaja dui dié woord daarop dat die heidene Gods Naam laster vanweë die wegvoering van Israel in ballingskap. Die sonde van Israel was die oorsaak van die ellende wat oor hulle gekom het en die lastering van die Naam van God wat daaruit voortgevloei het. So is Israel se geskiedenis één sondegeskiedenis waarin die doel van Israel se besondere posisie telkens gemis is.

25 Indien sake so staan, het dit geen sin dat Israel hom nog beroem in sy uitsonderingsposisie nie, want hy wis deur sy sonde die onderskeid tussen hom en die heidene uit. Nou was die besnydenis vir die Jood, náás die besit van die wet, die één groot kenmerk van sy „andersheid” ten opsigte van die ander volkere, omdat dit die teken van Gods verbond met Israel is. Paulus trek nou egter die lyn deur en verklaar dat die besnydenis as sodanig, sonder die lewe wat by die verbond van God pas, tot *onbesnedenheid* word. Die Jode het aan die besnydenis ’n besondere betekenis toegeskrywe. Wie besny is, kan eintlik volgens hul algemene opvatting nie verlore gaan nie, behalwe in die geval van buitengewone oortreders. Paulus ontken nie dat die besnydenis *nut* het nie, maar die nut van die besnydenis word deur hom verbind aan die onderhouding van die wet, dit is, ’n lewe wat by die verbond pas. As die betekenis van die besnydenis nie meer is dat dit die juiste verhouding tot God verseël nie (en daarin lê die wetsonderhouding ingebed), het dit, van die mens se kant gesien, tot onbesnedenheid geword en kan daar geen vanselfsprekende grond vir verlossing van gemaak word nie. Ons sal later hoor (hoofstukke 9–11) dat God van Sy kant ook nog op die ongehoorsame bondeling Sy genadegreep behou.

26 Dit moet vir die Jood 'n skokkende uitspraak gewees het wat Paulus hier doen. Saaklik is dit egter die logiese konsekwensie van wat hy in v. 25 gesê het. Op die vraag of die *onbesnedenheid* van die heiden wat die wet onderhou, nie deur God as *besnedenheid gereken sal word nie*, sou die Jode beslis ontkennend geantwoord het. Paulus wil egter die Jode laat verstaan dat nie die besit van die uiterlike teken van belang is nie, maar die doen van die wil van God. Wanneer die heidene nou by geleentheid – vgl. v. 14–15 – in bepaalde konkrete gevalle dade verrig wat ooreenkom met *die verordeninge van die wet*, dan sal God nie sulke dade veroordeel en verwerp net omdat hulle deur onbesnedenes gedoen is nie, maar Hy sal die heiden se dade op presies dieselfde wyse beoordeel, asof hulle verrig is deur 'n besnedene.

27 'n Verdere irriterende vraag word deur Paulus gestel waarin hy suggereer dat so dikwels daar heidene is wat in bepaalde konkrete gevalle die eise van die wet vervul, in weerwil daarvan dat hulle *van nature*, dit is *van huis uit*, onbesnede is, dit 'n veroordeling van die Jood beteken. Immers, die Jood het die *letter* (die geskrewe wet van God) en die *besnydenis* (teken van sy afgesonderheid vir God) en tóg is hy 'n *oortreder van die wet*. Daarom sal die Jood skuldig staan voor elke daad van die heidene wat ondanks hul mindere lig, in konkrete gevalle tóg Gods wet gedoen het. Vgl. Matt. 12 : 41–42.

28 Paulus gaan verder en ontsê die naam van Jood aan diegene wat nie die innerlike gesteldheid het wat by die verbond pas nie, terwyl hy die betekenis van die besnydenis ontken as dit nie gepaard gaan met die hartsgesteldheid wat daarmee moet ooreenkom nie. Niemand moet hom daarop verlaat dat hy Abraham as vader het as hy nie die vrugte dra wat by die bekering pas nie (Matt. 3 : 8–10). Niemand moet hom ook beroem op die liggaamlike besnydenis as dit nie tegelyk ook beteken dat hy 'n besnede hart het nie.

29 Waarop dit aankom, is wat die mens in die verborgene van sy hart is. Paulus spreek daarmee uit wat die profete deurgaans beklemtoon het (vgl. Deut. 10 : 16 en 30 : 6; Jer. 4 : 4 en 9 : 25; Eseg. 44 : 7, 9). Die mens sien aan wat voor oë is, maar God sien die hart aan (1 Sam. 16 : 7). Indien dit met die mens

innerlik nie reg gesteld is nie, het dit geen sin dat hy hom op allerlei uiterlikhede verlaat nie, al is daardie uiterlike dinge ook deur God ingestel en vasgelê in Sy geskrewe wet (die *letter*). Die ware Jood is hy wat God vrees en in Sy gebooie wandel. Sy besnydenis het betekenis, want dit is die uiterlike teken van 'n innerlike werklikheid. So 'n Jood se lof is *uit God, nie uit mense nie*. Wie hom oor die uiterlike feit dat hy 'n Jood is of dat hy besny is, bokant ander gaan verhef, soek die lof wat uit mense is.

Die sin van hierdie hele gedeelte is om die Jood te laat verstaan dat hy nie anders as die heidene geoordeel sal word, net omdat hy 'n Jood is en die teken van die besnydenis dra nie. Daar is geen aanneming van die persoon by God nie!

(iv) ***En die verbond dan? 3 : 1–8***

1 Wat is dan die voordeel van die Jood? Of wat is die nut van die besny-
2 denis? Groot, in alle opsigte: ten eerste tog seker dat aan hulle die
3 woorde van God toevertrou is. Want wat maak dit as sommige ontrou
geword het? Sal hulle ontrou miskien die getrouheid van God vernietig?
4 Nee, stellig nie! Maar God moet waaragtig wees en elke mens leuen-
agtig, soos geskrywe is: Sodat U regverdig kan word in u woorde en
5 oorwin as U gerig hou. Maar as ons ongeregtigheid die geregtigheid
van God bewys, wat sal ons sê? Is God wat die toorn oor ons bring,
6 dan nie onregverdig nie? Ek spreek menslikerwys. Nee, stellig nie! Want
7 hoe sal God anders die wêreld oordeel? Maar as die waarheid van God
deur my leuen oorvloediger geword het tot sy heerlikheid, waarom word
8 ek dan nog as sondaar geoordeel? En moet ons nie liewer sê nie, soos
ons belaster word en soos sommige beweer dat ons sê: Laat ons kwaad
doen, sodat die goeie daaruit kan voortkom? Hulle veroordeling is regverdig.

1 Uit die voorafgaande ontstaan vanself die vraag of Paulus dan werklik geen waarde heg aan die verkiesing van Israel, aan Gods verbond met Israel en aan die teken van die verbond, nl. die besnydenis, nie. Daarom moet Paulus hier ingaan op die vraag na *die voordeel van die Jood* en *die nut van die besnydenis*.

2 Paulus ontken nie dat die Jood 'n *groot* voordeel en die besnydenis 'n *groot* nut het nie. Hy erken selfs dat dit *in alle opsigte* so is. As hy egter oor die *alle opsigte* moet uitbrei, noem hy slegs één ding: dat *die woorde van God* aan hulle toevertrou is. Op die *ten eerste* volg nie verdere punte nie. Die volledige antwoord oor die voorregte van Israel word eintlik eers in 9 : 4–5 gegee. Die

*woorde van God* beteken Gods besondere openbaring waarin Hy Homself met Israel in verbinding gestel het. Israel se voordeel lê dus nie in wat hy in homself is nie, maar in Gods verkiesende handele en Sy genadige spreke tot Israel. Aan Israel alleen het God Sy besondere *woorde toevertrou*. God het Israel vertrou met Sy Woord. Daarom kan God ook met reg aanspraak maak op die trou van Israel teenoor Sy Woord.

3 Israel het egter die vertroue van God teleurgestel en aan die Woord van God *ontrou geword*. Daardeur het Israel van sy kant af die verbond verbreek en die verskil tussen hom en die heidene uitgewis. Van Gods kant af gesien, is dit egter anders. Die ontrou van Israel kan nie die *getrouheid van God vernietig* nie. Gods beloftes aan Israel geld nog, ondanks hulle ontrou. As Israel verlore gaan, is dit nie omdat God ontrou geword het nie. Die feit dat Paulus van „sommige" spreek, laat reeds sien dat hy van mening is dat God in Sy trou nooit die hele Israel sal prysgee nie. Dit word in hoofstukke 9–11 verder uitgewerk. In Sy trou behou God van Sy kant sy genadegreep op Israel, al sal *sommige* (wat die grootste deel van alle individuele Israeliete kan insluit) téén Gods genade en trou in van Hom losbreek en verlore gaan.

4 Die woorde: *Nee, stellig nie!* is 'n ontkenning in die sterkste moontlike vorm, waardeur die gedagte wat op dié wyse ontken word, as absoluut onsinnig en ondenkbaar van die hand gewys word. So wys Paulus dit van die hand dat Gods trou deur die ontrou van die mens opgehef kan word. Met die uitspreek van die wens dat *God waaragtig moet (mag) wees en elke mens leuenagtig* (die laaste woorde kom uit Ps. 116 : 11), bedoel Paulus dat God Sy waaragtigheid moet bewys deurdat Hy, juis waar die mens leuenagtig is en in sy leuenagtigheid openbaar word, Sy beloftes vervul en aan Homself getrou bly. Teen die agtergrond van die mens se ontrou skitter Gods trou des te helderder. Dit geld van *elke mens* dat hy voor God alleen as leuenagtig openbaar kán word, want wie is voor God regverdig? Te midde van die ontrou van die mens word Gods eer berei, deurdat Sy optrede teenoor die onwaaragtige mens daarvan blyke gee dat Hy *geregverdig word in Sy woorde en oorwin* as Hy *gerig hou*. Hierdie aanhaling uit Ps. 51 : 6 word deur Paulus gebruik om te laat sien dat God in Sy veroordeling van die onwaaragtige mens nie anders as regverdig

verklaar kan word nie. God bly in elk geval getrou aan Sy woord – maar daardie woord omvat belofte èn bedreiging. Ook as God straf, is Hy nog regverdig en waaragtig. Wanneer God daarenteen nogtans ook Israel nie in sy ontrou prysgee nie, maar teen alles in Sy beloftes aan Israel waar maak (hoofstukke 9–11), is Hy ook dáárin nie onwaaragtig en ook nie onregverdig nie. Immers, uit 3 : 26 sal ons leer dat God ook die goddelose kan spaar, omdat Hy Sy Seun ter wille van die goddelose in die dood gee.

5 Die eintlike bedoeling van v. 5 is om te vra of sonde dan nie 'n goeie saak is as dit die geleentheid skep vir God om (a) in Sy straf oor die sonde te bewys dat Hy Hom van alle sonde distansieer en om (b) in Sy begenadiging van die sondaar Sy trou dwars teen ons ontrou in te bewys nie. Dan sou *ons ongeregtigheid* eintlik *die geregtigheid van God bewys*. Paulus vind die blote vraag al onbehoorlik. Dit kan alleen gestel word vanuit 'n sondige menslike logika. Byna verskonend sê hy: *Ek spreek menslikerwys*. Immers, as God eintlik ons sonde nodig het om Homself daarmee te verheerlik, sou dit tog onregverdig van Hom wees om die toorn oor ons te bring.

6 Paulus antwoord weer eens met 'n algehele ontkenning. Die vraag *hoe God anders die wêreld sal oordeel*, wil eintlik sê: Hoe moet God Sy afkeer van die sonde anders tot uitdrukking bring as deurdat Hy Sy toorn daaroor uitgiet? Sy veroordeling van die sonde is in elk geval billik en regverdig. Dit sou alleen onregverdig wees as God self die oorsaak van die sonde was en die mens gedwing het om te sondig, sodat die mens nie verantwoordelik gehou kon word vir sy dade nie. Dit is egter 'n onsinnige gedagte. Dat God egter die sonde van die mens aan Sy doeleindes diensbaar maak en juis teen die agtergrond van die mens se sonde Sy geregtigheid en trou bewys, maak God nie die oorsaak van die sonde nie en Sy oordeel ook nie onregverdig nie. Dit bewys alleen dat God mag het om die goeie uit die kwade te laat voortkom. Dit beteken egter nie dat die mens met argumente wat aan Gods trou ontleen word, sy sonde kan vergoelik nie. Ook die volk van die verbond mag dit nie doen nie!

7, 8 Dieselfde vraag van v. 5 word herhaal, tans egter in die eerste persoon enkelvoud en met teruggryping op die woorde

*waarheid* en *leuen* van v. 4. Indien die waarheid van God deur die leuenagtigheid van die mens *oorvloediger geword het*, dit is: oorvloediger tot openbaring gekom het, en dit gedien het tot verheerliking van God, is dit dan nog nodig dat die mens as sondaar geoordeel moet word? En as God tog die sonde gebruik tot Sy verheerliking, is dit dan nie logies dat die mens gerus maar dapper kan sondig, omdat God tog die goeie uit die kwaad laat voortkom nie? Paulus vind dit 'n lasterlike gedagte. Dat mense sy leer van Gods genade (vgl. by 5 : 20!) só kon misverstaan – dat hy sou leer dat 'n mens maar kan sondig, omdat God tog genadig is en die vermeerdering van die sonde die genade nog meer laat word – kom vir hom daarop neer dat hulle hom belaster. Sonder om verder daarop in te gaan, verklaar hy eenvoudig dat die veroordeling van sulke mense regverdig is. Sy bedoeling is duidelik. Nooit en nêrens kan die feit dat God die kwade vrymagtig gebruik tot Sy verheerliking, gebruik word as 'n argument om die sonde goed te praat nie. So 'n gedagte sou die morele orde omverwerp, die skuld van die mens ophef, die sonde verheerlik en God ten diepste vir die sonde verantwoordelik maak. Maar juis daarom mag geen Jood ook redeneer dat hy in die besnydenis die teken van Gods trou het en dat niks wat hy doen Gods trou kan ophef nie, sodat hy maar lustig Gods Woord kan vertrap en tog gered sal word nie. Dit is wel waar dat God getrou is, maar Sy getrouheid is geen lisensie vir ons ontrou nie. Sy getrouheid sal openbaar word ook in Sy oordeel oor die sonde, en diegene wat hulle in valse gerustheid op Gods trou beroep om nie van die sonde af te sien nie, sal met daardie oordeel terdeë kennis maak. Dat God daarnaas egter ook Sy trou teenoor Sy beloftes aan Abraham sal bewys, is die wonder van Sy genade wat teen alle ontrou van die volk Israel in sigbaar sal word. Ook hierdie waarheid is egter geen vrybrief vir die sonde nie, maar 'n wonder wat alleen met die diepste verwondering, ootmoed en dankbaarheid ontvang sal kan word as vrug van Gods vrymagtige liefde waarop die mens geen aanspraak hoegenaamd het nie.

(v) ***Geen mens is voor God regverdig nie: 3 : 9–20***

9 **Wat dan? Het ons enige voorrang? Hoegenaamd nie! Want ons het**
**tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die**
10 **sonde is, soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie**
11 **een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat**
12 **God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar**

13 is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. Hulle keel is
'n oop graf, met tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder
14 hulle lippe. Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid. Haastig is
15 hulle voete om bloed te vergiet. Verwoesting en ellende is in hulle
16 paaie, en die weg van vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees van God
17 voor hulle oë nie. Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir
18 die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld
19 voor God doemwaardig kan wees; aangesien uit die werke van die wet
20 geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die
kennis van die sonde.

9 Tans volg die gevolgtrekking van die hele betoog vanaf 2 : 1 waarin Paulus telkens van 'n ander kant af die één waarheid belig het, dat Jood en heiden presies op dieselfde plek voor Gods gerig staan. Die vraag van v. 9, of *ons* (bedoel is: die Jode) *enige voorrang het,* moet in hierdie sin verstaan word: Het die Jood enige voorrang in die gerig van God? Daarop is die antwoord beslis ontkennend. Die Jood het wel besondere voorregte (v. 1), met name die Woord, die beloftes, die besnydenis (vgl. 9 : 4), maar hierdie voorregte het alleen sin wanneer dit in die geloof aanvaar en met gehoorsaamheid beantwoord word. Waar die Jode dit egter nie gedoen het nie, staan hulle sonder enige voordeel saam met die heidene in die gerig. As opsomming van sy voorafgaande betoog verklaar hy dat hy *tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig het dat hulle almal onder die sonde is.* Grieke is 'n versamelnaam vir alle nie-Jode. Hierin is alle mense gelyk: almal is *onder die sonde,* dit is: onder die heerskappy van die sonde.

10–12 Met woorde uit Ps. 14 : 1–3 en Ps. 53 : 2–4 (met enkele kleiner afwykinge) beklemtoon Paulus die leer van die Skrif dat alle mense sondaars is. Vgl. ook Pred. 7 : 20. Niemand is *regverdig* nie: niemand staan tot God in die regte verhouding nie, soos blyk uit die feit dat almal Sy wet oortree. Niemand is *verstandig* nie: niemand se hart is wys in die sin dat dit geheel op God gerig is nie, vgl. 1 : 21. Niemand *soek God nie:* niemand rig sy hart daarop om God te vind en in Sy weë te wandel nie. Almal het *afgewyk,* Gods weg verlaat. Almal het *ontaard,* sleg geword, soos melk suur geword het en nie meer bruikbaar is nie. Daar is niemand *wat goed doen nie:* niemand doen wat werklik goed en nuttig is voor God en tot heil van die mens nie. Die hele lewe wentel in sinloosheid. Die merkwaardige van Paulus se aanhalings uit die Ou Testament is dat hy uitsprake wat dáár bedoel is as

beskrywing van die goddelose, eenvoudig op alle mense toepas, dus ook op die Jode. Natuurlik bedoel hy nie dat elke mens voor die voet aan alle moontlike vorme van sonde skuldig is nie. Dit gaan om 'n skildering van die goddelose mensheid in sy geheel. Alle lede van die mensheid dra in die kiem alle moontlikhede van goddeloosheid in hulle harte. Dit geld ook van die eiegeregtige Jood.

13, 14 Hierdie verse beklemtoon die sonde van die mens se woorde. Ps. 5 : 10, 140 : 4 en 10 : 7 word saamgevoeg om uitdrukking te gee aan die groot kwaad wat met die tong gedoen kan word. Die haat van mens teen mens word daarin geopenbaar dat hulle keel soos 'n *oop graf* is, omdat die mens deur wat hy sê, ooreenkoms vertoon met 'n monster wat met geopende bek op sy prooi afkom. Ook kan die mens se woorde vergelyk word met die *gif van adders* wat *onder hulle lippe* is ('n sinspeling op die posisie van die gifkliere). *Vervloeking* en *bitterheid* in die woorde van die mense openbaar hulle verregaande onderlinge haat.

15–17 Hierdie verse toon die rusteloosheid van die mense in hulle najaging van die kwaad. Die aanhaling is ontleen aan Jes. 59 : 7–8. Vgl. Spr. 1 : 16. Iets dryf die mens om kwaad te doen, veral ook die kwaad wat menslike verhoudinge verwoes. Nie die Gees van God nie, maar die gees van die mensemoordenaar beheers hulle. Gevolglik staan hulle handelinge lynreg teenoor die vrug van die Gees (Gal. 5 : 22). *Verwoesting* kan ook vertaal word met *belediging*. Die mens se weg is 'n haatlike weg (Tit. 3 : 3). *Ellende* sien veral op die liggaamlike leed wat mense mekaar aandoen. Die *weg van vrede* is 'n manier van lewe wat daarop bereken is om vrede te stig en te bewaar, waarby *vrede* veral sien op die vrede met die naaste.

18 Met 'n aanhaling uit Ps. 36 : 2 dui Paulus die bron aan waaruit al die kwaad van die menslike lewe opborrel: *Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie.* Die vrees van die Here is, volgens die Ou Testament, die samevatting van die diens van die Here. Dit is die diepe ontsag vir God en Sy Woord, Sy wet en wil. Omdat die mens dit nie voor oë hou nie, val sy lewe in talle goddelooshede uiteen.

19 Die toepassing van die voorafgaande word nou gemaak. Alles wat gesê is, is ook waar van die Jode. Met *die wet* bedoel Paulus die hele Ou Testament. Dié *wat onder die wet is*, is die Jode, omdat hulle onder die wet as 'n aanvaarde gesag lewe. *Ons weet* gee uitdrukking aan die feit dat wat Paulus hier verklaar, die algemene oortuiging van homself en alle Jode en Christene is. Die aanhalings wat Paulus maak, bevestig dus sonder teenspraak dat ook die Jode saam met alle ander mense skuldig is. Ook van hulle kant moet die teenspraak teen die beskuldiginge van Gods Woord verstom in 'n erkenning van hulle doemwaardigheid voor God. Die woord wat in Afrikaans met *doemwaardig* weergegee is, dui eintlik aan dat die mens verantwoording of genoegdoening vir sy dade skuldig is.

20 Die rede waarom Jood en heiden saam voor God moet verstom, is dat *geen vlees uit die werke van die wet voor Hom geregverdig sal word nie*. Die woorde *geen vlees* dui daarop dat geen mens soos hy in homself is, voor Gods gerig sal kan bestaan nie. Regverdiging uit die werke van die wet sou alleen moontlik wees indien die mens Gods wet volkome sou kon onderhou na die diepste intensies daarvan. Dit is egter onmoontlik. Alle mense staan skuldig voor Gods oordeel. Paulus leun aan op 'n aanhaling uit Ps. 143 : 2: „Niemand wat leef, is voor U aangesig regverdig nie." Vir die sondaar kan die wet in geen omstandigheid dien as 'n middel om die saligheid te verdien nie. Dit kan slegs nog één ding vir die sondaar doen: hom tot kennis van die sonde bring, *want deur die wet is die kennis van die sonde*. Die wet doen die teenoorgestelde daarvan om die mens te regverdig. Dit verdoem hom. Juis die Jode wat hulle op die besit van die wet beroem, moet dus weet dat die wet gegee is om hom te oortuig van die onmoontlikheid daarvan om deur wetswerke geregverdig te word en hom só uit te dryf na die genade.

Die betekenis van Paulus se redenasie van 1 : 18 af is dus om te laat sien dat daar geen mens is wat nie behoefte het aan die evangelie van Gods genade nie. Daarom is dit so noodsaaklik dat die genadeboodskap aan alle mense verkondig moet word.

# Afdeling III:
# Die Evangelie van Genade 3 : 21–5 : 21

Waarin bestaan die evangelie van genade wat Paulus aan alle mense skuld en waarvan hy in alle uitvoerigheid aangetoon het dat alle mense dié boodskap ook werklik nodig het?

Op hierdie vraag gee Paulus in hierdie gedeelte van die brief uitvoerig antwoord. Ons het in hierdie gedeelte dan ook werklik die hart van die hele brief en ook van die verkondiging van Paulus as sodanig. Immers, nêrens word die feit dat die verlossing werklik uit genade is, so uitvoerig, duidelik en gemotiveerd behandel as juis in hierdie gedeelte nie. Die sentrale motiewe van die evangelie word hier wonderlik saamgevat. Eers wys Paulus daarop dat die verlossing van die mens enkel uit genade is (3 : 21–31). Tweedens toon hy aan dat dit ook reeds die boodskap van die Ou Testament is (4 : 1–25). Derdens wys hy daarop dat die verlossing uit genade die sekerheid skenk dat God die mens volkome sal verlos en die volle heil deelagtig sal maak (5 : 1–11). Vierdens sit Paulus in een van die belangrikste gedeeltes wat ooit deur hom geskrywe is, die allesbeslissende betekenis wat Christus vir die verlossing uit genade het, kortliks uiteen (5 : 12–21). Die evangelie van genade is die evangelie van Jesus Christus, in die besonder die blye boodskap van die versoening wat Christus vir ons bewerk het en die volkome verlossing wat daaruit voortvloei vir elkeen wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf is. Dit is wat hierdie gedeelte onmisverstaanbaar duidelik vir ons wil sê.

## A. VERLOSSING UIT GENADE: 3 : 21–31

21 Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet,
22 terwyl die wet en die profete daarvan getuig, die geregtigheid naamlik
van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat
23 glo, want daar is geen onderskeid nie; want almal het gesondig en dit
24 ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy
genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus
25 Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur
die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes onge-

straf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van
26 God – om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy
self regverdig kan wees en regverdig kan maak wie uit die geloof in
27 Jesus is. Waar is dan die roem? Dit is uitgesluit. Deur watter wet?
28 Van die werke? Nee, maar deur die wet van die geloof. Ons neem dus
aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke
29 van die wet. Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die
30 heidene nie? Ja, ook aan die heidene, aangesien dit inderdaad een God
is wat die besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes
31 deur die geloof. Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee,
stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet!

21 Met die woorde *maar nou* waarmee hierdie vers begin, word die groot wending in Paulus se argument ingelui. Teenoor die donker beeld van die sonde gaan Paulus nou die heerlike beeld van Gods genade in Christus stel. Die woorde is meer as net 'n oorgang na 'n nuwe fase van die argument. Hulle dui ook die groot omwenteling aan wat *nou* plaasgevind het in die nuwe tyd, die hede waarin God Sy genade in Christus geopenbaar het. Die koninkryk van God het in Christus deurgebreek. Die „laaste dae" wat deur die profete voorspel is, het ingetree. In hierdie tyd is *die geregtigheid van God geopenbaar*. Die woord vir *openbaar* is nie dieselfde as dié wat in 1 : 17 gebruik is nie. Terwyl dit dáár meer gaan om die voortdurende openbaring van Gods geregtigheid in die prediking, val die klem hier op die openbaring van die geregtigheid as 'n eenmalige gebeurtenis wat eens en vir altyd klaar geskied het. Paulus sal daarby ongetwyfeld aan die kruisiging en opstanding van Christus gedink het. Gods geregtigheid moet *geopenbaar* word: dit kan nie deur die mens self gevind of bereik word nie. Dit gaan hier om die geregtigheid wat God skenk, die geregtigheid wat voor God kan bestaan. Dit word geopenbaar *sonder die wet*, omdat dit nie bereik kan word deur die verrigting van wetswerke nie, maar alleen uit genade ontvang kan word. Tog getuig *die wet en die profete* daarvan, dit is: die hele Ou Testament. Hieruit is dit duidelik dat die evangelie geen nuwe boodskap bevat waarvan die Ou Testament nie weet nie, en dat die Joodse interpretasie van die Ou Testament, wat daarop neerkom dat die mens deur die werke geregverdig moet word, as vals van die hand gewys word.

22 Paulus verduidelik dat die *geregtigheid* waarvan hy praat, die geregtigheid is wat 'n mens ontvang deur die geloof in Jesus

Christus. Wanneer die mens in die geloof sy vertroue stel op wat God in Christus gedoen het, wanneer hy rus op Gods genade wat in Christus geopenbaar is, reken God hom die geregtigheid van Jesus Christus toe. Die verdubbeling *vir almal* en *oor almal* het waarskynlik ontstaan deurdat sommige teksgetuies *vir almal* en ander *oor almal* gelees het en dié twee lesings later gekombineer is. Indien Paulus albei uitdrukkinge oorspronklik geskrywe het, is die bedoeling waarskynlik dat die geregtigheid vir almal wat glo, bedoel is *(vir almal)* en oor hulle almal uitgestrek word *(oor almal)*. Die sin van die geheel is dat almal wat in Jesus Christus glo, gered sal word. Dit geld van alle mense sonder uitsondering, *want daar is geen onderskeid nie*. Daar is geen onderskeid tussen die mense met betrekking tot die geregtigheid wat voor God kan bestaan nie. Niemand kan anders salig word, as deur die geloof in Jesus Christus nie.

23, 24 Paulus brei verder uit op die gedagte dat daar geen onderskeid tussen die mense is nie, deur daarop te wys dat *almal gesondig het* (vgl. 1 : 18–3 : 20). Dit ontbreek almal gelykelik aan die *heerlikheid* van God wat 'n mens se deel word in gemeenskap met God. Wie in gemeenskap met God verkeer, staan in die ligglans van Sy heerlikheid. Die sondige mensdom staan egter in die donker. Jood en heiden is hierin volkome gelyk. Daarom is daar ook slegs één heilsweg wat vir almal sonder onderskeid geld: *hulle word deur Sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is*. Die woorde *deur Sy genade* gee die kern aan van waarom dit in die hele brief gaan: Gods goedheid is die bron waaruit aan diegene wat in geen enkele opsig daarop aanspraak kan maak nie, die guns van die verlossing geskenk word. Daarom is dit *sonder verdienste* van die kant van diegene wat verlos word. Die Griekse woord beteken *verniet* en laat die klem daarop val dat die verlossing 'n vrye geskenk is.

Paulus gee die daad van God waardeur Hy aan die mens die onverdiende verlossing skenk, met die begrip *regverdiging* weer. Dit is beeldspraak, ontleen aan die vryspraak in 'n hof. Die aangeklaagde word deur die regter vrygespreek, regverdig verklaar. Hoe kan die regverdige God nou egter die skuldige mens regverdig verklaar? In God is tog geen onreg nie. Hy laat ook nie die sonde ongestraf nie. As God die mens wat onregverdig is, regverdig wil

verklaar, moet die sonde van die mens eers uit die weg geruim word en die straf van die sonde moet gedra word. Gods genade bestaan nie daarin dat Hy die sonde vergoelik of daaraan verbygaan nie, maar dáárin, dat Hy *van Sy kant* en sonder toedoen van die mens die sonde uit die weg ruim en die straf daarvan laat dra deur Sy eie Seun. Om dit te verduidelik, gebruik Paulus twee begrippe wat mekaar aanvul en elkeen verduidelik hoe God van Sy kant genadig en regverdig gehandel het met die mens in sy sonde, sodat die mens verlos kan word. Dié twee begrippe is *verlossing* (v. 24) en *versoening* (v. 25). Die eerste begrip, *verlossing*, beteken eintlik *loskoping* en is ontleen aan die sfeer van die loskoping van 'n verbeurde lewe volgens die wet van Moses en nie (soos meermale gedink is) aan die loskoping van slawe nie. Volgens Ex. 21 : 30 kon 'n man wat eintlik die dood skuldig was, 'n losgeld betaal in plaas daarvan om te sterwe. Dit het net van bepaalde gevalle gegeld (vgl. Num. 35 : 31–32). Hier word dit gebruik as 'n beeld van wat God in Christus gedoen het. Christus is deur God self as losprys gegee om die kwaad wat Hom aangedoen is, uit te wis, sodat die verbeurde menslike lewe vrygekoop kon word (vgl. die herhaalde gebruik van die beeld van die vrykoping in die Nuwe Testament, bv. Mark. 10 : 45; 1 Tim. 2 : 6; 1 Kor. 6 : 20 en 7 : 23 ens.). Omdat God in die geding met die mens die regter en die beledigde party tegelyk is, kan Hy die mens vryspreek wanneer die belediging wat Hom aangedoen is, uit die weg geruim is. Dit het 'n duur prys gekos, maar God het self vir die prys ingestaan. Dit is die wonder van Sy genade.

25 Die tweede begrip wat gebruik word om Gods genadevolle handeling met die sondige mens te verduidelik, is *versoening*. Dit is ontleen aan die offerdiens van die Ou Testament. Die Griekse woord beteken eintlik *soenmiddel* en word in die Ou Testament gebruik vir die versoendeksel van die ark (vgl. Ex. 25 : 17–18). Sommige verklaarders wil ook in hierdie vers dink aan die versoendeksel en meen dat Christus hier vergelyk word met die versoendeksel van die ark as die plek waar daar op die groot versoendag deur die sprinkeling met die bloed versoening gedoen is oor die sondes van die volk. Die beeld is dan egter onduidelik, want Christus is tog nie die plek waar die versoening plaasgevind het nie, maar die soenmiddel self: *God het Hom voorgestel in Sy bloed as 'n versoening*. Ons moet die woord *versoening* dus opneem in

die algemene sin van *soenmiddel*. Dan beteken dit dat God Christus voorgestel het as die middel waardeur oor die sonde van die mens versoening gedoen is. Volgens die Ou-Testamentiese wette kon daar vir vergrype wat die mens teen God of sy naaste begaan het, versoening gedoen word deur 'n sond- of skuldoffer te bring (vgl. Lev. 4 en 5). Die bedoeling is dan dat die offerdier die plek van die skuldige mens inneem. Die lewe van die offerdier word geneem in plaas van die lewe van die mens. Daarom speel die bloed so 'n belangrike rol in hierdie offers, want die siel van die dier is in die bloed (vgl. Lev. 17 : 14; Deut. 12 : 23). Met *siel* word die *lewe* bedoel. Wanneer die bloed uitgestort word, word die lewe weggeneem en dit dien as 'n middel tot versoening van die mens wie se lewe andersins ter wille van sy sonde weggeneem sou moes word (vgl. Lev. 17 : 11). Paulus se bedoeling is dus duidelik. God het Christus se bloed laat uitstort, dit is, Sy lewe laat neem, in die plek van dié van die skuldige mens. Die kruis was eintlik 'n altaar. Daarom kan die Nuwe Testament so dikwels die kruisdood as 'n offer voorstel (vgl. 1 Pet. 1 : 19–20 en 2 : 24; Hebr. 10 : 1–18, ens.). Die Ou-Testamentiese offers is deur God in Sy genade aan Israel gegee as 'n heenwysing na die groot Offer wat eenmaal aan die kruis gebring sou word. As Paulus nou verklaar dat God Christus voorgestel het as 'n versoening *deur die geloof*, dan beteken dit dat die versoening wat Christus bewerk het, alleen deur die geloof ons deel word (vgl. 1 : 17 en 3 : 22). Soos die Israeliete eens hulle hande op die kop van die offerdier moes lê as teken van die oordrag van hulle skuld op die offerdier (Lev. 1 : 4 en 4 : 15), so moet die mens deur die geloof sy hande op Christus lê om sy skuld op Hom oor te dra en van Hom die geregtigheid te ontvang. Só vind die „groot ruil" plaas (Luther).

God het hierdie weg gegaan, verklaar Paulus nou in die laaste deel van v. 25, *om Sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God*. Die versoening wat God vir die sonde geëis het, was nie nodig met die oog daarop om God eers gunstig teenoor die mens te stem nie – die liefde van God is immers die bron waaruit die versoening voortvloei – maar was nodig omdat God Sy geregtigheid wou bewys. Sou God die sonde eenvoudig ignoreer, sou dit beteken het dat Hy Sy geregtigheid prysgegee het en aan Sy eie woord – dat die sonde gestraf moet word – ontrou geword het. Deur nou egter sélf die offer vir die sonde daar te stel, bewys

God Sy geregtigheid wat die sonde nie ongestraf laat bly nie, terwyl Hy terselfdertyd ook Sy genade openbaar in die gawe van Sy Seun om die ontwil van die sondaar. Daardeur bewys God nou ook dat die feit dat Hy gedurende die ganse tyd van die Ou Verbond *die sondes ongestraf laat bly het*, letterlik: daaraan *verbygegaan het*, nie beteken het dat Hy Sy geregtigheid prysgegee het nie, maar dat Hy in Sy verdraagsaamheid gewag het met die versoening van die sonde tot by die kruis van Christus. Die woord *deurdat* kan ook weergegee word met: *met die oog daarop dat*.

26 Die *teenwoordige tyd* is die tyd wat aangebreek het met die koms van Christus na die wêreld. Dit is die groot eindtyd waarin God Sy beloftes aan die voorgeslagte vervul. Dit is 'n tyd van gerig. God laat Sy oordeel wat so lank opgeskort was (v. 25) nou vrye spel neem en toon dat Hy die sonde haat en nie ongestraf kan laat bly nie. Dit geskied aan die kruis van Christus. Dáár word die sonde van die mense gestraf. Deurdat dit gebeur, word twee dinge bereik: (a) God toon daardeur dat Hy regverdig is en die sonde wreek; (b) God versoen die sondes van die mense deur die dood van Sy Seun en kan dus *regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is*. So mond Gods geregtigheid en genade uit in dieselfde één daad van die oorgawe van Christus aan die kruis van Golgota. Reeds in die Ou Testament beteken Gods geregtigheid nie altyd Sy straffende geregtigheid nie, maar ook Sy handeling om *reg te verskaf* aan die behoeftige en ellendige. Omdat God regverdig is, help Hy dié wat in nood is (vgl. Ps. 145 : 17; Sag. 9 : 9), red Hy (Ps. 31 : 2; Jes. 45 : 21) en bereik Hy die doel van Sy liefde met die mens. In hierdie betekenis van *geregtigheid* is dit duidelik dat Gods geregtigheid en Sy liefde (en genade) nie met mekaar in stryd is nie, maar onlosmaaklik verbonde is. Wanneer God dus mense regverdig deur die offer van Sy Seun heen, bewys Hy óók in Sy daad van genade dat Hy die regverdige God is wat aan die mens in sy nood vanweë die sonde dink en aan hom „reg verskaf" teenoor die tiran van die sonde wat oor hom geheers het.

27 Daar is geen plek vir menslike roem en selfverheffing in die redding deur die geloof in Christus nie. Die woord *wet* beteken in hierdie vers dieselfde as *beginsel* of *reel*. Die feit dat die beginsel van ons verlossing nie daarin bestaan dat die mens deur sy eie werke sy verlossing verdien nie, maar daarin dat ons

deur die geloof in Christus alleen verlos word, sluit alle menslike roem uit. As daar dan nog geroem moet word, kan dit enkel 'n roem in die kruis van Christus wees (Gal. 6 : 14).

28 Hierdie vers som op en vat saam wat tot dusver verkondig is: die verlossing (of regverdiging voor God) geskied deur die geloof sonder die werke van die wet. *Ons neem aan* beteken nie dat dit hier om iets onsekers, om 'n teorie gaan nie, maar om iets wat met groot stelligheid as 'n vaste oortuiging aanvaar kan word, ge*glo* moet word. Dit geld vir *die mens*, of hy Jood is of Griek. Vir almal is daar slegs één weg tot geregtigheid voor God – die weg wat alle roem uitsluit, die weg van die geloof. Luther het in hierdie vers die woord *alleen* ingevoeg na *deur die geloof*. Saaklik is dit korrek, al staan dié woord nie in die Griekse teks nie. Juis hierdie Skriftuurlike waarheid is egter deur die Roomse Kerk met hand en tand beveg en op die Konsilie van Trente veroordeel. Hierdie veroordeling van wat die Skrif duidelik leer, staan nog steeds tussen Rome en die kerke van die Reformasie. *Deur die geloof* beteken nie dat die mens gered word vanweë die waardigheid van sy geloof, dit is, omdat die geloof so 'n besondere goeie werk is dat God dit met die regverdiging „beloon" nie. Die Griekse teks laat so 'n verklaring nie toe nie, afgesien nog van die hele verband. Die geloof is alleen die leë hand waarmee die mens ontvang wat God uit louter genade aan hom skenk.

29, 30 Indien alle mense sonder onderskeid alleen uit genade en deur die geloof gered word, is dit duidelik dat God ewe goed die God van die heidene kan heet as die God van Israel. As die mens redding moes verdien deur die werke van die wet, kon Israel nog meen dat God alleen sy God is, aangesien Israel alleen die geskrewe wet van God besit. Tans is dit egter duidelik dat God één is en op één manier handel met alle mense. Elke volk het nie sy eie god en dus ook sy eie manier om gered te word nie. Die monoteïsme van die Ou Testament waarop die Jode hulle so beroem het, vorm dus die grond vir Paulus se prediking van die één verlossingsweg vir alle mense en vandaar ook die grond vir sy sendingaktiwiteit.

31 Paulus wys die gedagte, dat sy prediking *die wet tot niet sou maak* (wat hom seker dikwels verwyt is), as iets lasterliks van

die hand (vgl. 3 : 4, 6). *Inteendeel, ons bevestig die wet.* Met *wet* bedoel Paulus hier kennelik die eis van God vir ons lewe (bv. in die Tien Gebooie). Juis in die evangelie van genade word die gebod van God werklik ernstig opgeneem, omdat dit daaruit blyk dat die toorn van God rus op elkeen wat Sy wet oortree, totdat dié oortreding versoen is. Juis omdat die wet van krag bly en deur die evangelie bevestig word, is die verlossing uit genade so noodsaaklik. Weliswaar word die wet as heilsmiddel van die hand gewys, maar die wet as die eis van God vir ons lewe, word bevestig (vgl. v. 20).

## B. VERLOSSING UIT GENADE IN DIE OU TESTAMENT: 4 : 1–25

Aan die voorbeeld van Abraham gaan Paulus tans duidelik maak dat die evangelie van genade wat hy verkondig, reeds in die Ou Testament gegeld het. Ons kan die hoofstuk onderverdeel soos volg:

(i) Abraham is geregverdig deur die geloof (v. 1–8);
(ii) Abraham het die geregtigheid nie deur die besnydenis verkry nie (v. 9–12);
(iii) ewemin het hy die verbondsbeloftes deur die wet verkry (v. 13–17a);
(iv) sodat dit duidelik is dat Abraham 'n voorbeeld is van almal wat deur die geloof geregverdig word (v. 17b–25).

### (i) *Abraham is deur die geloof geregverdig: 4 : 1–8*

1 Wat sal ons dan sê, het Abraham, ons vader na die vlees, verkry?
2 Want as Abraham uit die werke geregverdig is, het hy iets om op te
3 roem, maar nie teenoor God nie. Want wat sê die Skrif? Abraham het
4 in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken. Maar aan hom
wat werk, word die loon nie na guns toegereken nie, maar na verdienste;
5 aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose
6 regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken. Soos Dawid ook
die mens salig spreek aan wie God geregtigheid toereken sonder werke:
7 Welgeluksalig is hulle wie se ongeregtigheid vergewe en wie se sonde
8 bedek is. Welgeluksalig is die man aan wie die Here die sonde nie toereken nie.

1 Die vraag van v. 1 moet aangevul word soos volg: *Wat sal ons dan sê, het Abraham, ons vader na die vlees, verkry* – die

geregtigheid wat uit die werke is of dié wat uit die geloof is? Slegs dan kry die verdere redenasie 'n goeie sin. As Paulus Abraham ons *vader* (voorvader) noem, spreek hy vanuit sy Joodse standpunt. Dit beteken nie dat die gemeente in Rome hoofsaaklik uit Joodse gelowiges bestaan nie (vgl. die Inleiding).

2 Indien Abraham op grond van sy werke geregverdig sou wees, sou hy grond van roem hê – iets wat egter duidelik in die Skrif ontken word (vgl. v. 3 e.v.). Die *roem* waarvan Paulus praat, moet verstaan word in die lig van 3 : 27. Dit staan teenoor die dankbaarheid van die mens wat weet dat hy net uit genade gered is. Die woorde *maar nie teenoor God nie* moet ten nouste verbind word aan v. 3 en beteken dat Paulus dit betwis dat Abraham grond van roem voor God gehad het vanweë sy goeie werke, omdat die Skrif anders leer.

3 Paulus haal Gen. 15 : 6 aan as bewys daarvan dat Abraham nie op grond van sy goeie werke nie, maar alleen deur die geloof geregverdig is. Die Joodse geleerdes het dié teks só geïnterpreteer: dat Abraham se geloof 'n goeie werk van soveel waarde was dat dit voor God as genoegsaam verdienste gegeld het vir die regverdiging van Abraham. Paulus interpreteer dit egter as 'n duidelike bewys dat die grond van Abraham se regverdiging nie sy eie verdienste was nie, maar Gods *toerekening*. Abraham se geregtigheid was 'n onverdiende geskenk.

4, 5 Paulus stel die twee moontlikhede waarom dit by die regverdiging sou kon gaan, teenoor mekaar: werke of geloof. Gaan dit om 'n regverdiging deur die werke, dan word alles 'n kwessie van *loon*. Dan kan daar by die regverdiging van die mens nie meer sprake wees van *guns* nie, maar enkel van *verdienste*. Dan kan dit ook nie meer gaan om wat God die mens genadiglik *toereken* nie, maar word alles saaklik: wat die mens verdien het, ontvang hy as loon. Daarteenoor staan egter die weg van die regverdiging deur die geloof, waarby dit nie om die werke as grond vir die regverdiging gaan nie, maar om die guns van God wat uit vrye genade *die goddelose regverdig*. Die geloof rig hom op die genade van God en vertrou op wat God doen, nie op die verdienste wat die mens kan probeer verkry nie. Die geloof klem hom vas aan die goedheid van God wat die goddeloosheid van die mens nie toe-

reken nie, maar in plaas daarvan die geregtigheid aan die goddelose toereken. Die woorde *sy geloof word tot geregtigheid gereken* beteken nie dat die geloof as die regte innerlike gesteldheid deur God in die plek van die ontbrekende goeie werke aanvaar word as voldoende rede om die mens te regverdig nie, want dan is die geloof tog maar weer 'n „goeie werk," terwyl Paulus uitdruklik verklaar dat dit hier gaan om hom *wat nie werk nie, maar glo*. Die geloof is dus nie 'n goeie werk nie, maar staan teenoor die goeie werke. Dit is geen verdienstelike innerlike gesteldheid nie, maar die ruimte vir God om in Sy genade aan die mens te gee wat Hy wil gee. Daarom sê Paulus dat God die *goddelose* regverdig, nie dat God die *gelowige* regverdig nie. Dit is nie die geloof wat die mens red nie, maar die guns van God wat aan die mens-in-sy-vertroue-op-God die geregtigheid toereken, al is hy in homself nie regverdig nie. Alle klem val op die begrip *reken*. Dit gaan om 'n daad van Gods genade, nie om 'n uitbetaling van loon aan Abraham op grond van sy verdienste nie. Daarom kan Paulus ook Abraham gelykskakel met die goddelose, al sou Abraham wel in die oë van die mense regverdig gewees het.

6–8 Die voorafgaande word bewys met 'n aanhaling uit Ps. 32 : 1–2, wat vir Paulus as bevestiging daarvan dien dat die mens geregverdig word deur Gods toerekening, *sonder werke*. Ook hieruit blyk dat Paulus die geloof nie as 'n goeie werk beskou nie. Die woord *geloof* kom trouens nie eens in die aanhaling voor nie. Die genadige toerekening van God is die spil waarom alles draai. *Welgeluksalig* beteken *volkome gelukkig* en dien in die Griekse letterkunde as aanduiding van die hoogste geluk wat gesmaak kan word. Uit die aanhaling is dit duidelik dat vergewing van sonde en regverdiging vir Paulus dieselfde beteken. Die toereken van die geregtigheid beantwoord daaraan dat God *die sonde nie toereken nie*. Die aanhaling uit Ps. 32 dien terselfdertyd die doel om te bewys dat nie net Abraham nie, maar ook Dawid kan geld as 'n voorbeeld van mense uit die Ou Verbond wat deur die geloof geregverdig is en nie op grond van hulle verdienste nie.

(ii) ***Dis nie die besnydenis wat regverdig nie: 4 : 9–12***

9 Hierdie saligspreking dan, sien dit op die besnedenes of ook op die
onbesnedenes? Want ons sê: Aan Abraham is die geloof tot geregtig-
10 heid gereken. Hoe is dit dan toegereken – toe hy besnede of onbesnede
11 was? Nie as besnedene nie, maar as onbesnedene. En hy het die teken

**van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word; en ook die vader van die besnydenis vir**
**12 die wat nie alleen uit die besnydenis is nie, maar ook wandel in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham toe hy onbesnede was.**

9–11a Paulus beantwoord tans die vraag of die saligspreking van Ps. 32 net op besnedenes van toepassing kan wees. Die Jode het uitgegaan van die standpunt dat die besnydenis noodsaaklik is vir die regverdiging, sodat 'n uitspraak soos dié van Ps. 32 alleen van 'n besnedene gedoen sou kon word. Dan sou die Jood egter met betrekking tot die regverdiging 'n groot voorkeur bokant die onbesnedenes hê. Hoewel Paulus nie ontken dat die besnydenis 'n teken van Gods trou aan Sy beloftes is nie (3 : 1 e.v.), ontken hy egter ten sterkste dat dit aan die Jood sonder meer 'n voorkeursposisie sou laat toekom, ook buite die juiste verhouding tot God om. Daarom toon hy tans aan dat die besnydenis nie 'n voorwaarde vir die regverdiging is nie, maar 'n teken en seël van die geregtigheid wat uit die geloof is. Hy beroep hom daarvoor op die feit dat die besnydenis nie histories aan die regverdiging van Abraham voorafgegaan het nie, maar daarop gevolg het. Op die tydstip toe Abraham deur God regverdig verklaar is (Gen. 15 : 6), was hy nog 'n onbesnedene. Eers in Gen. 17 (volgens Joodse berekening 29 jaar later) word vermeld van die verbond en die teken van die verbond, die besnydenis. Dit is dus nie die besnydenis wat 'n mens regverdig nie. Die besnydenis is 'n *teken* (Gen. 17 : 11) en 'n *seël*, 'n waarmerk of bevestiging, van die geregtigheid wat God uit genade skenk.

11b–12 Uit die feit dat Abraham die geregtigheid deur die geloof ontvang het voordat hy 'n besnedene was, lei Paulus af dat 'n Goddelike bedoeling daarin opgesluit was, naamlik dat dit openbaar sou wees dat Abraham nie net die vader van die besnedenes sou wees nie, maar ook van die gelowiges uit die heidene. Deur só egter die vaderskap van Abraham te vergeestelik, maak Paulus dit los van die vleeslike afstamming en die teken van die besnydenis wat daarmee saamhang. Abraham word die vader van almal wat *dieselfde geloof as Abraham* deelagtig is. Gevolglik kan Abraham se vaderskap nie beperk word tot sy vleeslike nasate nie

en ook nie daarop vasgelê word nie. Slegs die gelowiges is ware nasate van Abraham, want die geloof is beslissend, nie die besnydenis nie. Die nageslag van Abraham is enersyds wyer, andersyds smaller as die volk van Israel. Gods volk word gekonstitueer, nie op grond van vleeslike afstamming en die teken van die besnydenis nie, maar op die geloof van Abraham wat ook buite die kring van die vleeslike nasate en die besnydenis kan voorkom. Daarom is die middelmuur van skeiding tussen Jood en heiden afgebreek (Ef. 2 : 11 e.v.). Paulus keer die hele Joodse skema onderstebo. Nie die heiden moet 'n Jood word en hom laat besny om gered te word nie, maar die Jood moet glo soos Abraham gedoen het toe hy nog onbesnede was.

(iii) *Dis nie deur wetswerke dat die belofte ontvang is nie: 4 : 13–17a*

13 Want die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees, het
Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die
14 geregtigheid van die geloof. Want as hulle wat uit die wet is, erfgename
is, dan het die geloof waardeloos geword en die belofte tot niet geraak.
15 Want die wet werk toorn; maar waar geen wet is nie, daar is ook geen
16 oortreding nie. Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade
kan wees en die belofte kan vasstaan vir die hele nageslag; nie alleen
vir die wat uit die wet is nie, maar ook vir die wat uit die geloof van
17 Abraham is, die vader van ons almal – soos geskrywe is: Ek het jou
'n vader van baie nasies gemaak.

13 Die belofte waaroor Paulus tans gaan spreek, sluit vir hom veel meer in as net die belofte dat Kanaän eenmaal aan Abraham en sy nageslag sal behoort (vgl. Gen. 13 : 14; 15 : 7–8; 17 : 8, ens.). Hy dink daarby kennelik ook aan die belofte dat al die geslagte in Abraham geseën sal word (Gen. 12 : 3; 18 : 18) en pas dit daarom toe op die heil wat in Christus sou verskyn en eenmaal by die wederkoms finaal openbaar sal word, wanneer die regverdiges die aarde sal beërwe (Matt. 5 : 5). Gevolglik is die uitdrukking *belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees* vir Paulus 'n aanduiding van die volle en heerlike heil wat uiteindelik die deel sal wees van die verlostes. Dié belofte het Abraham of sy nageslag *nie deur die wet verkry nie*, dit is: nie deur onderhouding van die wet verdien nie. God het die belofte as 'n vrye geskenk saam met die geregtigheid wat Hy Abraham uit guns toegereken het, aan hom en sy nageslag gegee. Ook dit kon alleen in geloof aangeneem word, omdat dit ingebed lê in die verlossing uit genade.

14 Indien dit waar was dat slegs diegene wat die wet kan onderhou die belofte deelagtig kon word, dan sou die geloof waarvan Gen. 15 : 6 duidelik spreek, onnodig en waardeloos, ontledig gewees het, omdat wat deur die wetswerke verdien kan word tog nie in die geloof ontvang hoef te word nie. Verder sou die belofte self *tot niet geraak het*, omdat niemand in staat is om die wet te vervul nie, soos Paulus in die vorige gedeelte van die brief aangetoon het. Wat sou die belofte gebaat het as God die verkryging daarvan van die vervulling van die wet afhanklik gemaak het?

15 Nee, die belofte word nie deur die onderhouding van die wet verkry nie. Immers, die wet het net één effek in die lewe van die sondige mens: dit werk *toorn*, omdat dit die afgrondelike diepte van die mens se sonde blootlê (3 : 20; 7 : 7 e.v.) en dus om die toorn van God roep. As God dus die verkryging van die belofte van die onderhouding van die wet afhanklik gestel het, sou die mens nooit die belofte kon verkry het nie vanweë sy oortredinge. Nou is dit egter anders. God het die verkryging van die belofte nie van die wet afhanklik gemaak nie, maar dit uit genade geskenk, en *waar* daar *geen wet is nie, is daar ook geen oortreding nie*. Die wet word heeltemal nie in aanmerking geneem met betrekking tot die vraag van die verkryging van die belofte nie. Daarom kan die belofte ook nie vernietig word deur die oortreding van die wet nie. Dit is noodsaaklik dat Gal. 3 : 17–18 hierby gelees word. Die beloftes wat God gemaak het, rus in Gods soewereine trou en nie op die mens se wetsvervulling nie.

16 Die woord *daarom* wys dat dit hier om 'n gevolgtrekking gaan: God het die verkryging van die belofte aan die *geloof* verbind en nie aan die wetswerke nie, sodat *dit volgens genade kan wees*. God wil in Sy verlossingsplan Sy genade laat skitter. God wil om Sy genáde geëer word. Terselfdertyd lê in die genadekarakter van die heil juis die sekerheid daarvan opgesluit, want as die mens dit moes verdien, sou hy dit nooit ontvang het nie. Noudat dit egter uit genade is, staan dit vas dat God Sy beloftes seker in vervulling sal laat gaan, dwars teen die ontrou van die mens in (hfst. 9–11). Daarom egter is dit duidelik dat die belofte ook in vervulling kan gaan aan mense wat nie *uit die wet* is nie, want die belofte is nie van die wet afhanklik nie, solank *die geloof van Abraham* by hulle aanwesig is. Die uitdrukking *vader van ons*

*almal* lê weer eens die klem daarop dat Abraham as ontvanger van die belofte die geestelike vader van alle gelowiges is. Paulus verstaan die baie nasies van Gen. 17 : 5 nie van die talrykheid van Israel nie, maar van die talrykheid van die volkere wat in die geloof van Abraham sal deel.

(iv) ***Abraham is voorbeeld van egte geloof: 4 : 17b–25***

17b . . . (En hierdie belofte is aan hom gemaak) voor die aangesig van God
in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie
18 bestaan nie, roep asof hulle bestaan. Hy het teen hoop op hoop geglo
dat hy die vader sou word van baie volke volgens wat gesê is: So sal
19 jou nageslag wees. En sonder om te verswak in die geloof het hy, al
was hy omtrent honderd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds
verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van
20 Sara nie. En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel
nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee
21 en was ten volle oortuig dat Hy ook mag het om te doen wat Hy beloof
22 het. Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken. Maar dit is nie
23 alleen om sy ontwil geskrywe dat dit hom toegereken is nie, maar ook
24 om ons ontwil aan wie dit toegereken sal word, ons wat glo in Hom
25 wat Jesus, onse Here, uit die dode opgewek het, wat oorgelewer is ter
wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking.

17b Die aansluiting tussen v. 17(a) en (b) is moeilik. Moontlik het iets uitgeval. Paulus se bedoeling was waarskynlik om te sê dat Abraham die belofte, dat hy die vader van baie nasies sal wees, ontvang het toe hy *voor die aangesig van God* gestaan het. Die klem val daarby egter op die feit dat hy gelowig voor Gods aangesig gestaan het. Sy geloof het die belofte ontvang. Die volgende woorde gee die inhoud van Abraham se geloof aan: Abraham het geglo dat God *die dode lewend* kan maak en *die dinge wat nie bestaan nie*, roep asof hulle bestaan. Niks minder as dit was nodig as God uit 'n verstorwe man en vrou op so 'n hoë ouderdom 'n talryke nageslag wou laat voortkom nie! God sou lewe uit die dood moes opwek. Miskien sinspeel Paulus hier ook reeds op die feit dat die geestelike nasate van Abraham almal deur God uit die geestelike dood opgewek sou moet word, en vir hom nasate sou moet *roep* wat op daardie oomblik nog nie bestaan het nie.

18 Om *téén hoop* te glo, beteken om te glo teen alle menslike verwagting in, om iets te glo wat menslik nie meer gehoop kan word nie. Om *op hoop* te glo, beteken om te glo op grond van

die hoop dat God aan Sy belofte getrou sal bly. Abraham het niks anders gehad om sy geloof op te baseer nie, as net dat God *gesê* het: So sal jou nageslag wees. Wat God gesê het, het heeltemal onmoontlik gelyk. Tog klem Abraham daaraan vas. Dit is egte geloof.

19 Egte geloof hou aan Gods belofte vas, al word die onmoontlikheid van wat God belowe, ten volle besef. Volgens die beste teksgetuies moet ons hier lees: *hy het gelet op sy liggaam wat alreeds verstorwe was* (die *nie* val dus weg). Met ander woorde: Abraham was ten volle bewus van die verstorwe toestand waarin hy self en Sara verkeer het, en tóg het hy nie *verswak in die geloof* nie! Die vraag is hoe Paulus hier kan sê dat Abraham fisiek verstorwe was, terwyl Gen. 25 : 1–6 vermeld van seuns van Abraham by Ketura ná die dood van Sara. Een van twee is moontlik: (a) of die geskiedenis van Gen. 25 : 1–6 het in tydsorde plaasgevind voor die geboorte van Isak, of (b) God het aan Abraham die moontlikheid om kinders te verwek, nie net vir die geboorte van Isak verleen nie.

20, 21 Die uitsprake van v. 18–19 word verder versterk. Abraham het *nie deur ongeloof getwyfel nie*. Met ongeloof word hier bedoel: afwesigheid van geloof, of ook die aanvegting van die geloof. *Twyfel* is die aarseling wat ontstaan wanneer daar by die mens 'n innerlike tweestryd aanwesig is. By Abraham is daar egter geen huiwering om hom volledig op Gods belofte te verlaat nie. Die gevolg is dat hy *versterk* is in die geloof. Geloof wek geloof. Die wese van die geloof bestaan daarin dat dit *aan God die eer gee*, God vir 'n man van Sy woord hou. Die geloof is *ten volle oortuig* dat God *ook die mag het om te doen wat Hy beloof het*. Letterlik staan daar dat Abraham daarvan *vervul* was dat God die mag het. Geloof klem hom veral vas aan *die mag* van God, teen alle uiterlike dinge in.

22 'n Gevolgtrekking uit die voorgaande: *Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken*. Omdat Abraham se geloof geheel en al op God gerig was en geheel en al bepaal was deur die voorwerp daarvan, nl. Gods belofte, is Abraham se geloof geen prestasie wat beloon is deur God nie, maar alleen die weg waarlangs hy ontvang het wat God belowe het. As gesê word dat sy geloof

tot geregtigheid gereken is, beteken dit dat *dit wat hy geglo het*, hom van Gods kant toegereken is.

23, 24 Wat van Abraham meegedeel is, het ook vir ons betekenis. Ons word immers op dieselfde wyse as Abraham deur die geloof gered. Aan die voorbeeld van Abraham leer ons hoe ons geloof moet wees en hoe ook ons alleen maar van toegerekende geregtigheid kan lewe. Die Christen van vandag moet presies soos Abraham hom ook nog verlaat op die geloof in Gods almag wat Jesus uit die dode opgewek het en daarom ook aan ons kan skenk wat Hy belowe het. Vir die betekenis van *onse Here* vergelyk 1 : 4. Die opwekking van Christus uit die dode is 'n sentrale feit van Gods verlossingswerk, 'n openbaring van die triomf oor die sonde en die dood. Daaraan is dit duidelik dat God die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan (v. 17). Sou God dan nie aan ons kan skenk wat Hy belowe het nie? Die toekomstige tyd, *toegereken sal word*, sien op die toerekening van die geregtigheid aan die gelowiges in die toekomstige oordeel, maar beteken nie dat die gelowiges nie ook nou reeds in die geloof die sekerheid het dat hulle in Christus geregverdig is nie.

25 In aansluiting by v. 24 word saaklik saamgevat wáárop die geloof in Jesus Christus hom rig: op Sy kruisiging en opstanding as die twee groot gebeurtenisse wat die grond vorm vir ons regverdiging. In wat met Christus gebeur het, het dit om ons gegaan. Dit is ter wille van ons dat Hy oorgelewer en opgewek is. As ons Hoof het Hy ons verteenwoordig (5 : 12 e.v.) en kon Sy dood versoening doen oor al ons oortredinge (3 : 24–26; Jes. 53). Daarvoor is Hy *oorgelewer*, deur Sy Vader prysgegee tot in die dood. Net so is ons ook in Sy opstanding begrepe. Die opstanding is die bewys daarvan dat die skuld betaal is, dat die dood vernietig is en dat God Sy vryspraak laat weerklink. Daarom kan die opstanding van Christus geld as *ter wille van ons regverdigmaking*.

## C. DIE SEKERHEID VAN DIE VERLOSSING UIT GENADE: 5 : 1–21

Waar dit duidelik is dat die verlossing wat Paulus verkondig, 'n verlossing uit genade sonder die prestasie van die mens is, kan Paulus tans voortgaan om te beklemtoon dat die verlossing dáárom 'n vaste en sekere saak is. Wat 'n mens self moet verdien, bly altyd

onseker, want wie waarborg dat sy verdienste genoeg is om hom die verlossing waarvoor hy werk, te laat ontvang? 'n Verlossing wat deur die mens self verdien word, kan ook weer deur hom verspeel en verloor word. Wanneer die verlossing egter uit genade is, kan die gelowige ten volle daarvan verseker wees – ook daarvan dat dit nie weer van hom weggeneem kan word nie. Paulus het reeds in 4 : 14–16 daarop gewys dat die genade-karakter van die belofte wat Abraham ontvang het, die sekerheid daarvan waarborg. Nadat hy in 4 : 17–25 duidelik gemaak het hoe Abraham deur die geloof geregverdig is en dat „ook ons" op dieselfde wyse deur die geloof geregverdig moet word, gaan hy in hoofstuk 5 daartoe oor om aan te toon dat hierdie verlossing 'n saak van sekerheid is, omdat dit nie berus op die mens se eie prestasie nie, maar op die vaste fondament van Gods genade en liefde soos dit geopenbaar is in Christus Jesus. Daarin is hoofstuk 5 'n verdere uiteensetting van wat in 4 : 25 genoem is.

Die hoofstuk val in twee dele uiteen:

(i) Vers 1–11 handel oor die sekerheid van die verlossing wat gewaarborg is deur die versoening wat Christus bewerk het;
(ii) vers 12–21 maak aan die vergelyking van Adam en Christus duidelik waarom die versoening wat Christus bewerk het, vir alle gelowiges die grond van hulle sekerheid kan wees.

(i) *Die versoening as grond van die sekerheid: 5 : 1–11*

1 Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God
2 deur onse Here Jesus Christus; deur wie ons ook deur die geloof die
toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem
3 in die hoop op die heerlikheid van God. En nie alleen dit nie, maar ons
roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking
4 lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefd-
5 heid hoop; en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons
6 harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. Want toe
ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose
7 gesterwe. Want nouliks sal iemand vir 'n regverdige sterwe – vir 'n
8 goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe – maar
God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe
9 ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig
10 is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn. Want as ons, terwyl
ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun,
11 veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is. En

**nie alleen dit nie, maar ons roem ook in God deur onse Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening verkry het.**

1 Vers 1 sluit direk aan by 4 : 25, maar bevat tog 'n nuwe element: die blye jubel van die gelowige oor die sekerheid van die verlossing wat hy reeds deelagtig is. Daarom die persoonlike toon, soos blyk uit die woordjie *ons*. Die regverdiging is 'n voldonge feit wat deur die gelowige aanvaar *is*. Die geloof gee die versekering dat die gelowige reeds nou *vrede by God het deur onse Here Jesus Christus*. Volgens sommige handskrifte moet ons hier lees: *Laat ons vrede met God hou*. Dit is egter kennelik in stryd met wat Paulus wil sê, nl. dat ons die vrede reeds *het*. Met *vrede* bedoel Paulus die nuwe verhouding tot God wat tot stand gekom het deur die versoening wat Christus bewerk het. Die begrip *versoening* wat in v. 10 en 11 gebruik word, is beheersend vir hierdie verse-groep. Anders as in 3 : 25, waar versoening die *bedekking van die skuld* beteken, dui die Griekse woord hier *die herstel van gebroke verhoudinge* aan *die versoening* van twee strydende partye. Dit gaan dus om die vrede wat tot stand gekom het, deurdat Christus met Sy soenoffer die vyandskap tussen God en die mens weggeneem het. Die sondige mens is nie alleen van sy kant af 'n vyand van God nie, maar omdat God die sonde haat, staan Hy ook as Vyand teenoor die sondaar. In Sy genade het God nou egter deur die gawe van Sy Seun die vyandskap verwyder. Daarom kan daar tans sprake wees van vrede met God. Wie Jesus Christus deur die geloof aanneem, het ook hierdie vrede ontvang.

2 Slegs deur Jesus Christus ontvang die mens die toegang tot die vrede met God. Deur wetswerke kom niemand daarby nie. Die woord wat hier met *toegang* vertaal word, beteken in Grieks eintlik *heenleiding*, toebrenging. Dit wys daarop dat Jesus nie net die weg tot vrede met God vir ons geopen het nie (v. 1), maar ons ook by die hand neem en ons ook op daardie weg lei, sodat ons deur die geloof die vrede met God ingaan en dit in besit neem. Ook dit is 'n saak van sekerheid waaraan nie getwyfel hoef te word nie. Die gelowiges *staan* tans in Gods genade. Daarmee word die blywende vastheid van die nuwe verhouding tot God aangedui. Dat dit *genade* genoem word, wys daarop dat hierdie nuwe verhouding tot God 'n geskenk is, dat dit enkel op Gods vrye guns teenoor die mens berus en daarom onverdiend is. Die gelowige lewe in die

sonlig van Gods guns. Terselfdertyd is die genade van God ook die waarborg daarvan dat die gelowiges eenmaal die volle *heerlikheid van God* deelagtig sal wees. Die sondaar staan buite dié heerlikheid en het geen weg om van homself uit daarby te kom nie (3 : 23). Wie aan Christus verbind is, kan egter seker wees dat hy uiteindelik in dié volle heerlikhed sal deel. Reeds nou al mag hulle daarin *roem*, want die verkryging daarvan hang nie van hul eie wankele prestasie af nie, maar van die genade van God wat in Christus geopenbaar is. Soos die Jood hom op sy eie wetsvolbrenging verlaat en daarin roem, só verlaat die gelowige hom op Gods genade en roem daarin. Voorlopig is dit egter nog 'n roem *in die hoop*, want die heerlikheid is nog nie geopenbaar ne. As Paulus van *hoop* praat (vgl. 4 : 18 en 8 : 24), staan dit gelyk aan geloof, maar dan geloof in wat God nog in die toekoms gaan doen.

3 Die woorde *en nie alleen dit nie* wys daarop dat daar nog meer uit die vredesverhouding met God voortvloei. Die gelowige gaan alles in 'n nuwe lig sien – ook sy *verdrukkinge*. Hy het tans die moed om te *roem* in die verdrukkinge, dit is, homself gelukkig te prys daaroor dat hy verdruk word, van alle kante deur moeilikhede *gepars* word. Paulus gebruik die uitdrukking *verdrukkinge* meestal vir die liggaamlike lyding en ontbering wat die gelowiges se deel word vanweë die vervolginge (vgl. 8 : 35 e.v.; 1 Kor. 4 : 11–13, ens.). Dit kan egter ook 'n wyer betekenis hê en alle ellende aandui. Ondanks alle verdrukkinge bly die gelowiges egter roem, omdat hulle weet *dat die verdrukking lydsaamheid werk*. Lydsaamheid is die geduld en taaie uithoudingsvermoë van die gelowige, waardeur hy teen hoop op hoop aan Gods Woord bly glo en daarom alle verdrukking verdra. Die woorde *ons weet* sien nie op ervaringskennis nie, maar op geloofskennis.

4 *Beproefdheid* is die egtheid van die ware gelowige. Beproewinge en lydsaamheid bewys hoe diep die geloof sit en of dit die ware artikel is. Volharding in die hoop maak die mens vas en betroubaar, nie omdat hy self so sterk is nie, maar omdat die genade waardeur hy gedra word, so sterk is. Beproefdheid werk op sy beurt weer 'n (vaster) hoop. Die hoop word op Gods aambeeld steeds sterker gesmee.

5 *Die hoop beskaam nie*. Dit gaan nie om 'n algemene uitspraak oor die hoop nie, want valse hoop sal altyd beskaam. Paulus

dink hier ongetwyfeld aan Ps. 22 : 6 en Jes. 28 : 16, sowel as aan die praktiese ervaring van talle geloofshelde uit die Ou Verbond (Hebr. 11). Alleen die hoop op wat God belowe het, beskaam nie, want al Gods beloftes is ja en amen (2 Kor. 1 : 20). Sy beloftes rus immers op Sy liefde wat nooit kan wankel nie. God sou moet ophou om God te wees voordat Hy Sy liefdesbeloftes teenoor die mens kan laat val, want God is liefde (1 Joh. 4 : 8). Aangaande die liefde van God het die gelowige sekerheid, want *die liefde van God is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is*. Paulus bedoel hier die werking van die Heilige Gees wat die harte vervul, nie net met die besef van Gods liefde nie, maar met die werklikheid van Gods liefde self wat in die Persoon van die Heilige Gees die harte vervul, sodat die gelowiges die liefde van God in die gemeenskap van die Heilige Gees ondervind en geniet. Dit is dieselfde wat elders die *verseëling* deur die Heilige Gees genoem word (vgl. Ef. 1 : 13; 4 : 30, ens.). Die Heilige Gees maak die liefde van God aan ons en vir ons waar, sodat ons geensins meer daaraan mag twyfel dat God die goeie werk wat Hy in ons begin het, sal voleindig tot op die dag van Christus nie (vgl. Fil. 1 : 6).

6–8 Hierdie verse gee die grond aan waarop die Heilige Gees die harte van Gods liefde oortuig, nl. dat *Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe het*. Gods liefde is 'n liefde wat homself bewys het in die daad van die oorgawe van Sy Seun. Die *regte tyd* is dieselfde as *die volheid van die tyd*, die tyd van Gods behae (vgl. Mark 1 : 15; Gal. 4 : 4). God het self die tyd uitgekies om Christus te laat sterwe. Reeds daaruit blyk dit dat Hy by die bewerking van die verlossing deur geen faktor van buite beïnvloed is nie. Sy liefde en genade is die enigste bron waaruit die heil opkom. Daarom het God Sy Seun gegee *toe ons nog swak was*, dit is, in 'n hulpelose en reddelose toestand vanweë die sonde verkeer het, *goddeloses* was. Die mens het niks gehad waardeur hy God kon beweeg om hom lief te hê nie. Tog het God Sy liefde vir die sondaars *bewys* op 'n ongehoorde manier. Terwyl iemand reeds *nouliks* vir 'n regverdige sal sterwe, en *miskien nog* (wat ook al onseker is) die *moed sal hê* om vir 'n goeie mens te sterwe, het God Sy liefde bewys deur Sy Seun te laat sterwe vir onregverdiges en slegte mense. Christus se dood was dus nie noodsaaklik om Gods liefde vir ons te win nie – dit was reeds die bewys van Gods

liefde vir diegene wat Sy liefde nie werd is nie en dit duisend maal verbeur het. Om *te sterwe vir iemand* is om in sy plek te sterwe, sodat hy nie meer hoef te sterwe nie. Vers 12 e.v. verduidelik hoe Christus dit vir ons kon doen.

9, 10 Teen die agtergrond van die sekerheid van Gods liefde wat in die dood van Christus bewys is, kan die gelowige dus onwrikbaar seker wees van die uiteindelike volkome en finale verlossing wat sy deel sal word. As dit waar is dat Christus vir ons gesterwe het toe ons nog sondaars was, dan is dit nog *veel meer* waar dat Hy ons nou nooit meer sal laat vaar nie, *nou dat ons geregverdig is in Sy bloed* (vgl. 3 : 24–25), maar ons sal red van die toorn. Die *toorn* is die oordeel van God oor die sonde wat nou reeds sigbaar word in sy straffende werking (1 : 18 e.v.), maar eenmaal by die eindoordeel ten volle openbaar sal word (Openb. 11 : 18). Die gelowiges wat *nou*, in die tyd van die verlossing, reeds die regverdiging deelagtig geword het, hoef nie daaraan te twyfel dat hulle ook die volle heerlikheid deelagtig sal word nie, want wat God reeds in Christus vir hulle gedoen het, waarborg dit alles en bewys dat Hy nog veel sekerder in die toekoms ook alles sal doen wat Hy belowe het.

10 Vers 10 beklemtoon dit nog ’n keer in ander woorde. Die woord *versoen* dui die herstel van gebroke verhoudinge aan (vgl. by v. 1). Christus het deur Sy dood God en die sondaar met mekaar versoen en só die vyandskap beëindig, sodat die mens nie meer Gods vyand is nie, maar Sy vriend. Natuurlik was ook God teenoor die sondaar vyandig vanweë sy sonde, maar die wonder van Sy liefde is dat Hy die mens ook in Sy toorn nog liefhet en daarom van Sy kant die versoening bewerk het en die vyandskap verwyder het. Gods geregtigheid het geëis dat die sonde gestraf sou word (3 : 26) en in Sy genade het Hy Sy Seun gegee om dié straf te dra. Daardeur is die oorsaak van die versteurde verhouding tussen God en die sondaar verwyder. Indien God dit gedoen het, sal hy tog seker *veel meer* daarvoor sorg dra dat die gelowiges deur die lewe van Christus gered word, omdat Christus tans lewe om die verlossing wat Hy vir sy volk bewerk het, aan hulle toe te pas.

11 Die gelowige mag roem in Gods heerlikheid (v. 2) en in die verdrukkinge (v. 3), maar hoofsaaklik tog in God self wie se

liefde so wonderbaar aan hom bewys is deur die versoening wat Christus bewerk het. Die woord *verkry* wys daarop *dat die* gelowiges alles maar net kon *ontvang:* self het hulle niks gedoen om Gods guns te verdien nie. Daarom roem hulle *deur Christus*, dit is, omdat Christus hierdie roem moontlik gemaak het. Die hele gedeelte is vol van die sekerheid van die verlossing wat staan teen-oor die onsekerheid wat altyd diegene se deel sal wees wat in hulle eie krag voor God wil staan.

(ii) *Die posisie van Christus as grond van die sekerheid: 5 : 12–21*

12 Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en
deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring
13 het, omdat almal gesondig het – want voor die wet was daar al sonde
in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie.
14 Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle
wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam
15 nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom. Maar dit is met die
misdaad nie soos met die genadegawe nie; want as deur die misdaad
van die één baie gesterf het, veel meer het die genade van God en die
gawe deur die genade van die een mens, Jesus Christus, vir baie oor-
16 vloedig geword. En nie soos deur één wat gesondig het, is die gawe nie;
want die oordeel was uit één tot veroordeling, maar die genadegawe
17 is uit baie misdade tot vryspraak. Want as ten gevolge van die misdaad
van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat
die oorvloed van die genade en die gawe van die geregtigheid ontvang,
18 in die lewe heers deur die Eén, Jesus Christus. Daarom dan, net soos
dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook
is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdig-
19 making van die lewe. Want soos deur die ongehoorsaamheid van die
een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid
20 van die Eén baie tot regverdiges gestel word. Want die wet het daar
bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer
21 geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; sodat, soos
die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur
die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here.

Waar v. 1–11 die sekerheid van die verlossing gebaseer het op die versoening met God wat deur Christus tot stand gekom het, word dit in v. 12–21 meer spesifiek in verband gebring met die allesom-vattende betekenis van Christus vir die verlossing van die mense. Omdat Christus 'n soortgelyke posisie as Adam onder die mense inneem, kon Hy in die plek van die ander mense sterwe en die versoening met God bewerk. Juis daarom egter is dit duidelik dat wat Christus vir Sy gemeente verkry het, net so wis en seker – ja,

nog sekerder – hulle deel sal word, as wat die ellende wat Adam oor almal gehaal het, die deel van alle mense geword het. Die posisie wat Christus in die mensheid inneem, is dus grond en waarborg dat die Christelike hoop nooit sal beskaam nie.

12 Die *daarom* waarmee v. 12 begin, wys daarop dat wat volg 'n gevolgtrekking uit die voorafgaande is. In die voorafgaande is die versoening wat Christus bewerk het, as grond van die Christelike sekerheid ter sprake gebring (vgl. v. 9–10). Daaruit word tans die gevolgtrekking gemaak dat Christus dus 'n soortgelyke posisie as Adam in die mensheid inneem, omdat ons sowel by Adam as by Christus daarvan kan spreek dat één in die plek van al die ander gestel word, sodat wat met die één gebeur, betekenis het vir al die ander. Paulus sê: *Soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het, en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het*, só (moet ons die sin voltooi op grond van wat in v. 18–19 volg) „het ook die verlossing van die sonde deur een Mens in die wêreld ingekom en deur die verlossing die lewe, en so sal ook die lewe die deel word van almal wat in Christus is". Soos meermale (vgl. 1 Kor. 12 : 12 en Titus 3 : 4) voltooi Paulus nie die sin waarmee hy begin nie, omdat die waarheid wat hy wil verkondig soveel aspekte het wat gelyktydig na vore dring dat hy die sin waarmee hy begin het, halfpad laat en daartoe oorgaan om 'n volgende aspek tot uitdrukking te bring. Eers in v. 15, maar veral van v. 18 af, word die gedagte wat in v. 12 uitgespreek word, verder gevoer en voltooi.

Om die redenasie van Paulus te begryp, is dit nodig om te onthou dat die Bybel die mensheid nie as 'n aantal los indiwidue beskou nie, maar as 'n organiese geheel soos 'n boom, waarvan al die dele uitgroei van en één is met die oorspronklike wortel waarin die lewe van die hele boom begrepe was. Daarom is dit ook moontlik dat die hele mensheid deur één persoon verteenwoordig kan word. So het Adam die hele mensheid as sy hoof verteenwoordig, nie alleen omdat alle mense fisies in Adam begrepe was nie ('n aspek waarop in die Bybel geen klem gelê word nie), maar omdat God Adam tot hoof van die menslike geslag *gestel* het (v. 19), sodat hy namens die hele mensheid sou optree. Omdat die mensheid dus op 'n geestelike wyse in Adam begrepe was, het die keuse wat hy in die Paradys gedoen het, vir die hele menslike geslag beslissende betekenis gehad. Toe die

sonde dus deur hom (die *één mens*) in die wêreld ingekom het, het dit meteens die hele mensheid, waarvan hy die verbondshoof was, geraak. Die *wêreld* waarvan hier sprake is, is die geskape wêreld as woonplek van die mense, maar die woord het hier spesiaal ook sin om die beslissende en omvattende betekenis van die daad van Adam vir die hele wêreld van die mense te laat voel. Deur Adam se sonde het alle mense tot sondaars geword. Omdat almal in die één begrepe was, geld sy daad vir hulle. Die woorde *omdat almal gesondig het* sien dan ook ongetwyfeld nie op die sonde wat elke lid van die mensheid later persoonlik gedoen het nie, maar op die sonde wat hulle *in Adam* gedoen het (vgl. 1 Kor. 15 : 22). Deur die sonde wat Adam namens en vir die hele menslike geslag gedoen het, is die hele nageslag van Adam skuldig voor God. Dit word gewoonlik die „erfskuld" genoem, die skuld wat op die mensheid rus omdat God aan die nageslag van Adam die skuld van die sonde wat Adam namens hulle gedoen het, toereken. Die noodwendige straf op die sonde was egter die *dood*. Omdat Adam namens almal gehandel het, het almal saam met hom skuldig geword en het ook die dood as straf op die sonde *tot alle mense deurgedring*. Die woorde *en so* wil die klem daarop laat val dat die sonde by één ingebreek het en vanaf die één uitgebrei is oor die hele mensheid.

13, 14 Sonder om die sin te voltooi waarmee hy in v. 12 begin het, verduidelik Paulus nou eers dat die dood wat oor alle mense gekom het, die loon is op die sonde wat hulle in Adam gedoen het. Met *vóór die wet* bedoel Paulus, blykens v. 14, die tydperk van Adam af tot op Moses, toe die mense nog nie die geskrewe wet gehad het nie. In dié tyd het die mense ook gesondig en hulle sonde was ook skuldig voor God (vgl. 1 : 18 e.v.). Tog, sê Paulus, het hulle *nie gesondig in die gelykheid van die oortreding van Adam nie*. Adam se sonde was 'n bewuste, vrywillige, opsetlike verwerping van 'n uitdruklike gebod van God, soos ook uitkom in die woord *oortreding*. Die sonde van sy nakomelinge was egter anders. Hulle het deur die sonde van Adam onder die ban van die sonde gekom. Die sonde het hulle lewenselement geword (erfsmet). Hulle sonde was lot en daad tegelyk. Juis daarom sondig hulle nie in die gelykheid van Adam nie, want enersyds was hulle nie voor 'n duidelike gebod gestel soos Adam nie, en andersyds was hulle nie soos Adam meer vry om die goeie te kies

nie. As Paulus sê dat die *sonde nie toegereken word as daar geen wet is nie*, bedoel hy nie dat die sonde van die mense tussen Adam en Moses in die geheel nie toegereken word nie, maar dat dit nie op dieselfde wyse as dié van Adam toegereken word nie. Dit gaan hier spesifiek om die dood as loon op die sonde. Die mense tussen Adam en Moses het nie gesondig in die gelykheid van die sonde van Adam nie en ontvang daarom nie elkeen hoof vir hoof die dood as loon op sy eie persoonlike sonde nie. Dat hulle nogtans almal die dood ontvang het, moet dus toegeskrywe word aan die feit dat hulle in Adam begrepe was en die dood ontvang as loon op die sonde wat hulle in Adam gedoen het. Anders sou die gelykheid van die straf nie verklaarbaar wees nie, want die mense tussen Adam en Moses het nie gesondig in die gelykheid van Adam se oortreding nie, en tog het almal dieselfde straf as Adam ontvang. Hulle persoonlike sonde kom nie eers in berekening by die feit dat hulle almal die dood ontvang nie. Al sou hulle geen enkele daadsonde verrig het nie, sou hulle nogtans die dood skuldig gewees het vanweë hulle sonde in Adam. Die dood het immers deur die sonde van Adam oor sy hele nageslag gaan *heers* soos 'n tiran.

Uit die feit dat Adam se sonde hierdie beslissende betekenis vir die hele mensheid gehad het, lei Paulus af dat Adam 'n *voorbeeld is van Hom wat sou kom*, nl. Christus. Hierdie manier van uitdrukking laat blyk dus dat Adam nie die belangrikste figuur in die geskiedenis van die mensheid is nie, maar Christus. Adam is maar 'n heenwysing na Christus wat kragtens Gods raadsplan van ewigheid af bestem is om die nuwe mensheid in Hom in te sluit en te verteenwoordig (Ef. 1 : 4). Die uitdrukking *die Een wat sou kom* wys daarop dat die Messias bestem is om verwag te word van Adam af (vgl. Matt. 11 : 3). Al kom Christus in tydsorde later as Adam, sodat Hy die laaste Adam genoem word (1 Kor. 15 : 45), is Hy soveel meer as Adam.

15 Omdat Christus soveel méér is as Adam, is ook die betekenis van wat Hy vir die mensheid gedoen het, soveel méér as die betekenis van wat Adam gedoen het. Die woord vir *misdaad* beklemtoon dat Adam se sonde 'n uitval was uit Gods bedoeling met hom. Die woord *genadegawe* word gewoonlik gebruik vir die gawes wat die Heilige Gees verleen (12 : 6–8 ens.), maar het hier 'n meer algemene betekenis, gelyk aan *die gawe deur die genade* in die tweede helfte van die vers. Dit sien op die verlossing in Christus

met alles wat dit inhou, wat één groot genadegeskenk is. Die gawe deur die genade is veel meer as die ellende wat deur die misdaad van Adam veroorsaak is. Weliswaar het *baie* (waarmee bedoel word: al die baie wat in Adam begrepe was) deur die misdaad van die één gesterwe (daar in die Paradys al: dit gaan om 'n eenmalige gebeurtenis), maar die gawe deur die genade van die een mens, Jesus Christus, is tog nog veel meer as dit alles. Die misdaad van Adam en die genade wat in Christus verskyn het, is nie vergelykbare groothede nie, want die misdaad bewerk die dood, maar die genade skenk die lewe. En omdat genade in homself soveel meer is as 'n misdaad en die lewe in homself soveel meer as die dood, daarom is dit as sodanig véél meer wanneer die genade *vir baie oorvloedig* word as wat dit is wanneer die misdaad vir baie die dood beteken. Dit gaan vir Paulus veral om die *oorvloed* wat in die genade aanwesig is (vgl. v. 17, 20). Daarom is dit duidelik dat die *veel meer* van die genade nie bestaan in die numerieke oorwig van diegene wat gered sal word, oor diegene wat in Adam gesterf het nie, maar in die veel groter krag, die oorvloed van krag wat in die genade tot openbaring kom.

16 Paulus motiveer ook die veel méér van die genade (v. 15) deur daarop te wys dat die genade veel meer sonde moet bedek as die één sonde van Adam. Die één sonde van Adam was al genoeg om die oordeel oor alle mense te bring. Daarby het nog die groot oormag van sondedade gekom wat op Adam se sonde gevolg het. Tog blyk Gods genade groot genoeg te wees om al daardie sonde uit te wis en dus die *vryspraak* oor die skuldiges te laat weerklink.

17 Paulus beklemtoon dieselfde gedagte nog sterker. As die sonde van Adam sterk genoeg was om deur één misdaad die dood te laat heers, sal die genade van God wat tog veel meer as die sonde is, tog seker diegene *wat die oorvloed van die genade en van die gawe van geregtigheid ontvang* (of: aanneem) óók tot heerskappy bring. Die verskil is dan net, dat dit 'n heerskappy van die *lewe* is in teenstelling met die vroeëre heerskappy van die dood. Christus het die dood oorwin, nie net as fisiese dood nie, maar as dood in die volstrekte sin van geestelike en liggaamlike dood. In die plek daarvan stel Hy die lewe wat as onvernietigbaar die mens volkome herstel as mens van God. Opmerklik is die feit dat

Paulus nie sê dat, soos die dood geheers het, ook die lewe sal heers nie, maar dat *diegene* wat die genade aangeneem het, in die lewe sal heers. Terwyl die dood 'n mag is wat oor die mens heers, is die lewe nie 'n mag wat van buite oor die mens heers nie, maar *in hom* openbaar word, sodat gesê kan word dat die nuwe mens self oor die sonde en die dood gaan heers. Tog geskied ook dit nie anders as *deur Jesus Christus* nie. Van die herstelde mens kan dus veel heerliker dinge gesê word as van die mens voor die val van Adam. Dit alles kom deur die *Een* wat as Tweede Adam die mensheid verteenwoordig. Uit hierdie verse is dit trouens ook duidelik dat die verlossing wat Christus bewerk, nie net 'n bloot juridiese vryspraak van die skuld van die sonde is nie, maar 'n bevryding van die straf en die gevolge van die sonde, 'n toegang tot 'n nuwe, onvernietigbare lewe.

18, 19 Is dit uit v. 15–17 duidelik dat daar groot verskille tussen die daad van Adam en die gawe van Christus bestaan, op één punt is daar egter tussen Adam en Christus ooreenkoms. Dit bestaan daarin – hier word nou weer by v. 12 aangesluit – dat één persoon deur één daad vir almal wat aan hom verbonde is, kan optree, met as resultaat dat almal wat aan hom verbonde is, deel ontvang van die beslissing wat op die één persoon geval het. So staan by Adam die *één misdaad* (oortreding van die proefgebod) teenoor die *één daad van geregtigheid* van Christus (Sy aktiewe en passiewe gehoorsaamheid). So staan ook die veroordeling wat volg uit Adam se ongehoorsaamheid teenoor die regverdigverklaring wat volg uit Christus se gehoorsaamheid (v. 19). En in albei gevalle word *alle mense* (v. 18) of *baie* (v. 19) daardeur geraak, omdat Adam en Christus verbondshoofde is, sodat diegene wat deur hulle verteenwoordig word, deur hulle daad in 'n bepaalde situasie *gestel* word. Dit gaan daarby om die toerekening van God wat op grond van die verbondenheid van die mense met Adam of Christus ook aan hulle die ongehoorsaamheid of gehoorsaamheid van Adam of Christus respektiewelik toereken. Met *regverdigmaking van die lewe* (v. 18) bedoel Paulus die regverdigmaking wat nodig is om die lewe te kan beërwe. Die gebruik van die woorde *alle mense* (v. 18) en *baie* (v. 19) kan tot misverstand lei. Albei uitdrukkinge beteken egter presies dieselfde en dui diegene aan wat almal in die betrokke verbondshoof begrepe is. Dus, wanneer dit gaan om *alle mense* wat in Adam verlore is, sien dit op almal

wat in hom begrepe is, die *baie* wat in hom as hoof ingesluit is, dit is: die hele mensdom sonder onderskeid. Gaan dit egter om *alle mense* wat in Christus geregverdig word, beteken dit: alle mense wat in Christus begrepe was (dit is: almal wat deur die Vader uitverkies is en aan Christus gegee is, die nuwe mensheid, die *baie* wat deur die Eén verteenwoordig is). As Paulus oor Adam en die gevolge van sy daad spreek, gebruik hy die verlede tyd: dit is alles 'n voldonge feit. Spreek hy egter oor die gevolge van die gehoorsaamheid van Christus, dan gebruik hy die toekomende tyd, omdat die geregtigheid van Christus eers die deel van die mense word wanneer hulle glo òf ook (finaal) by die eindoordeel wat nog in die toekoms lê.

**

20 Onverwags bring Paulus weer eens die wet ter sprake. Sedert 3 : 21 handel hy daaroor dat die mens nie gered word deur die werke van die wet nie, maar net uit genade. In v. 13 het hy laat verstaan dat die doodsituasie waarin die mensheid beland het, nie deur die oortreding van die geskrewe wet tot stand gekom het nie, omdat dit al voor die geskrewe wet daar was. Wat was dan Gods bedoeling met die wet? As dit nie kan dien as 'n leer waarlangs 'n mens na die hemel kan opklim nie en ook nie die oorsaak is van die doodsoordeel oor die mensheid nie, waarom het God dit dan gegee? Paulus sê: *Die wet het* (as 't ware tersyde) *daar bygekom* as 'n soort tussenstadium in Gods groot heilsplan wat verloop tussen die twee pole: Adam en Christus. Dit dien daartoe om die misdaad meer te laat word, dit is: om die misdaad helderder te laat uitstaan, skuldiger te laat word. Die mens se sondige toestand word deur die gebod van die wet duideliker geopenbaar (vgl. 3 : 20 en 7 : 7 e.v.). Waar dit gebeur, kan die krag van Gods genade nou egter ook weer des te heerliker openbaar word, want *waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword*. Hoe skerper die besef van die sonde, hoe heerliker die roem in die genade wat dit wegneem, omdat die betekenis van Gods genade soveel duideliker besef word. Die wet staan dus in diens van die genade.

21 Die doel van dit alles is dat Gods genade verheerlik kan word en kan *heers*. Die wet moet die mens lei van Adam na Christus, van die dood na die lewe. Dit doen hy deur die mens van sonde te oortuig en só 'n tugmeester na Christus te wees (Gal.

3 : 24–25). Daarin dien die wet die triomf van Gods genade. Dit laat Gods genade skitter teen die donker agtergrond van die mens se sonde. Die uitdrukking *geregtigheid tot die ewige lewe* beteken: die geregtigheid wat die mens nodig het om die ewige lewe in te gaan. Dit word die mens se deel *deur Jesus Christus* (vgl. v. 1, 2, 6, 8, 9, 10, 11, 15, 17, 18, 19 waarin telkens op een of ander wyse beklemtoon word dat die verlossing ons alleen uit Christus toevloei). Hy is *onse Here*, want Hy het alleen volkome eiendomsreg oor diegene wat deur Hom met God versoen is.

# Afdeling IV:

# Vernuwing deur die Genade 6 : 1–8 : 39

Paulus se boodskap dat die verlossing van die mens enkel uit genade en sonder enige verdienste van sy kant is en sy beklemtoning van die feit dat die genade van God des te heerliker skitter teen die donker agtergrond van die mens se sonde (vgl. 3 : 4–8 en 5 : 20), is blykbaar meermale misverstaan. Beteken dit dat die mens dus maar kan lewe soos hy wil, onder die voorwendsel dat sy sonde tog op 'n negatiewe wyse in die diens van die genade staan, sodat Gods genade des te heerliker openbaar word na mate die mens dapperder sondig? Omdat Paulus dié vraag verwag, werp hy dit self op (6 : 1). In plaas van direk op die vraag te antwoord, gaan hy dan die ware betekenis van die verlossing uit genade op sodanige wyse toelig, dat dié vraag as 'n dwase en oppervlakkige vraag onthul word. Immers, die verlossing uit genade bring met hom die volkome vernuwing van die mens mee, sodat dit vir hom onmoontlik is om verder in die sonde te bly lewe.

Paulus werk hierdie waarheid uit deur eers daarop te wys dat die verlossing uit genade 'n bevryding van die heerskappy van die sonde beteken (6 : 1–23). Daarna toon hy aan dat die bevryding van die heerskappy van die sonde saamhang met die bevryding van die wet (7 : 1–8 : 13). Eindelik laat hy sien dat die vernuwing as volkome vernuwing deel van die erfenis is wat Gods kinders in elk geval deelagtig sal word (8 : 14–39).

## A. VERNUWING AS VRYHEID VAN DIE SONDE: 6 : 1–23

Ons kan hierdie hoofstuk in twee paragrawe onderverdeel:

(i) Verse 1–14 waarin aangetoon word dat die gelowiges die vryheid van die heerskappy van die sonde as 'n nuwe, geskenkte werklikheid deelagtig geword het vanwee hulle eenheid met Christus in Sy dood en opstanding;

(ii) v. 15–23 waarin aangetoon word dat hierdie vryheid van die heerskappy van die sonde noodwendig openbaar moet word

in 'n nuwe gehoorsaamheid en diensbaarheid aan die geregtigheid.

(i) ***Vryheid van sonde as 'n nuwe werklikheid: 6 : 1–14***

1 Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan
2 word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons
3 nog daarin lewe? Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus
4 gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom be-
grawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode
opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe
5 lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die ge-
lykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy
6 opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is,
sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie
7 meer die sonde sou dien nie. Want hy wat gesterf het, is geregverdig
8 van die sonde. As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat
9 ons ook saam met Hom sal lewe, omdat ons weet dat Christus, nadat
Hy opgewek is uit die dood, nie meer sterf nie. Die dood heers oor
10 Hom nie meer nie. Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die
sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir
11 God. So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar
12 lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat die sonde dan in
julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoor-
13 saam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die
sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskik-
king van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle
14 lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die
sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie,
maar onder die genade.

1 Die vraag *Wat sal ons dan sê?* word deur Paulus meermale gebruik by 'n aanvang van 'n nuwe deel van die argument (4 : 1, 8 : 31 ens.). Die vraag wat hier gestel word, is of die evangelie van genade nie die mens se verantwoordelikheid om die sonde te ontvlug, vernietig nie. Dit slaan op 5 : 20 waarin verklaar word dat die vermeerdering van die sonde die vermeerdering van genade meegebring het. Die bedoeling van die vraag is of dit nie tot meerdere eer van God sal strek as die mens in sy sonde volhard, sodat Gods genade in die verlossing des te beter kan skitter nie.

2 Paulus wys so 'n vraag as iets lasterliks van die hand (vgl. 3 : 4, 6). Hy motiveer hierdie skerp afwysing deur 'n aantal teenvrae wat daarop bereken is om die absoluut ondenkbare van so 'n vraag as dié van v. 1 aan te toon. Die vrae is gebaseer op

wat hy in 5 : 12 e.v. betoog het, nl. dat die gelowiges almal in Christus begrepe is en daarom deel het aan wat met Hom gebeur het. Toe Christus dus aan die kruis gesterwe het, het die gelowiges saam met Hom daar gesterwe, net soos Paulus tevore kon sê dat almal in Adam gesondig het (5 : 12). Daardeur het hulle egter *die sonde afgesterf*. Die bedoeling is dat hulle met betrekking tot die sonde gesterwe het. Die verbintenis tussen hulle en die sonde is deur hulle dood in Christus eenvoudig deurgesny. Ons moet hier dink aan die beeld van 'n slaaf wat in diens staan van sy heer, maar wat deur die dood van die diens onthef word. Deur Sy vrywillige vereenselwiging met die sondaars in hulle nood, was Christus ook onder die oordeel van die sonde en die sonde kon dus bepaalde eise ten opsigte van Hom laat geld. Deur Sy dood is Hy egter vry van enige eise wat die sonde met betrekking tot Hom as verteenwoordiger van die sondaars kon gehad het. Daardeur is almal wat Hy verteenwoordig het, egter saam met Hom aan die mag en eise van die sonde onttrek. Paulus beantwoord dus nie die vraag of die evangelie sorgelose mense kweek, met 'n vermaning dat die gelowiges tog goed moet lewe nie. Hy beantwoord dit deur met 'n teenvraag te wys op wat die gelowiges in werklikheid in Christus is: dood ten opsigte van die sonde. Dit maak dit eintlik onmoontlik vir hulle om nog in die sonde te bly. Die *ons* in v. 2 beteken eintlik: *mense soos ons*. Mense soos hulle wat met Christus gesterwe het, kan net eenvoudig nie meer in die sonde bly nie. In werklikheid is dit 'n vraag hoe dit nog moontlik is dat sulke mense in die geheel enige verband met die sonde kan hê.

3 Uit die dooponderrig behoort die gelowiges te weet dat die doop 'n verband lê tussen die gedoopte en die dood van Christus. Die doop is 'n teken en 'n seël van die reiniging van die sondes deur die dood van Christus. Dié reiniging berus nou egter nie alleen daarop dat Christus met Sy bloed ons sondes voor God bedek het nie (3 : 25), maar ook daarop dat Christus die sonde afgesterf het en elkeen wat met Hom in gemeenskap verkeer, dus ook die sonde afgesterwe het (v. 2). Wie met die dood van Christus verbind is (soos wat deur die doop verseël word), is losgemaak van enige verbintenis met die sonde.

4 Die doop dui 'n sodanige innige verbintenis tussen die dopeling en die dood van Christus aan, dat gesê kan word dat die dope-

ling met Christus *begrawe is deur die doop in die dood* (van Christus). Deur van *begrafnis* te spreek, beklemtoon Paulus die dood-wees vir die sonde as 'n absolute finaliteit, want die begrafnis spreek nog sterker as die sterwensuur van die onherroeplikheid van die dood. Paulus wil daarmee sê: dit is absoluut verby. Die sonde het geen reg of vat meer op ons nie, want ons is wat die sonde betref, radikaal dood. Dit is wat die doop verseël. Terselfdertyd bevestig die doop egter ook aan hulle dat hulle deel in die opstanding van Christus. Hy is *opgewek deur die heerlikheid van die Vader*, dit is, deur die heerlike almag van God. Vanweë hulle eenheid met Hom geld Sy opstanding nou egter ook vir hulle as die aanvang van 'n lewe in vryheid van die sonde. Dieselfde krag van God wat Christus uit die dood opgewek het, maak dat die gelowiges nou ook *in 'n nuwe lewe kan wandel*. Hulle behoort nie meer tot die heerskappy van die sonde nie, maar tot dié van die lewe wat in Christus se opstanding deurgebreek het. Die woord *wandel* druk die durende, blywende van die nuwe lewe uit.

5 Die laaste gedagte van v. 4 word nader verduidelik. Die *gelykvormigheid* waarvan hier sprake is, dui 'n afbeelding aan of in die algemeen iets wat ooreenkoms vertoon met 'n ander saak. Die *gelykvormigheid aan Sy dood* is dus 'n afbeelding van die dood van Christus. Dit bestaan daarin dat die gelowige die sonde afsterwe en dus geestelik vir die sonde net so dood is as wat Christus liggaamlik aan die kruishout dood was. Hierdie afsterwing van die sonde het, wat die gelowiges betref, reeds op Golgota plaasgevind en is dus 'n afgehandelde saak (v. 2–3). Die boodskap van die doop is dat hulle met daardie *gelykvormigheid aan Sy dood saamgegroei het*, dit wil sê, dat hulle innig verbind is, één geword het, met die afsterwing van die sondes wat in die dood van Christus plaasgevind het. Volgens die beste handskrifte moet die woorde *met Hom* voor *saamgegroei* wegval. Paulus wil nie sê dat die gelowiges met Christus saamgegroei het nie, maar met die afsterwing van die sondes wat 'n afbeelding is van die dood van Christus. Die woord *saamgegroei* dui nie 'n proses aan nie, maar alleen die feit van 'n innige verbondenheid, 'n onverbreekbare eenheid. Paulus se redenasie kom dus daarop neer dat die doop aan die gelowiges die versekering gee dat hulle ingeplant is in die geestelike doodwees vir die sonde, en hy lei daaruit af dat as dit die geval is, hulle tog ook seker kan wees daarvan dat hulle net so ingeplant is

in die geestelike lewendig-wees vir God (wat 'n afbeelding is van die liggaamlike opstanding van Christus). Met ander woorde: dit is vir die gelowige onmoontlik om in die sonde voort te lewe, want daar het met sy lewe iets gebeur. Hy is met Christus gekruisig en opgewek, wat beteken dat hy geestelik vir die sonde doodgemaak is en tot 'n lewe van Godsverheerliking opgewek is.

6 Dieselfde waarheid word nog eens verduidelik. Omdat ons in Christus begrepe is, was Sy kruisiging op Golgota terselfdertyd ook ons kruisiging. *Ons weet* dit, dit is: ons weet dit deur die geloof. Paulus sê nou spesifiek dat *ons oue mens* saam gekruisig is. Die *oue mens* is onsself in ons bestaan wat deur die sonde beheers word, ons as gevalle mense. Christus het Homself as ons Middelaar met ons in ons toestand van gevallenheid vereenselwig en daarom die dood gesterf wat ons oue mens verdien het. Daardeur is die oue mens in Hom aan die kruis geslaan. Die *liggaam van die sonde* is prakties dieselfde as die oue mens, behalwe dat dit meer die aandag vestig op die feit dat die sonde wat van die mens besit geneem het, in die liggaamlike bestaan van die mens 'n instrument vind vir sy openbaring in talle vorme. Dié liggaam van die sonde is nou egter aan die kruis *tot niet gemaak*. Ons kan ook vertaal: verlam, kragteloos gemaak, van aktiwiteit berowe. Dit het geskied *sodat ons nie meer die sonde sou dien nie*. Die oue mens kan niks anders doen as om die sonde te dien nie. Waar hy egter saam met Christus gekruisig is, kan die gelowiges nie meer die sonde dien nie. Indien hulle dit tóg sou wil doen, sou hulle agter die kruis van Christus moet teruggaan en 'n dooie daar gaan haal, nl. die oue mens.

7 Die rede waarom die gelowiges deur hulle kruisiging saam met Christus werklik vry geword het van die sonde, word deur Paulus aangegee met die woorde: *Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde*. Die woord *geregverdig* beteken hier: ontslae van enige verpligting. Die sonde het geen vat meer op die gelowiges nie, want hulle is dood vir die sonde, en 'n gestorwene het geen regsverpligtinge meer nie. Daarom kan die gelowiges nie meer slawe van die sonde wees nie.

8–10 'n Samevattende gevolgtrekking uit die voorafgaande. As dit waar is dat die gelowiges (eens op Golgota) met Christus

gesterf het, *glo ons ook dat ons ook saam met Hom sal lewe,* dit wil sê: dat ons reeds hier in 'n nuwe lewe sal wandel en eenmaal die heerlikheid van die ewige lewe met Hom deelagtig sal wees. Die sekerheid daarvan is gegee in die feit dat Christus eens en vir altyd gesterf het en nie meer na die dood kan terugkeer nadat Hy opgewek is nie (v. 9). So kan ook die gelowiges nie meer terugkeer na 'n lewe in die sonde nie. Die dood *heers nie meer* oor Christus nie. Vanweë Sy vereenselwiging met die sondes van Sy volk was daar 'n tyd toe die dood wel 'n sekere eis ten opsigte van Christus kon stel en Hom onder sy heerskappy kon intrek, omdat Hy die loon van die sonde moes ontvang. Toe Christus egter gesterwe het vir die sonde, is alle eise wat die dood ten opsigte van Hom kon gehad het, deurbreek. Die dood kan dus nie meer oor Hom heers nie. Hy het immers *eens en vir altyd vir die sonde gesterwe* (v. 10). Dit hoef nie weer oorgedoen te word nie en kan nie meer ongedaan gemaak word nie (vgl. Hebr. 7 : 27; 9 : 12, 26, 28). Daar is dus niks meer wat Sy lewe as 'n *lewe vir God* kan onderbreek nie. Hy is verhoog aan die regterhand van die Vader en ly daar 'n lewe wat geheel en al tot Gods beskikking is. Uit hierdie finaliteit van die dood van Christus vir die sonde volg ook die finaliteit van die breuk wat ontstaan het tussen die gelowiges en die sonde.

11 Slegs één gevolgtrekking kan gemaak word uit die feit dat die gelowiges saam met Christus gekruisig en opgewek is: dat hulle *dood is vir die sonde, maar lewend is vir God in Christus.* Dit is 'n geloofswaarheid wat nie op grond van hulle ervaring vasgestel kan word nie. Daagliks ervaar hulle maar nog die werklikheid van die sonde in hulle lewe. Tog roep Paulus hulle daartoe op om te glo dat hulle vir die sonde dood is, te *reken* dat hulle vir die sonde dood is. *In Christus* is dit immers 'n werklikheid dat hulle gekruisig en opgewek *is*. Hulle moet gelowig hulle posisie in Christus inneem en daarmee prakties reken dat wat in Christus van hulle waar is, ook in die praktyk van hulle daaglikse lewe waar sal wees.

12 Op die basis van die voorafgaande kan Paulus nou daartoe oorgaan om die gelowiges te vermaan om te handel in ooreenstemming met wat hulle diepste werklikheid in Christus is. Hulle mag nie toelaat dat die sonde voortgaan om soos vroeër in hulle sterflike liggame te heers nie. Die *sterflike liggaam* is die aardse, swakke, verganklike menslike bestaan. Vanweë die sonde word hier-

die liggaamlike bestaan van die mens maklik die bron van allerlei verkeerde begeerlikheid. Aan sulke begeerlikhede mag die gelowige egter nie meer *gehoorsaam* wees nie.

13 Die *lede* waarvan hier sprake is, is dieselfde as die sterflike liggaam, hoewel die klem daarin meer lê op die verskeidenheid van die organe met hulle funksies waardeur die mens homself uitleef. Die begrip is verwisselbaar met *julleself* soos uit die tweede helfte van die vers blyk. Die woord wat met *werktuie* vertaal is, beteken eintlik *wapens*. Paulus sien die gelowiges as betrokke in die stryd tussen lig en duisternis. Daarby is dit moontlik dat hulle hulself met hulle lede as wapentuig tot beskikking kan stel vir krygsdiens in belang van die ongeregtigheid. Paulus vermaan hulle egter om nie voort te gaan (aldus die tyd van die werkwoord) om dit te doen nie. Hulle het immers met Christus *uit die dode lewend geword* (v. 5–11) en is daarom verplig om hulself *tot beskikking van God te stel* as wapentuig in diens van die geregtigheid. Die werkwoordtyd wat gebruik word, wil eintlik sê: *begin* om julleself tot beskikking van God te stel. *Geregtigheid* beteken in hierdie verband: 'n lewe van gehoorsaamheid aan God.

14 Die rede waarom dit moontlik is om die voorafgaande vermaning tot die gelowiges te rig, lê in die sekerheid dat die sonde nie oor hulle *sal heers nie*. Stryd teen die sonde sal altyd daar wees, maar dit is geen hopelose stryd nie. Die oorwinning is gewaarborg. Al sal die gelowiges nog in die sonde val, hulle hoef nie in die sonde te bly lê nie. Paulus baseer hierdie versekering op die feit dat hulle *nie meer onder die wet* is nie, maar *onder die genade*. Met die uitdrukking *onder die wet* bedoel Paulus: onder die verpligting om die wet te onderhou as voorwaarde om die geregtigheid te verwerf, met as noodsaaklike uitvloeisel daarvan die veroordeling deur die wet as daar nie aan sy eise voldoen word nie. Die sondige mens kan egter nooit in eie krag aan die eise van die wet voldoen nie; inteendeel, die sonde gebruik juis die wet om sy volle krag in die lewe van die mens tot openbaring te laat kom (vgl. 5 : 50, 7 : 7–26). Solank die mens dus onder die wet lewe, bly hy ook onder die mag van die sonde en is dit vir hom onmoontlik om werklik tot oorwinning oor die sonde te kom. Toe die gelowiges egter met Christus gekruisig is, het hulle nie alleen die sonde nie, maar ook die wet afgesterwe (7 : 1–6). Daardeur het hulle tot God

in 'n totaal nuwe verhouding te staan gekom, wat nie meer deur die onderhouding van die wet uit eie krag bepaal word nie, maar deur die genade. Tans lewe hulle *onder die genade*, dit is: onder die bestendige guns van God wat as handelende liefde in hulle lewe 'n groot vernuwing bewerk. In Christus is hulle dood vir die sonde en vry van die wet wat aan die sonde sy groot geleentheid verskaf het om hulle onder die sonde te hou. Eers nou is vernuwing moontlik (8 : 4).

(ii) *Vryheid van sonde en die nuwe gehoorsaamheid: 6 : 15-23*

15 Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie,
16 maar onder die genade? Nee, stellig nie! Weet julle nie dat aan wie
julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te
wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie –
òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot die gereg-
17 tigheid? Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde
was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van
18 die leer wat aan julle oorgelewer is, en, vrygemaak van die sonde, het
19 julle diensbaar geword aan die geregtigheid. Ek spreek menslikerwys
ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede
diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos
te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid
20 tot heiligmaking. Want toe julle diensknegte was van die sonde, was
21 julle vry van die geregtigheid. Watter vrug dan het julle toe gehad van
die dinge waaroor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is
22 die dood. Maar noudat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar
geword het aan God, het julle vrug tot heiligmaking en uiteindelik die
23 ewige lewe. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genade-
gawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.

15 Die vraag van v. 1 word op 'n ander manier herhaal: Hef die genade nie die mens se verantwoordelikheid op, sodat hy maar die wet kan ignoreer en die sonde kan doen onder die voorwendsel dat hy nie onder die wet is nie, maar onder die genade, soos v. 14 leer nie? Die vraag word as iets lasterliks van die hand gewys (vgl. by 3 : 4, 6 en 6 : 2).

16 Paulus antwoord op die vraag van v. 15 met 'n teenvraag. Anders as in v. 2 e.v., waar hy uitgegaan het van die feit dat die genade 'n mens juis verander, sodat dit onmoontlik is om in die sonde te bly, wys hy tans spesifiek op die mens se verantwoordelikheid wat nie deur die genade opgehef word nie, maar in diens geneem word. Geen mens kan twee here dien nie. Die mens wat

homself dus as slaaf in gehoorsaamheid aan die sonde onderwerp, bewys daarmee onteenseglik dat hy nog steeds 'n slaaf van die sonde en die dood is. Wie homself egter tot beskikking stel van die *gehoorsaamheid tot geregtigheid*, dit is: die gehoorsaamheid aan Gods Woord waardeur die mens wandel in wat reg is voor God, bewys daarmee dat hy 'n dienskneg is van die geregtigheid. Uit die mens se wandel blyk onteenseglik wie hy as heer dien. Daarom is dit onmoontlik dat iemand wat werklik die genade deelagtig geword het, nog die sonde kan dien *omdat* hy die genade ontvang het! Die uitdrukking: „gehoorsaam aan die gehoorsaamheid" klink natuurlik vreemd. Die bedoeling is egter om die gehoorsaamheid aan die geregtigheid te teken as die *ware* gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid aan die sonde is ongehoorsaamheid.

17, 18 Die Romeine het reeds die oorgang gemaak van diensbaarheid aan die sonde tot diensbaarheid aan die geregtigheid. Daar bestaan 'n radikale verskil tussen wat hulle vroeër *was* en nou *geword het* (vgl. Titus 3 : 3–4). Hulle is tans nie meer diensknegte van die sonde nie, maar is vrygemaak van die sonde en het diensbaar geword aan die geregtigheid (v. 18). Dit het gebeur toe hulle *van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer* wat aan hulle *oorgelewer is*. Die evangelie is 'n krag van God tot saligheid (1 : 16) wat geloofsgehoorsaamheid in 'n mens se lewe bewerk (1 : 5). Wie gelowig die evangelie aanneem en dus ook glo dat hy werklik in Christus bevry is van die sonde, ontvang ook dié bevryding in die praktyk van sy lewe. Die *voorbeeld van die leer*, letterlik: die *tipe* van die leer, dui die Christelike boodskap aan in onderskeiding van ander boodskappe en leerstellings. Moontlik sien dit hier reeds op die oud-Christelike belydenis soos dit in die dooponderrig aan die katkisante meegedeel is. Dit is aan hulle *oorgelewer:* aanvanklik is die boodskap mondeling oorgedra. Wat deur die apostels oorgelewer is, dra besondere gesag, omdat hulle dit van Christus ontvang het of ooggetuies was van wat gebeur het (vgl. 1 Kor. 11 : 23; 15 : 3, ens.).

19 Paulus maak verskoning daarvoor dat hy *menslikerwys* spreek, dit is, in terme wat aan die menslike lewe ontleen is en maar net 'n gebrekkige uitdrukking aan die geestelike waarhede kan gee. Dit doen hy *ter wille van die swakheid van julle vlees*, dit wil sê: ter wille van die menslike onvermoë om die geestelike waarhede

reg te begryp. Paulus dink hier aan die feit dat hy in hierdie vers die geestelike diensbaarheid van die mens aan die sonde of die geregtigheid vergelyk met slawediens teenoor 'n heer. Dit is immers 'n uiters gebrekkige beeld, veral as dit gaan om die diensbaarheid aan die geregtigheid, die *heiligmaking*, wat tog geen slawediens is nie, maar die hoogste vryheid. Met heiligmaking bedoel Paulus die afsondering van die gelowiges uit die wêreld om enkel die eiendom van God te wees en in ooreenstemming daarmee te lewe. In dié sin kan Paulus heiligmaking stel teenoor *onreinheid* en *wetteloosheid*. Die gelowiges leef wel nie meer onder die wet nie, maar tog ook nie in stryd met die wet (wetteloos) nie, want juis die mens onder die genade is vry om in gehoorsaamheid aan God te lewe en só aan die eis van die wet te voldoen (vgl. 8 : 4). Vir *lede*, vgl. v. 13.

20–22 Die diens aan die sonde en die diens aan die geregtigheid word met mekaar vergelyk ten opsigte van hulle vrugte. Wie 'n dienskneg van die sonde is, is vry van die geregtigheid. Wat 'n vryheid! Die geregtigheid het dan geen heerskappy oor so 'n mens nie. Die gevolg is dat hy dinge doen waaroor hy homself later alleen maar kan skaam as hy van die diens van die sonde verlos is. Die skaamte is egter nie die ergste nie. Die ergste is dat die sonde se uiteinde die *dood* is. Die woord *uiteinde* laat ons verstaan dat die sonde voorlopig nog nie in al sy dodelike gevolge sigbaar is nie. Die skone skyn daarvan bedrieg. Uiteindelik moet dit egter op die dood uitloop, want die loon van die sonde is die dood (v. 23). Wie egter vrygemaak is van die sonde (soos dit met die gelowiges die geval is) en aan God diensbaar geword het, dra *vrug tot heiligmaking* en *uiteindelik die ewige lewe*. Die ewige lewe is nie die uiteindelike resultaat van 'n lewe tot diens van God nie. Dit is reeds nou al die deel van die gelowiges en is werksaam in hulle lewe van heiligmaking. Tog sal daar uiteindelik 'n volle openbaring van die ewige lewe wees in diegene wat uit die diens van die sonde bevry is in gemeenskap met Christus.

23 Die woord vir *loon* beteken in eerste instansie *soldy* van 'n soldaat. In die lig van v. 13, waar van wapenrusting sprake is, is dié beeld betekenisvol. Wie as 'n soldaat in diens van die sonde stry, sal seker sy soldy ontvang: die dood. Met *dood* word hier bedoel die geestelike en liggaamlike dood.

Ons sou verwag dat die vers nou ook verder sou lees: maar die

loon van die diens aan God is die ewige lewe. Dit kan Paulus egter nie skrywe nie, want die ewige lewe is 'n *genadegawe*, 'n geskenk uit Gods vrye guns. Dit word aan die mens geskenk *in Christus Jesus*, dit is in gemeenskap met Hom, deur geloof in Hom. Hy is *onse Here*, want Hy het ons gekoop met Sy bloed en het volle eiendomsreg oor ons.

## B. VERNUWING AS VRYHEID VAN DIE WET: 7 : 1–8 : 13

In die gang van sy betoog oor die vernuwing wat deur die genade in die lewe van die gelowige tot stand gebring word, vind Paulus dit noodsaaklik om te spreek oor die verband tussen hierdie vernuwing en die wet. Hy is nog steeds besig om duidelik te maak dat lewensvernuwing nie tot stand kan kom deurdat die mens in eie krag die wet probeer hou nie, maar dat dit eers 'n werklikheid word wanneer die mens onder die genade lewe. Daarby spreek hy op dramatiese wyse en stel die sonde voor as 'n mag wat die mens in diensbaarheid geknel hou. Uit hierdie diensbaarheid kan die mens homself nie ontworstel nie – ook nie met behulp van die wet nie. Inteendeel, die sonde maak juis van die wet gebruik om die mens nog meer onder sy mag te bring, sodat 'n lewe *onder die wet* en *onder die sonde* prakties saamval (vgl. 6 : 14). Dit is nie die skuld van die wet nie, want die wet self is goed. Die skuld lê in die sondige aard van die mens wat aan die sondemag die geleentheid verskaf om die wet só verkeerd in die lewe van die mens te gebruik. Maar juis daarom is dit noodsaaklik dat die mens nie meer onder die wet moet lewe nie, maar daarvan vry moet wees, sodat die sonde dit nie meer kan gebruik om Gods kinders verder in diens van die sonde te hou nie. Paulus spreek daaroor in 7 : 1–8 : 13, wat as 'n verdere uitwerking van 6 : 14 beskou moet word.

Ons kan dit soos volg onderverdeel:

(i) 7 : 1–6 verkondig die vrymaking van die wet as 'n feit vir die gelowiges;
(ii) 7 : 7–26 laat ons die mag van die sonde en die kragteloosheid van die wet sien, omdat aangetoon word dat die sonde juis die wet gebruik om sy mag te openbaar en die mens langer in diensbaarheid te hou;
(iii) 8 : 1–13 leer dat die vernuwing van die mens dus eers tot

stand kan kom as hy nie meer onder die wet is nie, maar onder die genade.

(i) *Vryheid van die wet as 'n feit in Christus: 7 : 1–6*

1 Of weet julle nie, broeders – want ek spreek met mense wat die wet
2 ken – dat die wet oor die mens heers solank as hy lewe nie? Want die
getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar as
3 die man sterwe, is sy ontslae van die wet van die man. Daarom dan,
as sy 'n ander man s'n word terwyl haar man lewe, sal sy 'n egbreekster
genoem word; maar as die man sterwe, is sy vry van die wet, sodat sy
4 nie 'n egbreekster is as sy 'n ander man s'n word nie. So, my broeders,
is julle dan ook ten opsigte van die wet dood deur die liggaam van
Christus, om aan 'n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die
5 dode opgewek is, sodat ons tot eer van God vrugte kan dra. Want toe
ons in die vlees was, het die sondige hartstogte wat deur die wet kom,
6 in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra. Maar nou is ons ont-
slae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf
het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid
van die letter nie.

1 Paulus begin met 'n beroep op die feit dat die mense van Rome tog as mense met wetskennis – ons sou ook kon sê: mense met 'n regsbesef – sal weet dat die eise van die wet vir die mens net geld solank as wat hy *lewe*. As hy dood is, bind die wet hom nie meer nie.

2, 3 As illustrasie daarvan voer Paulus die voorbeeld aan van die huweliksreg. Slegs solank as wat die eggenoot lewe, word die eggenote aan hom verbind deur die wet. Indien die man egter sterwe, hou die eis van die wet van haar verbondenheid aan die man (Paulus noem dit: *die wet van die man*) dadelik op om te bestaan. As sy aan 'n ander sou behoort het solank haar man nog gelewe het, sou sy 'n egbreekster wees, maar ná sy dood is sy vry om aan 'n ander te behoort, sonder dat sy 'n egbreekster sal heet. Die bedoeling van Paulus is om duidelik te maak dat die *dood* die wet buite werking stel. Daarom kan hy hier ewe goed praat van die dood van die *man*, hoewel ons op grond van die uitspraak in v. 1 sou verwag het dat hy sal spreek oor die dood van die *vrou*. Paulus gebruik dit egter op hierdie wyse, om die moontlikheid te behou om die beeld só toe te pas dat die een wat deur die dood van die eis van die wet ontstaan is, weer 'n nuwe verhouding kan aangaan. Sommige meen dat Paulus met die *man* die oue mens

bedoel wat as 't ware soos in 'n huwelik verbind is aan die *ek*, die eintlike self van die mens. Eers wanneer die oue mens sterwe, is die mens self vry om aan Christus te behoort.

4 Paulus verduidelik hier wat hy met die beeld van 2–3 bedoel. Die gelowiges is *ten opsigte van die wet dood deur die liggaam van Christus*. Die apostel gryp daarmee terug op wat in hfst. 6 gesê is. Die gelowiges het eens saam met Christus op Golgota gesterwe. Die *liggaam van Christus* waarvan hier sprake is, is die gekruisigde liggaam. Christus het in Sy menslike natuur die straf van die sonde gedra en daarmee die eis van die wet, nl. dat die oortreders gestraf moet word, afgehandel. Die wet kan dus geen eis meer ten opsigte van Christus laat geld nie. Deur hulle identifikasie met Christus en hulle dood saam met Hom kan dieselfde nou ook van die gelowiges gesê word. Die eis van die wet, dat hulle met die dood vir hulle sondes moet betaal, is afgehandel. Hulle is dus vry van die wet. Hulle is dood ten opsigte van die wet. Die wet kan hulle nie meer veroordeel nie (8 : 1). Al hulle oortredinge van die wet is klaar in Christus gestraf. In dié sin is hulle dus ontslae van die wet. Hulle leef agter die oordeel van die wet. Dat die wet ook nog vir die gelowiges 'n funksie het, word deur Paulus hier nie verder ter sprake gebring nie. Hy wil hier enkel beklemtoon dat die wet as veroordelende instansie op hulle net so min 'n vat het as op dooie mense. Dié feit blyk egter vir hulle lewensvernuwing van groot gewig te wees, want deurdat hulle vir die wet dood is en nie meer onder die heerskappy van die wet staan nie, het hulle vry geword om aan Christus te behoort en voortaan tot eer van God vrugte te dra. Solank die mens immers *onder die wet* lewe, gebruik die sondemag die wet om jou voortdurend te laat sondig. Is jy egter ontslae van die wet en geplaas in 'n lewe *onder die genade*, dan word dit eers moontlik om werklik die wil van God te doen (vgl. 6 : 14 en 8 : 4). In die lig van v. 2–3 sou ons eintlik verwag het dat Paulus in v. 4 moet sê dat die *wet* vir die gelowiges dood is, nie hulle vir die wet nie. Paulus gryp egter op v. 1 terug, hoewel die uitdrukking *om aan 'n ander te behoort* weer terugslaan op v. 3. Ons moet òf aanvaar dat hierdie verwisseling in die beeld moontlik is, omdat die sentrale feit waarom dit gaan, die *dood* is wat in elk geval alle verbintenisse verbreek, òf ons moet aanvaar dat die *man* waarom dit hier gaan, die oue mens is, die vrou die eintlike self van die mens, en die

verwisseling van eggenoot 'n beeld vir die oorgang van die gelowiges deur die dood van die oue mens tot die nuwe verbondenheid aan Christus (vgl. die uitleg by v. 2–3).

5 Met *vroeër* dui Paulus die tyd aan toe die gelowiges nog *onder die wet* was, die tyd voor hulle gelowig geword het. Hy noem dit die tyd toe hulle *in die vlees* was, 'n uitdrukking wat soms die swakke, aardse bestaan van die mens kan aandui (vgl. Gal. 2 : 20; Fil. 1 : 22, 24), maar hier beslis sien op die lewe in sonde, die lewe volgens die ou natuur. In dié tyd het die hartstogte van die sonde die mens gedryf om dade te verrig wat nie anders getipeer kan word as *vrugte vir die dood* nie, omdat dit die doodsoordeel oor hom inroep (vgl. 6 : 21, 23). Die hartstogte werk in die *lede*, dit is: mobiliseer die mens se organe en funksies as wapens in die stryd van die duisternis teen die lig (vgl. 6 : 13, 19). Paulus voeg daaraan toe dat dergelike hartstogte *deur die wet kom*. Net soos in 6 : 14 lê hy dus 'n direkte verband tussen die wet en die heerskappy van die sonde. Die sonde word deur die wet tot aksie geprikkel. Sodra die mens teenoor die gebod van God te staan kom, staan die sondige hartstogte in hom op (vgl. v. 7 e.v.).

6 Die woorde *maar nou* sien op die nuwe situasie wat ontstaan het deur die verlossing wat Christus tot stand gebring het. Die gelowiges het daaraan deel ontvang toe hulle gelowig geword het. In hierdie situasie is hulle *ontslae van die wet*. Hulle leef agter die oordeel van die wet (vgl. uitleg by v. 4). Omdat hulle die wet *afgesterwe het* toe hulle met Christus op Golgota gekruisig is, kan die wet hulle nie meer *gebonde* hou, onder arres hou vir die dag van die oordeel nie. Hulle het vry geword van die wet wat hulle veroordeel het en altyd weer die sonde in hulle geprikkel het (vgl. v. 5). Daardeur het hulle tot God in 'n totaal nuwe verhouding te staan gekom, 'n verhouding wat nie meer deur die wet of die onderhouding van die wet gestempel word nie, maar deur die genade. Vroeër kon hulle alleen as slawe tors aan die sware las van 'n gebod wat hulle tog nie kon vervul nie. Dit was 'n diens *in die oudheid van die letter*, toe die uiterlike gebod met sy onverbiddelike eise oor hulle lewe gestaan het en van hulle onvoorwaardelike gehoorsaamheid geëis het. Tans *dien* hulle ook nog, maar in 'n ander verhouding: *in die nuwigheid van die Gees*. Die Heilige Gees woon tans in hulle harte en vervul aan hulle die beloftes van Jer. 31 : 33 en

Eseg. 36 : 27, dat die wet van God op hulle harte geskrywe sal word, sodat hulle dit spontaan, van binne uit, sal doen (vgl. 8 : 4).

(ii) ***Die mag van die sonde en die kragteloosheid van die wet: 7 : 7–26***

7 Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee, stellig nie! Inteendeel, ek
sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou
ook die begeerlikheid nie geken het as die wet nie gesê het: Jy mag nie
8 begeer nie. Maar die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en in
my allerhande begeerlikhede gewerk; want sonder die wet is die sonde
9 dood. En sonder die wet het ek vroeër gelewe, maar toe die gebod
10 kom, het die sonde weer opgelewe en ek het gesterwe. En die gebod
11 wat die lewe moes wees, dié het vir my geblyk die dood te wees. Want
die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en my verlei en daar-
12 deur gedood. Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig
13 en goed. Het die goeie dan vir my die dood geword? Nee, stellig nie!
Maar wel die sonde, dat dit kon blyk sonde te wees, omdat dit deur
die goeie vir my die dood bewerk, sodat die sonde deur die gebod
14 uitermate sondig kon word. Want ons weet dat die wet geestelik is,
15 maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. Want wat ek doen, weet
ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek.
16 En as ek doen wat ek nie wil nie, dan stem ek die wet toe dat dit goed
17 is. Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat
18 in my woon. Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds
woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen,
19 dit vind ek nie. Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die
20 kwaad wat ek nie wil nie, doen ek. Maar as ek doen wat ek nie wil nie,
21 dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon. Ek vind
dus hierdie wet: as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig.
22 Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens;
23 maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van
my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in
24 my lede is. Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van
25 hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! So dien
26 ek self dan wel met die gemoed die wet van God, maar met die vlees
die wet van die sonde.

7 Die vraag: *Wat sal ons dan sê?* toon dat Paulus met 'n nuwe onderdeel van sy argument begin ter verduideliking van wat vroeër gesê is, sodat moontlike misverstand verwyder kan word (vgl. by 6 : 1). Hy wil verduidelik waarom 'n lewe onder die wet nooit tot vernuwing kan lei nie, sodat dit noodsaaklik is dat die mens van die wet bevry moet word. Terselfdertyd wil hy die misverstand uit die weg ruim dat dit die skuld van die wet is dat die mens nie met behulp van die wet homself in eie krag kan vernuwe

nie. Daarom wys hy die vraag of *die wet sonde* is, as iets lasterliks van die hand. Die wet is in homself heilig en goed (v. 12). Die wet wys die goeie aan en verbied die slegte. Daarom het die wet die goeie uitwerking dat dit die mens leer om die sonde te ken. Eers wanneer die gebod van God die sonde aanwys, begryp die mens dat dit sonde is (3 : 20). Dat Paulus hier spesiaal die ***begeerlikheid*** as voorbeeld noem, hang daarmee saam dat sondige begeertes die wortels van alle daadsondes is, óók van alle vorme van verfynde geestelike sondes soos selfverheffing, weiering om van Gods genade te lewe, ens.

Wie is die *ek* waarvan Paulus praat? Dikwels word gesê dat Paulus hier oor homself praat, waarby v. 7–13 dan sy ervaring voor sy bekering en v. 14–26 sy ervaring as gelowige sou beskrywe, omdat die eerste groep verse in die verlede tyd spreek en die tweede groep in die teenwoordige tyd. Tog moet ons seker aanneem dat Paulus hier nie besig is om 'n stuk persoonlike ervaring mee te deel nie, maar om die verhouding tussen die sonde en die wet as 'n wesenlike deel van sy verkondiging uiteen te sit. Hy wil laat verstaan dat dit nooit en nêrens daartoe kan kom dat die mens met behulp van die wet tot 'n nuwe lewe kan kom nie, omdat die sondige natuur van die mens die wet kragteloos maak en eerder die wet gebruik om die mens nog dieper onder die heerskappy van die sonde in te lei. Dit illustreer hy aan die ervaring van die gemeente: selfs in die gemeente gaan dit nie anders nie, want ook die gemeente is nog nie vry van die sondige vleeslike natuur nie. Natuurlik is die ervaring van die gemeente en die besondere kennis wat die gemeente besit, nie die deel van die mens onder die wet en buite Christus nie. Maar dit neem niks daarvan weg dat die ervaring van die gemeente presies die haglikheid van sy situasie kan bewys nie, want in één opsig is daar buite en binne die gemeente ooreenkoms – die gemeenskaplike besit van die sondige natuur. Terwyl Paulus dus tot gelowiges spreek, gaan hy uit van die kennis en ervaring van die gemeente, maar hy gebruik dit as bewys van die mag van die sonde en die kragteloosheid van die wet wat oral en by alle mense bestaan. Wat by alle mense die geval is, kom in die gemeente in 'n verskerpte, pynliker vorm na vore, omdat die gemeente insig het in die goedheid van Gods wet èn in hulle eie magteloosheid om dit te onderhou. Die *ek* verteenwoordig dus die mens wat uit die kennis van die gelowige spreek oor die situasie van die mens met die sondige natuur, of hy nou al binne of buite die gemeente is. Paulus spreek

meermale in die eerste persoon, sonder dat ons kan sê dat hy spesifiek sy eie ervaring wil meedeel of oor homself praat (vgl. 3 : 7; 1 Kor. 6 : 15; 1 Kor. 11 : 31 e.v.; 1 Kor. 13 : 1–3, ens.).

8 Uit hierdie vers blyk dit nou dat die kennis van die sonde waarvan v. 7 praat, nie slegs 'n teoretiese kennis is nie, maar ook 'n proefondervindelike kennis van die sonde inhou. Immers, wanneer die gebod van God die mens ontmoet, dan ontwaak die sondige begeertes in hom. Die sonde gebruik die gebod as 'n *aanleiding*, 'n wegspringplek om sy eie mag oor die mens nog meer te versterk. Die sonde prikkel die mens om presies te doen wat die wet verbied. *Allerlei begeerlikhede* slaan in hom op. Wat God verbied, word meteens baie aantreklik (vgl. Gen. 3 : 1-6). Met die woorde: *sonder die wet is die sonde dood* bedoel Paulus dat die sonde in die gevalle mens rustig sy heerskappy voer, feitlik sluimerend en onaktief, totdat die mens voor Gods duidelike gebod gestel word. Dan staan die sonde egter meteens soos uit die dode op en kry 'n opsetlike en bewuste karakter. In dié sin kan Paulus elders sê dat die wet die krag is van die sonde, want juis aan die wet openbaar die sonde watter houvas hy op die sondige mens het (vgl. 1 Kor. 15 : 26). Net so verloor die sonde ook weer sy moontlikheid om die mens tot sonde te prikkel as hy nie meer onder die wet lewe nie, maar van die wet ontslae is.

9, 10 Daar is 'n tyd (of stadium) waarin die mens *sonder die wet lewe*. Dit is die tyd voordat hy werklik ernstig deur die gebod van God aangespreek is en tot 'n besef van die eis van Gods wet gekom het. In dié tyd of stadium is die sonde „dood" (v. 8). Sodra die gebod egter *kom*, dit is, hom werklik aanspreek, is sy naïwiteit hom ontneem. Dan gaan die sonde *oplewe*. (Die Afrikaanse Vertaling: *weer oplewe*, is minder gelukkig.) Die sonde kom orent. Die gevolg is: *en ek het gesterwe*. Paulus spreek dramaties. Die bedoeling is egter dat die oplewing van die sonde die mens skuldig stel en die oordeel van die dood oor hom inroep. Die sonde bring aan die lig dat hy in 'n dood-situasie verkeer (vgl. 5 : 14 en 6 : 23). Dit is wel nie waarvoor die wet gegee is nie. Die wet is gegee om aan die mens die goeie weg, die weg van Gods wil, die weg van die lewe, te toon (vgl. Gen. 2 : 16, 17; 3 : 3; Lev. 18 : 5). Deur die sonde blyk die gebod *wat die lewe moet wees* egter juis vir die sondaar *die dood te wees*.

11 'n Herhaling van v. 8 met toevoeging van die gedagte dat die sonde die mens met bedrog verlei om teen Gods wet in te gaan. Moontlik dink Paulus daarby veral aan die bedrieglike voorstelling in die mens se trotse hart dat hy deur wetsonderhouding die ewige lewe kan verwerf en dus die genade nie nodig het nie.

12–13 'n Gevolgtrekking uit die voorafgaande. Dit is nie die wet wat sondig is nie, want die wet is *heilig en regverdig en goed*. Die wet is immers die heilige wil van God. Dat die wet egter die mens in die dood stort, is die gevolg van die mag van die sonde wat in die mens woon en oor hom heers. Die sonde bewerk *deur die goeie*, dit is, deur die wet, die dood van die sondaar. Daardeur word die sonde voor die helder glans van die wet in sy swarte naaktheid openbaar as opstand teen God, as rebellie teen Gods wil. Paulus kan dus sê dat *die sonde deur die gebod uitermate sondig* word, omdat die wet die sonde in sy ware karakter na vore laat tree as 'n bewuste, opsetlike opstand teen God.

14 Die *want* toon dat die voorafgaande nader verduidelik word. Paulus wil verduidelik hoe dit moontlik is dat die sonde juis aan die wet in al sy vreeslikheid openbaar kan word en die mens in die oordeel kan stort. Dit lê – weer eens, in aansluiting by v. 12–13 – nie aan die wet as sodanig nie, want die wet is *geestelik*, omdat dit deur die Gees van God geïnspireer is en lynreg teenoor die begeertes van die vlees staan (vgl. 8 : 4–7). Dit lê egter aan die feit dat die mens se sondige natuur die sonde voorsien van 'n operasiebasis. Paulus sê: *maar ek is vleeslik*. Met *vleeslik* bedoel hy: van nature sondig en geneig tot die kwaad. Dit blyk veral ook uit die feit dat hy *vleeslik* nader kan verduidelik met: *verkoop onder die sonde*. Daarby word die beeld opgeroep van 'n slaaf wat verkoop is aan 'n heer wie se bevele hy moet uitvoer. Die bedoeling is dus dat die mens 'n gevalle, sondige natuur het wat hom onder die heerskappy van die sonde stel. Omdat dit die geval is, kan die mens nooit met behulp van die wet en uit eie krag homself tot geestelike vernuwing bring nie. Dit geld van alle mense. Slegs die gemeente begryp dit egter (*ons weet* wys op die geloofskennis van die gemeente). Geld dit ook van die gemeente dat hy vleeslik is? Ja, in weerwil van alles wat in 6 : 2 e.v. oor die afsterwe van die sonde gesê is, behou ook die verloste nog in homself die ou sondige natuur, sodat sy ervaring van die mag van die sonde en die kragte-

loosheid van die wet kan dien as 'n bewys van wat die situasie is by alle mense (vgl. by 8 : 11).

15–17 Die mag van die sonde in die mens is só groot dat ook die mens wat opreg begeer om die wet te onderhou, omdat hy toestem dat die wet goed is (v. 16), net eenvoudig nie kan doen wat hy wil nie, maar telkens doen wat hy *haat*, nl. die sonde. Die resultaat van sy dade is altyd anders as wat hy begeer, sodat hy selfs moet verklaar dat hy *nie weet* wat hy doen nie. Hy kan sy dade nie aanvaar as wat hy eintlik bedoel het om te doen nie. Daaruit blyk dat daar 'n mag in hom aanwesig is wat sterker is as hy en hom laat doen wat hy nie wil nie. Al gevolgtrekking waartoe hy kan kom, is dat dit dus nie meer hy is wat dit doen nie, maar die sonde wat in hom *woon*. Met *nie meer ek* bedoel Paulus nie dat dié mens dus nie skuldig is vir wat hy doen nie, maar dat die mens die bewussyn het dat hy gestuur en gedring word deur 'n mag waarvan hy homself wil onderskei, 'n mag wat hom nie meer kan verteenwoordig nie, omdat hy hom nie meer deur dié mag wil laat verteenwoordig nie, al is dit ook waar dat dié mag in hom woon.

Die uitdrukkinge en voorstellinge wat hier gebruik word, laat ons besef dat Paulus tans pertinent spreek vanuit die ervaring van die gelowige. Slegs die gelowige haat werklik die sonde, stem werklik toe dat Gods wet goed is en distansieer homself op hierdie wyse van die kwaad wat in hom woon. Juis by die gelowige word dit daarom te meer duidelik dat die oorsaak van die kragteloosheid van die wet in die sondige natuur van die mens lê. In hierdie opsig is die ondervinding van die gelowige dus 'n waardevolle bewys dat dit vir alle mense onmoontlik is om uit eie krag die wet te hou, sodat dit vir die mens onder die wet in elk geval buite die kwessie is om te dink dat hy met sy sondige natuur homself deur wetsonderhouding sal kan vernuwe.

Intussen bly dit 'n vraag hoe Paulus só oor die gelowige kan spreek. Moet ons na alles wat sedert 6 : 1 gesê is, nie 'n veel meer optimistiese beeld van die oorwinning oor die sonde in die lewe van die gelowige verwag as wat hier geskets word nie? Ons moet onthou dat alles wat sedert 6 : 1 gesê is, handel oor die nuwe werklikheid wat in Christus oor die gelowiges aangebreek het. Daardie werklikheid is egter 'n geloofswerklikheid wat alleen hulle deel is in soverre hulle dit gelowig vir hulle toeëien en daarin gaan wandel (vgl. 6 : 11

e.v.). *In hulleself* dra hulle egter nog steeds die ou werklikheid van die sondige natuur om – anders sou al die vermaninge van 6 : 12 e.v. nie nodig gewees het nie. Vir sover die gelowiges nou egter nog aan hierdie ou werklikheid deel het en die oue mens (wat met Christus gekruisig is) tog nog in hulle aanwesig is, weerspieël hulle ervaring presies hierdie beeld van mislukking, staan hulle veroordeeld voor die wet en vertoon hulle die toestand van die hopelose mens onder die wet. Dit moet natuurlik nie so wees nie! Deur die geloof moet hulle hulself stel in die oorwinning wat Christus verkry het, hulle posisie onder die genade inneem en nie in eie krag nie, en deur die krag van die Heilige Gees wandel. Juis in hierdie spanning tussen die oue en die nuwe, die mislukking en die oorwinning, die mag van die sonde in die ou natuur en die krag van 'n lewe deur die geloof bestaan egter die tiperende van die lewe van die gelowiges in hierdie bedeling.

18–20 Hierdie verse sê nog eens dieselfde. Die wet bring tot 'n pynlike kennis van die sonde, van die beheersing van die mens se natuur deur die sonde en van die feit dat die mens homself nie meer kan vereenselwig met sy eie dade nie. Tog is hy magteloos om in eie krag iets aan die toestand te doen. Die mag van die sonde in hom is te sterk. Paulus onderskei weer eens tussen *ek* en *my vlees*. Die bedoeling is nie om te sê dat daar in die mens 'n goeie kern is (die *ek*) wat nie skuldig is aan die sonde van sy laere drifte nie, maar dat die mens wat deur Gods wet oortuig is, homself nie meer kan vereenselwig met wat hy self doen nie. Daaruit blyk die gespletenheid van die gelowige in hierdie bedeling.

21–23 Paulus stel tans wet teenoor wet. Die mens word gekonfronteer met die wet van God en hy stem dit toe, maar juis dan openbaar 'n *ander wet* homself met 'n pynlike reëlmatigheid in sy lede. Dit is die mag van die sonde wat na vore tree, telkens as die gebod van God die mens aanspreek. Terwyl hy hom *verlustig in die wet van God na die innerlike mens*, d.i., vreugde vind in die goeie gebod van God, werk daar in sy lede, d.i., in sy organe en funksies, 'n ander wet van opstand teen Gods wil. Hy vereenselwig hom sodanig met Gods wet, dat dié wet selfs *die wet van sy gemoed* kan heet, omdat die eise van Gods wet hom deur sy eie gemoed voorgeskrywe word. Selfs só kan hy egter nog nie die wet onderhou nie. Die sonde neem hom *gevange* (soos iemand 'n krygs-

gevangene maak) *onder die wet van die sonde*. Selfs die begenadigde, verloste mens besit in homself nie die krag om Gods wil te doen nie. Kennis van die wet en toestemming van die wet help hom daarby niks.

24 Dit alles lei tot 'n smartlike uitroep van die kant van die (gelowige) mens wat deur sy kennis van Gods wet gelei is tot 'n insig in sy eie ellende. Hy is ellendig, soos iemand wat dodelik gewond en tot die uiterste uitgeput is. Die *liggaam van hierdie dood* is die aardse bestaan van die mens soos dit beheers word deur die mag van die sonde wat onder die oordeel van die dood lê. Die wet kan daarvan geen bevryding bring nie. Dit kan alleen geskied deur die genade.

25 Alleen Christus verlos die mens. Deurdat die gelowiges saam met Christus gekruisig en opgewek is, het hulle die sonde afgesterwe (6 : 2), maar ook die wet (7 : 4) wat die middel was waardeur die sonde sy heerskappy oor hulle bestendig en verstewig het. Nòg die sonde nòg die wet het dus nou meer enige aanspraak op die gelowiges. Volgens reg is hulle nie meer onder die sonde of onder die wet nie. Weliswaar getuig hulle praktiese ervaring daarvan dat hulle nog vleeslik is en dus nog onder die magswerking van die sonde verkeer, wat óók beteken dat hulle toestand ooreenkoms vertoon met dié van die hopelose mens buite Christus wat onder die wet lewe (v. 14–24). Maar hierdie ervaring is nie die laaste woord wat oor hulle gespreek kan word nie. In Christus het hulle ook 'n ander werklikheid, die werklikheid van die bevryding van die sonde en die wet. Deur die geloof moet hulle hul posisie in Christus inneem en glo dat hulle vry is van die oordeel van die wet sowel as van die eis om aan die wet te moet voldoen ten einde die ewige lewe te kan ontvang. Eweneens mag hulle glo dat hulle vir die sonde dood is en nou in 'n nuwe lewe mag wandel (vgl. 6 : 11). Dwars teen alle ervaring in moet hulle dus in die geloof vashou aan die verlossing van die sonde wat in Christus hulle deel is. Die Name van Christus moet hier in hulle volle gewig geneem word: *Jesus*, die Verlosser (Matt. 1 : 21); *Christus*, die Gesalfde wat gekom het om Sy volk van alle heerskappy van die sonde te bevry; *onse Here*, die nuwe Heer wat die gelowiges tot Sy eiendom gemaak het en oor hulle mag heers.

26 'n Laaste terugblik op wat sedert v. 14 beskrywe is: die ervaring van die gelowiges dat die sonde 'n onverbiddelike mag is wat homself gesetel het in die ou sondige natuur van die mens en die mens nie toelaat om die wet van God te hou (soos hy graag sou wil doen nie). Met sy *gemoed*, d.i., na sy innerlike mens, dien hy die wet van God, wil hy daaraan gehoorsaam wees. Maar met sy *vlees*, met sy ou sondige natuur, *dien hy die wet van die sonde*. Uit hierdie haglike ervaring van die gelowiges blyk enersyds die mag van die sonde, andersyds die kragteloosheid van die wet om 'n mens van die sonde vry te maak. As dit met die gelowiges reeds so gesteld is, hoeveel te meer is dit nie die geval met die mens onder die wet wat nie eens deur die Gees van God verlig is en aangespoor word tot 'n nuwe lewe nie! As dit tot vernuwing in die mens se lewe moet kom, kan dit nie gebeur solank hy onder die wet is nie. Dit kan alleen gebeur as hy onder die genade is. Daaroor handel die volgende verse.

(iii) ***Bevry van die wet, vernuwe deur die Gees: 8 : 1–13***

1 **Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie,**
2 **vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Want die**
**wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van**
3 **die wet van die sonde en die dood. Want God het – wat vir die wet**
**onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees – deur sy eie**
**Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille**
4 **van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die**
**wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na**
5 **die Gees. Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat**
6 **geestelik is, geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood,**
7 **maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees**
**bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die**
8 **wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan**
9 **God nie behaag nie; julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees,**
**as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees**
10 **van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. Maar as**
**Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanwee die sonde, maar**
11 **die gees is lewe vanweë die geregtigheid. En as die Gees van Hom wat**
**Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus**
**uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur**
12 **sy Gees wat in julle is. Daarom dan, broeders, is ons skuldenaars, nie**
13 **aan die vlees om na die vlees te lewe nie; want as julle na die vlees**
**lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die**
**liggaam doodmaak, sal julle lewe.**

1 'n Konklusie uit die voorafgaande. Onder die wet moes dit tot veroordeling van die sondaar kom – selfs van die gelowige sondaar. Goddank, die gelowige is egter nie meer onder die wet nie. Hy is nou *in Christus Jesus;* anders gesê: *onder die genade* (6 : 14). Daarom is daar vir hom *nou geen veroordeling meer nie,* selfs al is dit waar dat hy nog in homself vleeslik is (7 : 14). Hy is in Christus geregverdig (5 : 1) en leef dus nie meer onder die dreiging of die veroordeling van die wet nie. Al lê die wet nog voortdurend in sy lede die wet van die sonde bloot (7 : 23), hy lewe agter die oordeel van die wet, omdat hy met Christus gekruisig is (7 : 1–6). *Nou* sien op die nuwe situasie wat met die koms van Christus aangebreek het. *In Christus Jesus* dui die begrepenheid van die gelowiges in Christus aan (5 : 12 e.v.), maar hier in die besonder ook die verhouding wat tussen hulle en Christus ontstaan het deur die geloof in Hom. Die woorde: *vir dié wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees* hoort, volgens die beste handskrifte, nie in hierdie vers nie. Dit is blykbaar vanuit v. 4 hierheen verskuiwe.

2 Die woord *wet* word deur Paulus in verskillende betekenisse gebruik. Hier beteken dit min of meer *orde* of *beginsel* (vgl. 3 : 27). Met *die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus* bedoel Paulus die nuwe orde, beginsel of bedeling waarbinne die gelowiges lewe, noudat die Heilige Gees hulle uit die geestelike dood lewendig gemaak en in Christus ingeplant het. Binne hierdie nuwe orde of bedeling is hulle *vry van die wet van die sonde en die dood,* d.i., van die wetmatige werking van die sondemag wat in hulle lede woon en hulle onder die oordeel van die dood stel. Na wat in 7 : 14–24 meegedeel is, is dit duidelik dat hierdie vryheid 'n vryheid in Christus is, 'n vryheid in beginsel, soos beskrywe in 6 : 2 e.v., 'n geloofswerklikheid wat deur die gelowiges toegeëien moet word in weerwil daarvan dat hulle nog daagliks ervaar dat hulle *nie* vry is van dié wet in hulle lede nie (7 : 21–23). Dit is 'n vryheid waarin hulle hulself moet stel op die wyse wat beskrywe is in 6 : 16–22. Die vraag of ons moet lees: het *my* vrygemaak, of: het *jou* vrygemaak (soos sommige handskrifte wil), is van minder belang vir die geheel.

3 Tans spreek Paulus weer oor die *wet* in die bekende sin van die wet van God. Vir die wet was dit onmoontlik om vryheid van die sondemag te bewerk, omdat die wet *kragteloos was deur die*

*vlees*, soos hfst. 7 : 7 e.v. dit duidelik getoon het. God het egter deur Christus 'n einde aan hierdie situasie gemaak deur Sy *eie Seun*, wat dus self God is (1 : 4), *in die gelykheid van die sondige vlees* te stuur, dit is: in 'n bestaan wat ooreenkoms vertoon het met ons bestaan onder die heerskappy van die sonde, sonder dat Hy egter self 'n sondaar was (Hebr. 4 : 15). Hy het ons natuur aangeneem soos dit deur die sonde geword het, maar sonder dat die sonde daarin aanwesig was of daaroor kon heers soos by ons. Dit was noodsaaklik *ter wille van die sonde*. Immers, die sonde het sy magsdomein in die sondige vlees en moes dus dáár verslaan word. Dit het gebeur toe Christus in ons plek gestaan en Gods oordeel oor die sonde in ons vlees ondergaan het. Toe die sonde in Christus gevonnis is, het dit sy reg en aanspraak op ons almal verloor. Vandaar dat v. 2 kon spreek van 'n vryheid van die wet van die sonde en die dood. Hoewel die wet van die sonde en die dood prakties nog in die vlees van die gelowiges werksaam is (7 : 21–23), is die nuwe werklikheid van die gelowiges in Christus egter dat hulle vry van daardie wet van die sonde is, aangesien die sonde reeds geoordeel is en dus geen reg meer op hulle het nie. Of hulle in dié vryheid wandel, is 'n ander vraag.

4 Die *reg van die wet* is die eis van die wet, die bedoeling van die wet. Aan die eis van die wet kan geen mens in eie krag voldoen nie. Die mens wat *onder die wet* lewe, dit is: onder die verpligting om die wet te onderhou ten einde daarmee die lewe te verwerwe, is nie alleen magteloos om daaraan te voldoen nie, maar word deur die wet nog net dieper in sy ellende ingestort, omdat die sonde die wet gebruik om sy krag in die lewe van die mens te openbaar. Selfs al sou die mens met 'n redelike mate van welslae die uiterlike voorskrifte van die wet hou, dan is ook dit nog steeds nie genoeg om aan die reg van die wet te voldoen nie, want ook dan probeer hy homself nog teenoor God handhaaf. Dit bly maar 'n wandel *na die vlees*, dit is: 'n wandel volgens die begeerte van die sondige vleeslike natuur van die mens. Ook vir die gelowige is dit onmoontlik om aan die eise van Gods wet te voldoen, want hoewel hy in beginsel van die sonde vry is, werk die vlees só sterk in hom dat ook hy nog meermale *wandel na die vlees*. Sou sy lewe gemeet moet word aan sy wetsvolbrenging, dan kan dit ook nie anders as op die oordeel uitloop nie (vgl. 7 : 25). Maar tog is daar vir die gelowiges 'n ander moontlikheid. Dit is die *wandel na die*

*Gees*, die geloofswandel, waarin hulle dit vir hulself in die geloof toeëien dat hulle vir die sonde dood is en lewendig is vir God in Christus (6 : 11) en hulle tot beskikking van die Gees van God stel om in hulle te regeer. Hulle probeer dan nie meer om in eie krag Gods wet te hou nie, omdat hulle hulself vry weet van die eise en veroordeling van die wet (v. 1). Trouens, hulle hele verhouding tot God word nie meer bepaal deur die vraag of hulle die wet kan onderhou of nie. Hulle lewe immers nie meer onder die wet nie, maar onder die genade (6 : 14). Al is alles wat in 7 : 14–26 van hulle gesê is ook waar, dan is dit tegelykertyd ook waar dat hulle lewe omring word deur Gods guns en goedheid en dat die Heilige Gees tóg, in weerwil van alles, besig is om die vervulling van die ware eis van Gods wet in hulle uit te werk. Hoe langer hoe meer dien hulle tog in die nuwigheid van die Gees (7 : 6). Namate hulle in die geloof hulle standpunt inneem in die nuwe werklikheid wat in Christus hulle deel geword het, gaan hulle, tans nie meer as diensknegte nie, maar as kinders, van binne uit dié dinge doen wat die wet eintlik vra. Hoe langer hoe meer word die wet in hulle lewe nie meer 'n eisende en veroordelende instansie nie, maar in werklikheid die belofte van wat die Heilige Gees van sondaars kan maak (Gal. 5 : 16–24). Hoofstukke 6, 7 en 8 beskrywe nie stadia wat op mekaar volg nie, maar werklikhede wat gelyktydig van die gelowige geld.

5 Die teenstelling tussen dié wat *vleeslik* en dié wat *geestelik* is, word skerp geformuleer. 'n Bestaan wat *vleeslik* (letterlik: volgens die vlees) is, is 'n bestaan wat deur die sondige aard van die mens beheers word. Dit is die natuurlike toestand van elke mens. Ook die gelowige is in homself nog vleeslik (7 : 14), maar dit is sy ou werklikheid wat eintlik in Christus oorwin is en waarby hy nie mag berus nie. Volgens die beslissing wat in Christus oor hom geval het, mag hy eintlik nou nog net *geestelik* (volgens die Gees) bestaan, dit is: gelei en regeer deur die Heilige Gees. Sy stryd bestaan daarin om voortdurend hierdie posisie te bly inneem. As vernaamste kenmerk van die lewe volgens die vlees en dié volgens die Gees noem Paulus dat in die eerste geval die dinge van die vlees en in die tweede geval die dinge van die Gees *bedink* word. *Bedink* sien op die geestelike instelling van die mens, die rigting van die begeertes en beplanning van die mens.

6–8 Die finale en radikale verskil tussen wat die vlees en die Gees onderskeidelik bedink, word verder uitgewerk. Die vlees stuur af op die *dood*, want die loon van die sonde is die dood. Die vlees staan vyandig teenoor God en onderwerp hom nie aan die wet van God nie. Dit kan ook nie, want onderwerping aan Gods wet sou die opheffing van die wese van die sondige vlees wees. Juis daarom is 'n bestaan onder die wet vir die vleeslike mens so fataal, want dit prikkel net die vlees in sy vyandskap teen God (vgl. 7 : 7 e.v.). *Die wat in die vlees is*, is diegene wie se bestaan volgens die vlees is (v. 5 en 7 : 5), diegene wie se bestaan geheel en al deur die sondige vlees beheers word. Hulle kan *God nie behaag nie*, omdat alles wat hulle doen (of dit nou gruwelike sondes is of trotse dade van uiterlike wetsvervulling) uit vyandskap teen God gebore is en daarom teen Sy heilige wil vloek. Lynreg daarteenoor staan die strewe en belangstelling van die Gees wat moet uitloop op *lewe en vrede* (vgl. v. 2). Die *vrede* is ten eerste die vrede met God deur Christus (5 : 1) as teenpool van die vyandskap teen God wat deur die vlees gekoester word, maar hou ten tweede ook die vrede met die medemens in.

9 Hoewel dit nog moontlik is dat 'n gelowige volgens die vlees kan wandel (v. 4) omdat hy nog vleeslik is in homself (7 : 14), is hy tog kragtens die beslissing wat in Christus oor hom geval het, nie meer *in die vlees* nie (vgl. v. 8). Sy diepste werklikheid is tans 'n bestaan *in die Gees*. In beginsel is hy oorgeplaas in 'n nuwe bestaan, al sal dit nie so dadelik aan hom merkbaar wees nie en al sal dit 'n stryd bly om te wees wat hy in Christus reeds is. In werklikheid *woon die Gees van God* nou egter in hom. Die woorde *as naamlik* is nie bedoel om die inwoning van die Gees in die gemeente onseker te maak nie. Uitgaande van die sekerheid dat die Gees wel in hulle woon (vgl. Gal. 3 : 2), mag hulle oortuig wees daarvan dat hulle dus nie meer in die vlees is nie, maar in die Gees. Die besit van die Gees is die waarmerk daarvan dat iemand oorgegaan het uit die vlees om aan Christus te behoort. Die Gees heet *die Gees van Christus*, omdat die Gees so innig aan Christus verbonde is, omdat Hy alleen deur Christus die deel van die gemeente word, en ook omdat Hy die gemeente aan Christus gelykvormig maak.

10 Paulus gryp terug op 6 : 2 e.v. Die *liggaam* is die konkrete bestaan van die mens soos dit deur die sonde beheers word.

die mens self vir sover hy vlees is. Dié liggaam is met Christus gekruisig en daarom *dood. Vanweë die sonde* gee die rede aan waarom die oue mens saam met Christus gedood moes word (6 : 6). As *Christus in julle is*, dit is: as julle in Christus glo en die Heilige Gees in julle harte woon, en in en deur die Gees ook Christus self – dán is daardie dood van die oue mens vir julle 'n werklikheid. Wat eenmaal op Golgota gebeur het toe *julle in Christus* begrepe was, is nou 'n werklikheid in julle, noudat *Christus in julle* kom woon het deur Sy Gees. Terselfdertyd is *die Gees lewe vanweë die geregtigheid*. Dit is beter om hier nie *gees* (met 'n klein letter) te lees, soos die Afrikaanse Vertaling dit het nie. Dit gaan hier om die Gees van God wat in die gelowiges woon en aan hulle die nuwe lewe van Christus meedeel (v. 2), dié nuwe lewe wat hulle deel word vanweë die feit dat Christus hulle geregtigheid is. In Christus is sowel die dood van die oue mens as die lewe van die nuwe gegee. Wie Christus het, het albei hierdie dinge ontvang as sy nuwe werklikheid waarin die Gees hom steeds dieper wil inlei.

11 Die Heilige Gees is egter ook die waarborg daarvan dat die liggaam, wat tans nog die magsgebied van die sonde en die dood is en daarom tot aan die (fisiese) dood van die mens die aanknopingspunt en wegspringplek vir die begeerlikhede en die sonde sal bied, eenmaal in die opstanding vernuwe sal word. Die *liggaam* is ook hier uitdrukking van die totale bestaan van die mens in hierdie sondebeheerste wêreld (vgl. 7 : 24). Daarom word hier spesifiek van die *sterflike liggaam* gepraat. Die sterflikheid van die mens se aardse bestaanswyse is die gevolg van die sonde. Solank die mens op aarde lewe, bly die sonde 'n houvas en wegspringplek behou in die aardse bestaanswyse van die mens wat met duisend bande verwewe is aan die sondige wêreld waarin hy lewe, sodat die mens vleeslik genoem kan word (7 : 14). Die sonde woon in sy lede (7 : 23). Al het hy met Christus die oue mens afgesterwe, bly hy op 'n onverklaarbare wyse nog aan die „lyk" van die oue mens verbonde tot by die heerlike vernuwing wat eenmaal wag (v. 18 e.v.). Eers wanneer die sterflike liggaam in die dood ingaan en geheel en al vernuwe word in die heerlike opstanding, is die dood van die oue mens volledig openbaar en al die gevolge van die sonde volkome uitgewis (vgl. 1 Kor. 15 : 26, 50–57).

12 Tans volg die gevolgtrekking uit die voorafgaande. Indien dit alles waar is, is dit die sterkste drangrede vir die gelowiges om

verder nie meer na die vlees te lewe nie (6 : 12 e.v.). *Daarom dan:* die oproep word gefundeer op die verkondiging van die genade wat in Christus deur die Heilige Gees aan die gelowiges geskenk is. Hulle is – vanweë dié genade – *skuldenaars* wat 'n groot skuld van dankbaarheid het om te betaal. Sonder om te verklaar teenoor wie die gelowiges wél skuldenaars is (die bedoeling is duidelik: hulle is dit teenoor God), stel Paulus dit dat hulle in elk geval nie skuldenaars teenoor die vlees is *om na die vlees te lewe nie*. Hulle is immers bevry van die mag van die vlees. Tog bly dit noodsaaklik om hulle aan dié vryheid te herinner en hulle op te roep tot 'n wandel na die Gees.

13 Ons het hier weer eens die eienaardige verskynsel in die prediking van Paulus, dat hy aan die een kant die genade-karakter van die verlossing so sterk as moontlik kan beklemtoon, maar daarnaas die verantwoordelikheid van die verloste mens om in die verlossing te wandel, net so sterk kan handhaaf. Geen mens moet dink dat hy kan roem op die verlossing uit genade en dan tog maar na die vlees kan bly voortlewe nie! Wie na die vlees lewe, ongebroke, sal onherroeplik verlore gaan (vgl. 6 : 16 e.v. en Gal. 6 : 7). Wie só lewe, bewys daarmee dat hy nog nooit verlos is nie. Die *werke van die liggaam* is die sondedade wat voortvloei uit die sondige begeertes van die mens wat in sy konkrete aardse lewe so sterk deur die sonde beheers word. Dit gaan daarby nie net om die sondes wat saamhang met die „laer drifte" van die mens nie, maar sluit ook die fynste geestelike sondes in. Al hierdie werke moet gedood word, d.i., sonder verskoning voortdurend uitgeroei word. Dit kan geen mens in eie krag doen nie. Daarom sê Paulus dat dit moet geskied *deur die Gees*, d.i., deur onderwerping aan die leiding en krag van die Heilige Gees. Paulus bedoel nie dat die mens die lewe eers verdien deurdat hy die werke van die liggaam doodmaak nie. Die feit dat hulle die werke van die liggaam doodmaak, is egter die bewys daarvan dat hulle die lewe reeds deur die geloof deelagtig is, sodat hulle by die oordeel volgens die werke openbaar sal word as mense wat uit genade verlos is (vgl. 2 : 6 e.v.). Wanneer die reg van die wet in die mens vervul word deur die krag van die Heilige Gees, is dit 'n bewys daarvan dat hy onder die genade lewe en nie meer onder die wet nie.

## C. VERNUWING AS DIE ERFENIS VAN GODS KINDERS: 8 : 14–39

In 'n nuwe gedeelte van sy betoog gaan Paulus tans aantoon dat die gelowiges, deur Gods genade tot kinders gemaak, eenvoudig meegeneem word in die vaart van Gods genade wat stap vir stap die verlossing en volkome vernuwing as hulle erfenis aan hulle meedeel. Sulke mense kan nooit redeneer dat hulle maar die sonde kan doen, sodat die genade meer kan word nie (6 : 1). Sulke mense is daarvoor te radikaal begrepe in wat die genade van God kan doen om sondaars te vernuwe.

Die gedeelte vorm dus 'n integrale deel van die afdeling 6 : 1–8 : 39. Dit is vol van die triomf en sekerheid van 'n algehele vernuwing deur Gods genade. Tog bring dit 'n nuwe aksent wat tevore nog nie gehoor is nie, as Paulus vanaf v. 17 sy spreke oor die vernuwing koppel aan die *lyding* wat die deel van die gelowiges is. Daaruit word dit duidelik dat die vernuwing van die gelowiges enersyds nie anders kan plaasvind as langs die weg van lyding nie, en andersyds niks minder insluit nie, as die uiteindelike verlossing van alle gevolge van die sonde, dus ook die lyding. Met hierdie nuwe aksent word Paulus se betoog dus oneindig veel dieper as net die blote beantwoording van die bedenking wat in 6 : 1 opgewerp is. Die diepte van die Christelike lewe gaan voor ons oop. Daarom is ook die triomf en troos van hierdie gedeelte méér as dat die persoonlike sonde van die gelowige deur die krag van Gods genade oorwin sal word. Dit is óók die triomf en troos van die lydende gemeente wat as erfgename wag op die algehele vernuwing wat eenmaal hulle deel sal word.

Ons kan die gedeelte soos volg onderverdeel:

(i) Verse 14–17 handel oor die nuwe verhouding van die gelowiges tot God, aangesien hulle tans kinders en erfgename is;
(ii) verse 18–30 behandel die stellige verwagting van die algehele vernuwing;
(iii) verse 31–39 bevat die geloofsjubel waarin die triomf van Gods genade heerlik besing word.

### (i) *Nie meer knegte nie, maar kinders en erfgename: 8 : 14–17*

14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van
15 God. Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees
nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur

16 wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig met ons gees dat ons
17 kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename van God
en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly,
sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.

14 Vir die eerste keer in die brief word die nuwe verhouding van die gelowiges tot God hier aangedui met die begrip: *kinders van God*. Daardeur word dit getipeer as 'n gans ander verhouding as dié wat deur die wet gestempel word. Kindskap kan nooit deur wetsonderhouding verdien word nie, maar is 'n genadegawe en stel die mens tot God èn tot die wet in 'n nuwe verhouding (vgl. by 8 : 4). Die leiding deur die Gees van God is geen voorwaarde vir kindskap nie, maar is die vernaamste kenmerk van die kind van God (vgl. by 8 : 9). Dié leiding beteken niks minder nie as dat die Heilige Gees die bestuur van die mens se lewe oorneem en hom laat dien in die nuwigheid van die Gees (7 : 6), omdat hy vrygemaak is van die mag van die sonde (8 : 2). Dit is die beste om nie te vertaal *gelei word* nie, maar *hulle laat lei*.

15 Wie onder die wet lewe, dien God in 'n gees van slawerny en moet voortdurend vrees, want gedurig veroordeel die wet ook sy beste probeersels, sodat daar geen vreugde is in die oudheid van die letter nie (vgl. 7 : 6; Gal. 4 : 7 en die gelykenis van die oudste broer in Luk. 15 : 25–32). Wie egter deur die Gees van God gelei word, wat die *Gees van aanneming tot kinders* is, dien God vanuit 'n ander verhouding, die verhouding van 'n kind tot sy Vader. Die vrees vir veroordeling deur die wet is tans weg (8 : 1) en God kan gedien word in die nuwigheid van die Gees (7 : 6). Die Gees verbind die gelowige aan Christus wat die enigste „natuurlike" Seun van God is en maak hom daardeur tot 'n „aangenome kind". Die Griekse woord vir *kinders* wat hier gebruik word, sien veral op die status van kind wat iemand verkry wanneer hy van buite as kind in 'n familiekring opgeneem word. *Abba* is Aramees vir *vader*. Die herhaling van dieselfde woord in twee tale herinner aan die feit dat die Christelike kerk gebore is in 'n tweetalige land en versprei is in 'n wêreld met verskillende tale. Enkele Aramese woorde is deur die Christelike kerk deur die eeue heen behou, veral in liedere en gebede (bv. *amen*, *halleluja*, *hosanna*, ens.). Die woord *roep* hoef nie daarop te sien dat die vroeë Christelike gemeente meermale allerlei uitroepe tydens die erediens gedoen het

nie, maar kan gewoonweg slaan op die aanroeping van die Naam van die Here in persoonlike en gemeenskaplike gebede.

16 Die Heilige Gees werk op sodanige manier in die harte van die gelowiges dat hulle daarvan oortuig word dat die getuienis van hulle gees, naamlik dat hulle kinders van God is, die waarheid is. Paulus beskryf dit as dat die Gees *saam* met hulle gees *getuig*. Hierdie getuienis geskied deur die Woord van God wat vir die gelowiges die sekerheid van hulle kindskap waarborg, en wel op sodanige wyse dat hulle met vrymoedigheid op die beloftes van Gods Woord rus en in hulle gees ten volle oortuig is dat hulle kinders van God is op grond van wat Gods Woord se. Die woord *is* word in Grieks sterk beklemtoon. Die woord vir *kinders* wat hier gebruik word, is nie dieselfde as in v. 14 nie. Dit sien meer op die eenheid in gemeenskap met die Vader, op die feit dat die kind uit die vader gebore is en in sy lewe deel.

17 'n Gevolgtrekking uit die voorafgaande. Die term *erfgenaam* wys heen na die toekomstige volheid van heerlikheid wat vir die gelowiges wag, waarvan hulle tans reeds seker is, maar wat hulle nog nie smaak nie. Die *heerlikheid* waaraan hier gedink word, is die deelname aan die ligglans van Gods hemelse lewe (vgl. 2 : 7). Christus het dit reeds deelagtig geword, maar die gelowiges sal eenmaal in gemeenskap met Hom as Sy mede-erfgename deel in al die heerlikheid wat Hy deelagtig geword het. Dit staan vas. Tog is daar 'n weg waarlangs hulle moet beweeg voordat hulle dit alles saam met Christus deelagtig word: hulle moet eers saam met Hom ly as hulle eenmaal saam met Hom verheerlik moet word. Gelykvormigheid aan Christus is algehele gelykvormigheid: aan Sy dood sowel as aan Sy opstanding. Die aardse lyding staan in diens van die hemelse heerlikheid en is die voorbereiding daarvan. In die lyding van die gelowiges voltrek die doding van die oue mens hom in die praktyk en word die hoop op die toekoms gebore (2 Kor. 4 : 16–5 : 5; 2 Tim. 2 : 11). Paulus het hier alle lyding op die oog, nie net die lyding ter wille van Christus nie. Alle lyding van die gelowige is 'n lyding saam met Christus, 'n eggo en naklank van die lyding van Christus waardeur hulle gelykvormig aan Hom word, soos hulle eenmaal aan Sy heerlikheid gelykvormig sal word (vgl. Fil. 3 : 10 en Kol. 1 : 24).

(ii) *Die stellige verwagting van die komende vernuwing: 8 : 18–30*

18 Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen
19 die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie. Want die skepping
wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders
20 van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe – nie
21 gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het – in die
hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny
van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die
22 kinders van God. Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en
23 tesame in barensnood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons
self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself
in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van
24 ons liggaam. Want ons is gered in hoop; maar die hoop wat gesien
word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit
25 nog? Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met
26 volharding. En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want
ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons
27 in met onuitspreeklike sugtinge. En Hy wat die harte deursoek, weet
wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil
28 van God vir die heiliges intree. En ons weet dat vir hulle wat God
liefhet, alle dinge ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme
29 geroep is. Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vante-
vore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun,
30 sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders; en die wat
Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy
geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het,
dié het Hy ook verheerlik.

18 Die *teenwoordige tyd* is die aardse bedeling, die tyd wat nog oor is voor die wederkoms van Christus. Al is die gelowiges deur Christus van die vloek van die sonde en die dood verlos, is hulle gedurende hierdie tyd nog aan die gevolge van die sonde, lyding en dood, onderworpe. Dit het egter vir hulle 'n nuwe betekenis gekry as 'n lyding met Christus en 'n dood saam met Hom (v. 17). Daarom mag die gelowige dit ondergaan in die sekerheid dat dit nie kan opweeg teen die heerlikheid wat aan (of *oor*) die kinders van God geopenbaar sal word nie (vgl. 2 Kor. 4 : 17). Paulus gebruik die uitdrukking *ek reken* as hy 'n vasstaande oortuiging uitspreek (vgl. 3 : 28; 6 : 11). Die woord *opweeg* laat dink aan 'n skaal waarop gewigte teenoor mekaar afgeweeg word. Die heerlikheid wat *geopenbaar sal word*, is reeds aanwesig, maar nog verborge.

19 Die hele skepping wag *reikhalsend*, d.i. met uitgerekte nek, met uiterste gretigheid, om die dag van vernuwing te aanskou.

Daar is bv die geskape dinge 'n ongeduldige verlange na verlossing van die verganklikheid waaraan dit onderworpe is (v. 20–21). Dit kan egter eers gebeur wanneer die kroon van die skepping, die mens, deur wie se sonde die skepping in die ban van die nietigheid gekom het, in heerlikheid herstel word.

20 Die *nietigheid* is die sinloosheid, die leegheid wat aan die skepping eie is sedert die sondeval (vgl. Pred. 1 : 1–11) toe dit teen sy eie wil in *(nie vrywillig nie)* onder die vloek van die verganklikheid geraak het, dit as 'n lot ontvang het (Gen. 3 : 14 e.v.). Die woorde *ter wille van Hom wat dit onderwerp het* moet verstaan word van die feit dat God deur Sy vonnis oor die sonde van die mens die aarde aan die nietigheid onderwerp het. Volgens die beste teksgetuies moet die woorde *in die hoop* wat in die Afrikaanse Vertaling in v. 21 genoem word, reeds in v. 20 gelees word. Dit moet dan aan *onderworpe* verbind word en beteken dat die skepping wel aan die nietigheid onderworpe is, maar nie sonder hoop nie. In die onderwerping aan die nietigheid het God die hoop meegegee dat dié toestand nie vir altyd sal duur nie.

21 Volgens die beste teks moet ons in v. 21 *omdat* lees in plaas van die *dat* van die Afrikaanse Vertaling. Vers 21 gee die rede aan waarom die toestand van onderworpenheid aan die nietigheid tog nie hopeloos is nie. Die rede is dat *ook die skepping self* (dus nie slegs die mens nie) *vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid.* Die dood heers in die ganse skepping soos 'n tiran. Daardeur word alles sinloos. Alle skoonheid keer onherroeplik tot vernietiging en dood terug. Van hierdie slawerny sal die skepping egter eenmaal verlos word wanneer die heerlikheid van God, wat deur Christus afstraal op Gods kinders, ook sal deurbreek tot die ganse geskape werklikheid. Die nuwe aarde sal vry wees van verganklikheid, vry vir God en die nuwe mensheid.

22 'n Herhaling van v. 19, met net groter klem op die dringendheid van die verwagting. *Ons weet* sien op die geloofskennis wat die gemeente besit. Die *hele skepping* met al sy verskillende dele *sug tesame,* sodat die geroep na die verlossing uit die verganklikheid van oral oor opklink. Tog is hierdie geroep maar net die barensweë, die lyding wat aan die nuwe geboorte voorafgaan, wanneer God alles nuut sal maak. *Tot nou toe* wys op die groot „nog

nie" waarin die skepping tans verkeer. Die beslissing het in Christus reeds geval, en die verlossing is aanstaande. Tog is dit nog nie geopenbaar nie.

23 Die woorde *en nie alleen dit nie* wys op 'n klimaks in die gedagtegang. Die sugte van Gods kinders is méér as die sugte van die skepping. Ook die gelowiges leef hier op aarde in die groot „nog nie". Hulle het wel *die eerstelinge van die Gees* ontvang, d.i. die Gees as eersteling-gawe uit die skat van hulle hemelse erfenis – en dit is die bewys dat hulle eenmaal die volle heerlikheid deelagtig sál word (vgl. 2 Kor. 1 : 22; Ef. 1 : 13, 14) – maar tog sug hulle nog in hulself in afwagting van die komende heerlikheid. Dié heerlikheid noem Paulus *die aanneming tot kinders*. Hulle is reeds kinders van God, maar verborge. Die volle, openbare bekendstelling van hulle aanneming tot kinders sal eers plaasvind as hulle ten volle verlos is, d.i. as ook hulle liggame, hulle aardse bestaan, van alle smet en gevolge van die sonde bevry sal wees.

24–25 Die volle verlossing is nog iets van die toekoms. Tans het die gelowiges dit nog slegs *in hoop*. Hulle aanskou dit nog nie. Hoop is geloof wat op die toekoms gerig is. Dit is die onwrikbare vertroue dat God sal doen wat Hy belowe het (4 : 18–22). Gods kinders word die verlossing op aarde nie anders deelagtig as in die hoop dat God eenmaal aan hulle sal doen wat Hy beloof het nie. Daarom wag hulle met volharding op wat hulle tans nog nie kan sien nie. Daarmee keer Paulus terug tot wat in 5 : 2 e.v. gesê is.

26 Die woorde *en net so* gee te kenne dat ook die Gees, in aansluiting by die sugte van die skepping en van Gods kinders, sug om die voleinding. Dit doen Hy deur die gelowiges in hulle gebed vir die aanbreek van die dag van verlossing te hulp te kom. Hulle weet immers nie wat hulle moet bid sodat dit met Gods wil sal ooreenkom nie. Hulle ken nie die diepte van hulle eie nood en die heerlikheid waarvoor hulle bid nie. Daarom neem die Gees die saak op en spreek in hulle gebede mee met *onuitspreeklike sugtinge*. Hy gee aan hulle gebede 'n inhoud wat hulle self nie daaraan kan gee nie. *Onuitspreeklik* sien op wat vir die mens onuitspreeklik is vanweë sy beperkte insig en vermoë.

27 *Hy wat die harte deursoek* is God, die Alwetende. God let nie soseer op die uiterlike vorm en taal van die gebed nie, maar op die innerlike roersele en bedoeling van die hart. Dáár vind God nou egter ook, gepaard met die sukkel-gebed van die gelowiges, die spreke en *bedoeling* van die Gees. Hy tree *ooreenkomstig God* (Afrikaanse Vertaling: *die wil van God*) vir die heiliges in. Die Gees vra van God wat Hy wil gee. Daarom is die verhoring seker (1 Joh. 5 : 14). Die *heiliges* is diegene wat vir God afgesonder is, Sy kinders.

28 *Ons weet* sien op die geloofskennis van die gemeente. Hoe uiterlike dinge dit ook al mag weerspreek, die gemeente weet dat alle dinge vir hulle *ten goede meewerk*. Onder *alles* moet gedink word aan die lyding wat daagliks die deel van die gelowiges is (vgl. v. 17). Die meewerking ten goede sien nie op liggaamlike of aardse welvaart nie, maar op die voorbereiding vir die hemelse heerlikheid. *Hulle wat God liefhet* is die gelowiges, diegene wat gered is in hoop, wat hulle op Gods beloftes verlaat. Dit is hulle wat *na sy voorneme geroep is*. Nie hulle liefde is dus voorwaarde daarvoor dat alles ten goede meewerk nie, maar Gods verkiesende liefde waarop hulle liefde slegs 'n floue antwoord is.

29 Verse 29 en 30 gee die grond aan van die sekerheid dat alles vir die gelowiges ten goede meewerk met die oog op hulle uiteindelike vernuwing. Dié grond is geleë in Gods verkiesende liefde wat die plan wat Hy met die oog op die verlossing van die mens gemaak het, tot die einde sal volvoer. *Tevore geken* moet in die Hebreeuse sin van die woord *ken* geïnterpreteer word en beteken dan: tevore toegeëien tot gemeenskap. Dit dui Gods liefdevolle verkiesing van die mens aan. Die telkens herhaalde *dié* of *diegene wat* dui daarop dat die verkiesing nie alle mense geld nie, maar inderdaad *uit*verkiesing is. Die herhaalde *vantevore* wys daarop dat Gods verkiesing voorafgaan aan alle prestasie van die mens en nie berus op die verdienste of onverdienste van die mens nie. Dit berus slegs op Gods ewige voorneme. Dit is enkel genade. *Verordineer* beteken *bestem*, afsonder tot 'n bepaalde doel, en wys terug na die voorneme waarvan v. 28 spreek. Diegene wat God in liefde uitverkies het, is bestem om aan Christus gelykvormig te wees. Die *beeld* van Christus waarvan hier sprake is, dui 'n weergawe, 'n replika van Christus aan wat met Hom in alle opsigte oor-

eenkom. In die toekomstige heerlikheid sal die gelowiges só aan Christus gelyk wees (1 Kor. 15 : 49; Fil. 3 : 21; Kol. 3 : 4; 1 Joh. 3 : 2). Reeds nou word dié beeld egter meer en meer in die gelowiges uitgewerk deur die Gees (2 Kor. 3 : 18). God het met dit alles 'n doel, nl. dat Christus *die eersgeborene kan wees onder baie broeders*. Christus is Gods eniggebore Seun en in Hom word al die gelowiges as kinders van God en daarom as broeders en susters van Christus aangeneem (v. 15–17). Hy is die *eersgeborene*, want Hy beklee 'n beslissende plek in die huisgesin van God (5 : 12 e.v.). Wat met Hom gebeur, word ook die deel van al Gods kinders.

30 Drie stappe in Gods volvoering van Sy heilsplan met die uitverkorenes word met 'n klimakseffek ná mekaar gestel. Onder *roeping* moet ons die kragdadige roeping verstaan waardeur God die mens uit sy geestelike doodsheid tot die geloof roep. Onder *geregverdig* moet ons dink aan die regverdigverklaring op grond van die soenverdienste van Christus (3 : 21 e.v.), terwyl ons by *verheerlik* moet dink aan die voleinding wanneer die gelowiges saam met Christus die volle hemelse heerlikheid deelagtig sal wees.

(iii) *Die triomf van Gods genade: 8 : 31–39*

31 Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen
32 ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir
ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles
33 genadiglik skenk nie? Wie sal beskuldiging inbring teen die uitver-
34 korenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroor-
deel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is,
35 wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie
sal ons skei van die liefde van Christus – verdrukking of benoudheid
36 of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos
geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken
37 as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur
38 Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of
lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende
39 dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van
die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.

31 Tans volg 'n gevolgtrekking uit die voorafgaande. *Hierdie dinge* is die feite aangaande Gods genade soos dit in die evangelie verkondig word, waaruit dit duidelik is dat Gods genade in staat is om elke vorm van teenstand teen Sy heilswil met die mens te oorwin. Wat van al hierdie dinge te sê is, kan alleen in 'n

jubelende, dankbare roem in Gods genade gesê word. Uit die feit dat Gods genade die gelowiges uit skuld verlos (3 : 21–5 : 21) en van die mag van die sonde (6 : 1–23) sowel as uit die veroordeling deur die wet bevry (7 : 1–26), en hulle voer tot 'n lewe in die genade (8 : 1–13) waarby die totale vernuwing na die beeld van Christus gewaarborg is (8 : 14–30), kan Paulus net één ding aflei: dat God *vír ons is*. God blyk in die daad van Sy liefde ons goedgesind te wees. Al sal allerlei magte en omstandighede dan nog probeer om teen ons te wees en teenoor Gods plan met ons te staan, niemand of niks kan ooit iets blywends teenoor Hom vermag nie. Daarom kan niemand ook werklik *teen ons wees* nie.

32 Uit die gawe van Sy Seun blyk eens en vir altyd die gesindheid van God teenoor ons. Die woordjie *selfs* beklemtoon die ongehoorde van so 'n groot blyk van liefde. *Sy eie Seun* is self ook God (1 : 4). Juis daaruit blyk hoe ver God bereid was om te gaan. God het Sy Seun nie *gespaar* nie, want Sy liefde is geen spaarsame liefde nie. Die woord *oorgegee* is in die Nuwe Testament feitlik 'n tegniese term vir die prysgawe van Christus deur God aan die vloek wat op die sonde gerus het. *Ons almal* beklemtoon die feit dat Christus oorgegee is vir alle uitverkorenes (v. 28–30). Waar God bereid was om tot sulke uiterstes vir ons te gaan, spreek dit vanself dat Hy *ook alles saam met Christus* genadiglik sal skenk aan die uitverkorenes. Die woorde *saam met Hom* is daarby van groot betekenis. Wie aan Christus verbind is, ontvang uiteindelik alles wat Hy verkry het – die volle hemelse erfenis. *Alles* is dus nie dieselfde as *enigiets* nie: dit sluit alles in wat volgens Gods raadsplan vir Sy kinders is (v. 29–30). Dit alles is 'n genadegeskenk, deur God *genadiglik* gegee.

33 By die vraag wie beskuldiging sal inbring teen die uitverkorenes *van God*, moet alle klem op die laaste woord val. Hy wat die hoogste Regter is – wie sal teen Sy uitverkorenes beskuldiging kan inbring? Miskien wel die gewete (2 : 16) of die wet (7 : 14 e.v.) of selfs die Satan (Job 1 : 9; Sag. 3 : 1; Openb. 12 : 10). Dié aanklagte is egter tevergeefs, want God het klaar vir Sy uitverkorenes gesorg en in hulle plek aan al die eise van die wet laat voldoen, sodat daar vir hulle geen veroordeling meer is nie (8 : 1). Daarom geld dit: *God is dit wat regverdig maak*. Teen God se regverdigverklaring is daar geen appèl moontlik nie.

34 Daarom kan niemand ook die uitverkorenes *veroordeel* nie, want, hoe skuldig hulle ook in hulself mag wees, *Christus het* (vir hulle) *gesterf* (3 : 25–26). Paulus roem nie teen die oordeel, omdat hy meen dat die gelowiges in hulself regverdig is of omdat hy die erns van die sonde onderskat nie, maar omdat hy die Middelaar verkondig. Volgens die beste teksgetuies moet *Jesus* agter *Christus* ingevoeg word. Die woorde: *ja, meer nog* bevat 'n effek van styging in die opsomming van die heilsdade van Christus. Sy opstanding is in 'n sekere sin méér as Sy sterwe, want dit openbaar die triomf van Gods genade oor sonde en dood (vgl. 4 : 25). Bowendien is Christus reeds in die heerlikheid as vaste bewys daarvan dat ook Sy volk met Hom in dié heerlikheid sal deel. Dat Hy *aan Gods regterhand* sit, beteken dat aan Hom die heerskappy gegee is (Matt. 28 : 18). Hy sal tot in die fynste besonderhede sorg vir Sy gemeente. Daarby *tree* Hy vir hulle *in*. Soos die Gees in die harte bid om die dag van vernuwing, bid Christus aan Gods regterhand vir dieselfde saak. En wat Hy bid, sal geskied, omdat Hy bid op grond van Sy afgehandelde werk.

35–36 In die lig van al hierdie dinge stel Paulus die uitdagende vraag *wat ons sal skei van die liefde van Christus*. Sewe moontlike omstandighede van ellende wat die liefdevolle aangesig van Christus van die gelowiges sou wil wegneem, word opgenoem en Ps. 44 : 23 word aangehaal as bewys daarvoor dat die gelowiges in sware nood sal kom. Die wêreld is vir die gemeente 'n plek van lyding, veral vanweë die vyandskap van die mense wat die verbondenheid van die gelowiges aan Christus nie kan uitstaan nie. Die uitdrukking: *die hele dag word ons gedood* is 'n Semitiese uitdrukking vir die gedagte dat die volk van God voortdurend met die dood bedreig word.

37 In *al hierdie dinge*, die dinge wat in v. 35–36 genoem is, bly die gemeente egter oorwinnaars. Hulle word nie uit die verdrukkinge weggeneem nie, maar mag ook nie daaruit ontvlug nie. Dat hulle te midde daarvan nog *méér as oorwinnaars* is (d.i. maklik oorwin) lê nie in hulle eie krag nie. Dit geskied *deur Hom wat ons liefgehad het* en van wie se liefde niks of niemand hulle kan skei nie (v. 35). Die werklikheid van Sy liefde dra hulle. Wat ook mag gebeur, daarin rus hulle.

38–39 Nog eens bevestig Paulus sy onwrikbare oortuiging dat geen enkele mag, wat dit ook mag wees, die gelowiges sal kan skei van Gods liefde wat in Christus geopenbaar is nie. *Dood of lewe* wys op die onaangename en bedreigende dinge wat in die dood of die (verdere) lewe vir die gelowiges sou kon skuil. *Engele, owerhede* en *magte* is versamelname vir die onsigbare magte wat die mens se lewe omring en wat dikwels daarop uit is om die gemeente te verlei en te bestry (vgl. Ef. 6 : 12). Onder *engele* hoef nie noodwendig aan bose engele gedink te word nie. Dit is moontlik dat Paulus hier, soos in Gal. 1 : 8, bloot hipoteties spreek oor die moontlikheid dat selfs die goeie engele hulleself teenoor die gelowiges sou wil stel. Hy wil so volledig as moontlik wees en alles insluit, om te laat sien dat niks die gelowiges van Gods liefde kan skei nie. *Teenwoordige of toekomende dinge* is 'n omvattende uitdrukking vir alle dinge in hede of toekoms wat vir die gemeente 'n bedreiging kan bevat. *Hoogte of diepte* sien of op die verblyfplekke van magte wat die gemeente kan bedreig, of op die bose geeste self wat hulle in sulke plekke huisves, of dit is 'n blote aanduiding van die feit dat niks in ruimte of tyd vir die gelowiges 'n wesenlike bedreiging kan inhou nie. Die woorde *of enige ander skepsel* laat vermoed dat Paulus ook by die voorafgaande uitdrukkinge aan persoonlike magte dink. In elk geval hoef niks in die hemel of op aarde uitgesonder te word nie. Alles wat nie God is nie, kan maar teen die gemeente woed. Tog sal hulle niks kan vermag nie, want hulle sal nooit die gemeente kan losmaak van die almagtige greep van Gods liefde wat in en deur Christus die gemeente vir Homself toegeëien het nie.

Dit is die troos van die gemeente. Gods genade sal triomfeer.

## Afdeling V:
## Genade bly Werklik Genade 9 : 1–11 : 36

Direk ná die hooggestemde roem in die triomf van Gods genade gaan Paulus daartoe oor om die vraagstuk van Israel aan die orde te stel. Die „probleem" van Israel bestaan daarin, dat God Israel uitverkies het en heerlike beloftes aan Abraham en sy nageslag gemaak het, terwyl dit nou tog blyk dat die grootste deel van Israel aan die evangelie ongehoorsaam is. Hoe moet dit gerym word met Paulus se boodskap dat Gods genade elke vorm van teenstand teen Sy liefdeswil oorwin? (Vgl. 8 : 28 e.v.)

Paulus antwoord op hierdie probleem deur daarop te wys dat Gods handeling met Israel in die loop van die geskiedenis daarvan getuig dat Gods genade altyd genáde bly. Gods genade is *vrye* genade. Dit beteken enersyds dat Gods guns nooit 'n vanselfsprekendheid word waarmee die mens buite die geloof om eenvoudig as 'n gegewenheid kan werk waarop hy reg van aanspraak het nie. Andersyds beteken dit dat genade nie verdien kan word nie, maar alleen as 'n vrye geskenk in die geloof ontvang kan word. Israel het albei hierdie aspekte van die feit dat Gods genade werklik genáde is, eenvoudig misken. Aan die een kant het Israel oor Gods genade gedink as iets vanselfsprekends en daarmee die karakter van Gods beloftes en die wese van die uitverkiesing misverstaan. Aan die ander kant het Israel gedink dat hy deur sy eie wetswerke die guns van God kon verdien. In albei gevalle word die ware wese van Gods genade nie erken nie en word Gods genade as genáde wesenlik van die hand gewys. 'n Valse roem neem die plek in van ootmoedige dankbaarheid. Die verlossing kan egter alleen ontvang word in ootmoedige dankbaarheid en diepe verwondering oor Gods neerbuigende liefde. Daarom kon dit nie anders nie, of die verlossing moes aan Israel verbygaan. God moés dit aan Israel laat verbygaan om te toon dat Sy genade werklik genáde is. En tog . . . ook dán bly God nog die genadige God wat in die geskiedenis van die hardnekkige en dwalende Israel Sy trou aan Sy beloftes bewys het en ook nog

verder sal bewys. So bevestig die groot lyn van Israel se geskiedenis die prediking van Paulus aangaande Gods genade.

Nadat Paulus in 9 : 1–5 sy droefheid oor die ongeloof en verharding van Israel uitgespreek het, handel hy uitvoerig oor die ware aard van Gods verkiesing van en beloftes aan Abraham en sy nageslag (9 : 6–29). Daarna wys hy daarop dat Israel Gods verkiesing misverstaan het en te trots was om van genade alleen te lewe (9 : 30–10 : 21). Ten slotte toon hy aan dat Gods handelwyse met Israel in ooreenstemming met die ware karakter van Gods genade is, sodat niemand mag twyfel aan die feit dat God trou bly aan Homself en Sy beloftes nie, maar inteendeel Gods heerlike wysheid en genade moet aanbid (11 : 1–36).

## A. DIE SMARTLIKE POSISIE MET ISRAEL: 9 : 1–5

1 Ek spreek die waarheid in Christus, ek lieg nie – my gewete getuig
2 saam met my in die Heilige Gees – dat dit vir my 'n groot droefheid
3 is en 'n onophoudelike smart vir my hart. Want ek sou self kon wens
om ter wille van my broers, my stamgenote na die vlees, 'n vervloeking
4 te wees, wég van Christus af. Hulle is Israeliete aan wie die aanneming
tot kinders behoort en die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing
5 en die erediens en die beloftes: aan wie die vaders behoort en uit wie
die Christus is na die vlees – Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot
in ewigheid! Amen.

1 Paulus betuig plegtig dat hy die waarheid spreek as hy sy diepe droefheid oor Israel bely. Die uitdrukking *in Christus* en *in die Heilige Gees* wil daarby beklemtoon dat wat hy sê in geen enkele opsig in stryd is met sy verbondenheid aan Christus en die Heilige Gees, of met die leiding van die Heilige Gees wat sy gewete verlig nie. Vir *gewete*, vgl. by 2 : 15.

2 Die waarheid waaroor Paulus spreek, is dat die posisie van Israel vir hom 'n *groot droefheid* en 'n *onophoudelike smart vir sy hart is*. Met sterk woorde beklemtoon Paulus sy voortdurende en hartstogtelike lyding om die ontwil van sy volk.

3 Hy sou selfs kon wens om ter wille van sy broers 'n *vervloeking* te wees, *weg van Christus af*, as hulle maar gered kon word. Sy woorde herinner aan die gebed van Moses (Ex. 32 : 32) en moet

nie soseer verstaan word as 'n bewys van sy groot natuurlike liefde vir sy eie volksgenote nie, maar as 'n bewys van die groot erns wat Paulus maak met die redding van verlorenes, veral waar daardie verlorenes die lede is van die volk wat God vir Hom uitgekies het. Hoewel die apostel só sy solidariteit met die verlorenes betuig, besef hy egter dat geen mens as middelaar in die plek van ander kan staan nie. Slegs Christus kon die Middelaar wees wat 'n vervloeking geword het ter wille van Sy volk (Gal. 3 : 13). Vandaar dat hy sê: *Ek sou kon wens . . .*

4–5 As Paulus die geestelike voorregte van Israel opsom, word dit duidelik dat sy droefheid oor Israel nie maar gebore is uit sy natuurlike verbondenheid aan sy volk nie, maar uit apostoliese bewoënheid oor die volk van God, die kerk van die Ou Verbond. Reeds die naam *Israel* wys op Gods verbond met hierdie volk (vgl. Gen. 32), wat vanweë die verbond in die Ou Testament dikwels Gods *Seun* genoem word (waarby die lede van die volk dan ook Gods kinders kan heet: Ex. 4 : 22; Hosea 2 : 1 e.v.; 11 : 1; Jes. 1 : 2; 63 : 8, ens.). God het Israel *aangeneem* om in die besonder Sy volk te wees. Daarby het God Sy *heerlikheid* in die midde van Sy volk geopenbaar, eers in die tabernakel en daarna in die tempel (vgl. 1 Kon. 8 : 11). Die meervoud *verbonde* wys op die feit dat God Sy verbondsluiting met Israel herhaaldelik herbevestig het. Die *wetgewing* hoort by die verbondsluiting en moes daartoe dien om Israel te bewaar by die wete dat hy die volk van God is wat enkel uit die genade mag lewe. Deel van die wetgewing was ook die insettinge oor die *erediens* wat met sy offers en seremonies heengewys het na die Christus wat sou kom. Israel kon wandel met Gods *beloftes* waarin Hy aan hulle die versekering gegee het van Sy genade wat hulle deel moes word langs die weg van die geloof (vgl. 4 : 13). Bowendien het Israel die *vaders* gehad wat as geloofshelde 'n wolk van getuies rondom die volk gevorm het (vgl. Hebr. 12 : 1). Die meeste van alles is egter dat *die Christus* uit Israel gebore is. *Na die vlees* beklemtoon die menslike natuur van Christus (1 : 3) en suggereer dat daar van Christus méér te sê is as wat Hy as mens is. Hy is immers ook *God* wat *oor alles is, lofwaardig tot in ewigheid.* In ooreenstemming met plekke soos 2 Thess. 1 : 12, Titus 2 : 13 en 'n gedeelte soos Fil. 2 : 9–11 word die Godheid van Christus hier uitdruklik bely. Dit vloei immers ook reeds voort uit die titel *Here* wat Paulus herhaaldelik aan

Christus toeken (vgl. 1 : 3–4 en ook 1 Joh. 5 : 20). *Amen* plaas die seël op die plegtige lofprysing van Christus as die Een wat *oor alles is* (vgl. Matt. 28 : 18).

### B. GODS GENADE BLY GENADE: 9:6–29

In hierdie gedeelte laat Paulus agtereenvolgens die klem op die volgende aspekte val:

(i) Gods beloftes aan en verkiesing van Israel beteken nie dat elke Israeliet vanselfsprekend ook tot die ware Israel behoort nie, want die ware Israel word gevorm deur diegene aan wie God uit vrye welbehae, sonder enige verdienste van die kant van die mens, Sy genade skenk (9 : 6–13).

(ii) Waar dit egter die geval is, is dit duidelik dat dit geen onreg is as sommige nie in die genade deel nie (9 : 14–18).

(iii) God het immers die reg om vir Sy eie heilige doel ook in die betoning van Sy genade te handel na Sy vrye welbehae (9 : 19–24).

(iv) Dit is ook die boodskap van die Heilige Skrif (9 : 25–29).

(i) ***Gods genade word openbaar in sy vrye verkiesing: 9 : 6–13***

6 Maar ek sê dit nie asof die woord van God verval het nie; want hulle
7 is nie almal Israel wat uit Israel is nie. Ook nie omdat hulle Abraham
se nageslag is, is hulle almal kinders nie; maar: in Isak sal jou nage-
8 slag genoem word. Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die
kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word
9 gereken as die nageslag. Want dit is die woord van die belofte: Omtrent
10 hierdie tyd sal Ek kom, en Sara sal 'n seun hê. En nie alleen dit nie,
11 maar ook Rebekka was swanger uit een, naamlik Isak, ons vader. Want
toe die kinders nog nie gebore was en geen goed of kwaad gedoen het
nie – dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan,
12 nie uit werke nie, maar uit Hom wat roep – is vir haar gesê: Die oudste
13 sal die jongste dien. Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau
het ek gehaat.

6 Paulus antwoord tans op die „probleem" van Israel, naamlik dat Israel die volk is wat deur God uitverkies is en aan wie die beloftes van God gegee is, maar tog vir die grootste gedeelte ongelowig gebly het. Moet daarin 'n bewys gesien word dat God Sy beloftes aan Israel laat verval het? Is dit nie logies om te dink dat alle Israeliete hoof vir hoof gered moet word op grond van

Gods beloftes aan Israel nie? Nee, sê Paulus, uit die feit dat alle Israeliete nie tot bekering kom nie, mag nie afgelei word dat God Sy beloftes laat verval het nie, want Sy beloftes aan Abraham het nie beteken dat Hy Sy vryheid om Hom te ontferm oor wie Hy wil, uit die hand gegee het nie. Omdat Sy genade genáde moet bly, het God self tussen die vleeslike nasate van Abraham onderskeid gemaak. *Nie almal is Israel wat uit Israel is nie*, d.i. nie almal wat vleeslik tot die volk Israel behoort, behoort tot Gods uitverkore Israel, die geestelike Israel nie. Daar bestaan dus nie so iets as dat 'n mens wat vleeslik tot Israel behoort, vanselfsprekend deur God verlos moét word nie, want ook uit die vleeslike nageslag van Abraham kies God diegene uit aan wie Hy uit louter genade Sy guns wil bewys. As elke vleeslike Israeliet vanselfsprekend in die genade sou gedeel het, sou die genade geen genade meer wees nie, maar die „besit" van 'n bepaalde vleeslike volk.

7–9 Paulus bewys die waarheid van wat in v. 6 gesê is met die feit dat, hoewel Ismael na die vlees ewe goed as Isak uit Abraham gebore is, Gods belofte slegs vir Isak bedoel was. Daardeur het God uit die staanspoor duidelik gemaak dat vleeslike afstamming nie deurslaggewend is nie, maar Gods uitverkiesing. Deur Gods genadige verkiesing word (sommige van) Abraham se nageslag *kinders van die belofte* (v. 8). Gods belofte gaan aan Abraham se nageslag vooraf en werk skeppingsmagtig. Dit roep self die ware nageslag van Abraham in die lewe – soos dit letterlik met Isak gebeur het (v. 9). Daar is dus geen vanselfsprekendheid in die ontvangs van Gods genade nie. Dit bly 'n wonder van Sy vrye guns, óók vir die nageslag van Abraham. Juis daarom is dit egter ook moontlik dat Paulus gelowiges uit die heidene, wat vleeslik nie tot Israel behoort nie, tot die ware nageslag van Abraham kan reken (Gal. 4 : 28).

10–13 Nog 'n voorbeeld van dieselfde waarheid word aangevoer. Tans geld dit egter Jakob en Esau, albei kinders van Isak, die seun van die belofte. Alle uiterlike dinge is by hulle gelyk. Hulle kom selfs voort uit één ontvangenis. Tog maak God onderskeid tussen hulle en verkies die jongste bo die oudste, teen alle menslike verwagting in. Hierdie keuse berus nie op iets in Jakob of Esau nie, want dit geskied voor hulle geboorte, toe hulle nog *geen goed of kwaad gedoen het nie*. Met hierdie laaste woorde

bring Paulus 'n nuwe motief by, die motief van verdienste. Het die eerste voorbeeld reeds bewys dat vleeslike afstamming as sodanig nie Gods guns waarborg nie, hierdie tweede voeg daaraan toe dat die onderskeid wat tussen mense met dieselfde vleeslike afstamming gemaak word, nie berus op hul eie werke of goeie hoedanighede nie, maar enkel op die vrye welbehae van *Hom wat roep*. Daarop val alle klem: God *roep* wie Hy wil. Hy beskik oor die lotgevalle van mense en volke, sonder dat die grond vir Sy beskikking in die mense self gevind kan word. In die geval van Rebekka is die aankondiging van Gods beskikking op 'n tydstip gedoen toe die kinders nog nie eens gebore was nie en geen goed of kwaad gedoen het nie, sodat dit daaruit duidelik kan blyk dat nie hulle eie doen en late nie, maar Gods *voorneme volgens die verkiesing*, d.i., Gods wil of raad soos dit in Sy verkiesing tot openbaring kom, die enigste grond van Sy optrede teenoor Jakob en Esau is. Was dit anders, dan sou God bepaal word deur die mens, deur faktore buite Hom, en sou Sy voorneme nie bly staan het, nie onwrikbaar gegeld het nie. Tans is dit egter duidelik dat slegs Gods onverklaarbare liefde die agtergrond van Sy optrede teenoor Jakob vorm: *Jakob het Ek liefgehad, maar Esau het Ek gehaat*. Hierdie laaste woorde is 'n aanhaling uit Mal. 1 : 4 en sien nie in eerste instansie op die persoonlike verkiesing van Jakob tot die ewige lewe en die verwerping van Esau tot die verdoemenis nie, maar op die beskikking van God oor die lotgevalle van dié twee persone en die volke wat uit hulle voortgekom het, soos dit ook uit v. 12 blyk. Die woord *haat* moet in die verband waarin dit in Maleagi gebruik word, dan ook in eerste instansie verstaan word van die feit dat God in die geskiedenis bewys het dat Sy guns die lotgevalle van Jakob berei het, maar Sy onguns en oordeel dié van Esau en sy nageslag. Paulus wil dus nie sê dat Esau self of elke lid van sy nageslag vir ewig die voorwerp van Gods haat is nie, so min as wat elke lid van Jakob se nageslag sonder meer uitverkore is. Hy wil egter aantoon dat God die lyn van die verbond met Abraham oor Jakob laat loop het en nie oor Esau nie, dat dáárin vir Jakob en sy nageslag vele seëninge opgesluit was wat Esau en sy nageslag moes ontbeer, en dat dit alles enkel op Gods vrye genadewil berus, nie op vleeslike afstamming of verdienste nie. Daarmee wil hy bewys dat Gods genade openbaar word in Sy vrye verkiesing, sodat niemand mag redeneer dat elke vleeslike nasaat van Abraham noodwendig in Gods guns moet

deel nie, want net soos in die geval van Jakob en Esau maak God ook binne die vleeslike nageslag van Jakob deur Sy verkiesing onderskeid, sonder dat op grond daarvan geredeneer kan word dat God aan Sy eie beloftes ontrou geword het.

(ii) *In Gods genade is geen onreg nie: 9 : 14–18*

14 Wat sal ons dan sê? Is daar miskien onreg by God? Nee, stellig nie!
15 Want aan Moses sê Hy: Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig
16 wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. So hang dit dan
nie af van die een wat wil of die een wat loop nie, maar van God
17 wat barmhartig is. Want die Skrif sê aan Farao: Juis hiervoor het Ek
jou laat optree, dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam
18 verkondig kan word op die hele aarde. So is Hy dan barmhartig oor
wie Hy wil en Hy verhard wie hy wil.

14 Die feit dat God nie almal wat vleeslik van Abraham afstam, in Sy guns laat deel nie, sowel as die feit dat God Hom by Sy keuse van wie wel in Sy guns mag deel, nie deur die kwaliteite of dade van die mens laat bepaal nie, maar enkel deur Sy soewereine wil, laat die vraag altyd weer opkom of dit nie onregverdig van God is nie. Paulus wys so 'n gedagte egter as iets lasterliks van die hand (vgl. by 3 : 6).

15–16 Immers, God is Gód. Selfs *Moses*, op wie die Jode hulle graag beroep, bevestig dit dat God self verklaar het dat Hy barmhartig sal wees oor wie Hy wil (vgl. Ex. 33 : 19). Gods guns kan nie deur die hoedanighede of verdienste van die mens afgedwing word nie. Niemand het buitendien hoedanighede of verdienstes wat aan hom 'n reg of aanspraak voor God sou verleen nie. Die woorde *barmhartigheid* en *ontferming* spreek daarvan dat die guns van God enkel genade is, neerbuigende goedheid wat geskenk word aan diegene wat hoegenaamd geen aanspraak daarop het nie. Al word die sonde hier nie uitdruklik genoem nie, is dit tog duidelik die agtergrond van die hele redenasie. Omdat alle mense voor God doemwaardig is, het niemand enige reg voor God nie, sodat Sy guns totaal onverdiend is en gegee word aan mense wat dit nie verdien het nie. Nie die wil van die mens of sy eie inspanning (*die een wat loop* – soos in 'n wedren, met die oog op die prys), bepaal die guns van God nie, maar net Sy *goedheid*, Sy barmhartigheid. Juis daarom is dit geen onreg as God aan sommige Sy guns onthou nie. Hoe kan die sondige mens enige eise teenoor

God stel? Ver daarvandaan dat daar van onreg by God sprake is oor die feit dat Hy Sy guns gee aan wie Hy wil, moet eerder geroem word in die *barmhartigheid* van God wat mense totaal onverdiend tóg in genade aansien!

17–18 Paulus haal aan wat die Skrif verhaal van wat Moses aan die farao moes sê, maar hy doen dit só, asof die Skrif self dit aan die farao sê. Daaruit blyk dat God die farao laat optree het met die doel dat God Sy Naam kan verheerlik deur wat Hy aan die farao doen, deurdat Sy krag in die verlossing van Sy volk daarin geopenbaar en oor die hele wêreld verkondig kan word. Vir die bereiking van Sy Goddelike doel kan God dus uit vrye wil ook *verhard wie Hy wil.* Die grootmaking van Sy Naam en die verheerliking van Sy genade word gedien deur die verharding van sommige. Die woord *verhard* veronderstel weer eens die sonde. Slegs waar sonde reeds aanwesig is, kan iemand in die sonde verhard word. God reageer op die farao se sonde deur hom aan sy eie sonde oor te gee (vgl. 1 : 24). Sommige meen dat ons in plaas van die woorde *laat optree* in v. 17 moet lees: *laat opstaan,* nl. uit die vorige plaag waardeur die farao al verdelg kon gewees het (vgl. *nog laat bestaan* in Ex. 9 : 16). Dit gaan hier dus nie om 'n ewige voorbeskikking van God dat die farao alleen gebore moet word as voorwerp van verwerping en verharding nie, maar om 'n konkrete handeling van God met die farao in die geskiedenis, waarby die farao se sonde nie weggedink kan word nie. Die farao verdien niks anders as om in sy sonde gelaat te word nie, terwyl God ook die sonde van die farao in Sy diens kan gebruik. Natuurlik het wat Paulus hier sê, betekenis vir die leer van die ewige verkiesing, maar ons moet versigtig wees om wat Paulus van Gods handeling met mense in die geskiedenis sê, sonder meer te interpreteer asof dit sien op hul ewige verkiesing of verwerping. Immers, selfs na alles wat Paulus hier oor die farao sê, kan hy later Israel met die farao vergelyk en dan die moontlikheid oop hou dat diegene wat tans verhard is, later gered kan word (vgl. 11 : 7 e.v.; 11 : 24 e.v.).

(iii) ***God het mag om te handel na Sy welbehae: 9 : 19–24***

19 Jy sal dan vir my sê: Waarom verwyt Hy dan nog, want wie het sy
20 wil weerstaan? Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord?
Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak
21 nie? Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde

klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?
22 En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met
groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf
23 toeberei is, verdra het, juis om bekend te maak die rykdom van sy
heerlikheid oor die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei
24 het tot heerlikheid, ons naamlik wat Hy geroep het, nie alleen uit die
Jode nie, maar ook uit die heidene?

19 Die vraag sluit direk aan by die uitspraak van v. 18, nl. dat God *verhard* wie Hy wil. Indien Gods wil die oorsaak is van die verharding van bepaalde mense wat óók in hulle verharding die doel van God dien, waarom verwyt God hulle dan nog, want wie het sy wil weerstaan? Dan loop sake tog maar soos God dit wil laat loop en is die mens nie verantwoordelik vir die verharding waaroor God hom wil straf nie.

20–21 Paulus antwoord op die vraag van v. 19 deur die mens eenvoudig te stel voor *God*. Die kwalitatiewe onderskeid tussen God en die mens is só groot dat die mens nie met God kan redeneer oor wat Hy doen nie, veral nie só redeneer dat hy eintlik die skuld van sy sonde op Gods rekening wil plaas nie! *Teen God antwoord* beteken om iets te sê te hê op wat God sê, om teen God te murmureer. Met die welbekende beeld van die pottebakker en die klei (vgl. Jes. 29 : 16; 45 : 9; 64 : 8; Jer. 18 : 6, ens.) maak Paulus duidelik dat God volstrek vrymagtig teenoor Sy skepsels mag optree, sonder dat hulle reg het om Hom daaroor te verwyt. Ook hier moet ons weer eens onthou dat die *klei* waarvan hier sprake is, die *sondige mens* is. Die sonde is nooit weg te dink uit die verhouding tussen God en mens en uit die optrede van die pottebakker met die weerbarstige klei nie, soos die Ou-Testamentiese gebruik van dié beeld oorvloediglik bewys. Juis daarom is die verwyt, dat God onregverdig sou handel of skuld sou hê aan die mens se sonde, heeltemal misplaas. God het mag om Sy guns te bewys aan wie Hy wil en te onthou van wie Hy wil, sonder dat iemand Hom daaroor mag verwyt. Buitendien sit daar 'n diepe wysheid in Gods optrede teenoor verskillende mense, want dit dien Sy heilige doel as Hy die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer maak uit dieselfde klomp. Die woord *maak* sien nie op Gods skepping nie, maar op die handelwyse van God met die mense in die geskiedenis, waar die een mens direk Gods barmhartigheid vertoon as 'n voorwerp van eer, terwyl die ander mens as 'n voorwerp van oneer ('n voorwerp vir daaglikse gebruik) moet

dien om op 'n negatiewe manier die heerlikheid van Gods guns oor die voorwerpe van eer te demonstreer (vgl. die farao, v. 17). Die uitdrukking *uit dieselfde klomp* aksentueer die gelykheid van alle mense met wie God handel: almal is sondaars sonder reg of aanspraak voor God. Laat Hy dus die voorwerpe van oneer in hulle eie sonde, dan doen Hy geen onreg nie en behou Hy Sy reg om hulle oor hulle sonde te verwyt (v. 19), terwyl die betoning van Sy guns aan die voorwerpe van eer 'n bewys is van Sy grondelose barmhartigheid en genade.

22–23 Die beeld van die pottebakker en die klei word toegepas. God is die groot Pottebakker. Sy doel is om *die rykdom van Sy heerlikheid oor die voorwerpe van barmhartigheid* bekend te maak. Voorwerpe van *barmhartigheid* is hulle, omdat hulle geensins verdien het om deur God voorberei te word vir die heerlikheid nie. Dit is enkel Gods goedheid, Gods daad van liefde wat hulle, in weerwil van hulle sonde, *voorberei* het vir die heerlikheid. Intussen gebruik God nou egter ook die *voorwerpe van toorn* om die heerlikheid van Sy barmhartigheid oor die voorwerpe van eer nog meer te laat skitter. In die openbaring van Sy toorn en mag (om te verdelg) oor húlle, word dit duidelik hoe groot Sy goedheid is oor diegene wat dieselfde verdien en tog barmhartigheid ontvang (vgl. die woord *juis* in v. 23). Die begrip *toorn* wys weer eens daarop dat die sonde nie uit die situasie weggedink kan word nie: God kan alleen toornig wees op diegene wat Sy toorn vanwee hulle sonde verdien. Daarom is daar ook onderskeid tussen die uitdrukkinge in v. 22 en 23: die voorwerpe van toorn is vir die verderf *toeberei* – kennelik deur hulle eie skuld – maar die voorwerpe van barmhartigheid is deur God self *voorberei* tot die heerlikheid. En tog, al wil God Sy toorn en mag bekend maak oor die voorwerpe van toorn, verdra Hy hulle nogtans met groot *lankmoedigheid*. Hy sou hulle al lankal kon verdelg het, maar duld hulle nog. Waarom? Omdat hulle bestaan en optrede dienstig is aan 'n groter openbaring van Gods barmhartigheid oor die voorwerpe van Sy barmhartigheid. 'n Mens dink hier aan die voorbeeld van die farao. God verdra die farao, óók in sy bedreiging van die volk Israel, sodat Hy in die heerlike verlossing van Israel uit dié bedreiging Sy goedheid te meer kan laat skitter.

24 Paulus verduidelik hier wie die voorwerpe van barmhartigheid is waarvan v. 23 praat: *ons wat geroep is, nie alleen uit die Jode nie, maar ook uit die heidene.* Waar God die heidene insluit in Sy genadige roeping, is dit dus duidelik dat die vryheid van Gods genade-verkiesing nie slegs beteken dat sommige wat wél vleeslike nasate van Abraham is, uitgesluit word uit die kring van die voorwerpe van barmhartigheid nie, maar ook dat sommige wat nie vleeslik nasate van Abraham is nie, daarby ingesluit word. Ook die nasate van hulle wat oorspronklik uitgesluit was (Ismael, die farao, Esau) word tans tot voorwerpe van barmhartigheid. God vergader in Sy genade Sy gemeente ook uit diegene wat aanvanklik nie tot Israel behoort het nie. God kan in Sy vrymagtige genade dus 'n wending bring in die geskiedenis en ook aanneem wat aanvanklik verstoot was.

Ons sou verwag het dat die sin wat in v. 22 begin het, tans voltooi moet word met iets soos: „Wie kan daaroor met Hom twis?" Paulus laat die sin egter onvoltooid, soos meermale in sy briewe gebeur.

(iv) ***Bevestiging deur die Skrif: 9 : 25–29***

25 Soos Hy ook in Hoséa sê: Ek sal dié wat nie my volk is nie, my volk
26 noem; en haar wat nie bemin is nie, beminde; en in die plek waar aan
hulle gesê is: Julle is nie my volk nie! – daar sal hulle genoem word
27 kinders van die lewende God. En Jesaja roep oor Israel uit: Al is die
getal van die kinders van Israel soos die sand van die see, net die oor-
28 blyfsel sal gered word; want Hy volbring 'n saak en verkort dit in
geregtigheid, omdat die Here 'n saak wat verkort is, op die aarde sal
29 doen. En soos Jesaja tevore gesê het: As die Here van die leërskare
nie vir ons 'n nageslag oorgelaat het nie, soos Sodom sou ons geword
het en aan Gomorra gelyk gewees het.

25–26 Die aanhaling is 'n kombinasie van Hos. 1 : 10 en 2 : 22. Dit slaan daarop dat God die Tienstammeryk laat aansê dat hulle, hoewel hulle vanweë afgodery van God afvallig geword en deur Hom verstoot is, eenmaal weer in genade aangeneem sal word. Daaruit spreek die vrye genade van God. Dit is egter duidelik dat Paulus hierdie tekste aanhaal met die oog op Gods ontferming oor die heidene – anders sou die aansluiting by v. 24 onduidelik wees. Daardeur beklemtoon hy die feit dat God self deur Sy verkiesing vir Hom 'n ware volk vergader, die ware nasate van Abraham, ook uit diegene van wie eens gesê is: Julle is nie My

volk nie. Ver daarvandaan dat God dus Sy beloftewoord aan Abraham laat verval het, vervul Hy dit op 'n wonderbare wyse, sodat die vrymag van Sy genade daarin heerlik tot openbaring kom.

27-29 Paulus haal Jes. 10 : 22-23 aan (v. 27-28) en Jes. 1 : 9 (v. 29) as bewys daarvan dat nie almal Israel is wat uit Israel is nie. In hierdie aanhalings is sprake van die *oorblyfsel* en die *nageslag* wat uit die groot totaal van die vleeslike nasate van Abraham gered sal word. Net die kleinste gedeelte van dié wat uit Abraham gebore is, sal uit die ballingskap terugkeer. God sal immers *'n saak volbring*, d.i.: 'n handeling verrig, sonder verdere uitstel (*verkort* kan ook weergegee word met *afsny*, naamlik die *afsny* van verdere uitstel). Hierdie handeling sal wees dat Hy die grootste gedeelte van Israel laat ondergaan deur Sy oordeel. Dit sal geskied *in geregtigheid*, want die sonde van Israel roep om die oordeel. Veral v. 29 laat sien dat die vleeslike nasate van Abraham so goddeloos is dat hulle lot gelyk behoort te wees aan dié van Sodom en Gomorra. Tog red God nogtans uit vrye guns uit hierdie goddelose nageslag die *oorblyfsel* of *nageslag*. Deur hierdie aanhalings laat Paulus sien dat niemand hom op vleeslike afstamming voor God kan beroep nie; dat die verlossing van die oorblyfsel uit Israel enkel genade is, sodat niemand daarop aanspraak kan maak nie, en dat God in die redding van die oorblyfsel feitlik teen alles in woord hou met Abraham. Alle grond vir vleeslike roem is hierby uitgesluit.

## C. ISRAEL IS TE TROTS VIR GODS GENADE: 9 : 30–10 : 21

In hierdie stadium van sy betoog maak Paulus eers 'n gevolgtrekking uit die voorafgaande, naamlik dat die grootste gedeelte van Israel die geregtigheid nie deelagtig geword het nie, en waarom nie (9 : 30–10 : 3). Hierop laat hy 'n uiteensetting volg oor die ware aard van die geregtigheid, waaruit dit nog meer duidelik word waarom Israel dit nie deelagtig kon word nie (10 : 4–13). Daarna laat hy sien wat Israel telkens weer met Gods genadewoord gedoen het, waaruit dit duidelik blyk: Israel is te trots vir Gods genade (10 : 14–21).

(i) *Israel het die geregtigheid nie verkry nie: 9 : 30–10 : 3*

30 Wat sal ons dan sê? Dat die heidene, wat die geregtigheid nie nagejaag
het nie, die geregtigheid verkry het, naamlik die geregtigheid wat uit
31 die geloof is; terwyl Israel, wat die wet van die geregtigheid nagejaag
32 het, die wet van die geregtigheid nie bereik het nie. Waarom? Omdat
dit nie uit die geloof was nie, maar net asof dit uit die werke van die
33 wet was; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot. Soos
geskrywe is: Kyk, Ek lê in Sion 'n steen van aanstoot en 'n rots
van struikeling; en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.
10:1 Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir
2 Israel doen, is tot (hulle) redding. Want ek getuig van hulle dat hulle
3 'n ywer vir God het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig,
het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie.

30–31 Die woorde: *Wat sal ons dan sê?* toon dat 'n gevolgtrekking uit die voorafgaande gemaak word. Die paradoksale situasie is dat die heidene wat die geregtigheid nie nagejaag het nie (vgl. 1 : 18 e.v.), die geregtigheid verkry het, terwyl Israel met sy passie vir die geregtigheid, dit juis verloor het. Onder *heidene* moet verstaan word: dié heidene wat deur God geroep is, terwyl onder *Israel* verstaan moet word: dié Israeliete wat in ongeloof verhard is. Die geheim van die paradoksale situasie is dáárin geleë, dat die geregtigheid enkel uit genade ontvang kan word, nie uit die werke van die wet nie (vgl. hfst. 3). Die heidene word gered, omdat die geroepenes die vreemde geregtigheid wat God hulle om Christus ontwil toereken, dankbaar in die *geloof* ontvang. Daarteenoor gaan Israel verlore, omdat hy nie bereid is om enkel in Gods genade te rus en die vreemde geregtigheid deur die geloof aan te neem nie, maar sy eie geregtigheid wil oprig deur die onderhouding van die wet. Daar sit 'n stuk ongebroke trots in Israel se ywer vir die wet. Israel verwerp die genade en wil homself teenoor God handhaaf. Tereg sê Paulus dat Israel *die wet van die geregtigheid* nagejaag het: dit het vir Israel net om die *wet* gegaan, die wet as middel waardeur hy gemeen het om sy eie geregtigheid te verdien. Maar Israel het *die wet van die geregtigheid nie bereik nie*. Die wet, wat volgens hulle die middel was om die geregtigheid mee te verkry, kon tog nie deur hulle onderhou word nie, omdat hulle die sin van die wet nie begryp het nie. Daardeur het die middel waarmee hulle die geregtigheid wou verkry, as 't ware uit hul hande geglip. Die gevolg is dat hulle dus tog nie die geregtigheid verkry het nie.

32–33 As rede waarom dit net eenvoudig met Israel moes gebeur, voer Paulus aan dat Israel die geregtigheid langs 'n verkeerde weg gesoek het: nie deur die geloof nie, maar deur wetswerke. Die woorde *net asof* gee uitdrukking aan die misverstand van Israel: hulle het gedink en gehandel asof die geregtigheid deur wetswerke verkry kon word. Daardeur het Israel hom *gestamp teen die steen van aanstoot*. Met die aanhaling in v. 33, 'n kombinasie van Jes. 8 : 14 met Jes. 28 : 16, verduidelik Paulus hierdie laaste woorde. Die *steen* waarvan in Jesaja sprake is, word deur Paulus verstaan van die Messias waarop God, soos op 'n hoeksteen, Sy gemeente wil bou. Wie in Hom glo, sal nooit beskaamd staan nie, omdat hy in gemeenskap met die Messias die ewige lewe deelagtig sal word. Wie egter nie in Hom glo nie, maar meen dat hy sy eie geregtigheid moet uitwerk, kan nie anders as in Hom *'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling* te vind nie (vgl. 1 Pet. 2 : 6–8). Christus het in die wêreld gekom, sodat die gedagtes uit baie harte openbaar sou word (vgl. Luk. 2 : 34). Vir diegene wat nie uit Gods genade wil lewe nie, dien die vleesgeworde genade van God net tot aanstoot en struikeling.

10 : 1 Met *broeders* spreek Paulus die gemeente aan (al noem hy ook in 9 : 3 die Jode sy broers na die vlees). 'n Vurige verlange vir die redding van Israel wat in die gebed uiting vind, vervul sy hart (vgl. 9 : 2–3). Dit gaan hier nie om 'n verlange gebaseer op sy natuurlike liefde vir Israel as sy „eie mense" nie, maar om apostoliese bewoënheid oor die kerk van die Ou Verbond. Hy bid dan ook om die *redding* van Israel, nie om sy aardse voortbestaan of grootheid nie.

2 Israel het *'n ywer vir God* – dit ontken Paulus, die eertydse yweraar, geensins. Die probleem is egter dat dié ywer *sonder kennis* is. Israel leef in 'n groot misverstand, omdat hy nie verstaan dat alles net genade is nie.

3 Nog eens word Israel se misverstand verduidelik: hulle ken Gods geregtigheid nie en probeer hulle eie geregtigheid oprig. Dié tweërlei geregtigheid staan egter direk teenoor mekaar: Gods geregtigheid en eiegeregtigheid. Israel *probeer* hulle eie geregtigheid *oprig* (wat nie moontlik is nie). Daardeur misken hulle die geregtigheid van God en *onderwerp* hulle nie daaraan nie, omdat

hulle dit nie nodig ag nie. Geloof beteken dat 'n mens jou onderwerp aan wat God uit genade in Christus met jou wil doen, dat jy onder die seën van God gaan staan en jou dit laat welgeval dat God vir jou goed mag wees. Dit wou Israel nie doen nie. Nogtans bid Paulus vir hulle. Dat hulle tot op datum verhard is, is vir hom geen rede om nie te hoop dat dit nog anders kan word deur Gods genade nie.

(ii) *Die ware weg tot die geregtigheid: 10 : 4–13*

4 Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat
5 glo. Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die
6 mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. Maar die geregtigheid
wat uit die geloof is, sê dit: Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die
7 hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring; of: Wie sal in die
8 afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring? Maar
wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is
9 die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die
Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opge-
10 wek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid
11 en met die mond bely ons tot redding. Want die Skrif sê: Elkeen wat
12 in Hom glo, sal nie beskaam word nie. Want daar is geen onderskeid
tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is
13 ryk oor almal wat Hom aanroep. Want: Elkeen wat die Naam van die
Here aanroep, sal gered word.

4 In noue aansluiting by v. 3 word die ware weg tot die geloofsgeregtigheid in die volgende verse verduidelik. Die ware geregtigheid kan nie deur die wet verkry word nie, want die wet is nie gegee as 'n middel om die saligheid mee te verdien, soos die Jode gedink het nie. Wie van die wet 'n weg tot die saligheid wil maak, raak *onder die wet* met sy harde eise waaraan hy tog nooit kan voldoen nie, sodat hy voor God veroordeeld moet staan (vgl. hfst. 7). Christus is egter die *einde van die wet* in hierdie sin. Hy hef nie die wet op as uitdrukking van die wil van God nie, maar Hy het die wet as 'n eisende en veroordelende instansie vir die gelowiges afgeskaf, omdat Hy aan die eise van die wet voldoen het en die straf wat die oortreding van die wet meebring, gedra het. Daar bly dus maar één weg oop tot die geregtigheid: die omhelsing van Christus deur die geloof. Dit is ook moontlik om die woord wat hier met *einde* vertaal is, met *doel* weer te gee. Sommige verkies dan ook om hierdie teks uit te lê in die sin dat Christus die doel, die vervulling en die samevatting van die wet is.

5 Met 'n aanhaling uit Lev. 18 : 5 beklemtoon Paulus dat wie sy eie geregtigheid probeer oprig, hom moet vergewis daarvan dat hy die wet volkome sal moet onderhou. In die uitspraak van Levitikus is hierdie woorde gerig aan diegene wat reeds in Gods genade lewe. Die gebooie van God is vir die verlostes 'n tekening van hul lewenstyl, 'n aanduiding van die weg van die ware, volle lewe. Die Jode het egter van hierdie uitspraak iets anders gemaak. Hulle het dié woord losgesny van die genade en gedink dat 'n mens eers in eie krag die wil van God moet doen, waarop jy die lewe as loon ontvang. Daardeur het hulle onder 'n onmoontlike eis te staan gekom. Die wet kan hulle in hierdie omstandighede alleen nog maar veroordeel.

6–7 Teenoor die wetswerke stel Paulus die geregtigheid wat uit die geloof is weer eens met 'n aanhaling (Deut. 30 : 12–14). Paulus gaan egter betreklik vry om met dié aanhaling. Wat dáár van die gebod van God gesê word, pas hy hier op die geloofsgeregtigheid toe. Natuurlik, Paulus is nie besig om 'n uitleg van die genoemde teks te gee nie, maar om woorde wat daar gebruik word, aan te wend om te verduidelik hoe dit met die geloofsgeregtigheid gesteld is. Daarom kan hy aansluit by uitdrukkinge wat dáár voorkom (bv. *opklim na die hemel*) en wat sterk herinner aan wat met Christus gebeur het (Sy hemelvaart byvoorbeeld). Paulus bring egter heelparty wysiginge in die oorspronklike teks aan, omdat woorde uit ander tekste hulle klaarblyklik aan hom opgedring het (bv. Deut. 8 : 17; Ps. 106: 26, ens.), waarby sy begeerte om woorde te gebruik wat op Christus van toepassing gemaak kan word, 'n rol sou gespeel het. Hoe dit ook sy, daar bestaan vir Paulus 'n direkte verband tussen die eenvoud van die gebod waarvan daar in Deuteronomium sprake is, en die eenvoud van die geregtigheid van die geloof. Teenoor die onmoontlike weg van 'n geregtigheid wat deur wetsvervulling verdien moet word, stel hy die eenvoudige weg van die geloof in wat Christus gedoen het om die geregtigheid vir ons te verkry. Só gesien, is die aanhaling uit Deuteronomium ook volkome gepas. Die doen van Gods gebod is alleen eenvoudig vir wie in die genade lewe. Eers in Christus word die ware sin van die woorde van Deuteronomium ten volle begryplik.

8 Daarom kan Paulus ook tans wat in Deuteronomium gesê word oor die gebod wat só helder tot die volk gekom het, dat hulle dit kan nasê en onthou *(in jou mond en in jou hart),* van toepassing maak op *die woord van die geloof wat ons verkondig.* In albei gevalle gaan dit immers om Gods genade wat aan die mens geskenk is en waarin hy moet lewe. Paulus wil veral laat verstaan dat die heil in Christus so *naby* aan die mens gekom het, dat hy nie in eie krag hoef te swoeg om die geregtigheid te probeer verkry nie. Christus het neergedaal na die doderyk en het opgestaan. Die beslissing het geval. Die eenvoudige woord wat dit alles verkondig, kan maklik geglo en bely word tot verlossing.

9 Die verlossing wat God skenk, word nie die mens se deel deur eie kragsinspanning nie, maar deur die eenvoudige toeëiening van wat verkondig word. Dit geskied deur aanvaarding *in* geloof en belydenis *van* geloof. Omdat hy by Deut. 30 : 14 aansluit, stel Paulus die belydenis vóór die geloof met die hart (hoewel hy dit in v. 10 net andersom kan doen). Die verlossing word die deel van die mens wanneer hy gelowig nasê wat in die prediking aan hom verkondig is en gelowig met sy hart daarop rus. Die uitdrukkinge *met jou mond die Here Jesus bely* en *met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het,* gee die hoofsaak van die evangelie aan, en is moontlik vaste terme wat destyds reeds gebruik is as 'n kort samevatting van die Christelike geloof. Die belydenis dat Jesus die *Here* is, behels eintlik die hele Christelike boodskap en in die belydenis dat Hy uit die dode opgewek is, lê die fundering en bewys daarvan dat Hy die Here is. Die opstanding van Christus is die groot keerpunt van die geskiedenis, die aanbreek van die nuwe eeu, die deurbraak van die koninkryk van God in hierdie wêreld. Daarom neem dit so 'n groot plek in die prediking van die apostels in.

10 Nog 'n keer word verduidelik dat ons *met die hart glo tot geregtigheid* en *met die mond bely tot redding.* Die *geregtigheid* en *redding* is twee woorde vir dieselfde saak van verskillende kante besien. Daar is dan ook nie verskillende dinge wat 'n mens toeval deur die daad van geloof en deur die daad van belydenis nie. Albei vorm saam die één daad van die toeëiening van die geregtigheid wat as geskenk deur God gegee word. Paulus gebruik die vorm van die parallellie wat so geliefd is in die Semitiese

spreekwyse. Dieselfde saak word twee keer gesê, telkens net effens anders.

11–13 Paulus voer weer eens die Skrif aan. Met Jes. 28 : 16 bewys Paulus die waarheid van wat hy gesê het oor die geloof met die hart (v. 11), terwyl hy met Joël 3 : 5 die bewys aanvoer vir die redding deur die belydenis met die mond (v. 13). Paulus dra wat die Ou Testament sê oor die vertroue op God en die aanroeping van die Naam van God net so op Christus oor, waarmee hy weer eens bewys dat Christus vir hom waarlik God is. Die strekking van albei die aanhalings is om te laat sien hoe seker dit is dat die mens wat hom op Gods genade verlaat (of beroep), gered sal word. In hierdie opsig is daar ook geen onderskeid tussen die mense nie. *Elkeen* (hierdie woord voeg Paulus by sy aanhaling van Jes. 28 : 16 in v. 11 uitdruklik in), wie hy ook mag wees, Jood of Griek, kan alleen maar op hierdie een manier gered word. Die woorde van v. 12 is blykbaar meermale deur Paulus in sy prediking herhaal (vgl. 3 : 22). Natuurlik is daar baie dinge waarin mense van mekaar mag verskil, maar ten opsigte van die redding bestaan daar geen onderskeid nie. *Dieselfde Here tog is Here van almal.* Geen enkele groep mag die Here vir hulle alleen toeëien, of ook meen dat hulle sonder die Here kan klaarkom en sonder Hom gered kan word nie. Hy is die Here van almal kragtens Sy opstanding uit die dode (vgl. 1 : 4). Hy is dieselfde teenoor almal. Daarom hoef niemand te vrees nie: elkeen wat Hom aanroep, sal vind dat Hy *ryk* is in genade oor almal wat Hom aanroep. Die weg van die geregtigheid deur die geloof is dus 'n eenvoudige weg, oop vir elkeen wat dit wil betree.

(iii) ***Wat Israel met die genadewoord gedoen het: 10 : 14–21***

14 Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En
hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe
15 kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle
nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van
dié wat die evangelie van vrede verkondig, van dié wat die evangelie
16 van die goeie verkondig! Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan
die evangelie nie; want Jesaja het gesê: Here, wie het ons prediking
17 geglo? Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord
18 van God. Maar ek sê: Het hulle miskien nie gehoor nie? Ja, seker!
Oor die hele aarde het hulle stem uitgegaan en tot by die eindes van
19 die wêreld hulle woorde. Maar ek vra: Het Israel dit miskien nie
verstaan nie? Ten eerste sê Moses: Ek sal julle jaloers maak op dié

wat geen volk is nie, en Ek sal julle toorn opwek teen 'n onverstandige
20 volk. En Jesaja durf selfs sê: Ek het My laat vind deur die wat My nie
gesoek het nie; Ek het verskyn aan dié wat na My nie gevra het nie.
21 Maar van Israel sê Hy: Die hele dag het Ek my hande uitgebrei na 'n
ongehoorsame en teësprekende volk.

14–15a Nadat Paulus die ware weg tot die geregtigheid geskets het, laat hy 'n aantal vrae volg om te laat sien dat al die voorwaardes daarvoor dat Israel tot die ware geregtigheid kon kom, vir hulle aanwesig was, maar dat hulle in weerwil daarvan tog ongelowig gebly het. Immers, om te kan kom tot die ware aanroeping van Christus, moet die geloof aanwesig wees. Die geloof kan egter nie aanwesig wees sonder dat die prediking aangaande Christus gehoor is uit die mond van diegene wat daarvoor gestuur is nie. Die eintlike vraag waarop alles dus uitloop, is: Het Israel werklik die evangelie gehoor? Daarop val alle klem. Die tweede vraag in v. 14 is in die Afrikaanse Vertaling taamlik vry weergegee. In die Grieks staan daar letterlik: *En hoe kan hulle glo in Hom wat hulle nie gehoor het nie?* Die bedoeling is dat diegene wat na die gepredikte Woord luister, daarin Christus self met hulle hoor spreek deur die mond van diegene wat deur Hom gestuur is. Dat Paulus soveel klem op die feit laat val dat die predikers *gestuur* moet wees, hang daarmee saam dat die prediking slegs met gesag tot die hoorders kom as dit geskied in die Naam en in opdrag van Christus self. Waar dit die geval is, spreek Christus self deur die mond van die gestuurdes.

15b–18 Paulus toon tans aan dat Israel wél die evangeliewoord gehoor het. Die aanhaling uit Jes. 52 : 7 is bedoel om te sê: Reeds Jesaja getuig al van die vreugdevolle feit dat die boodskappers van vrede na Israel gestuur is. Hulle het dus geen verontskuldiging nie. Tog was almal nie *gehoorsaam aan die evangelie nie* (vgl. by 1 : 5), soos ook al blyk uit die woorde van Jes. 53 : 1 waarin gekla word, omdat niemand die prediking (letterlik: die *gehoorde*) geglo het nie. Asof hy die posisie nog eens duidelik wil stel, herhaal Paulus in v. 17 weer eens die gedagte van v. 14, sodat die verband tussen geloof en gehoor glashelder moet wees. Volgens die beste handskrifte moet ons hier nie lees: *die woord van God* nie, maar: *die woord van Christus*. Die bedoeling is dan dat die woord wat die waarheid aangaande Christus verkondig, daarop bereken is om die geloof in die mens te wek. Vir Paulus is alles

daarin geleë om te laat verstaan dat Israel dié woord gehoor het. Met woorde uit Ps. 19 : 5 beklemtoon Paulus dat die evangelie wat deur die apostels verkondig is, die hele wêreld deurgegaan het. Hy bedoel weer eens nie om 'n uitleg van Ps. 19 : 5 te gee nie, maar gebruik die woorde wat dáár gebesig word van die boodskap van die skepping, om uit te spreek wat ook van die boodskap van die apostels gesê kan word. Die Jode kan nie aanvoer dat hulle Christus verwerp omdat hulle nie die prediking aangaande Hom gehoor het nie.

19 Israel het wel die prediking gehoor, maar het hulle dit ook *verstaan?* Indien dit vir hulle onverstaanbaar was, het hulle ook 'n verontskuldiging vir die feit dat hulle nie glo nie. Paulus voer egter drie aanhalings uit die Ou Testament aan (v. 19–21) om te laat sien dat Israel in 'n besonder bevoorregte posisie met betrekking tot Gods openbaring verkeer het en dus die woord behoort te verstaan het. Die eerste aanhaling is uit Deut. 32 : 21 en wys daarop dat *dié wat geen volk is nie* en wat *'n onverstandige volk* is, deur God gebruik sal word om Israel jaloers te maak en Sy toorn op te wek. Die bedoeling is dat Israel met jaloersheid, spyt en woede sal opmerk hoe mense wat hulle nie gereken het nie, omdat dié mense nie in dieselfde geestelike voorregte as hulle gedeel het nie, tog Gods heil deelagtig word, terwyl dit aan húlle verbygaan. Indien die onverstandiges die woord kan verstaan, beteken dit dat Israel dit ook sou kon verstaan het as hulle nie hul hart daarvoor toegesluit het en dit nie wou verstaan het nie.

20 Die tweede aanhaling waarmee Paulus op die vraag van v. 19 antwoord, kom uit Jes. 65 : 1. Paulus verklaar dat Jesaja *selfs durf* sê wat hy sê, waarmee hy klaarblyklik bedoel dat wat Jesaja sê, sulke geweldige implikasies het dat 'n mens byna nie kan waag om dit te sê nie. Wat Jesaja sê, is egter die kern van die boodskap van genade: God laat Hom in genade vind deur wie nie na Hom gesoek of gevra het nie. Israel het na God gesoek en gevra. Israel het in 'n bevoorregte posisie verkeer ten opsigte van die waarheid van God, sodat hulle (in teenstelling tot die heidene) God kón soek. Tog het God Hom nie deur hulle laat vind nie, omdat Israel op 'n verkeerde wyse na Hom gesoek het – langs die weg van die wetswerke en nie langs die weg van die geloof nie. Israel wou nie van genade alleen lewe nie. Daarom sal God Israel jaloers maak

deur Hom te laat vind deur die heidene wat nie na Hom gevra het nie (9 : 30).

21 Die derde aanhaling kom uit Jes. 65 : 2. Dat Israel die heil verloor het, is nie God se skuld nie. Die hele dag het Hy Sy hande na Israel uitgebrei. Maar Israel was 'n *ongehoorsame en teësprekende volk*. Israel wou nie na die evangelie luister nie, maar het sy eie geregtigheid gestel teenoor die geregtigheid wat God wil skenk. Daarom kan geen onskuld gepleit word nie. Israel was te trots vir Gods genade.

## D. DIE GEHEIMENIS VAN GENADE WAT GENADE BLY: 11 : 1–36

Die twee gedagtes wat tot sover behandel is, naamlik dat Gods genade altyd genáde bly èn dat Israel die verlossing verloor het omdat hy te trots was vir die genade, vloei in die gedeelte wat tans volg tot 'n eenheid saam. Dit bied aan Paulus die geleentheid om bepaalde gevolgtrekkinge te maak in verband met die huidige en toekomstige posisie van Israel.

Ons kan hierdie gedeelte soos volg indeel:

(i) Verse 1–10 laat ons sien dat God Sy woord van genade aan Abraham getrou bly deur die verlossing van 'n gelowige oorblyfsel van Israel, maar dan op sodanige wyse dat dit duidelik is dat hulle enkel deur genade gered word, terwyl dié wat nie van genade alleen wil lewe nie, verhard word.

(ii) Verse 11–24 laat ons verder sien dat ook die verharde deel van Israel nog nie van Gods genade uitgesluit is nie, maar dat God Sy genade ook aan hulle nie anders bewys nie as só dat Sy genade aan hulle as genáde erken word.

(iii) Daarna laat Paulus ons dan begryp dat die verharding vir 'n deel oor Israel gekom het, ten einde Israel ook weer ryp te maak vir die genade wanneer Israel Gods genade as genáde sal eer en aanvaar (v. 25–32).

(iv) Geen wonder dat Paulus dan met 'n lofprysing op die wysheid en genade van God moet afsluit nie (v. 33–36).

### (i) *Genade bly genade as die oorblyfsel gered word: 11 : 1–10*

**11:1 Ek vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Want ek is ook 'n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van**

2 Benjamin. God het sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot
nie. Of weet julle nie wat die Srif in die gedeelte oor Elia sê nie? –
3 hoe hy by God optree teen Israel en sê: Here, hulle het u profete
gedood en u altare het hulle afgebreek, en ek het alleen oorgebly, en
4 hulle soek my lewe! Maar wat sê die Godspraak aan Hom? Ek het vir
Myself seweduisend manne laat oorbly wat die knie voor Baal nie
5 gebuig het nie. Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oor-
6 blyfsel ooreenkomstig die verkiesing van die genade. En as dit deur
genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade
geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer
7 genade nie; anders is die werk geen werk meer nie. Wat dan? Wat
Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit
8 verkry en die ander is verhard. Soos geskrywe is: God het hulle gegee
'n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie en ore om nie te
9 hoor nie, tot vandag toe. En Dawid sê: Laat hulle tafel vir hulle wees
10 'n vangnet en 'n strik en 'n struikelblok en 'n vergelding. Laat hulle
oë duister word om nie te sien nie, en buig hulle rug vir altyd krom.

1 Opnuut wys Paulus met klem die gedagte van die hand dat God aan Sy woord ontrou sou geword het en Israel sou verstoot het (vgl. ook 9 : 6). Uit die feit dat Israel God verlaat het en dat God Hom laat vind het deur wie na Hom nie gevra het nie (10 : 20), mag nie afgelei word dat God *Sy volk* (waarmee Israel as 'n „natuurlike" volk, die nasate van Abraham, bedoel word) laat vaar het nie. Die woord vir *verstoot* het 'n sterk betekenis en kan miskien die beste weergegee word met *verwerp*. As bewys daarvoor dat God Israel nie verwerp het nie, voer Paulus in die volgende aan dat God nog 'n oorblyfsel van Israel gered het. As eerste voorbeeld van hierdie oorblyfsel noem hy homself. Hy kan homself met reg as voorbeeld van Gods reddende liefdeswerk aanvoer, want ook hy het eens ten volle gedeel in die verharding van Israel en die gemeente van Christus vervolg.

2–4 Paulus haal Ps. 94 : 14 (of 1 Sam. 12 : 22) aan as bewys daarvoor dat God Sy erfdeel, *Sy volk, nie verstoot het nie.* Dit is immers die volk wat God *vantevore geken het*, d.i. tevore uitgekies het (vgl. 8 : 29; Jes. 43 : 10, ens.). God laat Hom nie van Sy heilsplan met Israel afbring deur die hardkoppigheid van die volk nie. Wat Sy liefde wil bewerk, sal Hy deurvoer. Die bewys daarvoor vind Paulus in die feit dat God altyd weer 'n oorblyfsel van Israel bewaar het van verharding. Hy haal as voorbeeld daarvan die geskiedenis van Elia aan. Ook toe het dit gelyk asof die hele volk God verlaat het, Sy profete gedood en Sy altare afgebreek

het, terwyl hulle selfs die lewe van die enigste oorblywende getroue profeet gesoek het. Wanneer Elia egter hierdie dinge aan God voorhou en só *teen Israel optree*, verseker God hom deur 'n plegtige Godspraak dat Hy, God self, seweduisend manne vir Hom laat oorbly het wat die knie nie voor Baal gebuig het nie. Nie van Israel self hang dit dus af dat daar nog 'n oorblyfsel is nie: dit is Gods direkte en persoonlike ingrype wat verseker dat die oorblyfsel bewaar word.

5 Uit die voorbeeld van Elia word 'n gevolgtrekking gemaak. God vervul Sy beloftes aan Abraham deur te sorg dat daar altyd in die geskiedenis 'n kern van die volk bly wat nie van Hom afvallig is nie. In die oorblyfsel word die volk gered (vgl. ook 9:27, 29). *Oorblyfsel* is 'n tipiese Ou-Testamentiese begrip wat veral by Jesaja voorkom. Dit dien as aanduiding van die res of deel wat God deur Sy genade behoue laat bly, ook al gaan die grootste deel van die volk verlore. Hulle bestaan is die bewys van Gods *verkiesing van genade*. Terwyl almal eintlik behoort verlore te gaan vanweë hulle goddeloosheid, kies God tog sommige uit om Sy genade aan hulle te bewys en te verheerlik, sonder dat daar in hulleself enige grond gevind kan word waarom God hulle uitkies. Hulle bestaan is dus enkel genade. So, sê Paulus, is dit ook *in die teenwoordige tyd*. Nie alle Jode het die Christus verwerp nie. Dat sommige Hom egter gelowig aangeneem het, is 'n bewys van Gods genadige verkiesing èn van die feit dat Hy Israel nie verwerp het nie.

6 Nog eens word die sentrale boodskap van hierdie brief duidelik uitgespreek: genade en werke staan teenoor mekaar. Die oorblyfsel wat gered word, word uit genade gered en nie op grond van hulle werke nie. Alle roem is uitgesluit. Die laaste deel van v. 6 kom in die beste handskrifte nie voor nie. Die vers eindig in werklikheid ná die woorde *geen genade meer nie*.

7 Terwyl Israel die geregtigheid gesoek het, het hulle dit tog nie verkry nie, omdat Israel verkeerd daarna gesoek het, langs die weg van die wetswerke. Wie egter meen om op grond van eie werke geregverdig te word, weier om enkel deur genade gered te word. Hy verskans homself teen God, omdat hy te trots is om uit genade alleen gered te word. God wil egter alleen op sodanige wyse

red, dat Sy genade as genade geken en geëer sal word. Daarom red Hy die *uitverkorenes* sonder enige verdienste van hulle kant as 'n daad van genade alleen. Wie uitverkiesing sê, sê daarmee ook genade, en omgekeerd. *Die ander is verhard:* ook hier moet ons dink aan 'n reaksie van Gods kant op die sonde van die mens (vgl. 9 : 18). Verharding beteken dat die mens ongevoelig word vir indrukke van buite, met name vir die roepstem van Gods liefde. God gee die mens oor aan die hardheid van sy hart, laat hom begaan om te doen wat hy verkies. Tog beteken hierdie verharding blykens die vervolg nie 'n onherroeplike verharding nie (vgl. v. 11 e.v.). Die verharding dien negatief daartoe om Gods genade in die wat gered word, des te heerliker te laat skitter.

8–10 Met 'n reeks aanhalings uit die Skrif teken Paulus die verharding wat oor Israel gekom het as 'n mag van verblinding wat hulle gevange hou (v. 8 en 10a) en 'n oordeel wat hulle juis in hulle bevoorregte posisie des te harder tref (v. 9). Die aanhalings is uit Jes. 29 : 10 (gekombineer met woorde uit Deut. 29 : 4) en uit Ps. 69 : 23–24. Die uitdrukking *gees van diepe slaap* is aanduiding van 'n geestelike gesteldheid wat gekenmerk word deur 'n onvermoë om te sien en te hoor. Hoewel verklaar word dat Gód hierdie gees aan Israel gegee het, gaan dit tog nie buite hulle skuld om nie; dit is die straf op hulle moedswillige afkeer van Gods Woord. Die woorde *tot vandag toe,* afkomstig uit Deut. 29 : 4, laat ons sien dat hierdie verblinding deur die hele geskiedenis by Israel aanwesig was en nog steeds voortduur. Besonder pynlik is dit dat Paulus die woorde van Ps. 69 : 23–24, wat 'n vloek van Dawid oor die vyande van Gods volk bevat, net so op Israel kan toepas (v. 9). Hulle *tafel* is 'n aanduiding van die oorvloed en die weelde wat hulle geniet. In sy vloek spreek Dawid dit uit dat juis die voorregte en weelde van Gods vyande vir hulle tot ondergang sal word *('n vangnet en 'n strik).* Presies só, bedoel Paulus met dié aanhaling, gaan dit ook met Israel. Juis sy groot voorregte (9 : 4–5) word vir Israel tot 'n oorsaak van struikeling, omdat Israel homself verhef en daarom nie meer van genade alleen wil lewe nie. Die uitdrukking *buig hulle rug vir altyd krom* sien miskien op die slawerny (waarby Paulus dan sal dink aan die slawerny onder die juk van die wet) of miskien in die algemeen op 'n toestand van gebrokenheid waarin die mens nie meer regop kan

kom nie (waarby Paulus dan sal dink aan 'n toestand van onvermoë om die Woord van God te hoor en aan te neem).

Met hierdie drie aanhalings het Paulus die toestand geteken van die verlore deel van Israel in teenstelling met die uitverkorenes of oorblyfsel wat uit genade gered is.

(ii) *Genade bly genade ook in die verharding van Israel: 11 : 11–24*

11 Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie!
Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle
12 jaloers te maak. En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle
tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid
13 dit nie wees nie! Want aan julle heidene sê ek: Vir sover as ek 'n apostel
14 van die heidene is, verheerlik ek my bediening – as ek tog maar net
15 my eie volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red! Want as
hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aan-
16 neming anders wees as lewe uit die dode? En as die eerstelinge heilig
is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook.
17 En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat 'n wilde olyf-
boom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en
18 die vettigheid van die olyfboom, moet dan nie teen die takke roem
nie; en as jy roem – dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die
19 wortel vir jou. Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt
20 kon word. Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur
21 die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees. Want as God
die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie
22 spaar nie. Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van God:
gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou as
23 jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word. Maar
ook hulle sal, as hulle nie in die ongeloof bly nie, ingeënt word; want
24 God is magtig om hulle weer in te ent. Want as jy afgekap is van die
olyfboom wat van nature wild was, en teen die natuur op die mak
olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van
nature is, op hul eie olyfboom ingeënt word?

11 Die vraag of Israel gestruikel het *om te val*, d.i. om volgens Gods bedoeling vir altyd te gronde te gaan, word deur Paulus met beslistheid ontken. Hulle het wel gestruikel, d.i. afgestuur op 'n definitiewe val, maar dit was nie Gods bedoeling dat Israel finaal in die verderf moet val nie. God het hulle verharding toegelaat met 'n bepaalde doel. Daardie doel was tweërlei: (a) dat die saligheid tot die heidene kon kom en (b) dat Israel deur die verlossing van die heidene self ook weer tot die verlossing gelei kan word. Toe Israel nie wou verstaan dat die verlossing alleen uit genade is nie, het God Hom tot die heidene gewend, sodat dit dui-

delik kon wees dat Hy Hom laat vind deur dié wat na Hom nie gevra het nie en Sy genade uit vryheid kan skenk aan wie Hy wil. God gebruik egter die begenadiging van die heidene óók vir 'n heilige doel, nl. om Israel *jaloers* te maak, sodat Israel by die aanskouing van die genade waarin die heidene deel, kan terugkeer tot sy eie geestelike erfenis. Dit sal egter eers gebeur as Israel besef dat die verlossing enkel uit genade is (v. 25 e.v.). Vers 11 bevat dus 'n gevolgtrekking uit wat tevore reeds gesê is. In 9 : 17, 22 en 23 het dit reeds geblyk dat sommige deur God verhard kan word om Sy genade aan ander des te helderder te kan openbaar, en in 10 : 19 het Paulus reeds uit die Ou Testament aangehaal om te laat sien dat God Israel jaloers sal maak op diegene wat geen volk is nie.

12 Wanneer God Israel teruglei tot sy geestelike erfenis sal dit vir die heidene en vir die hele wêreld geweldige betekenis hê. Met die *val* of *tekort* van Israel bedoel Paulus hulle vernedering, neerlaag of agteruitgang. Met die *volheid* van Israel word bedoel die verlossing van die volle getal uit Israel wat deur God uitverkies is, sodat in hulle Gods volle heilsbedoeling met dié volk volmaak sal wees. As die verharding van Israel deur God gebruik kon word om die heidene te laat deel in die *rykdom* van die heil, hoeveel te meer sal Hy nie die verlossing van die volheid van Israel kan gebruik om vir die wêreld tot 'n groot seën te wees nie?

13–14 Dat Paulus hom hier kan wend tot *julle heidene* wys weer eens daarop dat die meerderheid lidmate in Rome van heidense oorsprong was (vgl. by 1 : 5–6). Paulus is die *apostel van die heidene* (vgl. 1 : 5) en verheerlik hierdie roeping van hom, d.i. ywer daarvoor dat die heerlikheid van God in sy arbeid tot openbaring mag kom. Dié heerlikheid van God sal Israel jaloers maak. Sy arbeid onder die heidene vind dus nie plaas omdat hy Israel afgeskrywe het nie, maar met die bedoeling om Israel jaloers te maak en hulle vir Christus te win. Die woord *sommige* wys daarop dat Paulus geen massabekering van Israel verwag nie, maar 'n geleidelike toekeer van die volk tot God. Ook die spits van Paulus se bediening is dus gerig op Israel, die volk met wie God sulke groot planne het.

15 Die inhoud van v. 12 word herhaal. Die woord wat vir *versoening* gebruik word, sien op die herstel van gebroke verhoudinge (vgl. by 5 : 10–11). Die verwerping van Israel het beteken dat God Hom tot die heidene gewend het en vrede tussen die heidene en Hom tot stand laat kom het. Met *aanneming* word bedoel die heropname van Israel in die verhouding wat by die verbond hoort. *Lewe uit die dode* is 'n uitdrukking wat slaan op die laaste groot gebeurtenisse, die uiteindelike herstel van alle dinge wanneer God die hemel en die aarde nuut sal maak en van die mag van die dood sal bevry. Wanneer die volheid van Israel tot bekering gekom het, sal die einde van die tye aanbreek en Gods volmaakte verlossingswerk oor die ganse wêreld sigbaar word.

16 Sonder nadere aankondiging of 'n logiese oorgang begin Paulus tans die rede aangee waarom hy so stellig die terugkeer van Israel tot God verwag. Dit lê nie in die inherente goedheid van Israel nie, maar in Gods genadige verkiesing van Abraham en sy nageslag. Omdat Gods genade genáde bly, ook dwars teen die mense se sonde in, en God dus Sy beloftes aan Abraham op Sy tyd en wyse waar sal maak, daarom verwag Paulus 'n groter terugkeer tot God as wat tans in die „oorblyfsel" duidelik is. Om uitdrukking daaraan te gee, gebruik hy 'n beeld uit Num. 15 : 17–21 waaruit dit blyk dat die eerstelinge van die deegmeel aan God gewy moes word ten einde al die meel waarvan die volk moes lewe, te heilig. Daarby voeg hy die beeld van die wortel en die takke en verklaar dat as die wortel heilig is, dan die takke ook. Sy bedoeling is duidelik: sowel die eerstelinge as die wortel sien op Abraham en die vaders wat deur God „geheilig" is, d.i. vir Hom uitgekies en afgesonder is. Maar dan moet ook die hele deeg sowel as die takke heilig wees: God skort nie Sy beloftes op nie. Die nageslag van Abraham sal vir seker ontvang wat God aan Abraham belowe het. Dat Paulus daarmee nie bedoel dat elke lid van die nageslag van Abraham gered sal word en dat hulle dus maar in gerustheid in sonde kan lewe en 'n outomatiese verlossing kan verwag nie, blyk uit die hele gedeelte sover en uit die volgende verse.

17–18 Die uitspraak van die vorige vers beteken nie dat elke lid van die volk *heilig* is in dié sin dat hy nie meer verlore kan gaan nie. Sommige takke kan *afgebreek* word, omdat hulle nie deug nie. Dit kan selfs wees dat die takke wat uitgebreek word,

die meerderheid van Israel verteenwoordig. Selfs dan bly die eintlike boom nog daar. Die kern van die volk word vir God bewaar. Die heidene wat tot bekering kom, is ook geen nuwe boom wat God plant nie, maar 'n toevoeging van nuwe takke tot die ou boom. In die kerk realiseer God Sy plan met Abraham. Die bekeerde heidene word toegevoeg tot die ou Godsvolk, soos wanneer nuwe lote ingeënt word op 'n ou stam en so deel kry aan die *vettigheidswortel* (soos die beste handskrifte lui). Daar is dus kontinuïteit tussen die Ou en die Nuwe Testament. Gods beloftewoord gaan deur, al haal hy ook die takke vir die ou boom soms van elders. Juis daarom is daar egter geen grond vir roem hoegenaamd by die Christene uit die heidene teenoor die verharde Israel nie. Met ootmoed moet hulle erken dat hulle 'n plek ontvang het wat eintlik nie hulle plek was nie, maar die plek van die verharde deel van Israel. God het dit uit genade aan hulle geskenk om by Israel ingelyf te word. Daarom moet hulle hul nie oor Israel verhef asof hulle iets voor het bo Israel nie, want hulle word gedra deur die wortel, die verbond van God met die aartsvaders. Nie die kerk dra Israel nie, maar Israel dra die kerk. Ook vir die kerk is die saligheid uit die Jode (Joh. 4 : 22).

Oor die vraag of dit normale gebruik is dat wilde takke op 'n mak boom geënt word en nie andersom nie, hoef ons ons nie te bekommer nie. Paulus gebruik die beeld om 'n geestelike waarheid te verduidelik en daarvoor is dit uitnemend geskik.

19–21 Die waarskuwing teen selfverheffing by die Christene uit die heidene word voortgesit. Die afvallige deel van Israel het hulle plek aan die boom *deur ongeloof* verloor en die Christene uit die heidene het dié plek deur *geloof* ontvang. Die beloftes aan Israel was dus geen outomaties-werkende beloftes wat buite die geloofsverhouding om betekenis behou het nie. Israel moes Gods beloftes gelowig toeëien as hy daarin wou deel. Hy moes Gods genade as genade aanvaar en daarop rus. Toe hy dit nie wou doen nie, het hy uitgeval uit die heil. Presies daarom moet die gelowiges uit die heidene ook weet dat hulle verlossing enkel genade is. Dit is uit die geloof, nie uit die werke nie. Dit rus enkel op die goedheid van God. Daarom is daar geen plek vir hoogmoed nie, maar wel vir *vrees:* vrees dat ons die genade kan misken en op een of ander wyse tog weer in eie krag wil staan om ons teenoor God te probeer handhaaf. In hierdie sin geneem, is vrees 'n wesenlike deel

van die ware geloof. As God Israel (die natuurlike takke) nie gespaar het toe Israel homself verhef het nie, dan moet die gelowiges weet dat God hulle ook nie sal spaar as hulle hulself gaan verhef en meen dat hulle nie meer nodig het om enkel van genade te lewe nie. Die egte geloof is wars van al sulke roem. Wie homself só verhef, openbaar dat hy nie in die geloof staan nie.

22 'n Laaste vermaning in dieselfde verband. Paulus maak geen geheim daarvan dat God naarstiglik waak oor die karakter van die genade as genade nie. Die wortel van alle sonde is die miskenning van Gods genade. Daarom vermaan hy om te let op Gods goedertierenheid en gestrengheid. God maak tans Sy goedertierenheid (min of meer dieselfde as *genade*) oor die heidene bekend en Sy gestrengheid oor die ongelowige deel van Israel. Maar daaruit mag die Christene uit die heidene geen oomblik aflei dat hulle hulself selfversekerd mag verhef oor Israel nie, want die goedertierenheid geld oor hulle solank as hulle *in die goedertierenheid bly*. Wie in homself roem, verlaat Gods goedertierenheid en meen dat hy op homself kan staan. Dan sal die gestrengheid hom ook tref. God waak oor die genade-karakter van die verlossing. Slegs wie in die genade bly, kan gered word.

23–24 In die lig van die bostaande is dit dan ook geensins uitgeslote dat ook die afgekapte takke weer op die boom ingeënt kan word nie, as Israel maar net op die punt kom waar hy leer dát alles van Gods genade alleen verwag moet word. *As hulle nie in ongeloof bly nie*, d.i. as hulle tot die geloof kom en hulle werp op die genade van God, is God *magtig om hulle weer in te ent*. Hoe vreemd dit ook mag voorkom en hoe teen die normale prosesse in die natuur dit ook mag wees – hier gaan dit om 'n magsdaad van God. As God die heidene *teen die natuur* kon inbring in die volk van God, as Hy die „groot wonder" van die verlossing van die heidene kan verrig, hoeveel te meer kan Hy die „kleiner wonder" verrig om Israel, wat nog steeds 'n bepaalde band aan die wortel van die boom behou het, weer terugbring in die gemeenskap van die verloste volk van God! Dit sal vir Israel 'n tuiskoms wees, 'n terugkeer na sy bestemming, 'n herinenting op sy *eie olyfboom*. Tussen Israel en die kerk bestaan 'n reële band: die band van Gods roeping van Abraham en Gods beloftes aan hom en sy nageslag.

(iii) *Genade bly genade om die volheid van Israel te red: 11 : 25–32*

25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet
weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie; dat die verharding
ten dele oor Israel gekom het, totdat die volheid van die heidene in-
26 gegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is:
Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob
27 afwend; en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle
28 sondes wegneem. Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande ter wille
van julle; maar wat die uitverkiesing betref, bemindes ter wille van die
29 vaders. Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik.
30 Want soos julle ook vroeër aan God ongehoorsaam was, maar nou
31 barmhartigheid ontvang het deur hulle ongehoorsaamheid, so het hulle
ook ongehoorsaam geword deur die barmhartigheid aan julle, sodat
32 hulle ook barmhartigheid kan ontvang. Want God het hulle almal in die
ongehoorsaamheid ingesluit, om vir almal barmhartig te kan wees.

25 Die beginwoorde van v. 25 laat merk dat Paulus tans iets baie gewigtigs wil sê (vgl. 1 : 13; 1 Kor. 10 : 1; 12 : 1, ens.). Hy wil aan sy lesers 'n profetiese waarheid meedeel wat gedeeltelik op Goddelike openbaring berus en gedeeltelik reeds in die geskiedenis merkbaar is. Hy noem dit 'n *verborgenheid*, 'n benaming wat gewoonlik gebruik word vir 'n waarheid wat tevore verborge was, maar in die loop van Gods handelinge met die mense langsamerhand duidelik geword het (vgl. Ef. 1 : 9; 3 : 3–7; Kol. 1 : 26, ens.). Dit is van belang dat die Christene uit die heidene hierdie waarheid omtrent Israel sal weet, sodat hulle nie *eiewys mag wees nie*, d.i. volgens hulle eie insig en wysheid oor Israel sal oordeel nie. Die verborgenheid bestaan dáárin dat die verharding wat oor Israel gekom het, *ten dele* is, d.i. dit raak nie die hele Israel nie. Daarby sal die verharding duur *totdat die volheid van die heidene ingegaan het*. Die volheid van die heidene is, net soos die volheid van Israel, die volle getal van diegene wat God uit die heidendom verlos. Met *ingaan* word kennelik bedoel: ingaan in die Koninkryk, deel ontvang aan die verlossing. Uit die feit dat die volheid van die heidene seker eers teen die einde van die tye ten volle in die Koninkryk ingebring sal word, mag ons aflei dat Paulus verwag dat die gedeeltelike verharding van Israel sal voortduur tot aan die einde van hierdie bedeling.

26a Met *die hele Israel* word dieselfde bedoel as met *die volheid van Israel* in v. 12 en dié begrip lê in lyn met die begrip

*volheid van die heidene* in v. 25. Dit dui Israel as totaliteit aan, Israel soos dit deur God bedoel is om te wees en soos Hy Sy oorspronklike beloftes aan die vaders ten opsigte van hulle waargemaak het. Anders gesê: dit dui die volle getal Israeliete aan wat deur Gods genade gered sal word. Sommige verklaarders meen dat *die hele Israel* slaan op die kerk, die geestelike of ware Israel wat uit Jode en bekeerde heidene bestaan. Dié verklaring kan aansluit by die uiteensetting oor die takke van die wilde olyf wat ingeënt word op die mak olyfboom (vgl. v. 17–18). Waar Paulus egter nooit die benaming *Israel* in so 'n geestelike sin (as aanduiding van die kerk) gebruik nie, terwyl hierdie hoofstukke spesifiek oor Israel as volk handel, is dit beter om te hou by die verklaring deur ons gegee. Die woorde *en so* waarmee v. 26 begin, dui daarop dat die *hele Israel* gered sal word op die wyse wat in v. 25 aangedui is: die gedeeltelike verharding sal oor Israel bly, totdat die volheid van die heidene ingegaan het. Dit beteken nie dat daar dán, nadat die volheid van die heidene ingegaan het, skielik 'n massabekering van Jode sal plaasvind nie, maar dat die bekering van die Jode só sal plaasvind dat die hele Israel ingebring word terwyl die gedeeltelike verharding voortduur. Terwyl sommige verhard is, kom ander tot bekering. Dit sal so voortduur dwarsdeur die hele tydperk waarin ook die volheid van die heidene ingebring word. Wanneer die volheid van die heidene ingegaan het, sal ook die hele Israel gered wees. Dan is die einde daar. Dan is Gods beloftes ten volle vervul. In die lig van Paulus se verkondiging dat die bekering van die heidene Israel jaloers maak, is dit ook duidelik dat die ingaan van die volheid van die heidene die instrument in Gods hand is om die hele Israel tot die verlossing te lei.

26b–27 Die bedoeling van die aanhalings is om te laat sien dat God uiteindelik tog al Sy beloftes aan Israel waar sal maak en „die hele Israel" in die Koninkryk sal inbring. Die aanhalings kom uit Jes. 59 : 20–21, maar elemente uit ander Ou-Testamentiese tekste is daarby gevoeg, moontlik uit Jes. 27 : 9 en Ps. 14 : 7, terwyl Jer. 31 : 33 e.v. moontlik ook meegespreek het. God sal dit met Sy volk Israel nie laat by die verharding nie. Die Verlosser wat God sal stuur, sal weer die verbond in krag bring en die seëninge daarvan tot die deel van Israel maak. Met *verbond* word hier bedoel die genadige beskikking van God, Sy testament vir die volk Israel, wat niks minder inhou nie as die wegneem van

hulle sondes. Op grond van sulke beloftes in die Skrif glo Paulus dat God, ondanks die gedeeltelike verharding van Israel, uiteindelik tog sal sorg dat nie net 'n oorblyfsel nie, maar die volheid van Israel gered sal word.

28–29 Nog eens beklemtoon Paulus dieselfde gedagte. Dit is wel waar, gee hy toe, dat hulle (dit is: die meerderheid van Israel) *wat die evangelie betref, vyande is*. Hulle is vyande van God en God is ook hulle Vyand, omdat hulle uit vyandskap teenoor God die evangelie verwerp en daarom God tot hulle Vyand gemaak het. Die toevoeging van *ter wille van julle* wys nog eens daarop dat die verharding van Israel 'n doel gehad het, naamlik dat die verlossing na die heidene kon gaan (v. 11). In weerwil daarvan dat Israel egter vyande van God is, is hulle intussen ook geliefdes, *beminde*s van God, *ter wille van die vaders*. God sal Sy verkiesing van Abraham nie ongedaan maak nie. Sy verkiesende liefde oorleef ook die gloed van Sy toorn oor Israel se sonde (vgl. Ps. 30 : 6). Immers, *die genadegawes en die roeping van God is onberoulik*. Selfs as die toornende God is Hy nog onveranderlik in Sy trou. Hy sal nie terugneem wat Hy aan Israel gegee het (vgl. 9 : 4–5) en geen berou hê oor Sy verkiesing van Israel nie. Met *verkiesing* word hier uit die aard van die saak die verkiesing van Israel as *volk* bedoel en nie die verkiesing van alle individuele vleeslike nasate van Abraham nie (vgl. 9 : 6 e.v.).

30–31 Dit is vir God nie onmoontlik om ook uit diegene wat tans verhard is, sommige te red ten einde *die hele Israel* (vgl. by v. 26a) in te bring nie. Inderdaad, ook die heidene *was vroeër ongehoorsaam*, maar God het deur Sy barmhartigheid ingegryp en hulle daartoe gebring dat hulle nou gehoorsaam is. Waarom sou God dan nie ook die huidige ongehoorsaamheid (vgl. die woordjie *nou* aan die begin van v. 31) deur Sy barmhartigheid kan verbreek nie? Ook hier gee Paulus weer die verband aan tussen die ongehoorsaamheid van Israel en die barmhartigheid wat aan die heidene bewys is (vgl. v. 11). Stellig verwag hy dan ook dat die Jode nou weer deur die barmhartigheid wat aan die heidene bewys is, tot jaloersheid gebring sal word, tot die geloof sal kom en barmhartigheid sal ontvang (v. 11 e.v.). Dit is beter om (anders as die Afrikaanse Vertaling) die woorde *deur die barmhartigheid aan julle* te verbind met *sodat hulle ook barm-*

*hartigheid kan ontvang.* Dan lees die vers: „So het hulle ook nou ongehoorsaam geword, sodat hulle deur die barmhartigheid aan julle óók barmhartigheid kan ontvang." Lees ons dit só, is dit baie duideliker dat die barmhartigheid aan die heidene die middel sal wees om ook Israel weer tot die ontvangs van die barmhartigheid terug te lei. In die Afrikaanse Vertaling ontbreek ook 'n tweede *nou* wat in die beste Griekse handskrifte voorkom net voor die laaste *barmhartigheid kan ontvang.* Voeg ons dit in, dan beteken dit dat Paulus die ontvangs van barmhartigheid deur die Jode sien as iets wat reeds in sy tyd 'n aanvang geneem het. Sodra die genade na die heidene gekom het, het die werking daarvan op die Jode ook direk begin, deurdat hulle jaloesie opgewek is en hulle hul ook tot God bekeer het. Dié proses sal voortgaan tot aan die einde van die tye wanneer die *hele Israel* ingebring sal wees.

32 Waarom moes God Israel onder die ongehoorsaamheid insluit? Solank Israel nog in sy eie selfversekerdheid lewe, kan hy Gods genade nie ontvang nie. Israel moes dus eers toegelaat word om homself te verhard, sodat hy op dieselfde plek as die heidene te staan kon kom en sy verlorenheid kon besef. Eers dan word Israel ryp vir die genade. As genade genáde moet bly, moet Israel eers leer om deur genade alleen gered te word. Eers dáár, waar Israel niks meer het en is nie, maar op die plek van die oordeel beland het, het dit sin dat aan hom genade bewys word. Daarom moes die onderskeid tussen Israel en die heidene eers uitgewis word: almal moes onder die ongehoorsaamheid, waarin hulle uit hulself binnegetree het, ingesluit word, sodat almal ook weer enkel uit genade gered kon word. So sit daar 'n diepe sin in God se uitlewering van Israel aan sy eie sonde. Dié sin lê in Gods genade-wil: om Israel uiteindelik los te maak uit sy onmoontlike posisie waar hy nie genade wil en kan ontvang nie, omdat hy te trots is vir genade.

(iv) *Lofprysing oor Gods wysheid en genade: 11 : 33–36*

33 O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeur-
34 grondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die ge-
35 dagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het
36 eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit
Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot
in alle ewigheid. Amen.

33 Paulus het 'n hoogtepunt in sy betoog bereik. Nou bly daar niks anders as 'n lofprysing oor nie. Die *diepte* waarvan Paulus praat, is die bodemlose, onuitputlike, vir menslike kennis onpeilbare volheid van Gods rykdom, wysheid en kennis. By *rykdom* moet ons dink aan die volheid van heerlikheid wat aan God eie is en wat openbaar word in Sy werke, veral Sy heilswerke. Die *wysheid* van God is Sy eienskap om alles wat Hy doen, doelmatig, sinvol en onverbeterlik te doen. Paulus sal daarby veral aan Gods heilsplan, in die besonder aan Sy uitverkiesing, gedink het. Onder *kennis* moet ons verstaan Gods volmaakte wete van alles wat is en wat was en wat kom, sowel as aan Sy volmaakte deurgronding van alles tot op die bodem. As Paulus Gods *oordele* besing, dink hy aan Gods beskikkinge en leiding in die geskiedenis, nie noodwendig aan Gods strafoordele nie. Dat Gods weë *onnaspeurlik* is, beteken dat die mens nooit sal begryp presies hoe en waarom God handel soos Hy handel nie. Wél is daarvan genoeg geopenbaar om die mens tot 'n loflied te bring, maar die mens kan nie tot op die bodem van Gods handelinge deursien nie. Daarvoor is Gods weë te heerlik en verhewe.

34 Met 'n aanhaling uit Jes. 40 : 13 bewys Paulus wat hy sê oor die verhewenheid van Gods gedagtes. Die mens kan daar nooit by nie. God is volkome vry in Sy besluite. Geen mens kan Gods handele of gedagtes voorspel of God daarin beïnvloed nie. Dit wil nie sê dat daar willekeur in God is nie, maar dat Gods gedagte so hoog bo dié van die mens verhewe is dat dit vir die mens altyd 'n wondervolle verrassing bly om die onverwagte van Gods goedheid en genade te ervaar.

35 Ons het hier moontlik 'n aanhaling uit Job 41 : 2, maar dan uit 'n ander teksweergawe as wat aan ons bekend is. Ook hier gaan dit om die ongehoorde, grondelose van Gods bewyse van genade. As God genade bewys, is dit geen terugbetaling vir wat die mens eers aan Hom gegee het nie, geen vergelding nie. Dit is 'n loutere geskenk. Met hierdie aanhaling beklemtoon Paulus nog eens die grondgedagte van die hele brief.

36 Met 'n samevattende en alles omspannende uitspraak sluit Paulus hierdie gedeelte af. Ook hierby gaan dit weer eens om die *heil* waarvan in die voorafgaande sprake was. Dit alles is *uit*

God: Sy verkiesing lê ten grondslag aan Sy heilswerk. Dit alles is ook *deur* God: Hy het self Sy Seun gegee en deur Sy Heilige Gees die verlossing volmaak in die gemeente uitgewerk. Niks van die verlossing van die mens word deur enigiemand of enigiets anders bewerk as net deur God self nie. Daarom is alles ook *tot Hom:* die ganse heilswerk loop uit op Gods verheerliking. Opdat Sy genade verheerlik sou word, opdat Sy liefde geroem sou word, het Hy alles beskik soos dit geskied het. Paulus bevestig hierdie heerlike uitsprake met 'n plegtige *Amen.* Daarmee is nie slegs hierdie deel van die brief nie, maar ook die hele gedeelte oor die verlossingswerk afgesluit. Verder aan in die brief handel hy oor meer praktiese sake wat die lewe van die gelowige raak.

## Afdeling VI:
## Genade Verplig tot 'n Nuwe Wandel 12 : 1–15 : 13

Tans gaan Paulus oor tot 'n nuwe gedeelte van die brief wat hom besig hou met die oproep en vermaning om te lewe in ooreenstemming met die genade wat volgens die voorafgaande hoofstukke die deel van die gemeente geword het. Reeds in hoofstuk 6 het die vermaning die positiewe uiteensetting oor Gods genadewerk begelei, net soos ook in hoofstuk 8. Wat dáár egter slegs beknop gesê is, word hier uitgebrei en vollediger toegepas. Paulus handel eers oor die feit dat elke gelowige wat Gods genade deelagtig geword het, homself aan God as 'n lewende offer moet toewy en God moet dien op die wyse waarvoor Hy van God die gawes ontvang het (12 : 1–8). Daarna laat hy sien dat hierdie offerdiens aan God veral bestaan in die betoning van liefde en barmhartigheid teenoor die naaste (12 : 9–21). Alleen die liefde kan werklik die kwaad oorwin. Natuurlik, die kwaad word ook bestry en teengestaan deur die burgerlike owerheid, sodat die Christen vanselfsprekend verplig is om hom aan die owerheid te onderwerp en saam te werk in die vervulling van hierdie taak (13 : 1–7). Die Christen moet egter méér as dit doen: hy moet, te midde van die moeilike omstandighede van die laaste dae, Gods liefdesgebod teenoor die naaste vervul (13 : 8–14). In die besonder eis die liefde teenoor die naaste ook die sorg vir sy geestelike lewe en die bevordering van sy geestelike beswil, waarby die voorbeeld van Christus steeds voor oë gehou moet word (14 : 1–15 : 13).

### A. 'N OFFER AAN GOD: 12:1–8

**1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle**
**jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer –**
**2 dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelyk-**
**vormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed,**
**sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil**
**3 van God is. Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen**
**wat onder julle is, dat hy nie van homself meer moet dink as wat 'n**
**mens behoort te dink nie; maar dat hy daaraan moet dink om besadig**
**te wees na die maat van die geloof soos God dit aan elkeen toebedeel**

4 het. Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal
5 dieselfde werking het nie, so is ons almal saam een liggaam in Christus
6 en elkeen afsonderlik lede van mekaar. En ons besit genadegawes wat
7 verskil volgens die genade wat aan ons gegee is: is dit profesie, na die
maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie
8 leer, in die lering; of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in
opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys,
met blymoedigheid.

1 Nadat Paulus uiteengesit het hoe groot Gods genade oor die gelowiges is, kom hy hulle nou *vermaan* om daardie genade in hulle lewenswandel te eer. Die woord vir *vermaan* kan ook vertaal word met *troos*. Hoewel *vermaan* hier beslis die korrekte vertaling is, moet daar ook op gelet word dat dit vir die gelowige 'n troos is om só vermaan te kan word, aangesien hy mag staan op die vaste basis van Christus se oorwinning oor die sonde en dus getroos mag word met die belofte dat hy nie meer in die sonde hoef te bly nie (vgl. 6 : 14). Die woord *vermaan* het in die mond van Paulus 'n gesagvolle klank en beteken byna dieselfde as *dringend versoek* of selfs: *beveel*. Paulus vermaan *by die ontferminge van God:* Gods goedheid is die diepste grond vir die vervulling van die wet deur Gods kinders. Gods beloftes is die grond vir Sy eise. Die meervoud *ontferminge* sien op die veelvuldige openbaringe van Gods genade soos Paulus dit in die vorige hoofstukke uiteengesit het. Met *liggaam* word bedoel die hele mens soos hy konkreet in sy lewensuitinge tot openbaring kom. Paulus vermaan dus dat die gelowiges hulself in hulle hele aardse lewe, met alles wat dit inhou, tot beskikking van God moet stel. Die woord *offer* herinner aan die offergebruike by Israel, maar anders as dáárdie offers, moet die Christen *homself* aan God offer. Daarom is dit 'n *lewende* offer, in teenstelling met die offers van diere wat eers gedood is. Die gelowiges het immers in Christus die ware lewe deelagtig geword en kan dus te meer lewende offers heet. Heilig wil sê: sonder smet, rein, afgesonder vir God. Slegs sulke offers is *aan God welgevallig*. Uiterlike offerandes het God buitendien nooit behaag nie. Hy het altyd die hart saam met die uiterlike offerande gevra. Dit geld ten volle ook vir die Christen. Hoe geweldig hierdie eis ook klink, dit is tog maar net *julle redelike godsdiens*, d.i. 'n diens van God wat in ooreenstemming met die rede is. Dit sou onredelik, ondenkbaar wees dat die gelowiges wat alles aan Gods genade te danke het, aan Hom minder as dit sou

wil gee. Dit is ook moontlik om die woorde *redelike godsdiens* te verklaar as: geestelike erediens. Die betekenis is dan dat die Christen, anders as die Jood, 'n geestelike erediens het wat sy sentrum nie in die tempel of in die offerseremonies van die Ou Testament vind nie, maar in die toewyding van die hele lewe met al sy uitinge aan God.

2 'n Negatiewe vermaning word aan die positiewe van v. 1 toegevoeg. Die Grieks eis dat ons sal vertaal: „En word *nie langer* aan hierdie wêreld gelykvormig nie." *Gelykvormig* wil sê: van een en dieselfde patroon. In Grieks word die woord *skema* gebruik. Die gelowige mag nie inpas in die skema wat die lewe van *hierdie wêreld*, wat tog nog onder die heerskappy van die Bose staan, tipeer nie. *Hierdie wêreld* beteken dieselfde as *hierdie eeu*, hierdie tydperk waarin die triomf van Gods genade nog nie sigbaar geword het nie. Wie gelykvormig is aan hierdie wêreld, lewe by die dinge wat vir die onbekeerde mens belangrik is, die dinge waardeur die lewe sonder God gestempel word. Die gelowige moet egter *verander word* (of, volgens 'n beter vertaling: hulle *laat verander*, nl. deur die Heilige Gees). In Grieks word die begrip *metamorfose* gebruik, gedaanteverwisseling. Die gelowige moet hom deur die Heilige Gees sódanig laat verander dat hy homself werklik aan God as 'n welgevallige offer kan toewy. Die Griekse vorm van die werkwoord laat sien dat dit hier gaan om 'n voortdurende verandering. Dit duur 'n hele lewe. Die *gemoed* is die setel van die mens se oorlegginge, waardebepaling en keuse. Die gelowige moet anders dink, redeneer en kies. Hy moet leer om te *beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is*. Die begrip *beproef* beteken: toets, vasstel, onderskei. Omdat God nie in Sy Woord vir elke afsonderlike situasie Sy wil geopenbaar het nie, maar alleen wat Sy wil vir ons in *alle* situasies is, moet die gelowige leer om telkens in elke nuwe situasie te onderskei wat Gods wil vir hom in daardie bepaalde situasie sal wees (vgl. Fil. 1 : 10 en Kol. 1 : 9). Beslis sal Gods wil vir hom in 'n bepaalde situasie nooit anders as *goed* wees nie, en wat *goed* is, is alleen dit wat vir God *welgevallig* sal wees, omdat dit *volmaak* is. Die Heilige Skrif laat niemand in die duister oor wat in Gods oog goed is, wat Hom welgevallig is en wat volmaak is nie. Die gelowige moet dus in elke situasie weet dat slegs 'n daad wat aan hierdie vereistes voldoen, Gods wil vir hom kan wees.

3 Paulus gee direk 'n rede aan waarom dit noodsaaklik is om te onderskei wat Gods wil is (vgl. die woord *want*). Dié rede is dat niemand ooit vir God 'n welgevallige offer kan wees as hy van *homself meer dink as wat 'n mens behoort te dink nie*, of liewer – om nader aan die Grieks te bly – as hy na allerlei hoë dinge streef, meer as wat vir hom gepas sou wees. Die hoë dunk van homself, die ambisie en strewe na hoë dinge is tipies van die skema van hierdie wêreld en die direkte teenpool van die goeie en volmaakte wil van God. Wie daaruit lewe, kán nie werklik na Gods wil vir sy lewe vra nie. Daar is 'n eiedunk wat vir die gelowige gepas is, maar dit bestaan daarin dat hy in geestelike nugterheid *(besadigdheid)* nie allerlei wonderlike gedagtes oor homself sal hê nie, maar dat hy die gawes van God wat aan hom toebedeel is, sal aanvaar en homself daarmee dankbaar aan God sal toewy. Dit is in werklikheid geen dunk van homself nie, maar 'n erkenning van Gods gawes aan hom met die oog op die diens van God. Die *maat van die geloof* moet verstaan word van dié deel wat God aan elkeen toemeet by die praktiese diens vanuit die geloof, dus min of meer dieselfde as die geestelike gawes (charismata) waarvan elders sprake is (bv. in 1 Kor. 12). Die gelowiges moet hulle genadegawes dankbaar aanvaar en God daarmee dien in nederigheid, sonder selfverheffing. Paulus hou dit op gesagvolle manier aan die gemeente voor *deur die genade wat aan* hom *gegee is*, dit is: op grond van die feit dat hy die genade ontvang het om 'n apostel te wees (vgl. 1 : 1, 5).

4–5 In voortsetting van v. 3 wys Paulus daarop dat die gemeente 'n eenheid is waarin 'n ryke verskeidenheid van genadegawes voorkom. Daarin is die gemeente verkrygbaar met 'n liggaam wat één is en tog baie lede het wat nie almal dieselfde werking het nie. Immers, die gemeente is ook *één liggaam in Christus*, want Christus is die hoof waarin alle lede van die kerk begrepe is (vgl. 5 : 12 e.v.). Elders noem Paulus dan ook die kerk sonder meer die liggaam van Christus (vgl. 1 Kor. 12 : 27; Ef. 1 : 23; 4 : 12; Kol. 1 : 24, ens.). Paulus wil hier die klem daarop laat val dat die lewe in die kerk vergelykbaar is met die lewe in enige liggaam: daar is 'n onmiskenbare eenheid en onderlinge verbondenheid, sodat die gelowiges aan mekaar verbind is soos die lede aan mekaar verbind is in 'n liggaam. Tog is daar ook 'n ryke verskeidenheid, uitgedruk in die beeld van die veelheid van afson-

derlike lede wat mekaar moet dien. Die woorde *elkeen afsonderlik* laat die klem val op die belangrikheid van elke individuele lid van die gemeente vir die geheel. Waar elke lid 'n afsonderlike werking het, moet een lid nie meer van homself dink as wat hy moet dink nie, maar elkeen moet sy toegewese rol vervul na die mate wat God dit aan hom toebedeel het.

6–8 Aansluitend by die beeld van die liggaam kan Paulus tans spreek oor die verskeidenheid van genadegawes wat aan die afsonderlike gemeentelede gegee is en hoe dit gebruik moet word volgens die reël wat aangegee is in v. 3. Elke gemeentelid het 'n eie rol om in die gemeentelike lewe te speel in ooreenstemming met die besondere genade wat aan hom gegee is. Paulus noem 'n aantal genadegawes op: *profesie* (die gawe om Gods wil vir die gemeente te kan verkondig); *diens* (die gawe om tyd en krag in die diens aan ander te kan bestee, veral ten opsigte van die werk van barmhartigheid); *leer* (die gawe om Gods Woord aan ander oor te dra en hulle daarin te onderrig); *vermaning* (die gawe om ander Christelik te kan teregwys); *uitdeling* (die gawe om eie besittings of moontlik ook ingesamelde gawes aan ander uit te deel); om 'n *voorganger* (voorstander) te wees (die gawe om in die gemeente leiding te gee); om *barmhartigheid te bewys* (die gawe om hulp te kan betoon aan diegene wat in nood verkeer). Elke gemeentelid moet die spesifieke gawe wat aan hom toebedeel is, benut tot diens van die geheel, en wel volgens die maat van die geloof wat aan elkeen toebedeel is. Opmerklik is die Griekse uitdrukking wat in verband met die gawe van *profesie* gebruik word: *volgens die maat (of analogie) van die geloof*. Daarmee word miskien bedoel dat die profete hulle uitsprake steeds moet toets aan die geloofsinhoud, d.i. aan die evangelie van Christus, sodat niks geprofeteer mag word wat daarmee in stryd is nie. Die uitdrukkinge *met opregtheid*, *met ywer* en *met blymoedigheid* wat gebruik word by *uitdeel*, *voorganger* te wees en *barmhartigheid bewys*, wys daarop dat alle gawes in diens van God gebruik moet word sonder bymotiewe of begeertes tot eiegewin, sodat daar geen ruimte is vir onopregtheid, laksheid of murmurering oor die taak wat verrig moet word nie.

Dit is opmerklik dat die funksies wat met die gawes wat Paulus noem, aangegee word, almal ingedeel kan word onder die drie ampte van leraar, ouderling en diaken. Paulus sê egter nie dat

bepaalde ampte in die gemeente bestaan het of moet bestaan nie. Hy gee alleen 'n soort opsomming van die vernaamste funksies wat in die gemeente uitgeoefen moet word.

## B. WANDEL IN DIE LIEFDE: 12:9–21

9 Laat die liefde ongeveins wees; verafsku wat sleg is; hang die goeie aan;
10 wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die
11 ander voorgaan in eerbetoning; wees nie traag in die ywer nie; wees
12 vurig van gees; dien die Here; verbly julle in die hoop; wees geduldig
13 in die verdrukking; volhard in die gebed. Maak voorsiening in die
14 behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid; seën die wat julle
15 vervolg, seën en moenie vervloek nie; wees bly met die wat bly is, en ween
16 met die wat ween; wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoe dinge
17 streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie; ver-
18 geld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense;
as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle
19 mense. Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn;
want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld,
20 spreek die Here. As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te
eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy
21 vurige kole op sy hoof ophoop. Laat jou nie deur die kwaad oorwin
nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

9 Elke gemeentelid het wel 'n afsonderlike genadegawe, maar alle gemeentelede het gemeenskaplik die één gawe ontvang: die *liefde.* Dit is die allesomvattende gawe van die Heilige Gees waaroor Paulus nou handel, nadat hy oor die ander gawes gepraat het (vgl. die *uitnemender weg* waarvan 1 Kor. 13 praat ná gehandel is oor die gawes in 1 Kor. 12). Waar die skema van hierdie wêreld gekenmerk word deur haat en liefdeloosheid, blyk die verandering van gemoed by die Christen uit sy wandel deur die liefde. Onder *liefde* (agapé) moet ons hier nie dink aan emosionele, natuurlike en gevoelmatige toegeneentheid nie, maar aan 'n gesindheid van goedheid teenoor en diens aan die naaste om Christus ontwil. Dit moet 'n afskaduwing wees van Gods liefde wat volkome onverdiend, uit loutere goedheid, aan die sondaar geskenk word, sonder om te vra of die liefde beantwoord word (vgl. Matt. 5 : 43 e.v.). Die hele Christelike lewenswandel is nutteloos sonder hierdie liefde (1 Kor. 13 : 1 e.v.). Geloof kan nie eg wees as dit nie uitmond in 'n lewe in die liefde nie (Jak. 2). Die liefde moet *ongeveins* wees, opreg en sonder bybedoelinge. Alles wat *sleg* is vir die naaste moet verafsku word, terwyl gelowiges die *goeie* moet aan-

hang, ook in hulle liefdesbetoon teenoor mekaar. Die liefde soek altyd wat goed is vir die naaste.

10–15 Die egte Christelike liefde openbaar hom in 'n hartlikheid teenoor mekaar, wat spruit uit 'n opregte toegeneentheid. Juis daarom kan broeders mekaar ook *voorgaan in eerbetoning* (v. 10). As Christene nie daartoe in staat is nie, ken hulle nog nie die egte Christelike liefde wat die mens leer om homself op die agtergrond te stel en hom te verheug oor die vooruitgang en eer wat die ander te beurt val nie. Die liefde gee aan die mens 'n nuwe persoonlikheid, want dit maak hom *ywerig, vurig, diensbereid* (v. 11). Wie werklik die Here dien, word 'n brandende vlam van liefde. Eweneens is die mens wat die liefde ken, 'n mens met *hoop* (v. 12). Die liefde verdra alles, glo alles, hoop alles (1 Kor. 13 : 7). Daarom sal die mens wat in die liefde lewe, bly hoop op die goeie vir die naaste, verdra watter *verdrukking* hom ook al van die naaste se kant ten deel mag val en *volhard in die gebed* vir die naaste (v. 12). Omdat die liefde die selfsug oorwin, leer dit die gelowiges ook om voorsiening te maak vir die *behoeftes van die heiliges*, d.i. die minder bevoorregte gelowiges, en om na *gasvryheid* te strewe. Die opoffering daarvoor word nie te groot geag nie, want die liefde maak bereid om herberg te gee, te voed en te klee (v. 13). Eweneens is dit net die liefde wat die gelowiges leer om diegene te seën wat hulle vervolg, d.i. om hulle die goeie toe te bid en om nie, soos 'n mens van nature geneig is, hulle te vloek nie (v. 14). Die toets vir die egte liefde is of dit werklik die weg van Matt. 5 : 38 e.v. kan gaan. Die liefde betoon homself ook in die meelewing met die ander in sy vreugde en leed. Dit kan alleen geskied in selflose oorgawe aan die diens en beswil van die naaste, wanneer die mens homself en sy eie omstandighede op die agtergrond stel (v. 15).

16 Die liefde soek na harmonie en *eensgesindheid* met die naaste. Dit beteken nie dat alles wat ander sê en dink, eenvoudig nagepraat moet word nie. Die liefde soek die waarheid (vgl. 1 Kor. 13 : 6). Daarom is die eensgesindheid wat die liefde soek, 'n eensgesindheid in die waarheid en 'n afkeer van allerlei partyskappe. Daarom sal die liefde die mens afkerig maak van verdeeldheid wat opkom uit die feit dat die mens homself soek en na hoë dinge strewe, of wat voortkom uit eiewysheid. Oral waar selfsug,

selfdiens en selfverheerliking op die toneel verskyn, word die harmonie verbreek. Die gelowiges moet dus veral waak teen 'n strewe na hoë dinge en eiewysheid, terwyl hulle hul liewer *by die nederige moet voeg*. Hierdie laaste uitdrukking kan òf beteken dat gelowiges bereid moet wees om hulle te laat verbind aan nederige *dinge* (deur bv. bereid te wees om eenvoudige werkies in die gemeente te verrig), òf dit kan beteken dat hulle hul moet voeg by nederige *mense* (deurdat hulle geen sosiale onderskeidinge in die kerk invoer nie, maar bereid is tot gemeenskap met die mins gerekendes).

17–20 Hierdie verse handel in die besonder oor hoe die gelowige moet optree teenoor diegene wat hom vyandig is (vgl. v. 14). In geen geval mag die gelowige *kwaad vir kwaad vergeld* nie, want dit is in stryd met die liefde wat 'n afskaduwing is van Gods liefde. Daarom mag die gelowige hom ook nie *wreek* nie (v. 19). Die kwaad wat hom aangedoen word, moet hy verdra en nie self die straf daarvoor in sy hand neem nie, maar dit aan God oorlaat (*plek gee*, ruimte laat *vir die toorn* (van God)). Immers, volgens Deut. 32 : 35 behou God vir Hom die reg tot wraakoefening voor. Die gelowige mag dit dus nie uit Gods hand neem nie (v. 19). In plaas daarvan om kwaad met kwaad te vergeld of hom te wreek, moet die gelowige liewer met die liefde antwoord en *bedink wat goed is voor alle mense* (v. 17). Dit beteken dat die goeie nie net gesoek of beplan moet word vir diegene wat vir hom goed is nie, maar vir *alle mense*, dus ook vir diegene wat hom kwaad aandoen. *Alle mense* is so absoluut moontlik gestel en sluit alle mense in, afgesien van hul innerlike kwaliteite of houding teenoor die gelowige. Dat hier gesê word: *voor* alle mense, beteken meer as net dat die goeie *vir* alle mense gesoek moet word. Dit beteken dat dit in die openbaar moet geskied. Die Christen ly geen geheime lewe nie en mag nie dink dat Christus se bevel om liefdadigheid in die verborgene te bewys, hom daartoe noop om 'n deel van sy lewe in die verborgene of geheim te ly nie (vgl. Matt. 6 : 1–4). Wat Christus verbied, is enige vorm van vertoon in verband met ons liefdadigheid. Wat Paulus egter sê, is dat die gelowiges hulle goeie bedoelinge met ander mense (met álle ander mense) kenbaar moet laat wees in die openbaar. Die liefde bring egter ook mee dat die gelowiges nie die oorsaak moet wees van onvrede nie (v. 18). Natuurlik is dit nie moontlik om altyd met alle mense in vrede te

lewe nie, want die gelowiges sal gehaat word en daar is slegte mense wat altyd moeilikheid sal veroorsaak. Daarom sê Paulus uitdruklik: *as dit moontlik is en sover dit van julle afhang*. As daar onvrede is, moet dit nie van die kant van die gelowige afkomstig wees nie. Deurgaans moet die gelowige dus vanuit die liefde goed doen aan sy vyande (v. 20). Hy mag nie die swakhede van sy vyand uitbuit nie (honger en dors), maar moet in die behoeftes van die vyand voorsiening maak en sodoende *vurige kole op sy hoof ophoop*. Hierdie uitdrukking, ontleen aan Spr. 25 : 21, dui aan dat 'n brandende gevoel van skaamte by die vyand opgewek sal word wanneer die kwaad met die goeie vergeld word.

21 As algemene beginsel geld dat die gelowiges hulle nie deur die kwaad moet laat oorwin nie, maar juis die kwaad deur die goeie moet oorwin. Alte maklik kan die gelowige hom weer stel onder die heerskappy van die kwaad wat volgens die beginsel van die haat werk. Dit mag egter nie, want die kwaad is in beginsel reeds oorwin (vgl. hoofstuk 6). Wil die gelowige die kwaad oorwin, in sy eie lewe en in dié van ander, en wil hy werklik 'n oorwinnaar wees oor die kwaad wat hom aangedoen word, dan moet hy die kwaad tegemoet tree met die positief-goeie, d.i. met die liefde. Die negatiewe ontvlugting van die kwaad alleen is nie genoeg nie. Die plek van die kwaad moet opgevul word met die goeie.

## C. DIE CHRISTEN EN DIE STAAT: 13 : 1–7

1 Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is,
want daar is geen mag, behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur
2 God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van
God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang.
3 Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie,
maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed
4 is, en jy sal lof van hom ontvang; want hy is 'n dienaar van God, jou
ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard
nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een
5 wat kwaad doen, te straf. Daarom is dit noodsaaklik om jou te onderwerp,
nie alleen ter wille van die straf nie, maar ter wille van die
6 gewete. Want daarom betaal julle ook belastings; want hulle is dienaars
7 van God wat juis hiermee voortdurend besig is. Betaal dan aan almal
wat aan hulle verskuldig is: belasting aan die wat belasting, tol aan die
wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom.

1 Terwyl die gelowiges wat hulself betref, in liefde teenoor alle mense moet wandel en die kwaad deur die goeie moet oorwin (12 : 21), mag hulle egter nie meen dat die gesag van die owerheid daardeur onnodig geword het nie. In hierdie wêreld wat nog steeds in 'n tweeslagtige situasie verkeer, omdat die oorwinning van Christus nog nie geopenbaar is nie, woeker die kwaad voort. Daarom het God die burgerlike owerheid ingestel, nie om die kwaad te *oorwin* nie, maar om dit met uiterlike geweld teë te hou. Die gelowiges mag daarom nie, vanuit hulle wandel in die liefde, die belangrike taak van die owerheid misken of aan die owerheid ongehoorsaam wees nie, maar hulle moet hulle positief voeg in die orde wat deur die burgerlike owerheid daargestel is. Daarom sê Paulus dat *elke mens* – wat elke uitsondering uitsluit – hom moet onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is. Onder *magte* in die meervoud moet hier klaarblyklik verstaan word: die owerheidspersone wat beklee is met die gesag om te regeer. Dit gaan by hierdie *magte* spesifiek om die burgerlike owerheid, nie om alle gesagsinstellings in die samelewing nie (vgl. v. 4). Sommige meen dat die woord vir *magte* (eksousiai) in verband gebring moet word met die *magte* waarvan in Ef. 1 : 22, Kol. 2 : 15, ens., gespreek word, en dan *engelemagte* aandui wat as dienaars van Christus voorlopig nog bevoegdheid sou hê om die wêreldse vorste en regerings te beheer, met die moontlikheid om òf aan Christus onderworpe te bly òf demonies te word en Christus te weerstaan. Dié opvatting staan egter uitlegkundig so swak dat ons hier nie verder daarop ingaan nie. Die woord vir *onderwerp* dui eintlik aan: voeg in die orde wat deur die owerheid daargestel is, vandaar: daadwerklik gehoorsaam. As rede daarvoor dat 'n mens hom moet onderwerp aan diegene wat hulle (soos dit letterlik in Grieks lui) „bokant hom bevind," gee Paulus aan dat die owerheid 'n Goddelike instelling is. Die owerheid ontleen sy gesag aan God wat die owerhede „in orde opgestel het" (soos ons die Grieks vir *ingestel* letterlik kan weergee). Gevolglik is die onderwerping aan die owerheidsgesag vir die gelowige 'n saak van die gewete (v. 5), want hy doen dit ter wille van God wie se gesag hy in die owerheidsgesag eer. Wanneer Paulus op hierdie wyse die onderwerping aan die owerheid leer, gaan dit om 'n algemeen geldende beginsel. Hy gee geen volledige leer aangaande die staat nie en gaan dus ook nie in op vrae soos die grens van die gehoorsaamheid aan die staat, die vraag wat gedoen moet word as die owerheid sy eie magsgrense

oorskry of onregverdige wette maak, of die hele (moderne) problematiek van die demokratiese staat met sy konstitusionele weë om 'n regeringsverandering teweeg te bring nie. Dat Paulus egter geen blinde onderwerping aan die owerheid sonder enige reserwe kán bedoel nie, blyk uit die feit dat hy so sterk die klem laat val op die owerheid as dienaar van God wat sy mag van God ontvang en deur God in 'n bepaalde orde gestel is. Sonder dat Paulus dit sê, is dit uit sulke uitdrukkinge duidelik dat die owerheid 'n verantwoordelikheid teenoor God het en daarteen moet waak om nie uit die orde wat God vir hom gestel het, uit te val of hom teenoor God en Sy gebod te stel nie. Wanneer dit immers sou gebeur, kan daar vir die Christen geen sprake meer wees van 'n onderworpenheid aan die owerheid nie, want hy moet God steeds meer gehoorsaam wees as die mense (Hand. 5 : 29).

2 Met *versit teen die mag* word bedoel: verwerping van die owerheidsgesag, omverwerping van die orde wat deur die owerheid daargestel is, opstand teen die wettige owerheid, rebellie. Dit alles is sonde, omdat dit 'n weerstaan is van 'n Goddelike instelling, 'n orde wat deur God gewil is. Weer eens: Paulus handel hier nie oor moontlike uitsonderingsgevalle nie: hy stel bloot die algemene beginsel (vgl. by v. 1). Met die *oordeel* waarvan hier sprake is, word in die lig van die verband nie die ewige oordeel bedoel nie, maar die straf wat die owerheid oplê. In die straf van die owerheid tree intussen ook die straf van God self na vore, want die owerheid verteenwoordig Gods instelling en voer daarmee ook Gods straf uit.

3–4 Paulus teken die owerheid as 'n instelling vir die bekamping van die kwaad, sodat hy vir diegene wat die goeie doen, geen skrikaanjagende instelling is nie, maar gesien moet word as *'n dienaar van God, jou ten goede*. Die owerheidsmag is 'n seën vir die menslike samelewing. God laat die menslike samelewing nie aan homself oor nie, maar stel die owerheidsamp daar om die kwaad teen te staan en die goeie aan te moedig. Daarom is die owerheid ook 'n *wreker om die een wat kwaad doen, te straf*. Terwyl die gelowiges hulself nie mag wreek nie (12 : 19), is die owerheid as onpartydige instansie tog daar om die slegte dade te vergeld met straf en só die burgerlike regsorde as dienaar van God te handhaaf. Die *swaard* wat die owerheid dra, is simbool van

die wrekende en straffende geregtigheid, wat ook die doodstraf insluit. In die straf wat deur die owerheid uitgeoefen word, dien hy die oordeel van God oor die sonde. Intussen is dit ook hier weer duidelik dat die owerheid geen onbeperkte mag het nie. Hy is 'n dienaar van God wat binne die ordening van God moet bly.

5 Onderwerping aan die owerheid moet egter nie bloot uit vrees vir straf geskied nie, maar *ter wille van die gewete*. Die gewete (vgl. 2 : 15) is die medewete van die mens, sy selfbeoordeling van sy eie dade in die lig van sy maatstaf vir goed en kwaad. Indien die gelowige hom nie aan die owerheid sou onderwerp nie, sou sy gewete hom aankla, want dan verwerp hy wat God *noodsaaklik* geag het. Verwerping van die wettige gesag, solank daardie gesag binne die grense wat God gestel het, uitgeoefen word, is sonde.

6 In die betaling van belasting aan die owerheid lê die erkenning van die owerheid en sy gesag opgesluit. Matt. 22 : 21 spreek by hierdie vers en die volgende sterk mee. Die woord vir *dienaar van God* wat hier gebruik word, verskil van dié in v. 4 en lê meer die klem op die amptelike aspek van die diens van die owerheid as 'n diens deur God ingestel, ons sou byna kon sê: 'n heilige diens. Juis daarom is die verantwoordelikheid van die owerheid so groot, omdat hy voortdurend besig is met 'n diens aan die mense wat eintlik 'n diens aan God is.

7 Paulus sluit dié gedeelte af met 'n algemene uitspraak wat sterk aan Matt. 22 : 21 herinner. Die gelowiges word daartoe opgeroep om aan *almal* te betaal wat aan hulle toekom. Die gelowige is 'n mens van orde wat hom voeg in die Godgewilde orde. Hy wil nie van ander afding wat hulle kragtens Gods instelling toekom nie, maar mag juis daarom ook nie aan hulle gee wat hulle *nie* toekom nie. Hy is dit alles *verskuldig*, omdat hy homself aan God onderwerp. Onder *vrees* moet ons verstaan: ontsag, eer, innerlike respek. Wie die owerheid só tegemoet tree, skenk aan hom die eer wat hom kragtens sy amp as dienaar van God toekom. Die vraag of 'n mens met die owerheid saamstem, is daarby nie ter sake nie. Ook teenoor 'n goddelose owerheid sal die gelowige respek moet betoon, hoewel die situasie kán opduik dat 'n owerheid wat sy grense te buite gaan, nie meer deur die gelowiges erken of gehoorsaam sal kan word nie.

## D. NOG EENS DIE LIEFDE: 13:8–14

8 Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê;
9 want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul. Want dit: Jy mag nie
egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen
valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod
ookal, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê
10 soos jouself. Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die
11 liefde die vervulling van die wet. En dit te meer, omdat ons die tyds-
omstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap
wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons
12 gelowig geword het. Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat
ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig
13 aangord. Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery
en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydig-
14 heid nie. Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen
voorsiening vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.

8 Wie aan almal gee wat aan hulle toekom – soos v. 7 vra – is wel aan niemand iets skuldig nie, maar die skuld van die liefde raak nooit klaar betaal nie. Omdat Paulus tot die gemeente spreek, gebied hy die liefde tot *mekaar*, wat egter die naasteliefde in 'n wyere sin nie uitsluit nie. '*n Ander* wil sê: die naaste, en dan ook *elke* naaste, nie maar net één ander persoon nie. Wie in die liefde wandel, vervul *die wet*. In aansluiting by wat in 8 : 4 gesê is, laat Paulus ook hier baie duidelik blyk dat die wet as uitdrukking van Gods heilige wil ook vir die gelowige nog betekenis het. Uit die aard van die saak kan hy nooit die wet vervul solank hy *onder die wet lewe* nie, maar as hy onder die genade lewe en die Heilige Gees hom lei, wandel hy in die liefde, wat die vervulling van die wet is. Daardeur kom die reg van die wet in sy lewe tot vervulling. *Vervul* beteken: volmaak, aan die eis daarvan voldoen. Paulus gebruik die verlede tyd: *het* die wet vervul, omdat wie in die liefde wandel, klaar reeds die sin van die wet vervul het.

9–10 Paulus noem enkele gebooie op uit Ex. 20 en verklaar dat hierdie gebooie – *en watter ander gebod ook al* – saamgevat word in die liefdesgebod van Lev. 19 : 18. Die *ander gebod* kan niks anders wees nie as 'n ander gebod uit Gods wet. *Saamvat* is volgens die Grieks letterlik: in een hoof saambring. Dit gaan dus om die hoofsaak van die wet, die eintlike sin van die wet. Om die naaste lief te hê *soos jouself*, beteken nie dat die mens gebied word om homself lief te hê en dan ook nog die naaste in gelyke

mate nie. Dit beteken veeleer dat die mens homself in die situasie van die naaste moet plaas en aan hom moet doen soos hy sou begeer dat die naaste aan hom moet doen as hy in dié situasie was. Daar word dus uitgegaan van die liefde wat die mens buitendien vir homself besit en dit word tot maatstaf van die liefde vir die ander. As rede waarom die liefde die vervulling van die wet kan heet, gee Paulus aan dat die liefde die naaste *geen kwaad doen nie* (v. 10). Al wat die wet (vir sover dit handel oor die verhouding tot die naaste) van ons vra, is daarop bereken dat ons aan die naaste geen kwaad nie, maar alleen die goeie sal doen.

11 As drangrede waarom die gelowiges in die liefde moet wandel, noem Paulus die *tydsomstandighede*. Daarmee bedoel hy dat die tyd waarin die gelowiges lewe, die eindtyd is, die laaste dae, die beslissende periode voor die wederkoms van Christus. Die gelowiges *ken* dié tyd, verstaan dit as 'n tyd van beslissing. Die koms van Christus is naby. Daarom is *die uur reeds daar om uit die slaap wakker te word*. Met *slaap* word bedoel 'n lewe wat pas by die sondeduisternis van die wêreld. Daaruit moet die gelowiges wakker word en opstaan tot 'n wandel in die liefde, elke oomblik bereid om Christus te ontmoet. Immers, *die saligheid is nou nader* by hulle as toe hulle *gelowig geword het*. Elke dag kom die tyd van die wederkoms nader. Wie weet dat die wederkoms voor die deur is en elke dag nog nader kom, kan nie meer gelykvormig wees aan die skema van hierdie wêreld nie.

12 Die gedagte van v. 11 word nader uitgewerk. Die *nag* teken die lewe van hierdie eeu wat sal verbygaan as Christus, die Son van geregtigheid, kom. Die *dag* sien op die heerlikheid wat sal aanbreek by die wederkoms. Paulus verwag die wederkoms as iets wat baie naby is: *dit is amper dag*. Juis hierdie tydsomstandighede dring die gelowiges daartoe om nie langer met die sonde te heul nie, maar die *werke van die duisternis*, d.i. die sonde in al sy gestaltes, af te lê soos 'n mens 'n kleed uittrek. Daarteenoor moet die *wapens van die lig* aangegord word, want daar lê vir die gelowiges 'n stryd voor, 'n stryd wat nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die magte van die duisternis (vgl. Ef. 6 : 10 e.v.). Al het die beslissing in Christus reeds geval en al is die uitkoms van die stryd van die gelowiges seker, is dit nogtans 'n saak van erns.

13 Die gelowiges moet *welvoeglik* wandel, d.i. só wandel as wat gepas is, wat die toets van die daglig kan deurstaan. Al is dit volgens alle uiterlike skyn nog nag, weet die gelowiges wat die tyd ken, dat die dag net agter die horison lê en dat die nag reeds oorwin is. Daarom moet hulle wandel *soos in die dag*, asof die dag reeds aangebreek het. Die lewenswandel van die gelowiges moet beheers word deur die komende heerlikheid, deur die spanning van die verwagting van Christus. Dán eers word die lewe in die regte perspektief gesien en word die dinge op hulle juiste waarde getakseer. Dan is daar geen ruimte meer vir brassery, dronkenskap, ens., wat die vrugte van die vlees is nie.

14 In teenstelling met die lewe in die duisternis (waarvan die vrugte in v. 13 getoon word) moet die gelowiges hulle *beklee met die Here Jesus Christus*. Hulle moet hulself in Christus stel en in Hom skuil. Die tyd van die Griekse werkwoord dui daarop dat dit iets is wat hulle by herhaling moet doen. As gelowiges is hulle reeds met Christus beklee (Gal. 3 : 27), maar hulle moet Christus telkens weer aandoen en hulle gelowig in Hom stel. Vir die *vlees* mag hulle geen voorsiening maak nie. Ook die gelowiges het nog die vlees, die sondige natuur (vgl. 7 : 14). Die vlees vra voortdurend om gehoor en bevredig te word. Dit mag die gelowiges egter nie meer doen nie. Hulle mag selfs geen voorsorg vir die vlees maak nie, maar moet dit voortdurend kruisig. Wie Christus aandoen, doen Hom aan as die gekruisigde en opgewekte Here en sal daarom óók die gestalte van die kruis èn van die nuwe lewe moet vertoon.

## E. DIE LIEFDE EN DIE SWAK BROEDER: 14 : 1–15 : 13

Hierdie gedeelte kan in drie onderverdeel word:

(i) 14 : 1–12 stel die eis van verdraagsaamheid teenoor mekaar in dinge wat nie tot die wese van die Christelike geloof of lewenswandel behoort nie;

(ii) 14 : 13–23 stel die eis van die liefde dat geen struikelblok vir die broeders in die weg gelê moet word nie, maar dat die gelowige liewer moet afsien van wat op sigself nie onrein is nie, as dit vir die broeder tot 'n aanstoot is;

(iii) 15 : 1–13 beklemtoon die verpligting van die gelowiges om, na die voorbeeld van Christus, mekaar se swakhede te dra.

Deurgaans bly die wandel in liefde die beheersende beginsel.

(i) ***Wees verdraagsaam met mekaar: 14 : 1–12***

1 En neem hom aan wat swak is in die geloof, nie om oor sy gevoelens
2 te oordeel nie. Die een glo dat 'n mens alles mag eet, maar hy wat
3 swak is, eet groente. Hy wat eet, moet hom wat nie eet, nie verag nie;
en hy wat nie eet, moet hom wat eet, nie oordeel nie, want God het
4 hom aangeneem. Wie is jy wat die huiskneg van 'n ander oordeel? Hy
staan of val met betrekking tot sy eie heer; maar hy sal staande bly,
5 want God is magtig om hom staande te hou. Die een ag die een dag bo
die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed
6 ten volle oortuig wees. Hy wat die dag waarneem, neem dit waar tot eer
van die Here; en hy wat die dag nie waarneem nie, neem dit nie waar nie
tot eer van die Here; en wie eet, eet tot eer van die Here, want hy dank
God; en wie nie eet nie, eet nie tot eer van die Here, en hy dank God.
7 Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself
8 nie. Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf
ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort
9 aan die Here. Want hiervoor het Christus ook gesterwe en opgestaan
10 en weer lewend geword, om oor dode sowel as lewende te heers. Maar
jy, waarom oordeel jy jou broeder? Of jy ook, waarom verag jy jou
broeder? Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel
11 word. Want daar is geskrywe: So waar as Ek leef, sê die Here, voor
12 My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely. So sal elkeen dan vir
homself aan God rekenskap gee.

1 Die *swakkes* waarvan in hierdie gedeelte sprake is, is gelowiges wat nog nie tot volle rypheid in die geloof gekom het nie en daarom nie die volle konsekwensies van hulle geloof in Christus aanvaar nie, maar meen dat dit vir hulle noodsaaklik is om bepaalde dinge te onderhou wat eintlik vir 'n Christen nie meer nodig is om te onderhou nie. Met name gaan dit oor die onderhouding van bepaalde dae, geheelonthouding met betrekking tot wyn en die nalaat om vleis te eet (v. 5 en 21). Natuurlik bedoel sulke Christene nie om deur dergelike onderhoudinge die verlossing te verdien nie – dan sou Paulus hulle nie swakkes genoem het nie, maar dwalendes. Hulle is egter bevange in 'n verkeerde soort krampagtigheid wat die Christelike vryheid nie wil aanvaar nie en dinge wat op sigself nie onrein is nie, as sonde aanvoel. Die feit dat Paulus sulke Christene *swakkes* noem, toon dat hy hulle standpunt nie deel nie.

Tog verklaar hy dat dié wat swak in die geloof is, deur die gemeente *aangeneem* moet word, nie uit die gemeenskap uitgestoot moet word nie. Die vertaling: *nie om oor sy gevoelens te oordeel nie,* is minder korrek. Die woordjie *sy* ontbreek in Grieks. Paulus gee eintlik opdrag dat gemeentelede nie oor en weer oor mekaar se gevoelens moet oordeel nie. Reeds daaruit is dit duidelik dat dit nie by een van die twee partye om 'n sondige standpunt gaan nie, maar enkel om 'n verskil in beoordeling van bepaalde dinge.

2–4 Die verskil in beoordeling raak die kwessie van wat geëet mag word en wat nie. Elkeen *glo* dat sy standpunt oor die aangeleentheid korrek is. Nou is dit maklik dat die een wat sterk in die geloof is (en dus die vryheid het om alles te eet) dié wat swak is, kan *verag,* terwyl die swakke, wat vanweë die aard van sy krampagtigheid meer nougeset is, die ander kan *oordeel.* Albei reaksies is verkeerd. Veral die swakkes moet onthou dat God die ander aangeneem het en dat hulle nie diegene van wie hulle verskil, moet oordeel oor dinge wat God nie verbied het nie. Dit is immers verwaand om die dienskneg (huisslaaf) van 'n ander te oordeel (v. 4). Dit is sy heer se saak, wat self sal oordeel of hy in die gebruikmaking van sy vryheid *bly staan* of geval het, gesondig het of nie. Deur daaraan toe te voeg: *maar hy sal staande bly, want God is magtig om hom staande te hou,* laat Paulus sien dat dit vir die sterke nie noodwendig op 'n val hoef uit te loop as hy van sy vryheid gebruik maak nie. Daarin lê ook 'n sydelingse vermaning aan die swakke om nie aan Gods mag te twyfel en te dink dat 'n mens deur jou eie krampagtigheid jouself hoef te bewaar nie.

Paulus bedoel nie met hierdie uitsprake om die tug in die gemeente teen te gaan, asof broeders glad nie mekaar se optrede mag beoordeel nie. Wanneer dit om 'n oortreding van Gods gebooie gaan, *moét* dit geskied. Paulus handel hier egter nie daaroor nie.

5–6 Nog 'n voorbeeld word aangevoer, naamlik die verskil oor die onderhouding van bepaalde dae. Dit gaan daarby waarskynlik oor Joodse feesdae, selfs die Joodse sabbat. Waar die onderhouding van dergelike dae 'n betekenis gaan kry met die oog op die verkryging van die ewige lewe, veroordeel Paulus dit baie sterk (vgl. Gal. 4 : 10, 11 en Kol. 2 : 16, 17). Hier gaan dit

egter om die gevoel van die swakkes, dat dergelike dae onderhou behoort te word, omdat hulle nog nie die vryheid het om dit eenvoudig na te laat nie, en vrees dat dit sonde mag wees om dit te doen. Daar was in die geskiedenis van die Christelike kerk 'n tyd toe sommige nog die Joodse sabbat onderhou het en ander dit reeds losgelaat het. Paulus wil nie dat daaroor gestry sal word nie: *Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees.* Dit beteken: oor 'n saak wat vir die Christen nie op 'n gebod van God berus nie, moet elkeen vir homself uitmaak wat vir hom korrek sal wees. Elkeen moet in volle verantwoordelikheid sy eie oortuiging vorm en dié oortuiging aanvaar. Niemand moet teen sy eie oortuiging in handel nie. Paulus bedoel nie om daarmee die mens se eie gemoed te verhef tot die instansie wat moet beslis oor sy hele lewensgedrag nie. Christus sal in laaste instansie oor elkeen oordeel. Elkeen moet egter oortuig wees dat hy doen wat Christus in die spesifieke geval van hom vra. Daarby is die beslissende vraag of wat elkeen doen, *tot die eer van die Here* gedoen word (v. 6). Die woorde *tot eer van* kom in Grieks nie voor nie. Letterlik staan daar net: *vir die Here.* Albei groepe moet onthou dat ook die ander niks anders bedoel as om vir die Here te lewe nie. Daarom is dit ook moontlik dat albei groepe God kan *dank,* of hulle maaltyd net uit groente bestaan of nie. Solank die eer van die Here maar gesoek word, al gebeur dit ook op verskillende maniere na gelang van die verskillende oortuiginge, moet gelowiges mekaar nie verag of veroordeel nie.

7–9 As rede vir die gesigspunt wat in v. 6 gehandhaaf is, voer Paulus die waarheid aan dat die lewe van die gelowige in elk geval nie meer aan homself behoort nie, maar aan die Here. Daarom leef en sterf hy nie meer vir homself nie, maar is sy lewe en dood daarop gerig om die eer van die Here te dien. Dit is gefundeer in die sterwe en opstanding van Christus waarin Hy sy volk vrygekoop het van die slawerny van die sonde en hulle verbind het aan Hom as hul nuwe Here (vgl. hoofstukke 5 tot 8).

10–12 Waar dit die geval is, spreek dit vanself dat die gelowiges in eerste en laaste instansie aan Christus verantwoording verskuldig is vir hulle doen en late. Omdat almal voor die regterstoel van Christus sal verskyn, moet die gelowiges nie meen dat hulle op die oordeel van Christus moet vooruit gryp of mekaar moet verag oor dinge wat nie op Gods gebod berus nie. Met 'n

aanhaling uit Jes. 45 : 23 gekombineerd met Jes. 49 : 18 bevestig Paulus dat almal wat leef, die volstrekte heerskappy en seggenskap van die Here sal moet erken. Die oordeel sal dan ook oor die vraag gaan of die eer van God werklik in alles gesoek is, of elkeen se doen en late werklik *vir die Here* was of nie. Oor hierdie vraag sal elkeen vir homself aan God rekenskap gee. Daarom moet die gelowiges in dié bewussyn handel en nie voortydig oor mekaar oordeel nie, maar mekaar verdra.

### (ii) *Lê geen struikelblok in die weg nie: 14 : 13–23*

13 Laat ons dan mekaar nie meer oordeel nie, maar besluit dít liewer, om
14 nie die broeder 'n hindernis of struikelblok in die weg te lê nie. Ek
weet en is oortuig in die Here Jesus dat niks op sigself onrein is nie,
15 maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom is dit onrein. Maar as
jou broeder deur voedsel gegrief word, dan wandel jy nie meer volgens
die liefde nie. Moenie deur jou voedsel hom te gronde rig vir wie
16 Christus gesterf het nie. Laat dan van die goeie wat aan julle behoort,
17 nie kwaad gespreek word nie. Want die koninkryk van God is nie spys
en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige
18 Gees. Want hy wat Christus hierin dien, is aan God welgevallig en by
19 die mense geag. Laat ons dan najaag wat tot vrede en onderlinge stigting
20 dien. Moenie ter wille van voedsel die werk van God afbreek nie. Alles
is wel rein, maar dit is verkeerd vir 'n mens om te eet as dit tot aanstoot
21 is. Dit is goed om geen vleis te eet of wyn te drink of iets te doen waar-
deur jou broeder aanstoot neem of struikel, of waarin hy swak is nie.
22 Het jy geloof? Behou dit vir jouself voor die aangesig van God. Geluk-
23 kig is hy wat homself nie oordeel in wat hy vir geoorloof ag nie. Maar
hy wat twyfel as hy eet, is veroordeel, omdat dit nie uit die geloof is
nie; en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde.

13 Nog eens herhaal Paulus dat gelowiges mekaar nie moet oordeel nie: die oordeel kom aan God toe. Hulle moet egter ook positief handel en besluit om vir die broeder *geen hindernis of struikelblok in die weg te lê nie.* Hiermee is die beginsel gegee waaroor die volgende verse handel. 'n *Hindernis* is 'n voorwerp in die pad waaroor 'n mens kan val, terwyl 'n *struikelblok* meer sien op 'n valstrik wat met opset daar geplaas is om 'n mens te laat val. Geen gelowige mag iets doen wat hierdie soort effek op 'n ander gelowige kan hê nie. Dit raak hier veral die sterkes wat deur hulle vryheid vir die swakkes tot 'n oorsaak van aanstoot en struikeling kan word. In so 'n geval moet hulle liewer nie van hulle vryheid gebruik maak nie.

14 Paulus skaar homself aan die kant van die sterkes met sy uitspraak dat hy *weet en oortuig is in die Here* dat niks op sigself onrein is nie. Vanuit sy verbondenheid aan Christus stam hierdie oortuiging. Immers, Christus het al wat skaduagtig was in die Ou Verbond ten volle vervul. Daarom het ook die onderskeiding tussen rein en onrein, wat in die Ou Bedeling soveel betekenis gehad het, tans verval (vgl. Hand. 10 : 15). Paulus maak egter 'n algemene stelling, dat niks op sigself onrein is nie. Moontlik sluit hy daarby dus ook die heidense offervleis in (vgl. 1 Kor. 10 : 25 e.v.). Al is dit egter die geval, is dit moontlik dat iemand wat nog nie die volle konsekwensies van sy vryheid in Christus insien nie, kan meen dat dit sonde kan wees om bepaalde voedsel te eet. Hy reken dat dit onrein is. So 'n persoon behoort sulke voedsel nie te eet nie, want as hy dit doen, doen hy dit met die bewussyn dat hy sondig. Hy stel homself daardeur in 'n verkeerde verhouding tot God. Vir hom is sulke voedsel dan ook werklik onrein, want as hy dit nuttig, doen hy dit met die bedoeling om in te gaan téén wat hy as die wil van God sien. En dan doen hy sonde (vgl. v. 23).

15 Hierdie toestand ten opsigte van die swakkes het nou egter ook vir die sterkes betekenis. Die liefde eis dat die sterkere broeders nie voedsel moet geniet waardeur hulle die swakkeres *grief* nie. Dan verbreek hulle die gemeenskap met die swakkeres of verlei hulle daartoe om te doen wat vir hulle gevoel sonde sal wees. As Christus soveel vir die swakke broeders oorgehad het, dat Hy self Sy lewe vir hulle gegee het, dan moet die sterkere broeders ten minste bereid wees om van bepaalde voedsel te kan afsien ter wille daarvan om hulle nie *te gronde te rig* nie, d.i. af te stuur op die verbreking van hulle verhouding met Christus. Daarvoor is voedsel 'n veels te onbenullige ding!

16–17 Wanneer daar in die gemeente onenigheid oor so 'n onbelangrike ding as voedsel ontstaan, kan dit na buite aanleiding daartoe gee dat kwaad gespreek word van die goeie wat aan die gemeente behoort, naamlik die koninkryk van God, die heerlikheid van die heil met alles wat dit inhou. Daarom moet elke gelowige onthou dat die koninkryk van God nie spys en drank is nie, d.i., nie afhanklik is van wat geëet en gedrink word nie, maar dat die koninkryk van God die mens oorlaai met die gawes van *geregtigheid, vrede* en *blydskap in die Heilige Gees. Geregtigheid*

is 'n omvattende term as aanduiding van 'n lewe in ooreenstemming met Gods wil (vgl. 6 : 13). *Vrede* is die vrug van die Gees waarin blyk dat die mens, versoen met God, ook met sy naaste versoen is en in harmonie met hom verkeer. Ook die *blydskap* sien op die vreugde wat die deel van die versoende gelowige is, 'n blydskap wat ook in die onderlinge verhoudinge geopenbaar moet word (vgl. Gal. 5 : 22). Waar die koninkryk van God heers, moet hierdie dinge aangetref word, nie 'n onderlinge verdeeldheid en twis oor voedsel nie.

18 Hoewel die dinge in v. 17 genoem, gawes van die Koninkryk is, moet hulle tog ook gesoek word en moet Christus gedien word deurdat hierdie dinge nagestrewe word. Dit gaan daarby nie om 'n mensebehaery nie, maar om diens *aan Christus*. So iemand is aan God *welgevallig*, want hy soek nie homself nie, ook nie die uitoefening van sy eie vryheid nie, maar die eer van God en die beswil van die naaste. Ook by die mense is so 'n persoon *geag*, in teenstelling met die persoon wat onenigheid (en dus ook beskimping deur die buitewêreld) veroorsaak (v. 16). Sy onbaatsugtigheid en onselfsugtigheid sal nie onopgemerk bly nie.

19 Uit die voorafgaande word 'n vermaning afgelei. Die gelowiges moet *najaag* wat tot die onderlinge stigting, d.i. die wedersydse opbou, kan dien en nie toelaat dat onbelangrike dinge die opbou van die gemeente belemmer nie. Die gemeente word voorgestel as 'n gebou, 'n beeld wat meermale by Paulus voorkom (vgl. 1 Kor. 3 : 9; Ef. 2 : 21, ens.). Dié gebou is nog onvoltooid. Alles wat kan dien tot verdere opbou, moet deur die gelowiges nagestrewe word.

20 Alles wat aan die bouwerk – die werk van God – skade kan doen, moet nagelaat word. Wie egter die broeder ter wille van voedsel aanstoot gee op die wyse in v. 15 genoem, is besig om die bouwerk van God af te breek. In aansluiting by wat in v. 14 gesê is, verduidelik Paulus nog eens dat alles wel rein is, maar dat as iemand deur gebruikmaking van sy vryheid aan iemand anders aanstoot gee en veroorsaak dat hy sondig, dit dan verkeerd is. Op dié manier kan iets wat op sigself nie verkeerd is nie, vir 'n gelowige wél verkeerd wees, omdat dit in stryd met die liefde tot die naaste gedoen word.

21 In die lig van bostaande is dit dus vir die gelowige *goed* om niks te doen wat aan die broeder aanstoot kan gee nie, ook al is dit op sigself nie iets verkeerds om te doen nie. Paulus verbied nie die eet van vleis of die drink van wyn nie. Hy vind dit egter aanbevelenswaardig dat die gelowiges hulle liewer moet onthou van dinge wat in hierdie kategorie val. Uit die woorde *of iets* (met die betekenis: enigiets anders) blyk dat Paulus dit as 'n algemene beginsel stel. *Aanstoot neem:* vgl. by v. 15. Die woorde *of struikel, of waarin hy swak is nie* kom in die beste handskrifte nie voor nie en word soms beskou as 'n invoeging. In elk geval voeg dié woorde niks nuuts toe aan die betekenis van die teks nie. Vir die betekenis van *struikel* en *swak wees*, vgl. by v. 13 en v. 1. Vir die eerste keer hoor ons hier dat die drink van wyn ook 'n probleem veroorsaak het. Daar word egter nie nader verklaar op watter wyse dit aanstoot gegee het nie.

22 Die tegemoetkomende houding van die sterke teenoor die swakke beteken intussen nie dat hy nou ook die opvatting van die swakke hoef te gaan deel nie. Volgens die beste Griekse teks moet ons in v. 22 lees: *Jy, behou die geloof wat jy het, vir jouself voor die aangesig van God*. Paulus ag dit volkome in ooreenstemming met die Christelike geloof dat 'n mens vry is om enigiets te eet en te drink. Daarom moet dié geloof behou word. Dié oortuiging moet ter wille van die swakke broeder egter *voor die aangesig van God* behou word. Dit beteken enersyds dat dit in stilte behou moet word, sonder om dit voortdurend aan die swakke broeder op te dring, en terselfdertyd dat dit in alle opregtheid behou moet word, in die wete dat God oor al ons doen en late sal oordeel. Wie met volle oortuiging en nadat hy homself ten volle van sy standpunt rekenskap gegee het, *homself nie veroordeel in wat hy vir geoorloof ag nie*, maar met 'n goeie gewete voor Gods aangesig kan staan, hy is 'n gelukkige mens.

23 Wie egter *twyfel as hy eet, is veroordeel, omdat dit nie uit die geloof is nie*. Paulus gryp hier terug op sy redenasie in v. 14. Indien 'n gelowige iets doen waarvan hy die gevoel het dat hy daarmee teen God sondig, is dit vir hom sonde, want dan handel hy vanuit die oortuiging dat hy teen Gods wil ingaan. Dan staan hy met sy daad onder die oordeel van God. 'n Gelowige mag alleen dinge doen waarvan hy mag glo dat dit Gods wil vir hom

is. Twyfel hy daaraan, dan handel hy nie uit die geloof nie, maar in stryd met die geloof. As Paulus dan ook sê dat *alles wat nie uit die geloof is nie, sonde* is, bedoel hy dit in hierdie sin. Elke daad wat nie verrig word vanuit die geloof dat Jesus Christus daarmee gedien word nie, is sonde.

(iii) ***Moenie julleself behaag nie: 15 : 1–13***

1 En op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van
2 die wat nie sterk is nie, en nie onsself te behaag nie. Want elkeen van
3 ons moet die naaste behaag met die oog op wat goed is tot stigting. Want
ook Christus het Homself nie behaag nie, soos geskrywe is: Die smaad-
4 hede van die wat U smaad, het op My geval. Want alles wat tevore
geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaam-
5 heid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê. En mag die God
van lydsaamheid en bemoediging aan julle gee om eensgesind onder
6 mekaar te wees ooreenkomstig die wil van Christus Jesus, sodat julle
die God en Vader van onse Here Jesus Christus eendragtiglik uit een
7 mond kan verheerlik. Neem daarom mekaar aan, soos Christus ons ook
8 aangeneem het, tot heerlikheid van God. En ek sê dat Jésus Christus
'n dienaar geword het van die besnydenis ter wille van die waaragtigheid
9 van God, om die beloftes aan die vaders te bevestig; en dat die heidene
ter wille van sy barmhartigheid God kan verheerlik, soos geskrywe is:
Daarom sal ek U loof onder die nasies en tot eer van u Naam psalm-
10 sing. En ook sê Hy: Verbly julle, o nasies, saam met sy volk; en ook:
11 Loof die Here, alle nasies, en prys Hom, alle volke. En Jesaja sê ook:
12 Die wortel van Isai sal daar wees, en Hy wat opstaan om oor die
13 nasies te heers, op Hom sal die nasies hoop. En mag die God van hoop
julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oor-
vloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees!

1 Paulus skaar homself aan die kant van die sterkes en rig vanuit hierdie posisie 'n vermaning aan die sterkes. Hulle moet *die swakhede dra* van diegene wat nie sterk is nie. Wat daarmee bedoel word, is in hfst. 14 genoegsaam verduidelik. Hulle moet van die uitoefening van hulle vryheid afsien ter wille daarvan om aan die swakkeres geen aanstoot te gee nie. Die gevaar is vir die sterkes altyd groot om hulleself te behaag deur van hulle vryheid gebruik te maak, watter skadelike gevolge dit ook al vir die swakkes mag hê. Dit mag hulle egter nie doen nie.

2 Die gulde reel is dat elkeen *die naaste moet behaag* (vgl. Fil. 2 : 4). Prakties kom hierdie reel neer op die gebod om die naaste lief te hê soos onsself. Om die naaste te *behaag*, beteken

egter nie om maar alles te doen wat die naaste begeer nie (want dit mag dikwels sondige dinge wees), ook nie om te probeer om die guns van die naaste te win nie (dit word veroordeel in Gal. 1 : 10), maar dit beteken om *wat goed is tot stigting* vir hom te soek. *Stigting* is in Grieks letterlik: *opbou*. Alleen wat die opbou van die naaste en die gemeente dien, is werklik goed (vgl. 14 : 19).

3 Paulus wys dikwels op die voorbeeld van Christus as hy die gelowiges aanspoor tot die regte lewenswandel (vgl. Fil. 2 : 5 e.v.; 1 Kor. 10 : 33 e.v.; 1 Thess. 1 : 6). Wie Christus as Borg en Middelaar ken, moet Hom ook as voorbeeld aanvaar (vgl. 1 Pet. 2 : 21). Paulus haal Ps. 69 : 10 aan as bewys dat Christus Homself nie behaag het nie, maar die smaadhede gedra het van dié wat God smaad. Wat in dié psalm van die lydende regverdige gesê word, pas hy sonder meer op Christus toe. Christus is immers die Groot Regverdige en die lyding van die regverdiges in die Ou Verbond was nie alleen 'n voorafskaduwing van Christus se lyding nie, maar in sekere sin ook reeds 'n deelname daaraan. Soos Christus vrywilliglik gaan staan het onder die smaad wat Gods volk vanweë Sy vyande aangedoen word, so moet die gelowiges ook vrywillig buk onder mekaar se swakhede. Die punt van vergelyking is die vrywillige aanvaarding van die laste van ander. Origens bewys hierdie aanhaling weer hoe vry Paulus met aanhalings uit die Ou Testament kan omgaan.

4 Paulus staaf sy beroep op 'n teks uit die Ou Testament deur te wys op die blywende betekenis van wat in die Ou Testament geskrywe is, vir die gemeente van alle tye. Dit bevat *lering*, waarmee nie soseer intellektuele kennis-mededeling bedoel word nie, maar 'n belering van die gelowiges wat vir hulle praktiese lewensbetekenis het en in hulle lewens iets na vore roep, in hierdie geval *hoop*. Die Skrif spreek hulle aan en is trouens gegee om hulle aan te spreek: dit is met die oog op hulle lering geskrywe. Die Skrifte is dus allermins maar 'n mededeling van allerlei wetenswaardighede. Dit is 'n lewensboek vol van (voorbeelde van) *lydsaamheid en bemoediging* wat daarop afstuur om in die harte van diegene wat die Skrifte lees, hoop op te wek. Waarom die apostel hier spesifiek oor die *hoop* spreek, is nie baie duidelik uit die verband nie. Moontlik bedoel hy dat wie waarlik uit 'n lewende hoop op die toekoms lewe, geduld genoeg sal hê om die swakhede van

ander te dra. Moontlik roep die woord *smaadhede* in die aanhaling in v. 3 by hom gedagtes op wat nie meer streng betrekking het op die kwessie van sterkes en swakkes as sodanig nie, maar meer sien op die bestaan van die gemeente in hierdie bedeling as 'n bestaan waarin hoop, lydsaamheid en bemoediging noodsaaklik bly.

5–6 Omdat God die Bron is van die lydsaamheid en bemoediging waarvan die Skrif spreek, kan Hy genoem word: *die God van lydsaamheid en bemoediging*. Uit Paulus se wens vir die gemeente blyk dit dat die eensgesindheid in die gemeente afhang van die aanwesigheid van die lydsaamheid en bemoediging (troos) wat gebore word uit die Christelike hoop. Die woorde *die wil van* in die uitdrukking *volgens die wil van Christus Jesus* wat in die Afrikaanse Vertaling voorkom, staan nie in Grieks nie. Daarom lui die teks eintlik dat Paulus hulle toebid dat God aan hulle mag gee om *eensgesind te wees volgens Jesus Christus*, d.i. na die voorbeeld van Christus, soos dit uiteengesit is in v. 3. Die doel van die eensgesindheid is dat die Vader *eendragtiglik uit een mond verheerlik* kan word. Dit is die uiteindelike doel van die opbou van die gemeente, dat God verheerlik moet word. Die verheerliking van God eis egter die eenheid van die gemeente. Die uitdrukking *God en Vader van onse Here Jesus Christus* vestig die aandag daarop dat die God wat die gemeente verheerlik, dié God is wat Hom in Christus geopenbaar het as die Vader van Christus en deur Hom ook as die Vader van die gelowiges.

7 Die voorbeeld van Christus se vereenselwiging van Homself met die nood van die verlore mens word aangevoer as drangrede daarvoor dat die verlostes ook mekaar moet *aanneem*, d.i. aanvaar, in gemeenskap opneem. Dit gaan nou nie meer om die sterkes alleen wat die swakkes moet aanneem nie: almal moet mekaar aanneem. Ook hier word, soos in 'n refrein, herhaal dat Christus ons aangeneem het *tot heerlikheid van God*. Dit moet ook die rigsnoer wees vir die gelowiges in hulle wedersydse aanvaarding van mekaar.

8 Paulus verduidelik wat hy bedoel as hy sê dat Christus *ons aangeneem het*. Die woorde *en ek sê* beteken: ek bedoel naamlik. As hy verklaar: *Christus het 'n dienaar geword van die besnydenis*, beteken dit: Christus het ingegaan in die lewe wat gestempel

is deur die besnydenis en het Homself onder al die verpligtinge en bindinge van die wet gestel (vgl. Gal. 4 : 4), ten einde vir die volk Israel die diens te lewer, dat Hy die beloftes van God opnuut aan hulle bevestig het. Daardeur het Hy Gods waaragtigheid bewys, dat God naamlik Sy beloftes aan die aartsvaders nie laat val het nie, maar waargemaak het. Die gedagte vloei oor in v. 9.

9 Terselfdertyd het Christus egter ook 'n dienaar geword van die onbesnedenes, sodat ook die heidene *ter wille van Sy barmhartigheid God kan verheerlik.* Christus het dus ook die heidene aangeneem en aan hulle die boodskap van Gods barmhartigheid laat verkondig, sodat ook hulle tot die verheerliking van God kan kom. Die aanhaling in die laaste gedeelte van die vers kom uit Ps. 18 : 50 en vermeld dat die psalmis ook teenoor die ander nasies die lof van God wil verkondig, waaruit dan blyk dat die heil ook vir nie-Joodse volkere bedoel is.

Om die eintlike bedoeling van Paulus te begryp, moet ons v. 8–9 as 'n geheel lees. Dan blyk dit dat Christus albei groepe, Jode en heidene, aangeneem het en hulle daardeur tot 'n eenheid gebring het in die gemeente, sodat hulle soos uit een mond God kan verheerlik. Om dié rede moet ook die gemeentelede mekaar aanneem, sodat hulle in eenheid Gods lof kan verkondig.

10–12 Nog drie aanhalings uit die Ou Testament word aangevoer. Al drie (uit Deut. 32 : 43, Ps. 117 : 1 en Jes. 11 : 1, 10) wys op die feit dat die heil ook na die heidense volkere sal gaan. Die eerste twee roep die heidene op om saam met Israel bly te wees en God te loof. Die derde bevat die belofte dat die Messias ook oor die *nasies*, die heidense volkere, sal heers en dat hulle op Hom sal hoop. Die doel van die aanhalings is om te laat sien dat reeds die Ou Testament voorspel het dat die Messias Israel en die nasies sal bring tot die gemeenskaplike lof van God. Paulus verstaan dit só, dat Christus dit alleen kon bewerk deur Sy bereidheid om albei groepe aan te neem en hulle dienskneg te word. Dit vorm die grond vir die vermaning dat die gelowiges ook mekaar moet aanvaar, sodat hulle almal saam in eenstemmigheid Gods lof kan verkondig.

13 Paulus sluit met 'n bede. Die *God van hoop* is dié God wat die Christelike hoop in die gemeente opwek èn ook dié God

op wie die Christelike hoop gerig is. Sy bede is nou dat God die gemeente sal vervul met die vrugte van die geloof, naamlik *alle blydskap en vrede*. Reeds in 14 : 17 is blydskap en vrede genoem as die wesenlike dinge waarom dit in Gods koninkryk gaan. Ook hier sal ons moet dink aan blydskap in die Here en vrede met God, maar daarby ook aan die blydskap en vrede in die onderlinge verhoudinge van die gemeente. *Deur die geloof* wys daarop dat God hierdie gawes nie anders aan die gemeente meedeel as dat hulle dit deur die geloof moet aanneem nie. Wanneer hulle só vervul is met blydskap en vrede, sal die gemeente *oorvloedig kan wees in hoop*. Die *hoop* is die grondtoon van die gemeente se bestaanswyse in hierdie wêreld (vgl. 5 : 4 e.v.; 8 : 24). Die hoop smee ook die gemeente saam tot eenheid (vgl. v. 4–6). Dit is egter alleen *deur die krag van die Heilige Gees* dat die gemeente werklik in die hoop kan lewe en versterk kan word. Ook hier is alles net genade.

# Afdeling VII:
## Deur Genade tot Diens 15 : 14–16 : 27

Die slotgedeelte van die brief word gewy aan 'n kort verantwoording van Paulus oor sy vrymoedigheid om so 'n lang brief te skrywe aan 'n gemeente wat hy slegs gedeeltelik en op 'n afstand ken (15 : 14–21). Daarna volg 'n kort uiteensetting van sy toekomsplanne (15 : 22–33), 'n reeks groetes aan gemeentelede (16 : 1–16), 'n vermaning tot waaksaamheid teen ongewenste persone (16 : 17–20), die oordrag van groete van die kant van sy medewerkers (16 : 21–23) en 'n seënbede (16 : 24–27).

Ons sien Paulus in hierdie slotgedeelte in sy ywerige, besielde en liefdevolle diens aan die gemeentes, gedra deur die wete dat hy deur Gods genade geroep is en gedring word tot hierdie diens. Hy is inderdaad 'n bedienaar van die veelvuldige genade van God (1 Pet. 4 : 10). Hierdie gedeelte laat ons ook besef in watter groot mate die apostel as verbindingskakel tussen die gemeentes gedien het in 'n tyd toe daar nog geen georganiseerde kerkverband tussen die gemeentes bestaan het nie.

### A. PAULUS SE VRYMOEDIGHEID: 15 : 14–21

14 Maar ek self ook, my broeders, is oortuig aangaande julle, dat julle self
ook vol van goedheid is, vervuld met alle kennis, in staat om ook
15 mekaar te vermaan. Tog het ek ten dele taamlik gewaag om aan julle
te skrywe, broeders, as een wat julle herinner, kragtens die genade wat
16 my deur God gegee is om 'n dienaar van Jesus Christus onder die
heidene te wees, 'n dienaar van die evangelie van God, sodat die offer
van die heidene welgevallig kan wees, geheilig deur die Heilige Gees.
17 Ek het dan rede om te roem in Christus Jesus, in die dinge aangaande
18 God. Want ek sal nie waag om iets te sê van dinge wat Christus nie
deur my gewerk het nie – om die heidene tot gehoorsaamheid te bring,
19 met woord en daad, deur die krag van tekens en wonders, deur die
krag van die Gees van God, sodat ek die evangelieverkondiging van
Christus volbring het van Jerusalem af en rondom tot by Illirikum;
20 maar só, dat ek my eer daarin gestel het om die evangelie te verkondig,
nie waar Christus alreeds bekend was nie – om nie op die fondament
21 van 'n ander te bou nie – maar soos geskrywe is: Hulle aan wie niks van

**Hom vertel is nie, sal dit sien; en hulle wat nie gehoor het nie, sal dit verstaan.**

14 Paulus wil nie hê dat die gemeente in Rome moet dink dat hy aan hulle geskrywe het omdat hy onder die indruk verkeer dat die stand van die geestelike lewe by hulle besonder laag is nie. Daarom gee hy hulle graag die versekering dat hy self ook aangaande hulle van beter dinge oortuig is. Hy glo dat hulle *self ook*, sonder sy hulp en vermaninge, *vol van goedheid is*, d.i. vervul met die liefdevolle gesindheid wat noodsaaklik is vir goeie gemeentelike verhoudinge. Verder glo hy ook dat hulle *vervuld met alle kennis* is, d.i. ten volle op die hoogte van dié dinge wat hy in sy brief behandel het. Daarom is hulle ook *in staat om mekaar* (of volgens 'n ander lesing: *ander*) te *vermaan*. Eintlik was dit dus nie nodig dat hy aan hulle geskrywe het nie. Paulus spreek so ,gedeeltelik uit oorweginge van takt by sy benadering van die gemeente, maar gedeeltelik ook vanuit die oortuiging dat die Heilige Gees die gemeente sal begenadig met alles wat vir sy lewe nodig is.

15 Die doel van sy skrywe is dan ook om hulle te *herinner* aan wat hulle reeds weet, al sal die „herinnering" vanself beteken 'n voller uiteensetting van wat reeds aan hulle verkondig was (vgl. ook 1 Kor. 4 : 17; 2 Tim. 1 : 16). Die woorde *tog het ek ten dele taamlik gewaag om aan julle te skrywe* moet, anders as die indruk wat deur hierdie weergawe in die Afrikaanse Vertaling gewek word, verstaan word as: ek het in sommige opsigte taamlik gewaag, d.i. taamlik vrymoedig aan julle geskrywe. Miskien maak sy brief die indruk dat hy taamlik kras geskrywe het aan 'n gemeente wat hy nie eens ken nie. Hy maak geen verskoning daarvoor nie, maar verduidelik dat hy dit gedoen het *kragtens die genade wat my deur God gegee is*. Ons moet hierdie laaste woorde in verband met 1 : 5 en 12 : 3 lees. Dit slaan op die genade wat Paulus ontvang het om 'n apostel te mag wees en lê dus die klem op die gesag waarmee hy aan hulle kon skrywe om hulle te herinner aan die waarheid van die evangelie.

16 Die *genade* wat in v. 15 genoem is, word verder omskrywe as 'n genade om *'n dienaar van Jesus Christus onder die heidene te wees*. Die woord vir *dienaar* wat hier gebruik word, is

nie die gewone woord vir dienaar (diakonos) nie, maar vir priester (leitourgós). Paulus gebruik hierdie woord, wat veelvuldiglik in die Ou Testament voorkom, en ook bv. in Hebr. 8 : 2, nie in 'n letterlike sin nie, want 'n priester in letterlike sin was hy nie. Hy stel daarmee egter sy werk voor as 'n priesterlike diens wat in die Naam van Christus verrig word. Hierdie priesterlike diens verrig hy onder die *heidene* wanneer hy aan hulle die Woord verkondig, vir hulle bid en sy lewe as 'n offer pleng met die oog op die inbring van die heidene in Gods koninkryk. Paulus voeg ook nog by: *'n dienaar van die evangelie van God*. Weer eens word 'n ander woord vir *dienaar* gebruik, nl. *hiërourgon*, wat letterlik beteken: iemand wat priesterdiens verrig. Paulus verstaan dit dus só, dat sy arbeid onder die heidene ooreenkoms vertoon met die priesterarbeid in die Ou Verbond en dit in werklikheid vervul. Deur sy bediening van die evangelie (waarheen die dienswerk van die Ou Verbond heengewys het) word ook vir God 'n offer berei, maar tans 'n offer van mense, van bekeerde heidene. Dit is moeilik om te sê of Paulus bedoel dat die heidene wat tot bekering kom, self die offer is wat aan God gebring word, en of hy bedoel dat die bekeerde heidene deur hulle lewe in die sin van Rom. 12 : 1–2 aan God geestelike offers bring, waarby hy as priester behulpsaam is. Miskien bedoel hy ook dat die offer van die heidene eintlik deur Christus aan die Vader gebring word en dat hy maar net hulpdiens verleen by hierdie offerwerk van Christus. Hierdie dienswerk van hom bring in elk geval mee dat hy moet vermaan, teregwys en bemoedig sodat die offer sodanig berei kan word dat dit *vir God welgevallig sal wees*. Hierin is sy arbeid opgeneem in die groot dienswerk van die *Heilige Gees* wat alleen in staat is om die gemeente waarlik te heilig.

17 Die apostel *roem* in die wete dat hy deur God geroep is tot hierdie heilige taak. Dit is geen vleeslike roem wat gebaseer is op sy eie hoedanighede nie, maar 'n roem *in Christus Jesus* en in *die dinge aangaande God*. Hy roem dus in wat God besig is om in en deur Christus in die wêreld te doen, dat God naamlik die heidene in die verlossing laat deel. Daarby is hy deur Gods genade alleen maar as 'n klein instrument betrokke.

18 In beskeidenheid verklaar hy dat hy nie sal *waag* om te spreek oor dinge wat Christus nie deur hom gedoen het nie. So mak-

lik kan ook die roem van 'n apostel verval tot 'n vleeslike roem, dat Paulus versigtig grense om sy eie roem trek. Intussen het Christus dan egter tog groot dinge deur hom gewerk, dinge waarvan die bedoeling was *om die heidene tot gehoorsaamheid te bring*. Met *gehoorsaamheid* word geloofsgehoorsaamheid bedoel, vgl. 1 : 5. *Met woord en daad* wys op die middele wat Christus gebruik het om die heidene tot dié gehoorsaamheid te bring, nl. die prediking en die verrigting van tekens en wonders (vgl. v. 19). In al hierdie dinge het Christus gehandel en Paulus was maar net die middel in Sy hand.

19 Voortgaande met die sin wat in v. 18 begin het, voeg Paulus nog daaraan toe dat Christus *die krag van tekens en wonders* gebruik het om die heidene te win. Aan watter tekens en wonders hy presies dink, sê hy nie, maar sy arbeid het daarvan oorvloedige blyke gegee (vgl. bv. Hand. 13 : 11; 14 : 3, 10, ens.). 'n Teken is 'n gebeurtenis wat heenwys na die krag van die koninkryk van God wat besig is om in die wêreld deur te breek. 'n Wonder is 'n ingryping van God in die gewone gang van ons bestaan, waardeur dinge wat vir ons buitengewoon is, gebeur, ten einde ons te laat besef dat die koninkryk van God naby is. Christus het egter veral van *die krag van die Gees van God* gebruik gemaak by die arbeid onder die heidene waarvan Paulus 'n instrument kon wees. Daarom was sy arbeid ook so vrugbaar, soos die boek Handelinge duidelik toon. Eintlik was Paulus opgeneem en meegevoer deur die handelinge van die Heilige Gees. Daarom kon sy arbeid strek van *Jerusalem* af tot by *Illirikum*. Jerusalem is die begin- en uitgangspunt van die evangelieverkondiging en die brandpunt van die destydse kerklike lewe. Paulus is self ook daar amptelik vir diens onder die heidene aangewys (Gal. 2 : 9–10). Met *Illirikum* word waarskynlik die Romeinse provinsie met dié naam bedoel. Dan sluit dit die gebiede wes van Macedonië en Achaje in. Die twee name wat genoem word, is bedoel om die hele oostelike gedeelte van die Romeinse ryk aan te dui. Die woord *volbring* wys daarop dat Paulus die evangelie op genoegsame plekke in daardie gedeeltes verkondig het dat gesê kan word dat daardie hele gedeelte die Naam van Christus gehoor het. Paulus se sendingmetode het daarin bestaan dat hy die evangelie op strategiese punte verkondig het en dan verder gegaan het, sodat die uitbreiding van die kerk op elke plek aan die gelowiges daar oorgelaat is.

20–21 Die genoemde sendingmetode van Paulus het ook meegebring dat hy altyd die evangelie verkondig het waar dit tevore nog nie gehoor is nie. Daarin het hy uitvoering gegee aan wat hy as 'n besondere roeping gevoel het en wat hom (blykens die aanhaling uit Jes. 52 : 15) altyd weer in die besonder geboei het as dié groot vervulling van Gods beloftes in die Ou Testament, nl. dat die evangelie sal gaan na diegene wat dit nog nie gehoor het nie. Op hierdie besondere roeping van hom baseer hy ook sy vrymoedigheid om hom met die gemeente in Rome in te laat, omdat dit enersyds 'n gemeente is wat hoofsaaklik nog in 'n heidense omgewing bestaan en andersyds 'n gemeente is wat hom kan voorthelp op sy verdere gang na die heidene. Die woord *fondament* word hier in 'n ander sin gebruik as in Ef. 2 : 20 of 1 Kor. 3 : 11. Dit sien op die fundamentele arbeid van die evangelieverkondiging wat op 'n bepaalde plek verrig word, nie op die fondament waarop die geloof rus nie.

### B. TOEKOMSPLANNE: 15 : 22–33

22 Daarom is ek ook elke keer verhinder om na julle te kom. Maar nou
23 dat ek geen plek meer het in hierdie streke nie en al baie jare die
24 begeerte het om na julle te kom, sal ek na julle kom wanneer ek na
Spanje reis; want ek hoop om julle op my deurreis te sien en deur julle
daarheen voortgehelp te word, as ek eers 'n tydlank van julle geniet het.
25 Maar nou reis ek na Jerusalem in diens van die heiliges. Want Mace-
26 donië en Achaje het dit goedgevind om iets by te dra vir die armes
27 onder die heiliges in Jerusalem. Hulle het dit goedgevind, sê ek, en hulle
is ook hul skuldenaars; want as die heidene deel gekry het aan hulle
geestelike voorregte, is hulle ook verskuldig om hulle met stoflike
28 goedere te dien. As ek dit volbring het, en vir hulle hierdie vrug veilig
29 oorgebring het, sal ek by julle langs na Spanje afreis. En ek weet dat
as ek na julle kom, ek met die volle seën van die evangelie van Christus
30 sal kom. Maar ek vermaan julle, broeders, by onse Here Jesus Christus
en by die liefde van die Gees, om saam met my in die gebede te stry vir
31 my by God, dat ek verlos mag word van die ongehoorsame mense in
Judéa en dat my diensbetoning aan Jerusalem aanneemlik mag wees
32 vir die heiliges sodat ek met blydskap deur die wil van God by julle
33 kan kom en my saam met julle kan verkwik. En die God van vrede sy
met julle almal! Amen.

22 As rede daarvoor dat Paulus, ondanks herhaalde voornemens, nog nooit die gemeente in Rome besoek het nie, voer hy tans sy veelvuldige arbeid in die Ooste aan. Dit het hom telkens *verhinder* om na Rome te gaan. Ons moet dit só verstaan, dat dit

die Heilige Gees is wat hom verhinder het om te gaan, omdat sy arbeid nog nie klaar was nie (vgl. Hand. 16 : 16).

23 Nou is sy arbeid in die Ooste egter klaar. Met *geen plek meer nie* bedoel Paulus: geen *werkplek* meer nie. Volgens Paulus se metode van arbeid is die hele oostelike deel van die ryk tans „gedek". En nou kan 'n jarelange begeerte om na Rome te gaan, in vervulling tree.

24 Die woorde *sal ek na julle kom* ontbreek in die beste Griekse tekste en word beskou as 'n latere toevoeging ter wille van duidelikheid. Ook daarsonder is die betekenis egter duidelik. Paulus rig tans sy oog op Spanje. Of dié reis ooit gedoen is, weet ons nie, hoewel enkele ou bronne dit veronderstel. Op reis na Spanje wil hy ook Rome aandoen om *'n tyd lank van hulle te geniet* en deur hulle *voortgehelp te word*. Dit getuig van Paulus se beskeidenheid dat hy die wins van so 'n besoek in eerste instansie sien as iets wat hom te beurt sal val: *hy* sal van hulle geniet (letterlik: hom aan hulle versadig). Met *voorthelp* bedoel hy waarskynlik meer as hulp op die deurreis. Op ander plekke word dit gebruik van die uitstuur van sendelinge (vgl. 1 Kor. 16 : 11; 2 Kor. 1 : 16 en Hand. 15 : 3). Verwag Paulus dat Rome vir hom 'n nuwe „tuisfront" moet bied? Indien dit sy bedoeling is, verklaar dit miskien waarom hy so uitvoerig aan hulle geskrywe het, sodat hulle nie aan hom en sy evangelie hoef te twyfel nie.

25 Voordat hy na Rome kan gaan, moet Paulus egter eers 'n ander taak afhandel. Die uitdrukking *nou reis ek na Jerusalem* wys daarop dat hy òf reeds op reis is, òf op die punt is om af te reis. Ons moet hier dink aan Paulus se reis na Jerusalem aan die einde van die sg. derde sendingreis (vgl. Hand. 19 : 21 en 20 : 1–5). Dit is 'n belangrike gegewe met die oog op die bepaling van die ontstaanstyd van die brief (vgl. die Inleiding). Die woord *diens* word deur Paulus meermale in 'n algemene sin gebruik, maar het 'n neiging om veral voor te kom waar dit gaan oor versorging van die armes (vgl. 2 Kor. 8 : 19–20). Die *heiliges* is die gelowiges (hulle is immers in Christus geheilig: 1 : 7 en 1 Kor. 1 : 2, soos dikwels). Paulus se insameling is die uitvloeisel van 'n versoek (en moontlik 'n belofte) wat terug dateer tot sy besoek aan Jerusalem waarby hy vir die heidene afgesonder is (vgl. Gal. 2 : 9–10).

26 Met *Macedonië en Achaje* word die gemeentes in Noord- en Suid-Griekeland gesamentlik aangedui. Reeds destyds moet daar dus tussen die verskillende gemeentes in één landstreek 'n sterk eenheidsband bestaan het, sodat hulle nie alleen onder één naam aangedui kon word nie, maar ook 'n gesamentlike aksie kon onderneem. Volgens 2 Kor. 8 : 19 het dié gemeentes gesamentlik iemand gekies om Paulus op die reis te vergesel. As Paulus beklemtoon dat die gemeentes dit *goed gevind het* om by te dra, wys dit op die vrywillige karakter van die bydraes. Die bydrae van die gemeentes word *koinonia* genoem, wat eintlik gemeenskap beteken. Die gemeenskap in die kerk van Christus sluit dus ook stoflike, konkrete hulpbetoning in. Die gemeente in Jerusalem het blykbaar talle armes gehad om te versorg. Die oorspronklike „gemeenskap van goedere" het vir die gemeente op die lang duur skadelike gevolge gehad, want die kapitaal is verteer sonder genoegsame voorsorg vir die verplasing daarvan (vgl. Hand. 2 : 44–45).

27 Die bydraes aan die armes is die betaling van 'n ereskuld, aangesien die heidene so 'n ontsaglike skat aan geestelike rykdom vanuit Jerusalem deelagtig geword het. Die woord vir *dien* wat hier gebruik word, is dieselfde as dié in v. 16 en dui op die priesterlike diens wat die gemeentes uit die heidene moet verrig in hulle bewoënheid oor die stoflike nood van die armes in Jerusalem.

28 Vir die woorde *hierdie vrug veilig oorgebring het* staan daar in Grieks: *hierdie vrug verseël het*. Dit kan wees dat Paulus, soos die Afrikaanse Vertaling veronderstel, daarmee bedoel dat hy die kollekte veilig wil oorbring (soos iets wat verseël is), maar dit kan ook wees dat hy daarmee bedoel dat hy die egtheid van sy arbeid onder die heidene wil verseël (bevestig) deur hierdie vrug van sy arbeid aan die heiliges in Jerusalem voor te lê. Vir sy plan om by hulle aan te doen op reis na Spanje, vgl. v. 24.

29 Die *volle seën van die evangelie* is die onverkorte toesegging van alle goeie dinge wat die prediking van die evangelie meebring. Met dié seën oorlaai, sal hy as apostel van Christus in hulle midde verkeer, omdat die evangelie in homself 'n krag is wat alle geestelike seëninge meedeel (vgl. 1 : 16). Paulus maak hom hier nie skuldig aan selfoorskatting nie, want dit is nie sy persoonlike teenwoordigheid wat so vol seën sal wees nie: dit is die teenwoor-

digheid van *die evangelie van Christus* waarvan hy maar net die draer is.

30 Omdat Paulus bekommerd is oor sy besoek aan Jerusalem, wek hy die Romeine plegtig daartoe op om vir hom te bid. Hy vermaan hulle by die Here Jesus Christus en by die liefde van die Gees. As hulle aan Christus dink en aan Sy saak wat deur die apostel verteenwoordig word, en as hulle werklik lewe in die liefde wat die Heilige Gees in die harte uitgestort het (5 : 5), dan moét hulle eenvoudig só met die apostel meelewe dat hulle nie die gebed vir hom mag nalaat nie. Die besoek in Jerusalem sal 'n *stryd* wees en juis daarom moet daar veel met God oor dié besoek *gestry*, d.i. geworstel, word. Daaraan moet hulle deelneem deur hulle gebede vir hom. Die gebed is 'n stryd óm Gods wil en mét Gods wil. In die voorbidding word hierdie stryd deur die gelowiges in belang van ander gestry.

31 Vir twee dinge moet die Romeine bid: (a) dat Paulus mag ontkom aan die gevare wat hom van die kant van die ongelowige Jode (die *ongehoorsame mense in Judea*) bedreig, en (b) dat die gemeente in Jerusalem die kollekte mag aanvaar. Dat Paulus ten volle rede gehad het vir hierdie bekommernis, blyk duidelik uit Hand. 21. Naas die haat van die Jode staan die onwil van die Joodse Christene om hom te aanvaar – en dit ondanks Hand. 15! – omdat hy 'n evangelie verkondig wat vryheid van die seremoniële wette van die Ou Testament inhou. Paulus wil graag met hierdie kollekte 'n beter gesindheid aan die kant van die Joodse Christene in Jerusalem probeer bewerk.

32 As die kommervolle besoek aan Jerusalem agter die rug is, hoop hy om in Rome 'n tyd van verkwikking te mag geniet. As die besoek aan Jerusalem goed afloop, sal hy met blydskap na hulle kan gaan en sal hulle tesame deur die vreugde van die gemeenskap in die evangelie verkwik word. Uitdruklik noem hy egter *die wil van God*. As God anders wil, is dit ook goed. Daarom moet hulle bid dat die wil van God sal geskied.

33 Hy sluit hierdie gedeelte met 'n heerlike seënbede af. God word die *God van vrede* genoem, omdat Hy die enigste bron van ware vrede is. Vrede ken 'n mens deur die versoening wat

Christus bewerk het (5 : 1) as 'n vrede met God, maar ook met die broeders (vgl. 14 : 17–19). *Amen* gee uitdrukking aan sy gelowige aanvaarding en vertroue dat God deur Sy genade werklik by die Romeine sal wees.

## C. PERSOONLIKE AANBEVELINGE EN GROETE: 16 : 1–16

1 Ek beveel by julle aan ons suster Fébé, wat 'n dienares is van die
2 gemeente in Kenchreë, dat julle haar ontvang in die Here, soos dit die
heiliges betaam, en haar bystaan in elke saak waarin sy julle nodig mag
3 hê. Want sy was vir baie 'n beskermster en ook vir my. Groet Priscilla
4 en Aquila, my medewerkers in Christus Jesus, wat vir my hulle lewe
gewaag het; nie ek alleen dank hulle nie, maar ook al die gemeentes
5 van die heidene. Groet ook die gemeente by hulle aan huis. Groet
Epénetus, my geliefde, wat die eersteling van Achaje is vir Christus.
6 Groet Maria wat baie vir ons gearbei het. Groet Andronícus en Júnias,
7 my stamgenote en medegevangenes, wat in aansien is onder die apostels
8 en reeds voor my in Christus gewees het. Groet Amplias, my geliefde
9 in die Here. Groet Urbanus, ons medewerker in Christus, en Stachis,
10 my geliefde. Groet Apélles, die beproefde in Christus. Groet hulle wat
11 van die huis van Aristobulus is. Groet Herodion, my stamgenoot. Groet
12 hulle wat van die huis van Narcíssus is, die wat in die Here is. Groet
Triféna en Trifósa, vroue wat in die Here arbei. Groet Pérsis, die
13 geliefde vrou, wat baie in die Here gearbei het. Groet Rufus, die uitver-
14 korene in die Here, en sy moeder en myne. Groet Asinkritus, Flegon,
15 Hermas, Pátrobas, Hermes en die broeders wat saam met hulle is. Groet
Filólogus en Julia, Néreus en sy suster Olímpas en al die heiliges wat
16 saam met hulle is. Groet mekaar met 'n heilige kus. Die gemeentes van
Christus groet julle.

1–2 Oor die egtheid van hierdie hoofstuk as deel van die oorspronklike brief, vgl. die Inleiding. Die aanbeveling van Fébé by die gemeente in Rome dra die karakter van die latere „attestaat". Die benaming *suster* dui haar aan as 'n gelowige vrou, deel van die huisgesin van God. Om iemand te *ontvang in die Here* beteken om so 'n persoon op te neem in die gemeenskap van Gods kinders. Vir *die heiliges*, vgl. 15 : 25. Die feit dat die gemeente in Christus geheilig is, stel bepaalde eise daaraan. Vandaar die woord *betaam*. Die bystand wat Paulus vir Fébé vra, raak *elke saak waarin sy julle nodig mag hê*. In hierdie geval sal dit waarskynlik veral op liggaamlike behoeftes sien, waar sy as vreemdeling in Rome sal aankom. Van Fébé word twee dinge vermeld: (a) dat sy 'n dienares van die gemeente in Kenchreë is en (b) dat sy 'n beskermster

vir baie was en ook vir Paulus. Dit is moontlik, maar nie baie waarskynlik nie, dat die aanduiding *dienares* sien op 'n soort vroulike amp in die kerk. Waarskynlik beteken dié benaming in die algemeen net dat sy baie diens gelewer het, soos ook in die feit uitkom dat sy 'n *beskemster* vir baie was. Ook dié term kan in pregnante sin verstaan word en dan 'n wetlike betekenis hê (in die sin dat sy vreemdelinge onder haar dak geneem en as beskermvrou vir hulle opgetree het), of dit kan bloot in die algemeen haar gasvryheid en hulpvaardigheid aandui. Gewoonlik word aangeneem dat Fébé die draagster van die brief na Rome was (vgl. die Inleiding).

3–5a Van Priscilla en Aquila lees ons in Hand. 18 dat hulle ten gevolge van 'n bevel van keiser Claudius Rome moes verlaat en hulle in Korinthe bevind het. Van daar het hulle weer saam met Paulus na Efese vertrek (vgl. Hand. 18 : 2–3, 18, 26 en 1 Kor. 16 : 19). Claudius is egter in die jaar 54 oorlede en toe kon die Jode weer na Rome terugkeer. Ook Aquila en Priscilla het toe blykbaar weer na Rome teruggekeer, sodat hulle hul by die skrywe van hierdie brief aldaar kon bevind. Paulus noem hulle sy *medewerkers* – 'n benaming wat gepas is as ons let op wat in die boek Handelinge van hulle meegedeel word. Hy vermeld dat hulle hul *lewe* (letterlik: hul *nekke*) vir hom gewaag het. Dit is nie seker waarop hy hier sinspeel nie. Moontlik sien dit op die gebeurtenisse in Efese toe hulle saam met hom in 'n opstand betrokke geraak het (vgl. Hand. 19 : 23 e.v.). Paulus se dankbaarheid teenoor hulle word gedeel deur *al die gemeentes van die heidene,* omdat hulle hul bestaan en groei in groot mate aan die arbeid van Paulus te danke gehad het. Onder *die gemeente wat by hulle aan huis is,* moet ons verstaan 'n groep gelowiges uit hulle eie huishouding (en/of ook van buite) wat in hulle huis vergader het vir gereelde godsdiensoefeninge. Moontlik het die gemeente in Rome nog geen sentrale vergaderplek gehad nie. Aquila moet taamlik gegoed gewees het om so 'n gemeente aan huis te kon ontvang. Paulus spreek eenvoudig van 'n gemeente of kerk (ekklesia) by hulle aan huis. Soms gebruik die Nuwe Testament die woord *ekklesia* as benaming vir die kerk in 'n omvattende sin (vgl. Matt. 16 : 18 en Ef. 1 : 22), dan weer vir die kerk in 'n bepaalde landstreek (vgl. Hand. 9 : 31), maar meestal vir die kerk op 'n bepaalde plek (vgl. 1 Kor. 1 : 2 en dikwels). Soms word dit, soos hier,

selfs van 'n byeenkoms in 'n bepaalde huis gebruik. Die woord *ekklesia* dui 'n bepaalde kwaliteit aan, die kwaliteit van die nuwe volk van God. Elke versameling van mense rondom die Woord van God is 'n openbaring van die volk van God en mag dus *kerk* heet. Die term *ekklesia* beteken oorspronklik volksvergadering en word gebruik van die volk Israel in die Ou Testament. In die Nuwe Testament is dit reeds 'n tegniese term as aanduiding vir die nuwe volk van God wat deur die verlossingswerk van Christus tot stand kom. Ons hoor meermale van 'n kerk in 'n huis, vgl. 1 Kor. 16 : 19, Kol. 4 : 5, ens. Die feit dat Paulus Priscilla vóór Aquila noem, hang òf daarmee saam dat die vrou in Christus 'n nuwe posisie het, òf dit mag voortvloei uit die feit dat sy van adellike afkoms was.

5b Epénetus heet *die eersteling in Achaje* (of volgens in 'n ander lesing: *in Asië*). Sy naam dui daarop dat hy 'n Griek is en die genoemde omskrywing beteken dat hy as eerste in dié gebied tot bekering gekom het en dus die belofte ingehou het van 'n veel groter „oes" wat op hierdie eerste „vrug" sou volg.

6–7 Die name *Maria*, *Andronicus* en *Junias* verteenwoordig drie Joodse Christene. Van die laaste twee word dit uitdruklik vermeld, net soos ook van Heródion in v. 11, dat hulle stamgenote van Paulus is. Dit is moontlik dat Paulus veral die Joodse Christene hier noem, omdat die gemeente in Rome hoofsaaklik heidens-Christelik was. Ons weet nie by welke geleentheid Andronicus en Junias saam met Paulus in die gevangenis was nie. Die uitdrukking *in aansien onder die apostels* kan beteken dat hierdie twee persone self ook tot die apostels gereken is. Behalwe die Twaalf is ook 'n wyere kring van die eerste dissipels wat ooggetuies van Christus was, apostels genoem (vgl. 1 Kor. 15 : 7), net soos ook ander wat deur die gemeentes aangestel is (2 Kor. 8 : 23) of as medewerkers van die apostels opgetree het (vgl. 1 Thess. 2 : 6). Die feit dat hulle *reeds voor* Paulus *in Christus gewees het*, maak dit waarskynlik dat hulle tot die eerste dissipels behoort het. Dit is moontlik dat die naam Junias (met 'n ander aksentuering) aan 'n vrou kon behoort het. Dan het ons hier moontlik te doen met 'n egpaar en ook 'n geval van waar 'n vrou 'n apostel genoem word.

8–12 Paulus noem hier die name van 'n aantal persone van wie niks meer bekend is as dat hy meedeel wat sy verhouding tot hulle was en dat hulle getroue diens gelewer het nie. Name soos Amplias en Persis is tipiese slawename (v. 8, 12) en dit is moontlik dat ons by die aanduiding *hulle wat in die huis van Aristobulus is* (v. 10) en *wat van die huis van Narcissus is* (v. 11), moet dink aan slawe of vrygelate slawe. Dit werp lig op die samestelling van die gemeente. Sosiale diskriminasie het nie bestaan nie, want ook van hierdie mense word vermeld dat hulle geliefdes is wat veel gearbei het in die Here, ens. Aristobulus mag moontlik die vriend van keiser Claudius en die broer van Herodus Agrippa gewees het, van wie dit bekend is dat hy in Rome gewoon en gesterwe het. Narcissus kan moontlik dieselfde Narcissus wees wat in die tyd van keiser Claudius as slavin vrygelaat is en later 'n aansienlike posisie in Rome beklee het. Van Apelles word gesê dat hy 'n *beproefde in Christus* is (v. 10). Daarmee word gesinspeel op sy trou en standvastigheid in moeilike omstandighede. *In Christus* wil daarby sê: Hy het in sulke omstandighede aan Christus getrou gebly.

13 Bes moontlik is die *Rufus* waarvan ons hier hoor, die seun van Simon van Cirene (vgl. Mark. 15 : 21). Dat hy *die uitverkorene in die Here* heet, sien seker nie op die ewige uitverkiesing nie (dit sou tog ook van ander gelowiges gesê kon word), maar op 'n besondere voortreflikheid as gelowige (vandaar: *in die Here*). Die moeder van Rufus word deur Paulus ook *sy* moeder genoem. Waarskynlik dui dit daarop dat sy aan Paulus besondere sorg en liefde bestee het by een of ander geleentheid, moontlik nog in Jerusalem.

14–15 'n Hele aantal name van gemeentelede, telkens nog met die toevoeging van *en die broeders (of heiliges) wat saam met hulle is*. Sommige van dié name wys op Joodse, ander op Griekse afkoms. Die gemeente in die hoofstad was ongetwyfeld saamgestel uit mense van alle oorde. Kennelik moes Paulus die omstandighede in die gemeente baie goed geken het, soos bv. blyk uit die vermelding van die suster van Nereus.

16 Net soos in 1 Thess. 5 : 26, 1 Kor 16 : 20, 2 Kor. 13 : 12 en 1 Pet. 5 : 14 word die gelowiges hier opgewek om mekaar met

’n heilige kus te groet. Blykbaar was dit in die vroeë gemeentes gebruiklik om mekaar by die erediens met ’n kus te groet (vgl. ’n mededeling daaroor by Justinus die Martelaar uit die tweede eeu). Dit is uitdrukking van die warmte van die onderlinge liefde. Die koudheid van later tye het nog nie ingetree nie. Dat Paulus kan vermeld dat *die gemeentes van Christus* die Romeine groet, vloei voort uit die feit dat hy as skakelfiguur tussen die gemeentes kon optree, aan hulle allerlei mededelinge oor die ander kon doen en ook die groete kon meekry om oor te dra. Die apostel neem in groot mate die plek in wat kerklike vergaderinge later ingeneem het om die band tussen die gemeentes te bewaar en te verstewig.

## D. PAS OP VIR DWAALLERAARS! 16:17–20

17 En ek vermaan julle, broeders, hou hulle in die oog wat tweedrag en
aanstoot veroorsaak teen die leer wat julle geleer het, en vermy hulle.
18 Want sulke mense dien nie onse Here Jesus Christus nie, maar hulle
eie buik; en hulle verlei deur hulle vriendelike en mooi woorde die
19 harte van die eenvoudiges. Want julle gehoorsaamheid het algemeen
bekend geword. Daarom verbly ek my oor julle, en ek wens dat julle
wys mag wees teenoor wat goed is, maar onskuldig teenoor wat sleg is.
20 En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel.
Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal. Amen.

17 Dat Paulus effens onverwags hierdie vermaning invoeg, hang saam met die aard van hierdie hoofstuk, waarvan ons die indruk kry dat hy, ná afsluiting van die hoofdele van die brief, in hierdie slothoofstuk telkens iets bygevoeg het soos dit hom bygeval het, voordat hy die brief versend het (vgl. die Inleiding). *Hou hulle in die oog* wil sê: wees waaksaam met betrekking tot hulle. Blykbaar is die gevaar van dwaalleraars in Rome nog net ’n dreigende gevaar en geen bestaande probleem in die gemeente nie. Die *tweedrag en aanstoot* waarteen hy so skerp waarsku, hang saam met ’n aantasting van die gesonde *leer*. Daarom moet dit skerp afgewys word. Ook die verkondiging van die gesonde leer kan soms tweedrag en aanstoot veroorsaak. Daaroor gaan dit egter nie hier nie. *Aanstoot* is letterlik: struikel oor. Wie die leer vermink, maak dat gemeentelede oor struikelblokke val en nie in die weg van die ware geloof volhard nie. *Vermy* beteken: verbreek die gemeenskap met hulle.

18 Ons weet nie watter dwaling Paulus op die oog het nie. Uit die feit dat hy verklaar dat die dwaalleraars nie die Here Jesus nie, maar hulle *eie buik* dien, kan ons egter aflei dat hulle òf libertiniste was wat geleer het dat 'n mens aan jou sinlike luste moet of mag toegee, òf Judaïste wat die gelowiges probeer terug-lei het na allerlei voorskrifte oor voedsel en drank ens., wat deur Paulus getipeer word as 'n vleeslike diens (vgl. Fil. 3 : 2–3; Kol. 2 : 18, 23 en Gal. 6 : 12). In elk geval verlei hulle die harte van die eenvoudiges met *vriendelike* (of liewer skyn-vrome) en *mooi* (dit is: valse, skyn-mooie) woorde. Die eenvoudiges is nie nood-wendig oningeligtes nie, maar mense wat op die goeie ingestel is en nie voorbedag is op die kwaad nie.

19 Bloot grammatikaal sou dit moontlik wees om die *want* waar-mee v. 19 begin, só te interpreteer dat Paulus wil sê dat al die gelowiges in Rome eenvoudiges is wat maklik verlei kan word. Dit kan egter nie die bedoeling wees nie (dink maar aan Aquila en Priscilla, Andronicus en Junias!). Die *want* slaan eerder terug op die vermaning in v. 17 en voer 'n rede aan waarom hulle waak-saam moet wees. Dié rede is dat hulle nog steeds gehoorsaam was (aan die waarheid van die evangelie), sodat hulle gehoorsaamheid selfs algemeen bekend geword het. Daaroor verbly Paulus hom en hy wil hê dat dit só sal bly. Hieruit mag ons aflei dat die dwaal-leer nog nie ingang gevind het in Rome nie. Sy wens dat hulle *wys mag wees teenoor* wat goed is ('n deeglike insig mag hê in wat goed is) en *onskuldig teenoor wat sleg is* (onbesmet, onberispelik met betrekking tot wat sleg is), is dan ook nie as 'n teregwysing bedoel nie, maar as 'n opregte begeerte dat hulle sal bly wat hulle tans is (vgl. 15 : 14).

20 Die *God van vrede* is dié God wat vrede skenk en bewerk. Hy sal die vrede blywend maak wanneer Hy die oorsaak van alle onvrede, die Satan, onder hulle voete sal verbrysel. Dit sal gebeur by die wederkoms wanneer die gelowiges sal deel in die oorwinning van Christus. Die woord *spoedig* wys op die spannende verwagting van die nabye wederkoms. Paulus voeg op hierdie punt spontaan die apostoliese seënbede in: *Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle!* Daardeur lê hy met die volle gesag van 'n apostel die genade van God op die gemeente. Dit is meer as 'n vrome wens. Dit is 'n toesegging. Selfs só bly dit nog waar

dat dit God is wat Sy genade oor hulle wáár moet maak, vandaar die vertrouensvolle: *Amen!* (laat dit so wees). Dat dit die genade van *Christus* heet, wys op die feit dat Gods genade ons alleen deur Christus toevloei. Die seënbede wys daarop dat ons hier, net soos in 15 : 33, reeds 'n paslike einde vir die brief sou gehad het. Tog voeg Paulus nog iets verders daaraan toe (v. 21 e.v.).

## E. GROETE VAN ANDER: 16:21–24

**21 Timotheüs, my medewerker, groet julle, en Lucius en Jason en Sosi-**
**22 pater, my stamgenote. Ek, Tertius, wat die brief geskryf het, groet julle**
**23 in die Here. Gajus, my gasheer en ook van die hele gemeente, groet**
**julle. Erastus, die penningmeester van die stad, en die broeder Quartus**
**24 groet julle. Die genade van die Here Jesus Christus sy met julle almal!**
**Amen.**

21 As 'n soort aanhangsel word hierdie groete van persone in die apostel se onmiddellike omgewing aan die brief toegevoeg. Timotheüs heet Paulus se *medewerker*. Sy naam kom meermale saam met dié van Paulus voor (vgl. 2 Kor. 1 : 1; Fil. 1 : 1; Kol. 1 : 1; 1 Thess. 1 : 1 en 2 Thess. 1 : 1). In Hand. 20 : 4 lees ons dat hy in Paulus se geselskap was op pad van Korinthe na Jerusalem. Moontlik is Lucius, Jason en Sosipater dieselfde persone wat in Hand. 13 : 1; 17 : 5 en 20 : 4 genoem word. Indien dit die geval is, was Lucius 'n profeet of leraar en Jason die gasheer van Paulus in Thessalonika. Moontlik was hierdie drie persone aangewys om met Paulus saam te reis na Jerusalem met die oog op die kollekte (vgl. die naam *Sopater* in Hand. 20 : 4).

22 Om een of ander rede (moontlik oogmoeilikhede?) het Paulus nie self sy briewe geskrywe nie, maar dit gedikteer – in hierdie geval dan aan Tertius. Vandaar dat hy telkens aan die einde van sy briewe melding maak van sy groete *met my eie hand* (vgl. 1 Kor. 16 : 21; Kol. 4 : 18; 2 Thess. 3 : 17). In 2 Thess. 3 : 17 word dit selfs 'n waarmerk van sy briewe genoem. Die *groot letters* waarin hy volgens Gal. 6 : 11 geskrywe het, laat vermoed dat Paulus moeilik gesien het.

23 Die Gajus waarvan hier sprake is, is moontlik dieselfde wat volgens 1 Kor. 1 : 14 deur Paulus gedoop is. Hy heet gasheer *ook van die hele gemeente* wat òf kan beteken dat die gemeente in

sy huis byeengekom het, òf dat die hele gemeente van sy gasvryheid geniet het. Erastus heet *penningmeester van die stad.* Dit moet in 'n stad soos Korinthe 'n aansienlike betrekking gewees het. Dit is onwaarskynlik dat dit dieselfde Erastus is waarvan ons in Hand. 19 : 22 of 2 Tim. 4 : 20 lees, aangesien laasgenoemde blykbaar 'n rondreisende prediker was wat moeilik die permanente posisie van stadstesourier sou kon beklee het. Die vermelding van Gajus en Erastus maak dit vrywel seker dat Paulus sy brief vanuit Korinthe geskrywe het (vgl. die Inleiding).

24 Hierdie vers word in die beste tekste eenvoudig weggelaat. Moontlik is dit 'n invoeging na anleiding van die byna gelykluidende v. 20(b).

F. AFSLUITENDE LOFPRYSING: 16 : 25–27

**25 Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie**
**en die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig die openbaring van**
**26 die verborgenheid wat eeue lank verswyg is, maar nou geopenbaar is en**
**deur die profetiese Skrifte bekend gemaak is onder al die heidene,**
**volgens die bevel van die ewige God, tot gehoorsaamheid van die geloof –**
**27 aan die alleenwyse God, aan Hom die heerlikheid deur Jesus Christus**
**tot in ewigheid! Amen.**

25 Op grond van die feit dat ons in hierdie lofprysing te doen het met 'n uiters moeilike en gedronge styl, sowel as 'n kort samevatting van die hoofgedagtes van die brief, meen sommige dat dit nie van Paulus afkomstig kan wees nie, maar 'n latere toevoeging moet wees. Ons aanvaar dit egter as afkomstig van Paulus, verwant aan die lofprysinge in ander van sy briewe (bv. in Ef. 3 : 20 e.v. en 1 Tim. 1 : 17 e.v.). Die hoofsin van die lofprysing begin in v. 25, maar word eers in v. 27 voltooi. Die ingevoegde bysinne maak die geheel moeilik om te lees en te verstaan. Dat God *magtig is* om die gemeente te versterk, kan hulle leer ken uit Paulus se evangelie (vgl. vir *my* evangelie: 2 : 16 en 2 Tim. 2 : 8), wat niks anders is nie as die prediking van Jesus Christus. Die verkondiging van Christus is altyd die verkondiging van die blye boodskap van die mag van God wat geopenbaar is in diens van Sy liefde vir die gemeente. Dit is die boodskap wat berus op die *openbaring* van God, wat deur Paulus genoem word die openbaring *van die verborgenheid.* Paulus noem nie uitdruklik wat

hierdie verborgendheid is wat eeue lank verswyg is, maar nou geopenbaar is nie. Vir die lesers sal dit egter duidelik wees dat hy daarmee bedoel die raadsplan van God om die heidene saam met die Jode te laat deel in die verlossing in Christus. Die gedagte loop oor in v. 26.

26 Die groot verborgendheid is *nou* geopenbaar. Die woordjie *nou* sien op die volheid van die tyd, die groot Messiaanse heilstyd wat met die koms van Christus aangebreek het. Tans is geopenbaar wat reeds in die profetiese geskrifte van die Ou Testament bekend gemaak is, maar wat nie verstaan kon word vóór die koms van Christus nie. Noudat dit egter wél bekend is, het Paulus dit in ooreenstemming met wat die profetiese Skrifte leer, oral onder die heidene bekend gemaak. Dit het geskied *volgens die bevel van die ewige God*. Paulus verstaan sy roeping om die evangelie te verkondig as die direkte uitvoering van 'n Goddelike bevel (vgl. Hand. 9 : 15; 11 : 17; Titus 1 : 3, ens.). Doel van die bekendmaking aan die heidene is dat hulle moet kom tot die *gehoorsaamheid van die geloof* (vgl. 1 : 5). Nie deur sy eie verdienste word die mens gered nie, alleen deur 'n gehoorsame aanvaarding in die geloof van al wat God belowe het.

27 God mag die *alleenwyse* genoem word, want wie kan met Hom vergelyk word? (vgl. 11 : 33–36). Paulus sal veral dink aan die wysheid van God wat geopenbaar word in Sy heilsplan en genadewerk. Met reg mag opgeroep word tot 'n nimmer eindigende verheerliking van Sy Naam tot in ewigheid. Dit moet egter gebeur *deur Jesus Christus*, omdat selfs ons lofprysing gereinig moet word deur die bloed van die Lam, terwyl dit buitendien slegs in en deur Hom is dat die mens God reg kan leer ken en tot die ware verheerliking van Sy Naam kan kom. Paulus sluit hierdie lofprysing af met 'n plegtige *Amen*, waarmee hy gelowig en vertrouend wil sê: Waarlik, mag dit só wees, tot in alle ewigheid!